VIR ELKE DAG

'n Bybelse Dagboek
ten dienste van
die daaglikse gebruik deur gelowiges.

1967

VOORWOORD

Die ontvangs wat die eerste verskyning van die bybelse dagboek as bylae tot die Almanak geniet het, was bo alle verwagtinge. Daarom bied die redaksie u hiermee met vrymoedigheid die tweede aflewering aan. Die medewerkers, wie se name hieronder verskyn, word van harte bedank vir hul flinke samewerking. Die redaksie beskou dit as 'n eer om onder hierdie medewerkers die naam van ds. D. F. Erasmus snr. emeritus, te vermeld — 'n grysaard wat die evangelieverkondiging nog steeds met frisse geloof hanteer.

Lesers word weer daaraan herinner dat die aangegewe Skrifgedeeltes gelees moet word **voordat** die oordenkings gelees word, sodat die Heilige Skrif self die hoogste woord sal hê.

B. J. ENGELBRECHT
J. D. H. SMIT
J. P. OBERHOLZER

MEDEWERKERS

1-7 Jan. — C. J. S. van Niekerk
8-14 Jan. — J. A. A. A. Schroeder
15-21 Jan. — J. F. Mouton
22-28 Jan. — A. J. van Staden
29 Jan. — J. P. Oberholzer
30 Jan.-5 Feb. — A. N. J. D. Alberts
6-12 Feb. — C. L. van den Berg
13-19 Feb. — R. Cronje
20-26 Feb. — J. C. de Lange
27 Feb.-5 Maart — W. G. Habig
6-12 Maart — P. T. Jacobs
13-19 Maart — A. T. McDonald
20-26 Maart — J. M. Labuschagne
27 Maart-2 April — J. C. de Lange
3-9 April — F. J. Engelbrecht
10-16 April — G. P. J. Grobler
17-23 April — T. F. Dreyer
24-30 April — J. C. Kruger
1-7 Mei — J. B. J. van Rensburg
8-14 Mei — J. H. Steenekamp
15-21 Mei — C. J. Smit
22-28 Mei — H. J. Geyser
29 Mei-4 Junie — I. J. Joubert
5-11 Junie — C. J. van Schalkwyk
12-17 Junie — P. A. R. C. van Wyk
18 Junie — A. J. G. Dreyer
19-25 Junie — D. J. Dreyer
26 Junie — J. P. Oberholzer
27 Junie-2 Julie—S. J. du P. Potgieter
3-9 Julie — P. J. L. Bierman
10-16 Julie — W. P. van der Merwe
17-23 Julie—C. J. van H. Steenekamp
24-30 Julie — S. E. Young
31 Julie-6 Aug. — R. P. Botha
7-13 Aug. — J. H. van Staden
14-20 Aug. — J. W. Rhoda
21-27 Aug. — C. H. Muller
28 Aug.-3 Sept. — G. C. Coetzee
4-10 Sept. — W. C. van Wyk
11-17 Sept. — F. J. H. Buitendag
18-24 Sept. — T. F. J. Dreyer snr.
25 Sept.-1 Okt. — P. W. van Heerden
2-8 Okt. — F. du C. Labuschagne
9-15 Okt. — P. S. Dreyer
16-22 Okt. — A. J. G. Dreyer
23-29 Okt. — A. Ras
30 Okt.-5 Nov. — C. J. Viljoen
6-12 Nov. — D. F. Erasmus snr.
13-19 Nov. — L. J. J. Nell
20-26 Nov. — P. J. Kruger
27 Nov.-3 Des. — J. J. du Toit
4-10 Des. — S. J. Swanepoel
11-17 Des. — J. N. Wolmarans
18-24 Des. — G. H. J. Marsman
25-31 Des. — P. J. T. Koekemoer

1 Januarie

Lees Jes. 61:1-3 en Luk. 4:14-30. **Teks:** Luk. 4:18b en 19c.

DIE AANGENAME JAAR VAN DIE HERE

In die uitvoering van Sy goddelike opdrag het Jesus ook in Nasaret, die plek waar Hy opgegroei het, gekom. Groot moes die vreugde van die mense van Nasaret gewees het toe hulle Hom, van wie daar soveel goeie berigte hulle ore bereik het, in hulle dorp gewaar. En hoe het hulle nie daarna gehunker om Hom te hoor nie?

In hulle verwagtings is hulle nie teleurgestel nie — op die Sabbat kry Hy die geleentheid om te preek. En ag, hoe aangenaam was Sy woorde nie? . . . so het niemand nog vantevore in Nasaret gepreek nie. „Ek het gekom . . . om die aangename jaar van die Here aan te kondig."

Hierdie aangename jaar is natuurlik geen besondere jaar nie: nie die spesifieke jaar waarin Jesus in Nasaret verskyn het nie, ook nie die jaar 1967 nie. Hierdie aangename jaar slaan op die tyd en tye wat aangebreek het met die koms van Jesus; dit slaan op Sy verlossingswerk in die eeue wat sou kom — die redding van die mens uit sonde, dood en hel; dit slaan op die „volheid van die tyd" (Gal. 4:4) — die tyd van Gods genadige verlossing in Jesus Christus.

Hoe bly en gelukkig was die mense van Nasaret nie om te hoor dat hierdie tyd nou aangebreek het nie? Bly en gelukkig . . . totdat Jesus aan hulle gesê het dat hierdie tyd by hulle kan verbygaan en andere kan toeval, soos aan die weduwee van Sarfat in die dae van Elia en aan Naäman die Siriër in die dae van Elisa. Toe het hulle kwaad geword en wou Hom doodmaak.

Ons leef in daardie tyd — 1967 is deel van die aangename jaar van die Here. Ons kan deel in hierdie aangenaamheid of dit kan by ons verbygaan. Dan het Jesus verniet vir ons gekom, gely en gesterf. Vir wie sal ons dan kwaad wees?

2 Januarie

Lees Luk. 4:33-37. **Teks:** Luk. 4:35.

TRIOMF OOR DIE SATAN

Soos in die woestyn met die versoekings, is Jesus nog steeds in stryd met die duiwel. Hierdie keer egter woed die stryd op die slagveld van 'n menslike lewe — 'n man met die gees van 'n onreine duiwel. Satan het beslag gelê op die lewe van hierdie arme mens en in hom tree hy Jesus tegemoet. Aggressief, vyandig, uitdagend skree hy, wat Jesus waarskynlik nooit vantevore gesien het nie, met 'n groot stem: „Ha, wat het ons met u te doen, Jesus, Nasarener?" Die „ons" waarvan hierdie man praat dui seker op homself en die duiwel.

Met sy woorde konstateer hy dat hy met Jesus niks te doen wil hê nie. In die mag van die Satan is hy heeltemal gelukkig en tevrede. Want kyk net wat het Satan hom alles ingeprent: „Het u gekom om ons te verdelg?" Vir hierdie man is Jesus nie Verlosser en Redder uit alle node nie, maar die een wat verdelg en vernietig.

Vanselfsprekend kan Jesus hierdie arme man nie in die wrede bande laat nie — Hy kan die hernude aanslag van Satan nie ignoreer nie. Ook hier, ja juis hier, gaan dit om die redding van 'n ellendige mens — dit waarvoor Hy gekom het. Hierdie mens moet Hy help, Hy moet hom red, want Satan het sy lewe geruïneer. En Jesus het hom bestraf en gesê: „Bly stil en gaan uit hom uit". Jesus spreek nie met die man nie, maar met die duiwel. En die duiwel wat teen Jesus geen weerstand het nie, betuig vir laas nog sy haat deur die arme man op die grond te gooi,

maar deur Gods beskikking, sonder om hom seer te maak.

Hier openbaar Jesus Hom as die Verlosser uit die die mag van die hel; as die Triomfator oor die Satan.

Dit alles het Jesus ook vir ons gedoen.

3 Januarie

Lees Luk. 5:1-11. **Teks:** Luk. 5:10, 11.

AAN DIE NETTE . . .

By die meer van Gennesaret is Jesus besig om vanuit die skuit van Simon aan 'n groot menigte die Woord van God te verkondig. En toe Hy klaar gespreek het sê Hy onverwags aan Simon: „Vaar uit na die diep water en laat julle nette sak". Maar Simon, seker nie min verbaas nie, sê vir Hom: „Meester, ons het die hele nag gewerk en niks gevang nie."

Dat Simon vir Jesus hier aanspreek as „Meester" beteken nie dat hy Hom as die Messias bely nie. Wel het hy Jesus hoog geag as 'n leraar — iemand wat in staat is om die Woord te verkondig. Dit is dan ook op grond van sy hoogagting vir Jesus dat hy doen wat hy die hele nag tevergeefs gedoen het: „op U woord sal ek die net laat sak."

En . . . nou is die verbasing van Simon regtig groot, want die vangs is ongelooflik. Gedurende die beste vangtyd — die nag — het hulle tevergeefs geswoeg, maar nou op die mees ongunstige tyd is die vangs so groot dat die nette wil skeur. Hier het 'n wonder gebeur; hier het Jesus Sy godheid geopenbaar. Nou hoef Simon nie meer te twyfel nie: Jesus is Here. En as Simon nou vir Jesus „Here" noem dan is Hy nie maar net 'n leermeester nie, maar die beloofde Messias.

Met hierdie wonder het Jesus geloof in die harte van Simon en sy maats gewek; met hierdie wonderlike visvangs wys Jesus aan Simon en sy maats wat hulle lewenstaak in die toekoms sal wees. Tot hiertoe was hulle vissers, voortaan sal hulle vissers van mense wees. En die groot aantal visse is vir hulle die teken dat hulle arbeid in die Here nie tevergeefs sal wees nie.

Ook ons is geroep tot vissers van mense; ons staan aan die nette. Soms sal die arbeid tevergeefs lyk, maar ons hoef nie te wanhoop nie. Jesus self sorg vir die vangs.

4 Januarie

Lees Luk. 5:12-16. **Teks:** Luk. 5:13.

VERBODE ONTMOETING

Hier word ons vertel van 'n ontmoeting tussen Jesus en 'n melaatse. Ja, 'n ontmoeting tussen Jesus en een van diegene wat in daardie dae die uitgeworpenes en verstotenes was; een van hulle wat in die veld in grotte en spelonke moes woon en leef en wie se kanse om te genees baie gering was; een van hulle wat nie veronderstel was om met enige ander mens in aanraking te kom nie en altyd op 'n afstand moes bly staan; 'n verbode ontmoeting dus.

Vanselfsprekend het die melaatses in die hopeloosheid van hulle bestaan opgewonde onder mekaar gesels toe hulle van die wonderdade van Jesus gehoor het. Daarom dat hierdie melaatse Jesus onmiddellik genader het.

So sien ons dan 'n mens in sy uiterste nood na Jesus toe gaan, maar tog vol verwagting en geloof. Want in sy woorde tril daar geen twyfel nie: „Here as u wil, kan u my reinig". En Jesus wat hierdie arme man innig jammer gekry het, doen wat geen ander mens ooit sou doen nie. Hy steek sy hand uit en raak hom aan. Waar al die ander sou vlug,

tree Jesus nader; waar ander geneeshere sou wyk, sien Jesus die wanhoop en smekende blik; waar die omstanders na hulle asem snak, lê Jesus sy hand op die uitgeworpe mens: „Ek wil, word gereinig". So is Jesus, so doen Hy, die groot Geneesheer.

In die lewe van 'n armsalige en toekomslose mens het Hy ingegryp; aan sy leë en betekenislose lewe, het Hy weer sin gegee. Hierdie melaatse het geglo dat Jesus hom kon reinig en hy het ondervind dat Jesus wil help.

Dit geld vir ons almal: Jesus wil altyd help. Daarom is Hy Jesus.

5 Januarie

Lees Luk. 5:17-26. **Teks:** Luk. 5:20.

DIE KRANKHEID TOT DIE DOOD.

Ag, hoe kan Jesus ons nie soms teleurstel nie? Hoe anders is Sy optrede nie dikwels as wat ons wil hê nie? Hier voor Hom lê 'n verlamde — met die uiterste moeite is hy tot daar gebring. En Jesus vir wie sy ellende tog nie verborge was nie, se eerste woord aan hom is: „Mens, jou sondes is jou vergewe."

Dit is tog nie wat ons wou gehad het nie; dit is ook nie waarvoor hierdie man na Jesus toe gekom het nie. Hier lê hy met sy nood, miskien baie jare se nood — sy lamheid — maar Jesus is nie daaroor begaan nie, wel oor sy sondes. Hy het gekom sodat hy weer kan loop en werk en lewe. Sou hierdie woord van Jesus hom gesond kon maak?

Aan die Skrifgeleerdes en Fariseërs sê Jesus: „Wat is makliker, om te sê: Jou sondes is jou vergewe; of om te sê: Staan op en loop". Wat Jesus betref is dit presies dieselfde. As Hy die een kan doen, kan Hy ook die ander. „Ek sê vir jou, staan op . . ."

En nou sien ons 'n mens op pad na sy huis; nou dra hy die bed wat hom gedra het. Hy was lam, nou loop hy; hy was hulpeloos, nou help hy homself; sy lewe was 'n klaaglied, nou is dit 'n jubeltoon. Hy het gegaan om genees te word van sy lamheid, nou is hy ook genees van sy krankheid tot die dood: sy sonde. Hy het gegaan om iets by Jesus te vind, nou het hy alles gevind: genesing en vergewing.

Wat ons nie gesien het nie, het Jesus gesien: sy grootste nood — sy sonde. Dit sien Jesus ook by ons; daarvan genees hy ons. Is ons nog teleurgesteld?

Terwyl hierdie man huis-toe gaan het hy God verheerlik. Is dit ook so met ons?

6 Januarie

Lees Luk. 6:20-31. **Teks:** Luk. 6:27.

DIE ONTMOONTLIKE EIS

Hoe aangenaam klink die saligsprekinge van die bergrede nie in ons ore nie? Salig . . . salig . . . is julle . . . julle. En hoe aangrypend die „wee" nie: Wee, wee julle. Kom ons egter by die eise daarin vervat, dan word die bergrede vir ons die stuk evangelie met die onmoontlike eise. Solank dit betrekking het op andere — goed en wel. Maar kom onsself in die gedrang, dan word dit 'n ander saak.

Ons sien nog kans om aan die eise te voldoen wat op Jesus self betrekking het. Ons sien kans om ter wille van Sy Naam te ly, miskien selfs te sterwe. Die liefde wat Hy van ons vir Hom verwag wil ons graag gee, maar hierdie ander liefde waarvan Jesus praat: „julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan die wat julle haat" — daarvoor sien ons nie kans nie. Ons vind dit al erg moeilik om te voldoen aan die tweede eis van die groot gebod: „jy moet jou naaste liefhê soos jouself". Maar om

jou vyande lief te hê . . . hier verwag Jesus te veel van ons. Ons vyande haat ons en ons haat hulle.

Die vraag is egter: is ons vyande en die wat ons haat nie ook ons naaste nie? Volgens Jesus is daar wat die liefde aanbetref geen verskil nie. „Julle moet jul vyande liefhê." Soos al die ander eise van Jesus is ook hierdie een onvoorwaardelik en onverbiddelik. En as aan die ander voldoen kan en moet word, waarom nie ook aan hierdie een nie? Maklik sal dit nie wees nie, maar dit kan nie anders nie. Wie Jesus Christus waarlik liefhet, sal sy vyande ook liefhê.

Wie dit nie kan nie en ook nie wil nie, moet 'n vraagteken agter sy liefde vir Christus plaas. Want „as julle my liefhet, moet julle my gebooie bewaar", so sê die Here self.

7 Januarie

Lees Luk. 6:46-49. **Teks:** Luk. 6:46.

TRIOMF VAN DIE GELOOF

In hierdie gelykenis stel Jesus twee huise voor ons oë — beide lyk presies dieselfde. Vir die gewone waarnemer sal daar van buite af geen verskil wees nie. En tog is daar 'n verskil. Maar hierdie verskil word eers gemerk wanneer die vloedwaters kom en die storms teen die huise losbreek. Dan blyk dit dat die een huis op 'n stewige fondament gebou is — 'n onsigbare rots, terwyl die ander een op sand gebou is.

Hierdie twee huise stel twee soorte mense voor. Die mens wat luister na die Woord van Jesus Christus en dit doen is soos die huis wat op die rots-fondament gebou is; en die mens wat die Woord van Jesus Christus hoor, maar dit nie doen nie, is soos die huis wat op sand gebou is.

Met hierdie gelykenis wys Jesus ons op die mens in sy krisisoomblikke. As alles goed en voorspoedig gaan is daar geen verskil tussen die twee mense nie — beide hoor die Woord van God en dit gaan met hulle goed. Sover lyk hulle presies dieselfde. Maar as hulle in die krisis-uur kom, as hulle geloof in die smeltkroes kom, as hulle in hulle geloofslewe op die proef gestel word, dan blyk die verskil baie gou en baie duidelik.

Die mens wie se geloof van buite af mooi lyk, maar nie gegrond is in Jesus Christus nie, is soos die huis wat onder die geweld van die storms breek en inmekaar stort. Vir hom geld die woord ongenaakbaar hard: „En wat noem julle My: Here, Here, en doen nie wat ek sê nie?" Tevergeefs het hy die Woord gehoor en gesê dat hy in Christus glo.

Die mens egter wie se geloof geanker is in die fondament Jesus Christus . . . die wind kan maar waai en die watervloede kan maar kom. Elke krisis is 'n triomf van die geloof in Jesus Christus.

8 Januarie

Lees Luk. 7:1-10. **Teks:** Luk. 7:9.

SO 'N GROOT GELOOF

Hierdie Hoofman oor honderd was hoog in aansien by die hoofde van die Sinagoge te Kapernaum. Die rede hiervoor moet daarin gesoek word dat hy 'n groot som geld beskikbaar gestel het om die Sinagoge wat te klein geword het met 'n mooi en groter een te vervang. Hy was 'n man wat 'n hoë posisie beklee het in die Romeinse leër. Die haat teen die Romeine van die kant van die Jode het hom nie getref nie; daarvoor het sy daad gesorg.

Toe die slaaf van die hoofman so ernstig siek word dat daar gevrees word vir sy lewe, is allerlei planne beraam om hom te red.

Eindelik dink die Hoofman daaraan dat daar iemand is wat sy slaaf kan genees. Hierdie Man is egter onbereikbaar ver. Hoe sal hy met Hom in aanraking kom. 'n Heiden sal nie by die joodse Rabbi verhoring vind nie.

Hy beraam ook hier 'n plan. Hy stuur na die bestuur van die Sinagoge. Hulle is bereid om te gaan want hulle onthou nog wat hy vir hulle gedoen het. Wanneer hulle Jesus aantref, rig hulle eintlik nie 'n versoek nie, maar dring by Hom aan. Die Hoofman is werd dat Jesus sy slaaf sal genees. Hierdeur sal hulle egter nie vir hom die genesing verkry nie.

Jesus genees wel, maar slegs op grond van die geloof en nie op grond van goeie werke nie. Ter wille van die Jodendom moet Christus die slaaf genees en nie ter wille van Homself nie. Hulle het blykbaar nie die prediking van die Here verstaan nie. Wat Christus wou hê is geloof dat Hy die slaaf kan genees sonder dat Hy in die huis kom. Hierdie geloof vind Jesus by die Romeinse hoofman eerder as by die drie Jode.

Ons bid dikwels. Bid ons in geloof ter wille van die Koninkryk. Wie so tot Jesus kom vind sy redding. Ons is nie werd dat Hy ons red nie. Hy red ons op grond van ons geloof.

9 Januarie

Lees Luk. 8:4-15. **Teks:** Luk. 8:5.

DIE SAAIER SAAI

Jesus leer die volk aangaande die koninkryk van die hemele. Dit is te vergelyk met 'n saaier wat uitgaan om te saai. Die rede waarom hy saai, is die verkryging van 'n oes. Voordat daar egter geoes kan word, is daar die gevare wat oorbrug moet word. Die voëls wat langs die pad die saad oppik; die son wat die oes verskroei; die dorings wat die teer plantjies verstik. Dit is alles gevare wat die oes kan verongeluk.

Ten spyte van al hierdie plae, is die saaier se werk bekroon. Daar is vrug. Hierdie vrug is die beloning op die arbeid van die saaier.

Die hemelse Vader het ook die Saaier van Sy woord, die saad wat geloof in die hart van die wêreld bring, gestuur om Sy saad te saai in ons harte. Hierdie saad saai Hy deur die verkondiging van Sy woord. Hy saai kwistig. Hy saai in oorvloed. Die saad wat Hy saai val op die akker — die hart van die mens.

Die land het eenders gelyk maar die rotse was daar. Die onkruid groei plek-plek vinnig. Die goeie grond is nie op die oog afte onderskei van die ander nie. Dit maak geen saak nie. Die Saaier saai.

So saai Hy Sy woord in haas al die harte. Hy maak nie onderskeid tussen mense nie. Hy wil dat almal gered word. Die voëls van Satan swerm egter so dikwels om ons om die saad op te pik, en vrugteloos te maak. Die son van verleiding skroei en brand dikwels die teer geloofsplantjie dood. Die dorings verdruk dikwels die geloof.

Ten spyte hiervan saai Hy. Tydig en ontydig hoor ons Sy woord. Dit is bedoel om geloof te wek en deur die geloof ons verlossing uit die mag van die bose.

10 Januarie

Lees Luk. 8:22-25 en Jes. 9:1-6. **Teks:** Luk. 8:25.

JESUS DIE MAGHEBBER

Toe Jesus een aand na 'n moeitevolle dag, Sy dissipels beveel om oor die meer te vaar, was Hy die vermoeide. Die rus wat Hy so nodig gehad het, kon Hy slegs vind in die stilte.

Die dissipels gehoorsaam ten spyte van die feit dat dit aand is. Hulle weet dat die skip veilig is met Jesus aan boord. Die klein bootjie sal wel

die ander oewer bereik want die bewarende hand van die Heiland sal dit bewerk. Die dissipels is ervare vissers. Hulle ken die grille van die wind en die water. Wanneer 'n storm hulle in die middel oorval, loop hulle gevaar om te vergaan. Hulle wend hulle tot hulle taak. Jesus rus. Hy slaap die slaap van die geruste.

Skielik word hy gewek deur hulle angskrete want die boot dreig om te vergaan. Hulle het bevrees geword. Die dissipels kon dit nie kleinkry dat Hy slaap terwyl hulle om dood en lewe veg nie.

Jesus verwyt hulle egter hulle vrees. Die vrees is 'n teken van klein geloof. Op Sy bevel bedaar die storm. Die bootjie is veilig met Jesus aan boord. Hy is die Magtige.

Dikwels word ook ons lewensbootjie oorval deur die storms van die see. Ons word dikwels bedreig en dan vrees ons. Ja, dan vergeet ons so dikwels dat ons gelowiges is.

Die gebeure van die afgelope weke staan ons egter nog duidelik voor oë. Ons het weer geleer dat Jesus, wat Maghebber is oor lewe en dood, met ons is. Wanneer Hy met ons is, is ons veilig. Al word ons gebed nie onmiddellik verhoor nie. Hy verwyt ons dikwels ons vrees wat teken is van ons ongeloof.

Laat ons Hom soek in ons nood en gevare. Hy sal ons bewaar. Met Christus in ons lewe, is ons veilig.

11 Januarie

Lees Luk. 8:40-56. **Teks:** Luk. 8:49.

JESUS LASTIG GEVAL

Vreugde omstraal die hart van Jaïrus en sy vrou. Eindelik het die Here hulle gebed verhoor en 'n kind aan hulle gegee. Dit is wel 'n dogter, maar vreugdevol en dankbaar is hulle lewe want die seun, die hartsbegeerte, mag hulle nou ook miskien geskenk word.

Na twaalf jaar het daardie hoop verflou en het hulle hele lewe en vreugde gekonsentreer op hul enigste kind. Na twaalf jaar van vreugde het die son egter weggeraak agter die donker wolke van kommer. Die dogtertjie het siek geword. Tot sterwens toe siek. Alles is probeer maar sonder resultate. Die dood het nader gekom.

'n Beangste en bedroefde Jaïrus het ylend na Jesus gesoek. Hy hoop om Hom spoedig te vind. Maar wanneer hy Jesus vind is Hy omring deur 'n skare. Jaïrus druk tussen die mense deur. Wanneer hy Jesus bereik val hy op die grond en smeek Hom om sy dogter te kom red. Hy vergeet dat hy die vernaamste man in die gemeente is. Voor Jesus val hy neer. Dit is die geloof wat hom daartoe dwing. Jesus gaan nie dadelik nie, want Hy is besig om 'n ander vrou te genees. Terwyl Jaïrus nog by Jesus is, kom 'n boodskapper wat hom meedeel dat hy nie die Heiland moet lastig val nie. Sy dogter is dood.

Jesus wil egter „lastig geval" wees. Hy wil lastig geval wees deur die gelowiges. Daardie geloof wil Hy met Sy liefde kroon. Jaïrus se dogtertjie word opgewek.

Ons moet nie dink dat ons gelowige nadering tot die Heiland Hom lastig val nie. Hy wil dat ons Hom sal nader in geloof. Daarvoor het Hy Sy lewe aan ons gegee sodat ons deur Hom gered kan word uit ons benoudhede. Wie Hom so lastig val, ontvang uit Sy hand die ewige lewe.

12 Januarie

Lees Luk. 9:10-17. **Teks:** Luk. 9:13.

DIE TAAK VAN DIE GELOWIGE

Die dissipels het hulle tog deur die dorpe voltooi waar hulle die

Evangelie verkondig en wondere verrig het. Hulle is terug by Jesus. Met uitbundige vreugde vertel hulle van hulle ondervindings. Op die gelaat van Jesus is daar vreugde om hulle ontwil, maar ag . . . Hy weet dat hulle nie besef wat die wil van die Vader is nie. Om hulle dieper hierin te onderrig en om verder die stilte te geniet, vertrek hulle na die woestyn.

Dit duur egter nie lank nie of 'n groot skare het Hom gevind en drom om Hom saam. Hy leer hulle en doen wonders onder hulle. Hy voel nie gesteur nie, maar verrig Sy liefdesdiens.

Wanneer dit tyd word vir die hoofmaaltyd, die aandete, raak die dissipels bekommerd. Hulle besef dat die mense nie kos het nie. Hulle wil dat Jesus die skare sal stuur om kos te koop. Met verbasing hoor hulle „Gee julle vir hulle iets om te eet."

Hulle het ingenome teruggekom van hulle sending omdat hulle wondere kon verrig. Hulle wat aanstons vir goed moet uittrek, moet voedsel hê. Nie net sielevoedsel nie, maar liggaamlike voedsel indien nodig. Hiervoor sal Jesus sorg. Al kan hulle die skare nie voed nie, sal Hy die brood vermeerder en die dissipels deel uit. So help Hy Sy dienaars en sterk hulle en maak hulle bekwaam om hulle taak te vervul.

Hoewel ons nie noodwendig met wonderwerke andere moet voed nie, bly dit ons taak om iets te ete te gee aan elkeen wat daaraan behoefte het. Die brood van die lewe, die Woord van God, moet ons deurgee aan elkeen, nie net met ons mond nie, maar ook deur ons werke. Die gelowige het tot taak om die wêreld die Woord van God te gee, maar moet ook bereid wees om aan 'n hongere iets te gee om te eet. Vir sover ons dit doen aan een van die mense doen ons dit aan die Hoof en Heer, Jesus Christus.

13 Januarie

Lees Luk. 9:18-22, Jes. 53:1-7. **Teks:** Luk. 9:20.

WIE IS JESUS?

Die wonderwerke van Jesus het die hele volk aan die gis gehad oor wie Hy werklik is. Jesus is deur verskillende mense gekoppel aan een van die gevierde profete, Elia. Hy is ook beskou as Johannes die Doper wat weer uit die dode opgestaan het. In Jesus het die meeste mense egter die ideale leier of Koning vir Israel gesien. Met so 'n Man aan die spits, het Israel niks te vrees nie, selfs nie eers die Romeine nie.

Jesus het dan ook voortdurend moes keer dat Hy nie as aardse koning uitgeroep word nie. Dit was nie net die geval met buitestaanders nie, ook die dissipels het so naby aan hierdie idee geleef. Maar Jesus wil hulle leer oor die betekenis van Sy koms. Daarom vra Hy wat die mense van Hom sê. Daarna sal Hy hoor wat die dissipels van Hom dink. Is Hy vir hulle ook maar net 'n wonderlike en kragtige mens, of is Hy meer.

Vir die dissipels is Hy nie net 'n Vriend en Metgesel vir hierdie aardse bestaan nie. Nee, by monde van Petrus erken en bely die dissipels die Godheid van Christus. Hy is nie aardse Koning nie, maar Hemelse Koning. Hy is nie net die Wondermens nie, Hy is die Gesalfde van God wat gekom het om te red uit die ewige dood. Sy Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.

Vir ons is dit van die allergrootste belang wie Jesus vir ons is. Ons wil so dikwels hê dat ons vanweë ons dienswerk en geloof 'n gelukkig aardse bestaan moet hê. Maar dit moet ons onthou „As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, is ons die ellendigste van alle mense." Dan

kan Hy ons saligheid nie vir ons skenk nie. Dan is Hy vir ons net van waarde vir die duur van ons aardse lewe.

Daarvoor het Christus nie gekom nie, anders sou Sy lewe nie langs Golgota en die leë graf gelei het nie. Maar nou is Hy Christus die Seun van die lewende God, dit wil sê ons waarborg vir redding en ons sekerheid aangaande ons opstanding in die ewigheid.

14 Januarie

Lees Luk. 9:49-50 en Jos. 24:14-22. **Teks:** Luk. 9:50.

EEN VAN TWEE MOONTLIKHEDE

Die dissipels van die Here was verontwaardig omdat hulle iemand teëgekom het wat in die naam van Jesus kragte doen. Hulle het sover gegaan om hom te belet om die dinge te doen. Hulle beskou dit as hulle voorreg. Indien die persoon dit wil doen, behoort hy Jesus saam met hulle te volg, so redeneer hulle. Wanneer hulle dan hulle nood by Jesus kla hieroor, stel Hy dit baie duidelik aan hulle dat daar net twee keuses is. Jesus óf Satan. Wie nie vir Jesus is nie, is teen hom en kies derhalwe kant vir Satan, die groot vyand van Jesus en Sy Kerk. Wie nie in diens van die Koningkryk werk nie, strem sy uitbreiding. Wie nie die evangelie help verkondig nie, bestry dit.

Met hierdie antwoord is die dissipels tevrede. Dit toon dat dit nie vir Jesus daarom gaan wie hom dien en die uitbreiding van Sy ryk bevorder nie, maar wel dat dit gedoen word. As die uitverkorenes dit nie meer wil doen nie, sal Hy ander kry wat wel bereid is om dit te doen.

Die antwoord van Jesus aan Sy dissipels spreek ons ook op tweërlei maniere aan. As ons nie direk in Sy diens staan nie, staan ons Hom teen. Daar is nie 'n derde moontlikheid nie. Neutraal kan ons nie staan nie. Ons dien die Here of ons dien Satan.

Ons is ook nie onmisbaar in Sy diens nie. Wanneer ons nie te vinde is vir Sy dienswerk nie, is daar altyd ander wat gewillig gemaak word. Ons onbereidwilligheid skaad ons dus eindelik self want ons het Hom en Sy Kerk nodig terwyl die Kerk en Christus wel sonder ons kan klaarkom.

In die wete dat daar net twee moontlikhede is, word ons verder beperk. Ons kan nie kies nie. Ons is klaar gekies. Ons kan net in gehoorsaamheid ons verkiesing aanvaar en daardeur lewe of ons verwerp dit in ondankbaarheid en het geen deel aan die genade van Christus nie.

15 Januarie

Lees Luk. 10:18 en Openb. 12:1-10.

SOOS 'N BLIKSEM UIT DIE HEMEL

Die Satan het vir hierdie wêreld 'n beker gal aangemaak deur oorlog te verklaar teen God en Sy skepsele. Maar hy, wat die Woord goed ken, het ook geweet dat sy kop eendag vermorsel sal word deur die Een wat sou kom. Daarom het hy alles in die stryd gewerp om die koms van Christus te verhoed.

Die geslag van Dawid wou hy uitwis deur oorloë. Dink maar aan sy slim plan om die hele Israel uit te roei in die dae van Ester. Toe hy egter nie in sy listige planne kon slaag nie, het hy Christus op aarde aangeval. Herodes moes die kindjie doodmaak; Jesus moes van die tempel se dak afspring; by die kruis roep hy uit: „Kom af van die kruis!"

Christus het egter oorwin; die skuld is betaal en die graf en die dood oorwin. Tog hou die vuurrooi draak nog nie op nie. Daar ontstaan 'n geveg in die hemele tussen Migael en sy engele en die draak en sy engele. Waarom, of oor wie, weet ons nie. As hulle egter, volgens die boek Judas, oor die liggaam van Moses geveg het, dan is dit baie

moontlik dat hulle hier, met die hemelvaart, oor die liggaam van Christus veg. Met die geveg word die Satan dan ook die hemele uitgedryf en val hy soos 'n bliksem op die aarde. Die Satan is woedend. In die hemele is daar egter groot vreugde. Tragies gaan die teksvers dan verder: „Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het."

Elke dag word die toestande in die wêreld meer kritiek en die sonde verskrikliker. Met hierdie Satan moet ons ook in dié jaar goed rekening hou. Daarom, staan dan vas in die geloof! „Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel."

16 Januarie

Lees Luk. 10:38-42 en Joh. 11:5.

GROOT OOMBLIKKE

Jesus word by die huis van Martha en Maria en Lasarus deur Martha, wat haar self seker as die hoof van die huis beskou het, welkom geheet. As gasvrou wil sy die Here dan ook op die beste trakteer. Sy is lewendig van geaardheid en spring dadelik aan die werk.

Dit hinder haar egter dat haar suster geen vinger verroer om haar te help nie. Maria sit egter doodstil aan die voete van die Here en luister na Sy woorde. Oplaas raak haar geduld op en doen sy 'n beroep op die Here om Maria aan te sê dat sy ook moet help. Sy is dan ook vas oortuig daarvan dat die Here haar voorstel sal steun. Baie verbaas moet sy egter die teenoorgestelde verneem. Die Here laat haar ook duidelik verstaan dat van die baie dinge waaroor sy besorg is, Maria die beste deel uitgekies het, wat van haar nie weggeneem sal word nie.

Vele Marthas van ons dag sal seker verbaas vra wie dan die huishouding moet waarneem as almal sit. Waarom sê die Here dan so? Omdat, wanneer daar groot oomblikke aanbreek in die lewe van die mens, dan vergeet jy jouself en jou eie belange, en jy leef vir daardie groot oomblik. Martha en Maria het dit albei goed bedoel en daarom sê die Woord in Joh. 11: „En Jesus het Martha en haar suster liefgehad." Martha het net hier ten opsigte van die groot oomblik — groot vanweë die teenwoordigheid van die Here — verkeerd besluit.

Die kerk het die Marthas, wat hard vir die kerk werk nodig; die kerk het ook die Marias, wat vurig vir die kerk bid, nodig. Dog, Prediker sê dat elke ding sy bepaalde uur onder die son het. Moenie, as u Sondag aan die voete van die Here kan gaan sit en na Sy woord luister, iets anders kies wat van u weggeneem kan word nie.

17 Januarie

Lees Luk. 11:1-13.

ONBESKAAMDHEID

Om die Here te sien en te hoor bid, was vir die dissipels wonderlik. Hulle het al dikwels 'n Fariseër op die hoek van 'n straat sien bid. Dit het egter nie 'n indruk op hulle gemaak nie. Hulle begeer dat die Here hulle sal leer bid, waarop Hy aan hulle die Onse Vader gee as 'n gids in hul gebedslewe.

Om hulle nog verder in te lig ten opsigte van die gebedslewe, vertel die Here aan hulle twee gelykenisse. 'n Man word om middernag deur 'n vriend gewek. Die vriend het drie brode dringend nodig. Aanvanklik was die man, wat met sy gesin al in die bed was, omgekrap en teësinnig. Nogtans, sê die Here, sal hy ter wille van sy **onbeskaamdheid** opstaan en hom gee soveel as hy nodig het. „En vir watter vader onder

julle sal sy seun brood vra, en hy sal hom 'n klip gee; of ook 'n vis, en hy sal hom in plaas van 'n vis 'n slang gee; of ook as hy 'n eier vra, hom 'n skerpioen gee? As julle wat sleg is dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"

Hoeveel van ons is daar vandag wat skaam is om te vra? Hierdie man was **onbeskaamd.** Sy nood was hoog, maar die geloof, hoop en vertroue in sy hart groot. Hy het gevra, en ontvang; gesoek, en gevind; geklop, en daar is vir hom oopgemaak.

Baie keer vra ons egter sonder om te ontvang waarvoor ons vra. Is ons dan nie miskien weer só **onbeskaamd** dat ons in ons dwaasheid 'n klip vra in plaas van 'n brood nie? Die Heilige Gees wil God egter op ons gebede altyd aan ons skenk, want die Heilige Gees leer ons om **onbeskaamd** te wees, maar ook om te bid om dié dinge wat God aan ons wil skenk. Bid daarom voor alles om die Heilige Gees.

18 Januarie

Lees Ps. 49:6-15 en Luk. 12:13-21.

HOU REKENING MET GOD!

Twee broers stry om 'n erfdeel en Jesus word ingeroep as 'n regter. Dit is dan ook niks buitengewoon om by so 'n rusie die hulp van 'n derde persoon in te roep nie. Dit is seker ook die eerste en enigste keer dat hierdie mense die Here nader met 'n probleem, en wel 'n probleem van hierdie aard. Oor hul geestelike nood was hulle seker nog nooit bekommerd nie.

Na aanleiding van hierdie versoek vertel die Here die gelykenis van die ryk dwaas. 'n Man het so 'n groot oes gehad dat hy sy bergplekke moes vergroot. Hy voel dan ook baie in sy skik met homself. Die een begroting na die ander flits deur sy brein. So by homself praat hy dan ook net van **ek:** van **my** oes; van **my** opbrengste; en van **my** goed. Nadat hy alles beplan en goed oordink het, besluit hy dat sy begroting waterdig is: „Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare: neem rus, eet, drink, wees vrolik." Seker nog 'n redelike jong man wat hier vir baie jare vooruit beplan.

Baie tevrede gaan hy slaap nadat hy alles nog 'n slag goed oordink het. Tog het sy begroting nie geklop nie. Waarom nie? Hy het nie rekening gehou met God nie. Die dood kom en slaan sy hele begroting flenters. Menslik gesproke was dit 'n heel intelligente man. Tog noem Jesus hom 'n dwaas. En om 'n dwaas genoem te word beteken nie dat jy min verstand het nie, maar dat jy **nie met God rekening hou nie.**

Hoeveel van ons laat in ons begrotings en beplannings van elke dag **God buite rekening?** Onthou net dit: Al is ons skure tot oorlopens toe gevul met die aardse oeste, maar ons geestelike skure staan leeg, sonder geloof, hoop en liefde, dan is ons dwaas, want dan is ons arm aan God.

19 Januarie

Lees Jes. 9:1-6 en Luk. 12:49-53.

VUUR OP DIE AARDE

Dit klink so asof die woorde uit Lukas in stryd is met die uit Jesaja, ja, met die hele Evangelie. Die koms van die Here Jesus na hierdie wêreld het immers vrede ten doel gehad. Jesaja praat van **vrede sonder einde.** Met die geboorte van die Here het die engele ook gesing: „Vrede op aarde." In Joh. 14:27 sê Jesus ook self: „Vrede laat Ek julle na, my vrede gee Ek julle." En hoe groot was die behoefte van die lydende mensheid nie aan vrede nie!

Nou egter moet ons hoor van vuur en van verdeeldheid. „Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, maar verdeeldheid." Die verskriklike dood — sy lyding — waarvan Hy praat, sou immers die vrede op aarde herstel. Nou moet ons egter hoor van verdeeldheid onder die mense, selfs in dieselfde huis. Ons hoor nou van die gruwel van die verwoesting; van verskriklike dae wat verkort sal moet word; van natuurrampe, vervolginge en so meer.

Die vuur en verdeeldheid kom juis van die kruis, vanwaar ook die vrede kom. En die vuur en die vrede ontstaan juis op grond van die ongeloof en die geloof in die gekruisigde Here. Met die swaard in die hand staan die gelowige teenoor die ongelowige; die wat hulself kruisig teenoor die wat hulself probeer handhaaf; die wat die koninkryk van God help bou teenoor die wat dit probeer afbreek; die christen teenoor die antichris. Die Kruis het die twispunt geword.

Welke vrede is dit dan waarvan die Bybel praat? Dit is die vrede tussen God en mens. Die mens wat met God versoen is deur Jesus Christus het vrede in sy hart, want hy het die liefde van God gesmaak, 'n liefde wat die mens verplig om die **vuur aan te steek op aarde** teen die ongeloof.

Het u as mens waarlik vrede met God deur Jesus Christus?

20 Januarie

Lees Luk. 14:25-35.

KOSTEBEREKENING

Wanneer enige mens 'n taak aanpak, moet hy eers berekeninge gaan maak. Daar moet eers deeglik beplan word. Mens kan nie maar net besluit om byvoorbeeld 'n gebou op te rig sonder dat jy eers baie dinge in berekening gebring het nie, want dit kan groot verleentheid tot gevolg hê. Om net halfpad te bou en dan te moet staak, omdat jy nie bereken of nie reg bereken het nie, sal veroorsaak dat die mense met jou spot, vir jou lag en sê: „Hierdie man het begin bou en kon nie klaar kry nie." Ook 'n koning moet, wanneer hy sy leërs slaggereed maak, fyn beplan, anders gaan hy die geveg verloor.

So moet iemand wat Jesus Christus wil volg baie mooi bereken wat dit alles vir hom gaan meebring. Sovele het al belydenis van geloof gedoen maar nooit gedink wat dit werklik beteken om die Here te volg nie. Wie dissipel van Christus wil wees moet daaraan dink dat hy God moet liefhê bo vader, moeder, vrou en kind, ja, bo homself. Hy moet niks wees nie — God moet alles wees. Hy moet in geloof en met geduld alles kan dra en verdra wat God in hierdie lewe oor hom bring. Hy moet seën die wat hom vervloek, goed doen aan die wat vir hom haat, en bid vir die wat hom beledig en hom vervolg. Hy moet, soos Paulus dit stel, sy liggaam stel as 'n lewendige, heilige en aan God welgevallige offer.

Het u, geagte leser, **bereken,** toe u besluit het om Christus te volg? Hoever het u gebou?

21 Januarie

Lees Luk. 15:1-10.

'N GOEIE GEWOONTE

„En al die tollenaars en sondaars het die gewoonte gehad om na Hom te kom en na Hom te luister."

Elke mens en elke huisgesin het sy eie gewoontes, goed of sleg. Selfs die Here Jesus het gewoontes gehad. In Luk. 4:16 lees ons: „En soos Hy gewoond was, gaan Hy op die Sabbatdag in die sinagoge."

Ons hoor dikwels dat mense gekritiseer word omdat hulle gereeld kerk toe gaan en veroordeel word omdat hulle dit bloot uit gewoonte doen. Dieselfde mense vergeet egter dat hulle weer uit gewoonte wegbly van die kerk.

Ons lees hier dat die tollenaars en die sondaars die gewoonte gehad het om na Jesus te kom en na Hom te luister. Is daar 'n groter medisynmeester na wie 'n siek mens — 'n sondaar — kan gaan, dan na Jesus? Wie is daar buiten Hom wat die Woord van die Ewige Lewe besit? Watter ander woord kan die sondaar en die tollenaar red as die Woord van die Here?

Jesus het tog gekom om die verlore skaap, die verlore penning en die verlore seun te soek. Daar bestaan tog geen moeier **gewoonte** as dat die tollenaars en die sondaars na Jesus, die Saligmaker, sal kom en na Sy Woord sal luister nie. En as u en ek meen dat ons nie tollenaars en sondaars is nie, dan het Christus tevergeefs gesterwe.

Daar is talle mense wat nie nagmaal gebruik nie omdat hulle dan sondaars is. Vir wie is die nagmaal anders ingestel as vir die sondaars? Net daardie sondaar sal lewe; net daardie sieke sal gesond word wat die **goeie gewoonte** het om na Jesus te kom en na Hom te luister.

22 Januarie

Lees Luk. 19:1-10. **Teks:** Luk. 19:10.

VERLORENES GESOEK

In ons teksvers sê Jesus waarvoor Hy na hierdie wêreld toe gekom het. Hy het gekom om te soek en te red wat verlore was. Verlore . . . so sê die maatskappy van die misdadiger wat uit die daaglikse lewe weggeneem word, van die dronkaard wat op sy pad voortstrompel; van die gierigaard wat in niks anders belang stel as net in stoflike welvaart nie. Verlore . . . so het menige ouer al gesug as hy dink aan sy gevalle seun of dogter wat al dieper en dieper wegsink in die modderige slyk van die sonde en onsedelikheid. Verlore . . . so noem die Bybel daardie kind wat soos die verlore seun nie meer langer in sy Vader se huis wou bly nie; die deel van sy goed geneem het en na die ver land gegaan het waar hy dit op roekelose wyse met slegte mense deurgebring het.

Verlore . . . so sê die Here van elke mens wat in sy sonde bly volhard; hom aan God se genadige en liefdevolle bemoeienis nie steur nie en hom aan God se gemeenskap onttrek.

Verlore is elke mens wat die guns van die wêreld verkies bo die guns van God. Verlore . . . watter diepte van ellende lê daar nie in hierdie woord uitgedruk nie?

Maar daar is ook in hierdie verlore mens nog hoop, want Christus het na hierdie wêreld toe gekom om verlorenes te soek en gelukkig te maak. Hy het gekom om mense wat in die boeie van die Satan gebind is vry te maak. Hy het gekom om ons te red van 'n sterwe in die sonde; om ons terug te ruk uit die poorte van die verderf. Hy het gekom om die weg na die Vaderhuis toe wat as gevolg van die sonde vir ons toegeval het weer oop te maak en die kloof wat ons van God skei te oorbrug.

Hy het gesoek op die paaie en in die dorpe, in die eenvoudige wonings en in die paleise. Hy het op weerspanniges die hand gelê en voortvlugtiges het Hy ingehaal. Ja, selfs aan die Kruis waar Hy Hom laat bind het, ontelbare smaadhede gely het, Sy geseënde liggaam aan die kruis laat spyker het, het Hy verlorenes gesoek om hulle te red. En Jesus soek vandag nog. Het Jesus u al gevind?

23 Januarie
Lees Luk. 18:18-30.

DIE RYK JONG MAN

Van hierdie jongman word verskillende mooi dinge gesê. Daar word gesê dat hy nog jonk was maar alreeds 'n owerste van sy volk was. Daaruit blyk dat die mense van sy tyd vir hom groot respek en waardering moes gehad het. Verder word gesê dat hy ryk was. Hieruit blyk weer dat hy nie 'n deurbringer was nie. Hy het spaarsaam gelewe en sy goed opgepas. Verder word gesê dat hy 'n godsdienstige jongman was. Hy het blykbaar baie nagedink oor die dinge van God en Sy Koninkryk. So baie dat hy op 'n dag besluit het om na Jesus toe te gaan en aan Jesus te vra of daar nie miskien nog iets is wat hy kan doen om te verseker dat hy eendag salig sal word nie. Op hierdie vraag het Jesus geantwoord dat hy die gebooie ken en die gebooie moet hou. Daarop het hy geantwoord dat hy die gebooie van sy kinderdae af hou en Jesus het dit blykbaar toegestem. Maar dan sê Jesus aan hom: „Nog een ding ontbreek jou — verkoop alles wat jy het, en verdeel dit onder die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê: kom dan hier, volg My". En dan lees ons dat die jongman bedroefd van Jesus af weggegaan het.

Dit blyk dat die versoek van Jesus vir hom te veel was. Hy wat altyd spaarsaam geleef het en sy besittings goed opgepas het, moet nou alles verkoop en dit uitdeel aan ander wat miskien te lui was om te werk of hulle goed deurgebring het. Nee . . . dit kan nie en daarom gaan hy bedroefd van Jesus af weg.

Dit blyk dus dat hierdie jongman in werklikheid nie so godsdienstig was as wat dit gelyk het nie. Toe hy geroep word om te kies tussen gehoorsaamheid aan Jesus en sy besittings was sy besittings vir hom die belangrikste. Hy het eerder kans gesien om sonder Jesus te lewe as sonder sy besittings. Sy goed het hom dan ook van Jesus af weggehou. As ons die aarde besittings liewer het as vir Jesus dan geld ook van ons: „Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan."

24 Januarie
Lees Luk. 18:9-14.

TWEE GEBEDE

In hierdie Skrifgedeelte vertel Lukas van twee mense wat na die tempel gegaan het om te bid. Die een was 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar. Die een was 'n man wat by die volk hoog aangeskryf was; 'n godvrugtige man en daarom ook iemand wat in die tempel tuisgehoort het en met vrymoedigheid die troon van God mog nader. Die ander een was weer 'n man wat nie by die volk geliefd was nie en na hulle mening ook nie in die tempel tuis gehoort het nie.

Toe die Fariseër die tempel ingestap het, het hy seker met statigheid en deftigheid sy plek gaan inneem, en dadelik begin om te dank. En dit was sy dankgebed: „O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie — rowers, onregverdiges, egbrekers of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek kry."

Dit is duidelik dat hierdie gebed geen teken van dank toon nie. Die Fariseër het nie gedank vir een of ander besondere seën wat hy ontvang het nie. Hy het selfs nie gedank vir al die weldade wat hy daagliks uit Gods Vaderhand ontvang nie. Nee . . . sy dankgebed verraai veeleer 'n

hoogmoedige „ek" wat in sy binneste woon. Vir hom is die ander mense sondaars, slegte mense, rowers, onregverdiges en egbrekers, en hy wil nie langs sulke mense staan nie, veral nie voor God nie. Van hulle wil hy afgesonderd wees. Daarom is sy dank veeleer 'n ydellike gebruik van die naam van die Here en die Here sal die een wat Sy naam ydellik gebruik nie vir onskuldig hou nie. Sy dankgebed is in werklikheid 'n leuen voor God en God laat Hom nie bespot nie.

Teenoor die Fariseër staan die sondaar. Hy het ook gebid. En dit was sy gebed: „O God, wees my, sondaar, genadig." Hierdie tollenaar het hom nie vergelyk met die ander sondaars nie. Hy het nie aan ander mense gedink nie maar hy het sy eie skuld gesien. Hy het iets gesien van die afskuwelikheid van sy skuld en sonde. Daarom het daar uit sy mond geen roemtaal gekom nie maar 'n eerlike skuldbelydenis. Hy kon daarom ook om niks anders bid nie as net om genade. Slegs genade kan sy sondes bedek. Slegs genade kan die kloof wat hom van God geskei het oorbrug. Slegs genade kan sy hoof weer ophef, sy trane afdroog en in sy hart weer vreugde en blydskap gee. Slegs genade kan die oë wat nie na bo kon kyk nie weldra weer na bo laat kyk en sy mond jubelend laat uitroep „Ek dank God". Jesus sê self dat hierdie man regverdig na sy huis gegaan het. Bid u soos die Fariseër of soos die sondaar? As u soos die Fariseër na God toe kom is alles tevergeefs. As u soos die tollenaar bid, is daar genade en vryspraak.

25 Januarie

Lees Luk. 18. **Teks:** Luk. 18.1.

DIE GEREELDE GEBED.

Wanneer die goddelose mense die noodsaaklikheid van die gebed wil bestry, maak hulle gewoonlik gebruik van Bybelse argumente. Die een persoon sê dat die Bybel ons leer dat God alwetend is. As dit waar is, sê hulle, dan weet die Here van ons kommer en sorge, ons pyn en droefheid ons blydskap en dankbaarheid. Waarom dan nog bid?

'n Ander sê dat die Bybel ons leer dat die Here onveranderlik is. As dit waar is, sê hulle, dan kan ons die Here met ons aangrypende gebed nie van besluit laat verander nie. Wat ons moet hê, sal ons kry of ons bid of nie bid nie; en wat ons nie moet hê nie, sal ons nie kry nie, al bid ons ook.

Wat sal ons hierop antwoord? Ons antwoord dat die gebed 'n gebod van God is. Die Here Jesus roep ons op om gedurig te bid en nie moedeloos te word nie. Die Here Jesus roep ons dus op tot die gereelde gebed. En hierdie gebod tot aanbidding is nie net aan sekere mense gegee nie, maar dit is 'n algemene gebod. Alle mense moet gereeld bid of hulle oud of jonk is, arm of ryk, geleerd of ongeleerd, die koning op sy troon en die arbeider op die pad; die sieke op sy siekbed en die gesonde op die land. Almal moet bid sonder om moedeloos te word.

Sê nou maar ons bid net so nou en dan? Dit sou dan beteken dat ons ongehoorsaam is, en dat ons ons skuldig maak aan pligsversuim. Dit is so, want niemand kan beweer dat hy nie tyd het om te bid nie. Die Here vra mos nie van ons 'n lang gebed nie. Die Here vra van ons 'n gebed wat geen ydele herhaal van woorde is nie, maar wat uit die diepte van ons gelowige hart opkom.

Die gelowige mens kan nie gelukkig wees sonder die gebed nie. In die gebed stort ons die hele inhoud van ons hart voor God uit en wie dit gedoen het, voel altyd beter. Hy weet die Here is die Hoorder van die gebed. Die Here laat die ware bidder nooit teleurgesteld omdraai nie.

26 Januarie

Lees Luk. 17:20-37. **Teks:** Luk. 17:20.

DIE KOMS VAN DIE KONINKRYK

Die Fariseërs het aan Jesus gevra wanneer die koninkryk van God dan kom. Daarop het Jesus gantwoord: „Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie". Hiermee het Jesus aan hulle gesê dat die koninkryk van God nie 'n saak van uiterlike waarneming is nie. Die koninkryk van God kom dan ook nie soos die koninkryke van die wêreld nie. Die koninkryke van die wêreld word gewoonlik verwelkom by geleenthede van groot volksaamtrekke of indrukwekkende feesvierings en magsvertoon. Die koninkryk van God kom nie so nie. Die koninkryk van God kom op sy eie manier.

Daar is egter duidelike tekens wat ons aandag vestig op die teenwoordigheid van Gods koninkryk in ons tyd. Die Christelike beskawing, al die instellings wat getuig van Christelike barmhartigheidsdiens en Christelike naasteliefde en ook die Christelike Kerk. Hierdie dinge is tekens wat ons aandag vestig op die teenwoordigheid van Gods koninkryk in ons tyd. Maar hoe belangrik hierdie dinge ook al is, hulle moet nie met die koninkryk van God vereenselwig word nie. Die koninkryk van God gee aan hierdie dinge 'n bepaalde aansyn, maar hierdie dinge is nie die uiterlike gelaat waaraan die koninkryk van God in ons tyd herken kan word nie.

Die koninkryk van God is 'n geestelike ryk. Dit het geen sigbare, aanwysbare grense nie. Die koninkryk van God omvat die hele wêreld. Die koninkryk van God het sy burgers en burgeresse onder alle volke, tale en nasies. Die koninkryk van God is oral waar die mense in gehoorsaamheid voor Christus neerbuig. Die koninkryk van God is oral waar die koningskap van God erken en eerbiedig word. God is oral waar die koningskap van God erken en eerbiedig word. Dit is oral waar Christus die volle seggenskap het en waar Hy heerskappy voer. Die koninkryk van God is daar waar Gods wet die grondwet is. Die onderdane van daardie Koning vind dan ook hulle lus en vreugde daarin om Sy gebooie te hou.

Die koninkryk van God is nie net iets van die verre toekoms nie. Nee . . . die koninkryk van God is ook iets van die hede, van die nou, van die hier. Die koninkryk van God is onder ons. Die koninkryk van God is in ons. Die koninkryk van God is in hierdie wêreld waarop ons nou woon en lewe.

27 Januarie

Lees Luk. 17:11-19.

ONDANKBAARHEID

In hierdie Skrifgedeelte vertel Lukas van tien melaatse manne aan wie Jesus 'n besondere weldaad bewys het. Al tien het in hulle ellende tot Jesus geroep om hulp. Jesus het Hom oor hulle ontferm en hulle genees. In hulle harte behoort daar net een lied te geleef het, „Loof die Here, O my siel, en alles wat binne in my is, Sy Heilige Naam. Loof die Here, O my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie — wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede."

Na die genesing was daar egter net een wat teruggekom het om dankie te sê. Dit was die Samaritaan. Die ander nege het verder gegaan.

Die ondankbaarheid van die nege is afskuwelik. Dit is afskuwelik in

die oë van die mense. Dit is ook afskuwelik in die oë van God. Met verontwaardiging dink ons dan ook aan die nege wat nie kom dankie sê het nie maar met welgevalle rus ons oog op die Samaritaan wat wel kom dankie sê het.

Verder is die ondankbare hart 'n beklaenswaardige hart. Iemand het gesê: „dit is die grondslag van alle sedelikheid; die uitgangspunt van alle pligsbesef." Wat kan word van 'n kind wat ongevoelig bly vir die sorg van sy ouers? Wat kan ons verwag van 'n kind wat in Jesus se naam gedoop is maar nie ontroerd raak by die gedagte dat God Sy geliefde seun oorgegee het om aan die Kruis te sterwe sodat hy kan lewe nie?

Die ondankbare hart mis ook die regte genot van die ontvange weldade. 'n Ondankbare hart verbeur die liefde en dit sluit die weg van nuwe weldade af. As die dag aanbreek dat hy behoefte het aan nuwe weldade, mis dit die vrymoedigheid om dit te vra of te verwag. Vir die melaatse manne was dit beslis heerlik om weer gesond te wees maar wat was die genot van die gesondheid, die terugkeer tot die sosiale lewe en die gesin in vergelyking met die genot wat die Samaritaan gesmaak het toe hy in die oë van Jesus gekyk het en die vriendelike glimlag van welgevalle op Jesus se gesig gesien het? Wat was die genot van die nege in vergelyking met syne toe hy gehoor het: „Staan op en gaan; jou geloof het jou gered". Met hierdie woord is sy ontvange weldaad eintlik vernuwe, bevestig en vergroot. Laat hy nou maar weer melaats word; laat daar enige ander nood kom, solank Jesus bereikbaar is, sal hy weer roep: „Jesus Meester, ontferm U oor my". En hy weet dat hy weer gehelp sal word. Maar die ander nege sal, as hulle Jesus weer ontmoet, nooit in Sy oë kan kyk nie.

Wees nooit 'n ondankbare mens nie. Wy jou lewe, uit dankbaarheid vir al die weldade wat God gegee het en vir die Verlossing wat Hy in Jesus Christus gegee het, aan Hom toe!

28 Januarie

Lees Luk. 17:1-10. **Teks:** Luk. 17:5-6.

GEE ONS MEER GELOOF!

Die Here stel dikwels geweldige eise aan Sy dissipels. Een van die eise vind ons in ons teksvers „As jou broeder teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom. En as hy sewe maal op 'n dag teen jou sondig en sewe maal op 'n dag na jou terugkom en sê: Ek het berou — moet jy hom vergewe." Voorwaar 'n geweldige eis. Dit verbaas ons dan ook nie dat die dissipels gevra het nie: „Gee ons meer geloof".

Uit hierdie vraag van die dissipels blyk twee dinge:

a. Hulle het gedink dat hulle nog nie in staat is om dit te doen nie. Miskien het hulle gedink dat hulle wel in staat is om een keer per dag te vergewe maar nie sewe keer nie. Maar die dissipels was verkeerd, want dit is veel makliker om sewe keer te vergewe as een keer. As jy een keer vergewe het, sal jy die sewende keer soveel makliker kan vergewe.

b. Hulle het gedink dat hulle nie sewe keer kan vergewe nie, omdat hulle geloof nie groot genoeg is nie. Hulle het gedink dat hulle geloof groot genoeg is om die gewone dinge te doen, maar nie vir so 'n buitengewone ding as sewe keer vergewe nie. En weer is hulle verkeerd. Daarom antwoord Jesus „As julle geloof gehad het soos 'n mosterdsaad, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see

geplant — en hy sou julle gehoorsaam wees."

Met hierdie woord sê Jesus aan hulle dat hulle onmag om die buitengewone dinge te doen nie daar is omdat hulle geloof te klein is nie maar omdat hulle glad geen geloof het nie. Hiermee sê Jesus dat hulle nie moet sê „gee ons meer geloof" nie, maar gee ons geloof. Jesus wil sê dat daar eintlik nie so iets as 'n klein geloof en 'n groot geloof is nie, maar slegs geloof en ongeloof. Een van die twee.

Ook ons het geloof nodig. Geloof wat bereid is om Jesus op Sy Woord te neem; wat bereid is om Jesus absoluut te vertrou: Geloof in Jesus is oorgawe aan Jesus, onvoorwaardelike oorgawe. Geloof is om jouself in die skoot van die Here Jesus neer te werp. En wie dit doen mag weet dat hy deur daardie twee hande vasgehou word wat gevul is met alle mag in die hemel en op die aarde. Vir die mens wat so kan glo is alle dinge moontlik. Vir hom is die gewone en buitengewone dinge moontlik. Hy wat waarlik in Jesus glo sal nie net tot sewe maal toe kan vergewe nie maar tot sewe maal sewentig maal toe. Hy wat waarlik glo sal altyd kan vergewe.

29 Januarie

Lees Luk. 16:19-31.

Hierdie gelykenis, soos al die ander, is getuienis oor die koninkryk van God. Die koninkryk van God word vergesel van die oordeel. En in hierdie oordeel word die lewensverhoudinge van ons aardse bestaan dikwels omgekeer. Hier vrolik en weelderig — daar in smarte. Hier vol swere met net die geselskap van honde — daar aan die boesem van Abraham. Hy vir wie die goeie dinge in sy lewe alles was, ontvang in die oordeel smarte, maar hy wat die slegte dinge ontvang het, word vertroos.

Die oordeel is finaal en onherroeplik. As die koninkryk van God kom, eindig die tyd van bekering. Hier in ons tyd tussen geboorte en sterwe hoor ons die Woord van God wat getuig van die nabyheid van die koninkryk van God, word ons geroep tot inkeer en berou, daaraan herinner dat ons sondaars is wat geen bestemming het as ons nie die verlossing wat ons gebied word gelowig aanvaar nie. Nou is dit die tyd om te hoor en te doen wat Gods Woord ons leer.

Die Woord van God, Moses en die Profete en nou ook die Nuwe Testament, is genoeg. Ons het niks meer nodig nie. Geen tekens nie, geen wonderlike gebeurtenisse om ons wakker te roep nie. Die leer wat in die Ou en Nuwe Testament en in die artikels van ons Christelike geloof vervat is en wat in die Christelike kerk geleer word, is die volkome leer van die saligheid. Dit is so omdat die Woord ons leer dat die Seun van God Mens geword het om aan die vermoeides en belastes rus te gee. Hy het aan die kruishout gehang om daarmee die oordeel van God oor die gevalle mensdom te dra. Hy het opgestaan uit die dood om 'n nuwe toekoms te skenk aan dié wat in die land van doodskaduwee sit. Soos Paulus dit stel: Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. (Rom. 8:18.)

30 Januarie

Lees: Jeremia 1:1-10.

JEREMIA

Ons oordenkings vir hierdie week kom uit die eerste paar hoofstukke

van Jeremia. Daarom sal dit miskien goed wees as ons van Jeremia self eers iets sê.

Jeremia het 'n baie belangrike rol gespeel in die geskiedenis van Israel. In 'n moeilike tyd moes hy optree as profeet. Sy tyd is voorafgegaan deur geweldige skommelinge: groot ekonomiese vraagstukke en godsdienstige agteruitgang. Vroeëre konings het die volk voorgegaan in die heidense godsdienste, sedelike afval en bloedvergieting.

En nou moes hy in opdrag van God Sy Woord verkondig aan 'n ongehoorsame en wederstrewige volk. Maar wat die Here hom opgelê het en wat hy onderneem het, ten spyte van die leed en verguising van die kant van die volk, het hy uitgevoer.

So roep die Here ook van tyd tot tyd mense om die volk te hervorm. In die oë van die Here beklee ons altyd 'n belangrike plek in die wêreld. So word ons dan ook geroep in ons eie omgewing en huisgesin om die wil van die Here aan ander mense tuis te bring. Hy wil hê dat ons 'n goeie invloed sal uitoefen teenoor mense met wie ons te doen het; besonderlik waar ons weet waar dit nie goed gaan nie, en waar tye moeilik is.

Alhoewel dit vandag in ons land voorspoedig gaan op ekonomiese gebied, is daar baie plek vir verbetering op godsdienstige gebied. En waar ons bewus is van die agteruitgang in ons volkslewe, moet ons met krag en gedrag die agteruitgang teëwerk, waar en wanneer maar moontlik.

Soos 'n Jeremia moet ons in gehoorsaamheid aan die Here, die opdrag aanvaar. En as daar leed en verguising aan verbonde is, ook dan moet ons ons kruis op ons neem en ons Owerste Leidsman en Voleinder van die geloof volg waar Hy ook al mag lei, wetende dat Hy ook die grootste leed en verguising ter wille van onsself gedra het.

31 Januarie

Lees Jer. 1:10-19, Matt. 26:36-46. **Teks:** Jer. 1:10.

GEHOORSAAMHEID

Jeremia se mees uitstaande karaktertrek was sy gehoorsaamheid. As hy iets onderneem, wil hy dit ten volle uitvoer. Daarom was die opdrag van die Here vir hom so gewigtig: „Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke . . ."

Hy ontvang in werklikheid 'n dubbele verantwoordelikheid: teenoor God en teenoor die volk. „ . . . om uit te ruk . . ." D.w.s. hy sal nasies en koninkryke soos onkruid onder die gesaaides uittrek en buitekant die land gaan weggooi.

„ . . .om te gooi . . ." D.w.s. hy sal nasies en koninkryke omgooi soos 'n huis of 'n stadsmuur omgegooi word.

Maar nog meer, hy moet die uitgerukte en omgegooide vernietig en verwoes, dat daar niks van die oorspronklike oorbly nie. Pas dan moet hy van vooraf begin bou en plant.

En as Jeremia hierdie opdrag hoor, deins hy terug. Daarvoor sien hy nie kans nie. Dit is makliker om af te breek as om op te bou. Omdat hy bevrees was dat hy hierdie groot opdrag nie na Gods wil kan uitvoer nie, maak hy beswaar: Hy voel dat hy nog jonk is en nie te wel ter tale om dit te onderneem nie.

Ja, ook ons het opdragte van God. Soms lyk dit vir ons so onmoontlik vir ons beskeie kragte. Ons is nog jonk en nie so ervare vir die opdrag nie, of ons is swak ter tale of ons beskik nie oor voldoende kennis nie.

Watter besware ons ook al mag opper, die Here hou ons verantwoor-

delik en Hy gee ons profetiese opdragte wat ons moet uitvoer, met ons beskeie kragte en beperkte woorde. Nasies en koninkryke is gemoeid met ons gehoorsaamheid teenoor God.

Vanweë ons onbekwaamheid kan die opdragte van God ons moeite en stryd besorg. Daaronder moet die belofte van vers 8 ons egter sterk en bemoedig tot die taak, soos dit Jeremia gesterk en bemoedig het: „Ek is met jou, spreek die Here, om jou uit te red."

1 Februarie

Lees Jer. 3:12-25, Matt. 26:69-75. **Teks:** Jer. 3:21.

VERGEET

Jeremia beskuldig die volk hier dat hulle die Here vergeet het. Hierdie „vergeet" kom vandag nie alleen onder die volkere van die wêreld voor nie, maar ook onder ons eie volk. Onder die ekonomiese voorspoed wat ons geniet, handel ons op godsdienstige gebied asof daar geen God bestaan nie. Die eredienste word swak besoek. En alhoewel die Evangelie Sondag vir Sondag vanaf ons kansels en dag vir dag deur die radio oor ons land weerklink, hou ons onsself doof daarvoor. Ons bedink ons eie lewensplanne en ons volg ons eie weg asof daar geen God bestaan wat aanspraak het op ons liggaamskragte, ons verstand en toewyding nie. Ons wyk almal af van die beproefde weë; ja, niemand is eintlik onskuldig hieraan nie. Die godsdiens saans rondom die huisaltaar het haas verdwyn. Of baie mense nog die Bybel lees en in die binnekamer bid, is 'n ope vraag.

Die Here het gesorg vir Sy Kerk op aarde waar ons onderrig en verkwikking kan ontvang; daar sorg Hy vir ons geestelike welsyn, daar bemoei Hy Hom in liefde met ons en ons kinders deur die Sondagskool, die onderrig van die katkisasie, en in die erediens. Daar kan ons van die begin af die regte onderrig ontvang en die opbouing van die geloof in Jesus Christus.

Dit is alleen vanweë die sonde dat ons volk die Here vandag so vergeet. Ons staan alleen maar skuldig, skuldig tot die dood. En waar ons so skuldig staan aan hierdie „vergeet", daar gedenk Jesus Christus Sy kinders wat Hom nie vergeet nie, tot in die dood. Terwille van ons oortredings is Hy deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel. „O laat my nooit vergeet nie, dié kroon, dié kleed, dié riet! Geen groter troos in leed nie; dis ook vir my geskied!"

2 Februarie

Lees Jer. 7:1-11, Matt. 27:11-24. **Teks:** 7-10.

DROGREDES

As Jeremia die sondes van die volk opnoem, steur hulle hulle nie daaraan nie. Solank hulle maar hulle vormgodsdiens hou — hulle besoek darem nog die kerk en gee bydrae — is hulle doodgerus. Met die vormgodsdiens sus hulle hul gewete en volg verder hulle eie weg agter die afgode aan, terwyl hulle hart ver van die ware God af is. Jeremia laat hom deur hulle vormgodsdiens egter nie om die bos lei nie. Hy bring hulle gedagtegang so onder woorde: „Ons is verlos! — om al hierdie gruwels te doen."

Dit is hemelskreiend wanneer mense wat in die verbond van die genade opgeneem is, onder die dekmantel van die genade saam met die goddelose voortgaan om sonde te doen. Dit is mense wat nie met die ou lewe heeltemal gebreek het en tot 'n nuwe lewe gekom het nie. Dit is mense wat nog die sonde aanhang en hulself mislei met die gedagte dat God Sy genade aan niemand onthou nie.

Om 'n ander maatstaf van goed en kwaad aan te lê as die Wet van die Here, is verregaande verdwaling in jou eie drogredes. Dit is om die regte spoor byster te raak; dit is om op pad te wees na die verderf; dit is om buitekant die gemeenskap met die Here te wees.

Dit is alleen deur die onderwerping aan die gesag van die Woord van God dat ons in die vrese van Sy Naam mag wandel. En hoewel die eie redes die gelowige hart nog verontrus, hoop hy alleen op God; dat Hy hom in die lig van Sy Woord op die pad van die geregtigheid sal hou.

Die mens wat in Jesus Christus ingeplant is deur die geloof, kan nie anders nie as om vrugte voort te bring wat by die bekering pas, egte vrugte van diepe dankbaarheid vir die verlossing wat in die lyde en sterwe van ons Heiland en Redder, Jesus Christus, daadwerklik plaasgevind het.

3 Februarie

Lees Jer. 6:1-8, Jes. 53. **Teks** Jer. 6:8.

SOLIDARITEIT

As Jeremia in hierdie vers Jerusalem pleitend vra om haar te laat tugtig, dan sien ons daarin hoe seer hierdie man hom met die toestand van die volk een voel. Hy moet die oordeel van God aan die volk aankondig, en hy weet dat die oordeel regverdig is, maar hy deins terug daarvoor. As hy so in die gedagte die krygsgedreun hoor, wat op die oordeel sal volg, dan besorg dit hom slapelose nagte, want hy voel hom een met die volk. Saam met hulle bely hy as't ware die sonde en hy bid God om die afwending van die straf. Hy dreig nie die volk omdat hyself nie buitekant die oordeel staan nie, maar saam met hulle buig hy onder die oordeel van God en hy pleit dat hulle hulle tog maar moet bekeer en laat tugtig.

In plaas van gehoorsaamheid ontvang hy haat en afkeuring van die volk; ook sy eie mense verwerp hom. Geen wonder dat die taak so swaar was nie. Dit word vir hom te veel. Hy wens hy was nie gebore nie.

Geagte leser, het ons ons ook al bekommer oor die hardnekkigheid van ons eie volk? Het ons al een enkele slapelose nag belewe oor die verdiende moontlike straf van ons eie Afrikanervolk? Voel ons ons so aandadig aan die toestand, dat dit ons dring tot belydenis en gebed om die afwending van die straf of probeer ons afsydig staan?

Laat ons ons tog nie verontskuldig oor die sonde van ons volk nie, anders het ons ook geen deel in die afwending van die straf en die vergewing van sonde nie.

Jesus Christus was so een met Sy volk, dat Hy in ons plek die straf van God ondergaan het. Ter wille van die oortredings van die volk was die plaag op Hom gewees. Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar genesing vir ons gekom.

4 Februarie

Lees Jer. 6:9-20, Matt. 11:25-30. **Teks:** Jer. 6:16.

RUS

Volgens die teks sal ons rus vind deur te vra na die ou paaie. En die ou paaie van Israel was altyd gekenmerk deur stryd. Keer op keer moes hulle die knie buig voor die vyand. Die volgehoue stryd is egter die vrug van die geloof in God, want Hy het in Sy goedheid keer op keer die stryd vir Sy volk ten goede laat kom.

En nou word dieselfde woorde van die vers in Matt. 11:29 aangehaal. En daarin is die juk van Jesus by uitstek die teken van die stryd van

die gelowige op aarde en die belofte van rus vir die siel.

Hierdie stryd rig hom na binne en na buite. Na binne voer die mens die stryd met die aangebore sondige neigings van die hart, neigings wat so sterk opwel, dat ons soms dreig om die stryd gewonne te gee. En hoe ons ook al probeer om ons te verontskuldig, aan die aangebore sondes bly ons skuldig voor God. Jeremia waarsku teen die valse rus.

En die stryd word nog hewiger en die onrus verder aangeblaas, wanneer die aanvegtinge van buite op ons toesak, die magte van die wêreld ons verwar en versoek en opsweep tot opstandigheid en verset in die stryd en uiteindelike oorgawe, wanneer die stryd die vooruitsigte op rus laat verdwyn.

Vir die volk van God wat volhou in die stryd, is daar egter 'n ewige sabbatsrus en wie in hierdie rus ingaan, rus eers van stryd en moeite. Hierdie rus is die onverwelklike kroon na 'n oorwinning oor die aanvegtinge.

In Jesus Christus het die rus 'n werklikheid geword. In gehoorsaamheid aan God die Vader, het Hy die kroon verwerf onder die juk van die kruis en die ewige rus berei vir die siel in die Vaderhuis. „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."

5 Februarie

Lees Jer. 15:10-21, Rom. 12:9-21, Rom. 8:31-39. **Teks:** Jer. 15:16.

VREUGDE

Ten spyte van die leed, die gebrek, die siekte en pyn in die lewe van die gelowige; die moord en die ongeluk; die benoudheid, die weerloosheid en die ondergang; die vloek op die sonde en die skreeuende en beduiwelde menigte rondom die veroordeling van Jesus, is daar tog dinge wat die moeite werd is.

Oor die dinge wat God goed geskape het, kan ons ons verheug. Die sterre en die wolke; die riviere en die berge; die klank, die geur, die vorm en die kleur; die krag van 'n man en die skoonheid van die vrou; die geluk en die liefde tussen mense. Dit is dinge wat ons besing en ons vreugde gee.

Ideale wat ons verwesenlik, ons werk, ontspanning en voedsel; die goeie vordering van ons kinders; 'n troue vriendskap; die verstand, die gesig, die gehoor, die smaak, die gevoel en die humor rondom ons gee ons blydskap en vreugde in die hart.

Maar dit is nog nie die eintlike vreugde nie. Sodra ons aandag wegkom van onsself en ons na God soek, dan kom die ware vreugde in sig. In die lewe met God, is daar 'n ander vreugde. Die vreugde van die geloof. Dit is 'n diepere vreugde wat alleen in die bemoeienisse van God ondervind word, wat ook te midde van die leed nog vreugde bly, en as redding bekend staan. Die redding in Jesus Christus is die groot geskenk van God en die oorwinning van God in die lyde, die sterwe, maar bo alles, die opstanding van Jesus Christus, is die geheim agter hierdie vreugde. Ja, elke woord wat Jesus gespreek het, is 'n woord van redding en 'n rede tot groot vreugde. „U woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart," sê Jeremia.

6 Februarie

Lees Jer. 21:1-10.

ONHERROEPLIKE OORDEEL

Jeremia se jarelange aankondiging word vervul. Die „vyand uit die Noorde" beleër Jerusalem. Koning Sedekia van Jerusalem se troepe word van buite teen die stadsmure vasgedruk. Hy is benoud. Sy mooi-

weersraadgewers se advies is tot skande gemaak. Jeremia se oordeelsaankondiging word waar.

Sedekia gryp angstig na 'n laaste strooihalm. Miskien bedoel die Here dit nie heeltemal so ernstig nie; dalk beplan Hy uitkoms op die laaste oomblik. Eenmaal tevore het pes onder die vyand Jerusalem wonderbaarlik gered (II Kon. 19). Dalk gebeur so-iets weer. Jeremia alleen sal weet of daar so 'n moontlikheid is. 'n Indrukwekkende afvaardiging moet gaan advies vra van die man wat tevore beskimp is.

Hierdie handelwyse openbaar vrees, nie bekering nie.

Jeremia se antwoord is vernietigend. Vier mededelings verneem Sedekia: die verdedigers sal in die stad teruggedryf word, binne in die stad sal die pes hierdie keer afmaai, die koning en sy hof sal in ballingskap weggevoer word en, verskriklikste van alles, God Self is die eintlike vyand van hierdie stad. Die Babiloniërs is blote werktuie in sy hand.

Gods oordeel oor die sonde is finaal. Wie die sonde te lief het om hom daarvan te laat wegroep, ondergaan saam met die sonde die oordeel van die heilige God. God spaar die sonde nie. Hy het Sy eie Seun nie gespaar in Sy toorn teen die sonde nie.

7 Februarie

Lees Jer. 23:1-8

HERDERS, KUDDE EN HERDER

Die skuldiges vir die ondergang van die volk is die konings. Herders moes hulle gewees het. Maar in plaas van sorg en lei, het hulle die skape verstrooi en verdrywe. Oor hulle is die oordeel van die Here finaal. Met die ballingskap stort die koningshuis van Juda van die troon.

Oor die koningshuis is die oordeel finaal, vir die verleide volk word 'n versamelde terugkeer beloof. Van die vervulling hiervan verhaal Esra en Nehemia. Vir Jeremia lê hierdie gebeure nog in die verre toekoms. Maar met die geloofsoog sien hy reeds hoe hierdie komende hoofstuk in die geskiedenis nog die uittog uit Egipte in die herinnering sal verdring. In Jeremia se tyd sweer hulle by die Here wat hulle uit Egipte verlos het. Eendag sal hulle nog sweer by die God wat hulle uit die ballingskap teruggebring het.

Dán sal die Here self ook sorg vir beter herders. En dan, in een helder oomblik, sien die profeet langs die eeue-lange skemerpad van die toekoms nie meer beter herders nie, maar Een Herder, 'n regverdige Spruit vir Dawid, wat God self sal verwek. Sedekia se naam beteken: „My geregtigheid is die Here." Anders as hy, sal die Goeie Herder wat sal kom, waardiglik die naam dra: „Die Here ons geregtigheid."

„Ek is die Goeie Herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape." (Joh. 10:11.)

8 Februarie

Lees Jer. 24.

SY GEDAGTES IS HOËR AS ONS GEDAGTES

Onder koning Jegonja het die eerste wegvoering uit Jerusalem plaasgevind. Sedekia word in sy plek koning oor almal wat in Jerusalem agterbly. 'n Aantal probeer om die oordeel deur die Here besluit, deur Jeremia aangekondig en deur Nebukadnesar voltrek, in Egipte te ontvlug. Onder Sedekia bly ook Jeremia in Jerusalem agter.

Sedekia, die agtergeblewenes, en die wat hulle in Egipte dubbel veilig ag, redeneer dat die Here 'n besondere welgevalle in hulle moes gehad het. Daarom is hulle gespaar. Die weggevoerdes ontvang die

verdiende loon op hulle sonde. Geen besef van dankbare onwaardigheid by hierdie gespaardes nie.

Nou laat die Here Jeremia twee mandjies vye sien, een aantreklik, die ander afstootlik. Die verklaring lui: soos die goeie vye, welgevallig en aantreklik, so is — nee, nie die agtergeblewenes in hulle trotse selfverheffing nie, maar die weggevoerdes in hulle ellende. Oor hulle wat geen verwagting en hoop het nie, sal die Here die wonder van 'n nuwe begin voltrek. En soos die slegte vye, verwerplik en afstootlik, is die trotse en ootmoedlose agtergeblewenes. Oor hulle is die volheid van die oordeel onafwendbaar.

Aan die kruis van Golgotha sien ons oog 'n veragte Verworpene. Maar daardie Verworpene is die Één Uitverkorene van God.

9 Februarie

Lees Jer. 26:1-9.

MISBRUIK VAN DIE HUIS VAN DIE HERE

Dis feestyd in Jerusalem. Uit „al die stede van Juda" stroom 'n menigte saam.

Jeremia moet in die tempelvoorhof gaan sê: Die Here beplan onheil oor hierdie volk en stad omrede van hulle ongehoorsaamheid. Maar daar is nog geleentheid vir bekering.

Ontsettend is die aard van die oordeel as die bekering nie kom nie. Soos Silo sal „hierdie huis" word, dit wil sê die tempel waarin Jeremia staan en praat. Die Here sal dus Sy eie tempel laat verwoes. Hy is nie gebonde aan — en nie afhanklik van — die woning wat Hy vir Hom laat oprig het nie. Te midde van 'n trouelose volk is die tempel eintlik 'n skreiende ontering van Sy naam. Dan maak Hy daaraan 'n einde.

Vir die volk is sulke woorde oor die tempel godslasterlik. Volgens hulle mening is die Here verplig om hulle te beskerm ter wille van Sy tempel in hulle midde. Daarom neem hulle die oproep om bekering nie ernstig op nie. Vergelyk Jer. 7:3-8. Inteendeel, Jeremia moet sterwe oor hierdie aankondiging.

Profeet-wees beteken om die woord en wil van die Here te moet bekend maak. Jeremia, die profeet wat dit nougeset doen, staan eensaam voor die haat van die volk wie se selfversekerdheid deur daardie woord vernietig word. So hang Jesus Christus, „ons groot Profeet", Hy wat die vleesgeworde Woord en die ge-openbaarde wil van God is, aan die kruis van Golgotha.

10 Februarie

Lees Jer. 28.

ONGELOWIGE OPTIMISME

Jeremia loop deur Jerusalem met 'n juk op sy nek. So is hy 'n luide oproep tot onderwerping aan Nebukadneser en die kastydende hand van die Here.

Hananja tref hom in die tempel aan. Hananja is ook 'n profeet. Hy beroep hom ook op die Here. En hy maak Jeremia tot leuenaar. Die Here verbreek die juk van Nebukadneser, sê hy, en die ballinge kom binne twee jaar terug. So staan profeet teen profeet, Gods woord teen Gods woord, onheilsboodskap teen onheilsboodskap. Hananja het seker nie opsetlik gelieg nie. Hy hoor alleen die stem van sy eie begeertes aan vir die stem van die Here.

Jeremia antwoord hom dat dit ook sy diepste wens is dat Hananja mag reg wees. Hananja moet egter onthou dat die groot profete van

ouds onheilsboodskappe gebring het. Dáárin het hulle die aanduiding dat hulle nie hulle eie wense verkondig nie. Die woord van die Here druis gewoonlik in teen die begeertes van die mensehart.

Hananja gryp die juk van Jeremia se skouers af. So, gee hy te kenne, verbreek die Here binne twee jaar die juk van Babel oor die volke.

Mens kan jou die gejuig van die gerusgestelde volk hierby voorstel.

Jeremia gaan stom weg. Eers later verneem hy wat hy verder moet antwoord.

In die volheid van die tyd staan die vleesgeworde Woord van God Self ook woordeloos voor Sy beskuldigers (Matt. 27:14).

11 Februarie

Lees Jer. 38:1-13.

NEERGEWERP MAAR NIE VERNIETIG NIE

Jeremia is intussen vals beskuldig, gearresteer en in die voorhof van bewaking aangehou. Dáár praat hy met wie in- en uitgaan. Wat Jeremia sê, gaan deur die volk van mond tot mond. En wat hy sê, bly steeds dieselfde: „Staak die verset. Die Here gee julle in die hand van die Babiloniërs. Gee julleself oor en red julle lewe." Dit is hy deur die Here beveel om te sê, en iets anders kan hy nie sê nie, al sou hyself hoe graag wou.

„Hierdie man moet sterwe," pleit sy vyande by Sedekia, „hy vernietig die moraal van die vegters." Die koning is 'n toonbeeld van swakheid. Hierdie mense se steun het hy nodig. Teen hulle vermag hy niks. „Laat Jeremia dan maar sterwe." Presies so sal Pilatus in die volheid van die tyd ons groot Profeet, Christus, oorgee in die hande van Sy beskuldigers nadat hy hom drie maal onskuldig verklaar het (Joh. 18 en 19).

Stilweg, in die donker, word Jeremia in 'n put gegooi, blykbaar om te verdrink. Ons verneem egter dat daar net modder in die put was.

By Jeremia se roeping tot profeet het die Here beloof: „Ek is met jou om jou uit te red" (Jer. 1:19). Hoe trou die Here is, blyk nou. Ebedmeleg (die naam beteken koningsslaaf), 'n Ethiopiër, kry verlof daartoe, en bevry Jeremia. Jeremia keer terug na die voorhof van bewaking. Die Here laat Sy woord nie die swye oplê nie. Wie in geloof en gehoorsaamheid hom op Sy woord neem, is soos Jeremia, en soos Paulus, „vervolg maar nooit verlate nie, neergewerp maar nooit vernietig nie" (II Kor. 4:9).

12 Februarie

Lees Jer. 39:1-14.

DIE GEWELD VAN DIE OORDEEL

'n Anderhalf jaar bied Jerusalem weerstand. Eindelik vier die invallers hulle triomf.

Koning Sedekia vlug, word ingehaal en gevang en smartlik gestraf vir sy volgehoue verset teen die koning van Babel. Dit was ook verset teen die wil van die Here. Geboeid en verblind word hy saam met sy volk, behalwe alleen die allerarmstes, in ballingskap weggevoer. Jeremia word op uitdruklike bevel van die Babiloniese koning self toegelaat om in die land te bly.

Vers 8 vermeld die verwoesting van paleis, huise en mure. Jer. 52 deel mee dat dieselfde lot die tempel tref. Só is Jeremia se skrikwekkendste oordeelsaankondiging vervul. Die heilige God laat Sy huis nie misbruik as 'n skans om agter weg te skuil vir die eis om Sy wil te gehoorsaam nie. Hy wil in gees en waarheid aanbid word, en wie weier om Hom so te aanbid, al is dit ook Sy uitverkore volk, skuil

vergeefs agter Sy huis. Ons eie volk moet hieraan dink by ons vertroue op Hom vir die toekoms.

Die tempel van Salomo is ná die ballingskap saam met Jerusalem herbou, so soos dit in die dae van Jesus daar sou uitsien. Maar met die verwoesting in die dae van Jeremia begin dit reeds plek maak vir die nuwe tempel, „gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is", d.i. die gemeente van Christus in die wêreld, die Kerk.

13 Februarie

Lees Ps. 3 en 2 Kor. 12:1-10. **Teks:** Ps. 3:8.

'n Koning verkeer in benoudheid en vrees, omsingel deur vyande en teenstanders. In hierdie ellende soek hy na hulp, na 'n leidende en helpende hand wat krag en beskerming sal verleen. By sy vriende en kennisse was dit nie te vinde nie, want, sê die psalms: „Baie sê van my: Daar is geen heil vir hom by God nie." Hoe sterk herinner dit nie aan Psalm 146 nie: „Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie."

In sy innerlike stryd en twyfel, is sy vertroue in God stewig gevestig, het sy geloof oorwin. Sy gebed om hulp is nie die smeekroep van 'n bedelaar wat vra, en hoop vir die beste nie. Nee, sy gebed is gegrond in die opregte vertroue en sekerheid dat God sal verhoor.

God het hierdie stryd gesien, hierdie stryd waarin elke mens gewikkel is weens ons eie sonde en ellende. Hierdie soektog na 'n vaste, uit onsself onbereikbare Hand, het God aanskou. Daarom het God, in Sy bodemlose liefde en genade vir die mensdom, gehoor gegee aan die sug van die ganse skepping, aan die woorde van ons teksvers.

In Jesus Christus het die verlossing gekom. Verlossing uit ons nood, uit ons sondeskuld, uit die kake van die dood. Nie meer is God onbereikbaar nie, maar nou is Hy „Vader". Die vloekhout van Golgotha het oorwinningstroon geword. Ons lewe is nie meer 'n sugtende, klaende, smekende soektog na lig in die duisternis van wanhoop en ellende nie, maar in Jesus Christus het ons die Lig van die wêreld, die weg van verlossing. Nou leef ons in die vertroue en sekerheid dat God oorwin het, dat ons onsself van eie krag en selfvertroue moet ontledig, sodat Christus in ons kan woon. Want eers as die mens sy eie swakheid en ellende besef, as die mens homself sien vir die nietige skepsel wat hy is, kan die krag van Gods liefde en genade in ons woon, dan leef nie meer ons nie, maar Christus in ons. „Want as ek swak is, dan is ek sterk."

14 Februarie

Lees Ps. 6 en Rom. 5:1-11. **Teks:** Ps. 6:3.

Geen mens kan bestaan en voortleef onder die toorn en grimmigheid van God nie. Ook hier in Psalm 6 voel die psalmis sy algehele verlorenheid sou die straf van God oor hom kom, weens sy sonde en ongeregtigheid. Daar is geen rede, geen grond waarop hy hom kan beroep om onskuld te bewys of om genade te smeek nie. Geen wyse waarop hy die toorn van God kan afwend nie. Daar is niks wat hy self kan doen om verlossing en verontskuldiging te bewerkstellig nie, want ook ons „beste" dade is voor God soos 'n verwerplike kleed. Die enigste weg is om skuiling te soek by die goedheid en genade van God. Maar hoe, op grond waarvan kan ons aanspraak maak op die liefde van God? Is dit dan nie juis vanweë onsself en ons eie dade TEEN die wil van God, dat ons Sy straf verdien nie? Hoe kan ons dan hulp verwag van

God teen Wie ons dan juis gesondig en oortree het? Dit was die worsteling en vrees van die psalmdigter.

Selfs nou dat daar vir ons verlossing is deur 'n opregte geloof in Jesus Christus, verlossing as gevolg van Sy vernedering en lyding op Golgotha, hoeveel van ons is daar nie wat die oneindige genadegawes van God nie besef nie? Hoeveel van ons wat nie waarlik leef en werk in dankbaarheid vir hierdie verlossing nie? Kan u u die vrees en angs indink van die mens vir wie daar nie verlossing, vir wie daar nie 'n Jesus Christus is nie? Het Jesus Christus nie self hierdie angs aangevoel nie toe Hy op Golgotha uitgeroep het: „My God, my God, waarom het U My verlaat?"

Gerus en versekerd is ons, in wie Jesus Christus woon, dat God ons nie aansien vir wat ons is, en ons nie oordeel na wat ons verdien nie, maar dat Hy ons aansien in Jesus Christus, ons Heiland, want „Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

15 Februarie

Lees Ps. 13 en Rom. 8:31-39. **Teks:** Ps. 13:6.

Die weeklaag van 'n siek man, die noodroep van iemand wat die dood in die oë staar, vind ons by die digter van hierdie psalm. Die sieke vrees dat hy die las van sy lyding nie sal kan dra nie, want dit voel vir hom of dit ewigdurend is en gaan wees. Hy het God nie vergeet nie, maar sy vrees is dat God hom vergeet het, want hy voel vêr van God af, soekend strek hy sy hand uit na die Onsienlike. Daarom bid hy, vurig, smekend: „Verlig my oë, vra hy, want die genade van God is die bron van **alle** lewe, materieel en geestelik, die bron van krag en blydskap.

Sy gebed is verhoor, want sy oë IS geopen en verlig, want die vrees is uit sy hart verdryf, en in die plek daarvan is vertrouende sekerheid in die genade van God. Daarom sê hy: „Ek wil sing tot eer van die Here."

Hoeveel te meer kan ons psalmsing, nou dat Jesus Christus vir ons die Weg na God is? Noudat Jesus Christus, self God, ons tot broers en susters gemaak het, tot kinders van die Hemelse Vader?

Waaroor sal ons ons dan kwel, en waaroor onseker en bekommerd voel? Waarvoor sal ons dan vrees of angstig wees oor die dag van more, of hoe kan ons moedeloos wees in siekte en lyding, troosteloos in smart? Is Christus dan nie „Immanuel", God MET ons nie?

Want God is die Almagtige, die Ewige, Skepper en Onderhouer van alles wat is. Ons weet ons lewe en toekoms is nie in die hande van 'n blinde noodlot nie, maar in die sorg van 'n liefdevolle God. Vir die kind van die Here is daar geen eensaamheid, geen onsekerheid, geen twyfel nie, want „As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie."

16 Februarie

Lees Ps. 22 en Mark. 21-34. **Teks:** Ps. 22:2a.

„My God, my God, waarom het U my verlaat?" Dit is 'n noodroep, 'n angskreet uit die diepte van verlatenheid, benoudheid en beproewing. Die ergste is egter nie die las of pyn of sorge nie, maar die vrees

van Godverlatenheid, dat God nie antwoord op die angskrete nie. Daarenbowe die smartlike vraag: WAAROM? Waarom het God my verlaat? Dit is die worsteling, die soektog na die pad, na die brug wat sal lei uit beklemming, uit die ellendigste eensaamheid, na God op Wie se nabyheid die mens se hele bestaan rus. Maar hier in ons tekswoorde is net die bodemlose afgrond, die donker afgrond wat ons skei van God, die diepte van sonde en skuld, die „hoogte en diepte" waarvan Paulus praat in Rom. 8:39.

Wat is hierdie Godverlatenheid? Hoekom hierdie ontsettende angs daaroor? Dit is wat Jesus aan die kruishout deurgemaak het, dit is „neerdaal na die hel" waarvan ons Geloofsbelydenis praat. God het Homself GEHEEL teruggetrek. Hier sterf mens daagliks sonder om ooit af te sterf. Hier is God in Sy liefde nie meer aanwesig nie. Hier staan die mens ALLEEN in die wêreld, in die lewe en in die dood. Rigtingloos en doelloos „alles tevergeefs", sê die Prediker.

Om van God verlate te wees, dit is hel. Ook al WIL ons sonder God leef . . . God **laat** ons gelukkig nie sonder Hom lewe nie. Hy bly ons trou, al wil ons Hom ook nie ken nie. Jesus Christus het hierdie Godverlatenheid geken „en het Hom verneder tot in die allerdiepste versmaadheid en angs van die hel, met liggaam en siel aan die kruishout, toe Hy met 'n groot stem uitgeroep het: My God, my God, waarom het U My verlaat? sodat ons tot God geneem, en nimmerweer deur Hom verlaat sou word nie" (Formulier van die Heilige Nagmaal). Jesus het aan die kruishout gesterf, sodat „Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het — dit is die duiwel — en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was".

Die mens wat Jesus Christus nie ken en ook nie wil ken nie, is lewendig dood. So pleeg hulle selfmoord, want die mens wat Christus nie gelowig ken as Verlosser en God nie, vir hom is daar geen opstanding, geen ewige lewe nie, geen hoop en geen toekoms nie.

17 Februarie

Lees Ps. 25 en Joh. 14:1-6. **Teks:** Ps. 25:4.

Hierdie psalm bied 'n onuitputlike bron van troos aan diegene wat alleen of verlate is. Net in God alleen vind mens sekerheid en vertroue. Alle mense, ook ons allerbeste vriende en geliefdes laat mens in die steek, en stel teleur. Dit is diepe geloof, gegrond op lewenservaring wat die digter laat sê: „My God, op U vertrou ek."

Maar juis omdat die psalmis hom so nou aan God gebonde voel, is hy bewus van die feit dat hy nie kan bestaan en wandel in die weë van die Here sonder die genadige hulp, getrouheid en liefde van God nie. Soos die liggaam honger kry, en daagliks gevoed moet word, so honger ook die siel om van God die geskenk van insig in Sy weë te ontvang, om terselfdertyd ook die krag te ontvang om aan Sy wil gehoorsaam te wees.

Geestelike en morele kennis is nie die produk van menslike wysheid nie, en die gehoorsame lewe aan Gods gebod is nie die vervulling van menslike inspanning nie, maar dit is 'n goddelike genadegawe.

Hoe kan mens God ken, hoe kan mens Hom bereik? Waar wentel die weë van God, waar Sy paaie?

Die mens wat self die pad na God wil bou, arbei tevergeefs, en die mens wat self die kloof van die sonde wat daar tussen God en die mens is, wil oorbrug, tas en soek in die duister. Want daar is net **één**

weg na God, net één pad waardeur ons God kan bereik, dit vind ons in Joh. 14:6 opgeteken: „Jesus antwoord hom: Ek is die WEG en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur MY nie." Christus is die ENIGSTE weg. Hyself gaan na die Vader langs die weg van kruisiging en opstanding. So is Hy nou die Een in Wie Christene sterf en opstaan. Deur geloof in Hom, die Verlosser, kan en sal ons God bereik. „In die huis van My Vader is daar baie wonings . . . En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

18 Februarie

Lees Ps. 38.

Die aanbidder waaroor hierdie psalm handel, ly aan 'n ernstige siekte. Miskien was dit melaatsheid, wat in die opvatting van daardie tye beskou is as 'n straf van God. Daarom ook keer sy vriende hul rug op hom. Maar sy grootste teleurstelling en lyding is nie die versaking deur vriende nie, maar die gevoel van skuld wat hy dan ook erken en bely voor God. Hy voel dat die hand van God swaar op hom rus.

Hiervoor is daar geen geneesmiddel nie, want aan die een kant staar hy die toorn van God in die gesig, en aan die ander kant, die las van die sonde. So beskou hy sy siekte as die verdiende loon op sy sonde. Hy voel dat hy verdrink word in die see van skuld.

Maar dit juis lei hom tot die enigste weg wat vir hom oopbly, belydenis voor God. Maar eintlik bely hy nie omdat dit 'n laaste uitweg is nie, maar wel omdat hy godvresend is, omdat dit 'n verligting is om tot God te mag nader, voor Wie 'n mens sy hart kan uitstort, voor wie hy sy jammerlike liggaamlike en geestelike toestand, en die wanhoop van sy hart kan bring.

Uit liefde, vir hierdie hopelose nood waarin die ganse mensdom verkeer het, uit loutere genade, het God 'n Middelaar gestuur. 'n Middelaar tussen God en die mens wat waaragtig God was, omdat geen mens die straf van God kon dra nie. Ook was Hy waaragtige mens sodat Hy as mens vir mense gestraf kan word; tegelykertyd was Hy regverdige mens, sodat Hy nie vir eie sonde nie, maar vir die ellende van die ganse mensheid kon sterf.

So het God die nood en angs wat in hierdie psalm vir ons uitgebeeld word, vir ons weggeneem, sodat ons nou, met opreg gelowige harte, in die Naam van Jesus Christus, tot God kan nader, wetende dat God ons sien as Sy kinders; dat ons sondes vergewe is, en dat ons erfgename is van die ewige lewe, deur die soendood van Christus, ons Heer, op Golgotha.

19 Februarie

Lees Ps. 39. **Teks:** Ps. 39:6.

By die ope graf van 'n ongelowige kan mens aan die vriende en familie alleen maar woorde van meegevoel meegee. Niks meer nie, behalwe die boodskap van Christus, Oorwinnaar van die dood. Bemoediging en vertroosting is daar vir die ongelowige nie. Maar ook kan mens aan hulle die weg en wyse van hoop en lewe aantoon, en dit is die weg van die geloof, wat kronkel na Golgotha, na Jesus Christus. Sonder Christus is die lewe net 'n paar handbreedtes, en die leeftyd soos niks. „Alles tevergeefs, sê die Prediker, dit is alles tevergeefs. Watter voordeel het die mens van al sy moeite waarmee hy hom vermoei onder die son?

Ook die apostel Paulus uiter hierdie woorde en gedagte van Ps.

39:6 as hy sê dat ons almal vreemdelinge en bywoners op aarde is, dat ons lewe soos 'n tentwoning is wat afgebreek word. Verganklik en kortstondig is die menselewe voor die almag en ewigheid van God. „Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af."

Dan moet ons vra na die sin van die lewe, na die doel van ons bestaan. Ons leef op geleende tyd. 'n Tydjie wat God aan ons leen, geleentheid om Hom te leer ken. Hoe kan ons God leer ken as ons Hom nie kan sien nie? Ons ken Hom deur Sy Woord wat aan ons gepredik word, deur die sakramente wat bedien word, deur die Heilige Skrif, bowe al leer ons God ken waar Hy Hom openbaar in Jesus Christus. Hy openbaar Homself as Liefde, Genade, Vader, as God Drieënig.

By die ope graf, leer ons: „Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie." „Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele."

Wanneer die mens homself leer ken, in sy swakheid en hulpeloosheid, in sy onmag tot redding en verlossing, verstaan hy ook dat net in God alleen mens troos en ondersteuning, krag en hulp, verlossing kan vind.

20 Februarie

Lees: Ps. 42 en 43 en Matt. 26:69-75. **Teks:** Ps. 42:2.

MY SIEL SMAG NA U, O GOD!

Hierdie twee psalms is in werklikheid een psalm. Hier word 'n lied van verlange gesing. Die digter is ver van die tempel af. Hy verlang om by die tempel te wees. Hy verlang om saam met die gemeente te wees, sodat hy saam met hulle kan feesvier. Hy verlang na die Kerk en die gemeente en die fees omdat hy na God verlang. Met 'n pragtige beeld beskrywe hy sy verlange na God, wat smag na God soos die bok wat in tye van droogte smag na water.

Maar so is dit nie altyd met ons mense nie. Heeltemal anders het byvoorbeeld Petrus opgetree. Toe hy baie naby aan Jesus was, het hy by herhaling ontken dat hy Jesus ken en iets met Hom te doen gehad het. Dit was juis die smarte wat Petrus Jesus aangedoen het: dat hy op daardie tydstip nie te kenne wou gee dat hy saam met Jesus geleef en gewandel het nie.

En dit moet ons besef, ons is vandag nog daarmee besig. Ons besorg aan Jesus baie smarte, omdat ons nie verlang na die kerk nie. Dis opvallend hoe ons na redes soek om onsself te kan verskoon omdat ons nie kerk toe gaan nie. Ons besorg Hom baie smarte omdat ons nie verlang na die kerklike feeste nie. Ons vlug behoorlik om nie op Goeie Vrydag saam met die gemeente fees te vier nie. Ons besorg Hom baie smarte omdat ons nie na Homself verlang nie. Na Hom ons Verlosser en Saligmaker. Kan u vandag met oortuiging self sê: My siel smag na U?

21 Februarie

Lees Ps. 51 en Matt. 27:3-10. **Teks:** Ps. 51:3.

WEES MY GENADIG, O GOD!

Dawid doen in hierdie psalm belydenis van skuld. Hy ken sy oortredinge. Hy weet van sy sonde met Batseba. Hy weet van sy sonde met haar man. Hy kan nie rus voordat hy sy sonde bely het nie.

Opvallend is ook die feit dat hy homself glad nie wil verontskuldig nie en hy praat sy sonde ook nie goed nie. Hy besef alleen dat God heilig is, en dat hy onheilig is, dat God sondeloos is en dat hy vol van sonde is.

Judas het ook sonde gepleeg teenoor Jesus. Judas het ook sy sonde bely toe hy gesê het: „Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai." Ongelukkig het hy die groot fout begaan om hom daarna te gaan ophang en die hand aan sy eie lewe te slaan. Die smart wat hy Jesus aangedoen het, was ook dat hy nie na Jesus gevlug het en Hom om vergifnis gesmeek het nie.

Hoe het u vandag u sonde bely? Die sonde van die verlede en die sonde van vandag? Was u al in die toestand dat u nie anders kan nie as om uit te roep: Wees My Genadig o God! Nee, ons bely nie, ons verontskuldig ons. Ons praat ons sondes te maklik goed. Jesus word vele smart besorg deur mense wat nie hulle sondes wil bely nie.

Baie van ons doen egter skuldbelydenis op die wyse wat Judas dit gedoen het. Ons besef ons het verkeerd gedoen. Ons erken dit ook voor ons medemens. Maar ons glo nie dat Jesus dit vir ons sal vergewe nie. Ons besorg Jesus die grootste smarte deur Hom nie te aanvaar as ons Verlosser nie.

Te veel mense leef los van die Kerk en die Here omdat hulle nie hulle sondes bely het nie en nie glo dat Jesus hulle alle skuld kan en wil vergewe nie.

22 Februarie

Lees Ps. 63. **Teks:** Ps. 63:5.

SO SAL EK U PRYS MY LEWE LANK

Dawid verkeer in die woestyn. Daar in die eensaamheid word hy oorweldig deur 'n sterk verlange na God. Hy verlang veral na die nabyheid van die Here soos hy dit in die heiligdom ervaar het. Die sterkte en die heerlikheid van God in die tempel het hom aangegryp.

Hierdie dinge is die oorsaak dat sy hele lewe nou 'n erediens sal wees, al is hy ook ver van die heiligdom af verwyder. Hier in die woestyn is die sterkte en heerlikheid van God hom nog voor oë. Dit is asof hy dit nog sien met sy geloofsoog. Dit is asof hy dit nog ervaar. Daarmee prys hy die Here voortaan sy lewe lank.

Hierdie sterkte en heerlikheid van God bring ook mee dat hy sy hande in die Naam van God ophef, met ander woorde, dat hy bid. Sy lewe word 'n gedurige gebed.

Watter uitwerking het die besoek aan die kerk, die deelneming aan 'n erediens op ons? Wat is dit wat ons soek in 'n erediens? 'n Ordelike byeenkoms? 'n Stemmige groep mense? 'n Lewende gemeente wat dawerend en juigend sing? 'n Predikant wat boeiend en pakkend preek? O ja, alles is goed en behoort ook in 'n erediens te wees. Maar as ons God nie daar vind nie, dan is al hierdie dinge ook sinneloos. Ons erediens moet ons onder die indruk laat kom van Gods sterkte en heerlikheid — veral soos dit in die sterwe en opstanding van Jesus geblyk het — sodat ons hele lewe 'n erediens en gebed sal wees.

23 Februarie

Lees Ps. 86 en Luk. 22:39-46. **Teks:** Ps. 86:7.

IN BENOUDHEID ROEP EK U AAN, WANT U VERHOOR MY

Miljoene mense beleef hierdie dag sonder benoudheid en angs, kommer en spanning. Vreugdevol is so 'n lewe. Besef tog ook dat so 'n lewe nie vanselfsprekend is nie. Dit is 'n genadegawe van God om te kan leef sonder benoudheid. Dit is Sy genadegawe aan ons wat sonder benoud-

heid leef, ten spyte daarvan dat ons sondig is soos ander mense sondig is wat in benoudheid leef. Ons het ook skuld en tog het ons seëninge. Daarom moet ons juig van dankbaarheid voor God.

Miljoene mense beleef hierdie dag in die grootste benoudheid. Ons kon die vorige nag nie rus nie. Ons worstel moontlik al dae, of weke of maande voort in die grootste angs. Maar ons mag nie as gevolg van die grootheid van ons benoudheid so daardeur oorweldig word dat ons nie meer God aanroep nie. Ons mag ook nie, terwyl dit lank duur, moeg word om te roep nie. Ons het die vaste versekering dat God verhoor. Sonder hierdie geloof moet ons Hom nie aanroep nie. Niks en niemand is so seker as Gods hulp en God self nie.

Maar as u so uit u benoudheid tot God roep dink ook aan Jesus wat uit die grootste benoudheid, tot God geroep het. „Vader, as u tog maar hierdie beker van My wil wegneem." Ja, so groot was Sy spanning dat Sy sweet soos bloeddruppels geword het. En dit het Hy die sondelose, regverdige Seun van God vir ons, die sondiges en onregverdiges, deurgemaak.

24 Februarie

Lees Ps. 102 en Luk. 23:33-37.

'N GEBED VIR SION

Ons kan Psalm 102 lees as 'n klaaglied van 'n enkeling. Hierdie digter stel homself met sy persoonlike nood voor die Here. En dit is reg dat ons dit ook so sal doen. Met ons eie nood moet ons na die Here vlug.

Vanaf vers 13 word die Psalm egter nie meer in die enkelvoud geskryf nie, maar in die meervoud. In sy eie nood gaan sy gedagtes uit na die gemeenskaplike nood van die volk. Soos hyself, is ook sy volk en stad weggeworpenes. So is hierdie gedagte ook vervolmaak in die voorbeeld van Jesus Christus aan die kruis. Sy eie nood was nie so groot dat Hy nie ook die nood van ander kon sien nie. Daarom roep Hy uit: „Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie."

Ons lewe in 'n tyd waarin ons geneig is om net ons eie nood raak te sien. Ons persoonlike nood kom voor alles. Miskien nog plek vir die nood van die huisgesin se lede, maar verder gaan dit selde. Dit het ook 'n uitwerking in die gemeentelike lewe. Vir ons eie nood en behoeftes sal ons nog bereid wees om te offer. Alleen 'n klein persentasie sal gelukkig voel om ook op te offer vir die nood van ander veraf mense en gemeentes. Nee, ons mag nie ons oë sluit vir ons medemens se nood nie. Ons behoort dit nie eers te doen nie, al is ons eie nood nog so groot! Wie self in nood verkeer, kan ook met groter gevoel opoffer om die nood van ander te verlig.

25 Februarie

Lees Ps. 130, Matt. 27:45-47. **Teks:** Ps. 130:1.

UIT DIE DIEPTES ROEP EK U AAN, O HERE

Wanneer ons uit die dieptes tot God roep, verstaan ons dit allereers so dat ons in groot liggaamlike, geldelike of lewensnood verkeer. Uit die dieptes van doodsgevaar as gevolg van vyandelike bedreigings en die dieptes van laster het die skrywer van Psalm 69 ook tot God geroep. Uit die dieptes roep die ernstige kranke, die diep ongelukkige, die swaar beproefde, die eensame treurende. Ja, dit is dieptes waarin ons soms in hierdie lewe verkeer. God wil ons ook uit hierdie dieptes red.

Maar Psalm 130 praat eintlik van dieptes in 'n ander sin. Die digter is in die diepte van sy sonde. Sy sonde het hom so vasgegryp dat hy hom-

self in die diepte voel. En die mag van die sonde is groot. Dit het al elke mens in die wêreld vasgevang. Wie geprobeer het om uit eie krag daaruit te kom, moes ontdek — en so is die beeld wat die Psalm gee — dat hy in diep skeure in die aarde waarin water stroom, staan. Ons is te swak om hierdie stryd te stry. Roep tot God om hulp sodat Hy ons in Christus Jesus in hierdie diepte kan uitred en verlos en sodat ons nie verder die dieptes in weggesleur mag word nie.

Ja, die mag van die sonde is groot. So groot dat Jesus in die stryd teen die Satan om ons van ons sondes te kon verlos, van die kruis moes uitroep: „My God, my God, waarom het u my verlaat." Sodat ons tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie. Dan is ons nie meer in die dieptes nie, maar in die hoogste heerlikheid, by die Heer.

26 Februarie

Lees Ps. 140 en Matt. 27:37-50. **Teks:** Ps. 140:1.

RED MY, HERE, VAN DIE KWAADDOENERS

Dit gebeur meermale dat ons omring is van goddelose mense. Ons jongmense moet dit veral weerstaan. Die gebeurtenisse in die wêreld van vandag is in der waarheid so dat ons onsself omring voel van die goddelose mense. Ons moet dus as volk, as jongmense, ja, almal, op ons hoede wees sodat ons nie deur die kwaaddoeners oorrompel sal word nie. Wees dan standvastig en beginselvas teenoor die goddelose.

Ons moet egter ook die voorbeeld van hierdie Psalm volg deur tot die Here te bid om verlossing van hulle planne. Bid tot die Here om u te beskerm teen die listige planne van die rowers van ons tyd, teen die bose planne van die verwilderde jeugbende, teen die goddelose strewe van baie heersers in die volkerewêreld. Sekerlik in meer as een opsig het ons as enkelinge en as volk misluk in die stryd, omdat ons nie tot God gebid het om beskerm teen goddelose mense nie.

Maar wanneer die goddelose mense ons beveg, dink ook aan die aanvegtinge wat Jesus Christus moes verduur. Teen goddelose mense moes Hy sy stryd voer. Ja, teen die Satan self. Sy stryd was so hewig dat dit vir Hom sy dood gebring het. 'n Wrede dood aan die kruis, gepaard met die grootste vernedering. Die Regter van alle mense veroordeel deur die mense van Jerusalem. Die Seun van die onsterflike God, gedood deur verganklike mense. Daardie vyandskap het Hy weerstaan om ons in vriendskap met God te stel.

27 Februarie

Lees Ps. 44:21-27 en Rom. 8:31-39. **Teks:** Rom. 8:37.

HULPGEROEP WORD LOFSANG

Israel is verslaan. Jerusalem is verwoes en daarom ook die tempel. Wat vir hulle as volk kosbaar was, is vernietig. Ja selfs met hulle lewens is daar betaal. Hulle is gereken as slagskape. Waarom dan hierdie onuithoudbare toestand? Hulle betaal vir hulle sonde en skuld want hulle, die godsvolk, was wederstrewig; 'n geslag van kwaaddoeners. God straf hulle, want hy is 'n God van geregtigheid. En tog vra die neergeslane volk: Sou God dan slaap of rus? Het Hy dan nie die nood van Sy volk gesien nie?

Ons staan vandag in dieselfde plek as die volk in daardie tyd. Vanweë die sonde is ons ook gedood en ook ons gereken as slagskape. Maar tog het dit nou anders geword, omdat God die nood van die mensdom ken. Daarom stuur Hy sy eniggebore Seun en laat Hom 'n lydensweg bewandel. Hy laat Hom soos 'n skaap na sy slagplek lei. Hy laat Hom die

pad loop wat ons eintlik moet loop. Hy laat Hom ook ons lyding sinvol maak, want Christus het die nood van ons lewe gehoorsaam op Hom geneem. Nou kan niks ons meer skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, ons Heer, is nie. Daarom mag ons hulpgeroep 'n lofsang word, want in Christus het ook ons oorwin.

29 Februarie

Lees Ps. 74:1-8 en Matt. 27:51-56. **Teks:** Matt. 27:51.

DIE WEG HEROPEN

In die begin het God die mens geskape as kroon van die ganse skepping. Tussen God en mens het daar niks gestaan nie. God en mens was in die begin nie van mekaar geskei nie.

Na die sondeval het alles anders geword. Die mens is uit die paradys verdryf. Maar God laat die mens nie los nie. Hy laat die mens nie aan homself oor nie. Met Noag en Abraham sluit Hy verbonde en uit Abraham word 'n volk vir God gebore. Die volk moet God dien maar hulle kan Hom nie dien soos dit Sy bedoeling in die paradys was nie. Nee, hulle diens word 'n nooddiens. Hulle diens in die tempel is ook 'n nooddiens. God bly op 'n afstand. Die volk mag net tot in die Heilige van die tempel kom. God self woon in die Allerheiligste. Alleen by geleentheid van die Groot Versoendag kon die Hoëpriester die Allerheiligste betree om daar te offer. Tot God was daar dus geen vrye toegang nie.

Wanneer Jesus aan die kruis sterf, skeur die voorhangsel. Die voorhangsel het van bo na onder geskeur want dit was Gods werk. God maak dus die pad na Homself oop omdat Christus aan die kruis die skuld van ons sonde betaal het. Daarom is die tempeldiens nou oorbodig. Die pad na God is dus heropen, nie net vir Israel nie, maar vir almal wat glo.

1 Maart

Lees Ps. 79 en Markus 15:29-32.

DIE SPOTKONING

Die mense het Jesus aan die kruis vasgespyker en met Hom gespot. Dit was hoe die mense gereageer het op die liefde van God. Gods liefde vir sondaars is te groot om te begryp, want wie kan die wyse verklaar en verstaan waarop God verlossing aan sondaars bied? God laat Hom bespot. Hulle wat Hom die troon van Dawid wou laat bestyg plaas nou met die kruisiging 'n kroon op sy hoof. Maar dit was nie 'n goue kroon nie, maar 'n doringkroon. As kleed vir die gekroonde hang hulle Hom 'n purperkleed om. Daarvoor gebruik hulle 'n soldatemantel. Dan volg die ligsinnige groet: „Wees gegroet, koning van die Jode."

Die spot het nie opgehou terwyl Hy aan die kruis gehang het nie. Kopskuddend merk verbygangers op: „Ha, u wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, verlos uself en kom af van die kruis."

So is Christus blootgestel aan die onheilige reaksies van mense, maar God laat Hom bespot. Christus het die spot verduur. Christus word die dood in gespot, maar God spot laaste. Wanneer God die nood van die mensdom deur die natuurkragte aan die mens openbaar, deur sonsverduistering en aardbewing, dan slaan die vyande van God bespotlike figure voor die almag van God.

Christus is die spotkoning want dit is Hy wat ons krankhede op Hom neem en ons smarte dra. Dit is Hy wat Hom soos 'n lam na die slagplek laat lei. Alles wat Hy egter verduur het, was terwille van ons. Dank God dat Jesus Christus ons spotkoning mag wees.

2 Maart

Lees Ps. 80:1-8 en Joh. 10:1-11.

DIE REDDENDE HERDER

„Die Here is my Herder; niks sal my ontbreek nie." So lees ons in die Psalms. Die herder en die kudde is onafskeidbaar. Wat die herder doen, dit doen hy ter wille van die kudde. Die herder leef ook saam met die kudde. Hy voer hulle na die beste weiveld, terwyl hy voor loop en hulle teen gevare beskerm. Wanneer daar gevaar dreig, beskerm hy hulle met sy lewe.

God was nog altyd die Herder van Sy volk, daarom die hulpgeroep tot die Herder van Israel.

Christus noem die volk van God Sy skape, want Hy het na die wêreld gekom en homself as Herder gegee. Hy, die goeie Herder, was ook bereid om Sy lewe vir sy skape af te lê. Daarom het Hy die pad na die kruis vrywilliglik geloop om ons van die gevaar van die ewige dood te red. Hy moet voor loop en ons mag Hom volg, want dan alleen kan Hy vir ons 'n reddende Herder wees.

3 Maart

Lees Ps. 83.

HEILSAME SAMESWERING

Die nood van mense en volke mag altyd dien as simbool van die nood wat Christus beleef het voor Hy aan die kruis Sy lewe vir Sy skape afgelê het.

Israel, die volk van God, het beleef hoe omliggende volke saamgespan het om hom met die grond gelyk te maak. Listige planne is teen die volk gesmee. Sameswerings is gesmee, want Israel was vir hulle 'n doring in die vlees. Israel was die voorwerp van hulle haat.

Die Seun van God het na die wêreld gekom om 'n goddelike taak en roeping te vervul. Daarom het die kinders van die duisternis Sy ondergang beplan. Maar God het Hom nie in Sy plan laat dwarsboom nie, want Hy het die wêreld lief. Daarom het Hy Christus se ondergang ons redding gemaak, ja ons waarborg tot die ewige lewe.

Wanneer die volk dan skreeu: „Kruisig Hom, kruisig Hom," dan laat God dit toe. Hy omskep die kruis vir ons tot lewensboom.

4 Maart

Lees Ps. 141.

GOD ANTWOORD OP MENSLIKE NOOD

„Here, ek roep U aan, kom tog gou na my toe." So roep Dawid vanuit sy nood.

Dawid was nie die eerste mens wat nood leer ken het nie. Sedert die sondeval was die mensdom 'n mensdom in nood. Die mens se nood het egter nie beteken dat hy net honger gely het en naak en siek en arm en blind was nie. Dit is ook nood, maar dit is nie die grootste nood nie. Die mens se grootste nood is dit: dat oor elke mens se lewe die woord sondaar geskryf staan. Daarom lees ons in die Ou Testament van offers en reukwerk as noodmaatreëls om die mens met God te versoen.

En Dawid was nie die enigste mens wat gebid het dat God hom in die nood van sy lewe te hulp moet kom nie, want sy noodroep kan gesien word as die noodroep van die hele volk. Vanweë die sonde is ons hele bestaan eintlik een onafgebroke noodroep. Israel het met geduld en met ongeduld gewag op die koms van die Verlosser van die wêreld. Al het hulle dit nie kon begryp of wou begryp nie, was die koms van Jesus

Christus na die wêreld die antwoord van God op die noodroep van die mens.

In Christus het God na ons toe gekom, ons vlees en bloed aangeneem, die toorn van God waaronder ons ewig moes versink het, van die begin van Sy menswording tot aan die einde van Sy lewe op aarde vir ons gedra, deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem.

Deur die pad te loop van Bethlehem af, deur Getsemane oor Golgota, na die Olyfberg, het Hy die noodroep van die mens stil gemaak. Nou het ons nie meer nodig om in nood te verkeer nie. God hét geantwoord op ons noodroep. Sy antwoord is: JESUS CHRISTUS.

5 Maart

Lees Ps. 142.

AANSPRAAKMAKERS OP DIE TROON

Dawid is op vlug. God het hom geroep as troonopvolger, maar hy word nie sonder meer toegelaat om die troon te bestyg nie. God het Sy manier om sake te laat verloop. Hy onderwerp Dawid aan vervolging en honger en gevaar en vernedering. Sy vernedering was groot, want vir 'n soldaat van sy formaat was dit waarlik vernedering om vir sy vervolgers in die grot van Adullam weg te kruip. Dawid se pad na die troon was 'n pad van vernedering.

Christus was ook bestem om 'n troon te bestyg. Terwyl hy op pad was om sy troon in die hemel te bestyg, wag daar vir Hom ook 'n spelonk (grafkelder) waarin Hy vasgekeer moes word.

Met Christus was dit egter anders as met Dawid. Dawid het voor die vyand uitgevlug. Christus het Sy vyande tegemoet gegaan. Op Dawid het daar 'n verganklike troon gewag. Op Christus het daar 'n ewige troon gewag. Dawid ontsnap uit die spelonk, maar toe was die stryd vir hom nog nie verby nie. Christus het Sy vyand en ons vyand in die spelonk in die tuin van Josef oorwin.

6 Maart

Lees Luk. 20:1-8. **Teks:** Luk. 20:2.

DIE GESAG VAN JESUS CHRISTUS

Die Joodse Raad stel hier 'n vraag aan Jesus. Deur watter gesag tree Hy op, of wie gee aan Hom hierdie gesag. Dit was een van die pogings waarin hulle nou daadwerklik probeer om Hom om die lewe te bring. As Jesus sou antwoord dat Hy Sy gesag van God ontvang, en daardeur erken dat Hy die Messias is, sou hulle Hom beskuldig van godslastering, en dan om die lewe bring. Dit sou Jesus later erken (Matt. 26:63-66) as die uur gekom het (Matt. 26:45).

Sou Jesus erken dat Sy gesag van mense afhanklik is, kan die Joodse Raad Sy gesag makliker ondermyn, en Hom in onguns bring by die volk. Jesus sien dadelik hierdie sluwe wyse waarop hulle optree. As antwoord stel Jesus aan hulle 'n teenvraag oor die doop van Johannes. Hierdie vraag kan hulle antwoord, maar deur hulle sluheid waag hulle dit nie. Hulle het tog die raad van God verwerp deur hulle nie deur Johannes te laat doop nie. Dit wil hulle egter nie erken nie uit vrees vir die volk.

Die Joodse Raad sien wel die gesag van Jesus raak en is terdeë daarvan bewus, soos by die tempelreiniging, maar hulle wil dit nie erken of hulleself daaraan onderwerp nie.

Ons sien verder dat daar 'n direkte verband is tussen Jesus en Sy diensknegte. Johannes is deur God gestuur om die weg voor Jesus uit

te berei. Die wat die prediking van Johannes geglo het, onderwerp hulle aan die gesag van Jesus Christus, en ontvang daardeur die lewende Woord van God. So stuur God vandag nog Sy gesante in die wêreld. Dié wat hulle onderwerp aan die gesag van Gods Woord, ontvang sulke diensknegte met blydskap.

Die antwoord van Jesus se vyande op Sy vraag is ook belangrik. Hulle antwoord: Ons weet nie. Baie mense antwoord vandag nog so. Hulle weet nie waar is die kerk nie, hulle weet nie wanneer daar Nagmaalsviering is nie — en so is daar baie dinge aangaande die Kerk en die Bybel wat hulle nie weet nie. Hierdie houding van onkunde is in werklikheid die onwilligheid om voortdurend te staan onder die gesag van Jesus Christus en Sy Kerk.

Die gelowige weet altyd, Jesus is die Seun van God aan Wie alle mag toekom, in die hemel sowel as op die aarde.

7 Maart

Lees Luk. 20:9-18 en Jes. 5:1-7. **Teks:** Luk. 20:13.

JESUS, DIE SEUN VAN GOD

Die lydensweg van Jesus nader nou vinnig die einde. In hierdie gelykenis spreek Jesus met 'n duidelike taal. Hy verbind Hom in Sy woorde aan die Woord van God self soos deur Jesaja gespreek, waar daar geen onsekerheid oor kan bestaan nie. Die wingerd van die Here is die huis van Israel, sê die profeet, en die manne van Juda die tuin van Sy verlustiging. Waar God gewag het op reg, was daar egter bloedvergieting. In aansluiting by die woord van Jesaja word hierdie gelykenis die aanknoping van die openlike stryd tussen Jesus en Sy vyande. Dit is daarom dat die owerpriesters en die skrifgeleerdes in dieselfde uur probeer het om Hom dood te maak.

Jesus openbaar hier ondubbelsinnig dat Hy die Seun van God is. As Seun van God staan Hy ver bo alle ander gesante wat deur God voor Hom gestuur was. As Seun van God sal Hy egter deur die Joodse Raad verwerp en gedood word. Hierdeur word die landbouers egter omgebring en die wingerd aan ander gegee, want die Skrifwoord is duidelik: die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword.

Die wederstrewige en opstandige mens wat van nature geneig is om God en sy naaste te haat, volg altyd die verkeerde weg. Jesus sê in die gelykenis dat sulke mense die erfdeel wil bekom deur die erfgenaam dood te maak: „kom laat ons hom doodmaak, sodat die erfdeel ons s'n kan wees." Hierdeur verloor hulle die erfdeel.

Die eerste mens het ook so die verkeerde weg gevolg deur die stem van die Satan te gehoorsaam. Deur te eet van die boom van kennis van goed en kwaad, sê die Satan, sal hulle nie sterwe nie, maar hulle sal **soos God wees** deur goed en kwaad te ken. Die gehoorsaamheid aan die Satan vernietig egter die beeld van God in die mens waarna hy geskape is, en kan die mens langs hierdie weg nooit soos God wees nie. Alleen gehoorsaamheid aan die Woord van God laat die beeld van God weer in Christus Jesus in ons gestalte kry.

Daar is ook net een weg om die erfdeel te bekom, en dit is gehoorsaamheid aan God deur Jesus Christus. Elke sondaar wat bely dat Jesus die Seun van God is, word mede-erfgenaam deur die genade van God . . .

8 Maart

Lees Luk. 20:2-40 en 1 Kor. 15:12-26. **Teks:** Luk. 20:38.

ONSE GOD IS 'N GOD VAN LEWENDES

Die Sadduseërs as verteenwoordigers van die priesterlike stand, het alleen die boeke van Moses erken en daarby geleer dat daar geen opstanding van die dode is nie. Deur die voorbeeld van die besonde e huwelik waarna hulle verwys te gebruik, probeer hulle om die onmoontlikheid van die opstanding te bewys. Hierdie mense dwaal egter omdat hulle die Skrifte nie ken nie, en ook nie die krag van God nie. Die deel van die Skrif wat hulleself erken, getuig dat God Hom aan Moses openbaar het as die God van Abraham, Isak en Jakob. Hy kan tog nie die God van dooies wees nie, maar is die God van lewendes.

So het God Hom altyd in Sy Woord aan ons openbaar. Hy is die God van lewendes. Nog heerliker en duideliker het God Homself in Jesus Christus openbaar. Wie in Christus glo sal lewe, al het hy ook gesterwe.

Op hierdie weg, die weg van Gods Woord, word ons geroep, sodat die regverdige uit die geloof sal lewe. Saam met Paulus moet ons dag na dag kan uitroep: „Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my." Die kruisiging en die opstanding van Jesus Christus waardeur Hy die mag van die sonde en van die dood verbreek het, verkondig dag aan dag aan ons tot met Sy wederkoms, dat ons deur die geloof in Jesus Christus en deur Gods genade, kinders is van die lewende God. Ons verwag volgens Sy beloftes dat ons sal opstaan uit die dode, en deel sal hê aan die heerlikheid van die nuwe hemel en van die nuwe aarde waarop geregtigheid sal woon.

9 Maart

Lees Luk. 21:1-4 en Matt. 3:1-10. **Teks:** Luk. 21:4.

DIE GROOT OFFERGAWE

Vanaf die oomblik dat die mens in sonde geval het, en daardeur van God vervreemd geraak het, het God in Sy genade weer 'n weg vir die mens geopen om tot Hom te mag kom, en dit is langs die weg van offers. Deur die offer word daar op gelowige en diep afhanklike wyse versoening gedoen vir die sonde. So bring Kaïn en Abel reg van die begin af hulle offers aan God. Alleen die gelowige en opregte offer word aangeneem.

Jesus spreek ook in hierdie gedeelte van die Skrif oor die offers. As die gelowige opgaan na die huis van die Here, dan is sy verlange om met God in gemeenskap te tree. In die tempel word die offers in die skatkis gegooi. Jesus merk dat die rykes vele gawes in die skatkis gooi. Sy opmerksame blik sien ook 'n arm weduwee wat maar twee geldstukkies in die skatkis gooi. As kenner van die hart en siel weet Jesus dat hierdie vrou alles gegee het wat sy gehad het — sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het om van te lewe. Haar offergawe is groter as al die rykes s'n saam. Die rykes gee in oorvloed sonder dat hulle hul daardeur tekort doen. Sy gee alles wat sy gehad het.

In hierdie daad van die vrou word die werklike betekenis van die offer na vore gebring — alles om van te lewe is gegee. Hierdeur het sy haar lewe aan God gegee.

Jesus Christus het na die wêreld gekom as die Lam van God wat ter slagting gelei word — Hy is die enigste Seun van God, wat Homself as offer gee in die dood om ons met God te versoen. Die kruisdood

van Jesus Christus is die voldoende en eenmalige offer wat ons volkome met God versoen. Laat ons dus nie ons onderlinge byeenkoms versuim soos sommige die gewoonte het nie "(Heb. 10:25) maar opgaan na die huis van die Here om aan God dankbaarheid te bring vir die verlossing in Christus Jesus, „want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie."

10 Maart

Lees Luk. 21:5-19. **Teks:** Luk. 21:9.

DIE TEKENS VAN DIE EINDE

Vanaf die oomblik dat die Here Jesus Christus aan Sy dissipels die einde aangekondig het, was daar voortdurend die neiging om te spekuleer of uit te vind wanneer die einde van die wêreld sal plaasvind. As die dissipels vir Jesus vra wanneer hierdie dinge sal plaasvind dan waarsku Hy alleen teen die misleiding en afval wat in daardie tyd sal plaasvind. Baie sal onder die Naam van Jesus kom en hulleself as Jesus voordoen. Die dag en die uur waarop dit alles sal gebeur, weet niemand nie, alleen die Vader wat in die hemele is. Dit sal 'n dag wees van oordeel en verskrikking vir die wêreld. Net soos dit was in die dae van Noag, of in die dae van Lot, so sal ook die dag wees waarop die Seun van die mens kom. Die dag sal die wêreld skielik oorval en sal kom soos 'n dief in die nag.

Vir die gelowiges wat waaksaam en biddend die koms van die dag tegemoet sien, sal hierdie dag nie oorval soos 'n dief in die nag nie. Jesus gee in Sy Woord die duidelike tekens wat sal plaasvind by Sy wederkoms. Hulle wat deur die Woord van God lewe, sal voorbereid wees soos Noag.

Voordat hierdie verskriklike dinge oor die aarde kom, spreek Jesus ook op profetiese wyse oor die verwoesting van Jerusalem. Die tempel met sy mooi klippe en gewyde geskenke sal met die grond gelyk gemaak word, sodat nie een klip op die ander gelaat sal word nie. Dit sal die voorafskaduing wees van die eindgerig by Sy wederkoms. Die oordele sal voltrek word, eerstens oor die Joodse volk wat Jesus verwerp het. Dit het dan ook letterlik gebeur in 70 n.C. toe Jerusalem in vlamme opgegaan het, en die tempel verwoes is. Waar die een gedeelte van die profetiese woord van Jesus in vervulling gegaan het, weet ons dat nie een jota of tittel van Sy Woord ooit verby sal gaan, totdat alles gebeur het nie. Die gelowige sal dus nie oorval of verskrik word deur allerhande tekens in die wêreld nie, maar sal in vrede en in verwagting lewe deur die Woord van God soos in Christus Jesus openbaar. Die kruis van Jesus bly vir ons altyd die sterkste en duidelikste teken van die verlossing uit die sonde en die dood, wat ons tot waaksaamheid en aanbidding sterk.

11 Maart

Lees Luk. 21:25-33. **Teks:** Luk. 21:27.

DIE KOMS VAN DIE SEUN VAN DIE MENS

Die koms van Jesus Christus, of soos dit ook dikwels genoem word, die wederkoms, sal een van die verskriklikste oomblikke wees wat ooit oor die wêreld kan kom. Die hele mensdom en die ganse skepping sal in die grootste beroeringe gestort word. Die Woord van God het dan ook, nie net in die Evangelie nie, maar ook in die briewe van die apostels en veral in die Openbaring van Johannes baie dinge meege-

deel oor hierdie groot dag.

Die gelowige wat deur Gods genade staande bly, word op velerlei wyse ingelig en voorberei op die koms van daardie dag. So angswekkend en verskriklik sal daardie tyd wees, dat Jesus Self gesê het: En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word. Hieruit blyk dit duidelik dat alleen deur Gods genade die gelowiges staande sal bly.

Die verwagting van die wederkoms van Jesus Christus voer ons in hierdie teks terug na die oomblik toe Jesus opgevaar het na die hemel, ná Sy kruisiging en opstanding. Hy is deur 'n wolk voor die oë van die dissipels weggeneem terwyl Hy opvaar na die hemel, en met dié gebeurtenis het die gelowiges die versekering ontvang: Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom sien wegvaar het. Ook Johannes sien in sy Openbaringe hoe hierdie dinge gaan plaasvind en verseker in 1:7 — Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het.

Hierdie dag sal vir die gelowiges geen dag van verskrikking wees nie, want sodra hierdie dinge begin gebeur, sal die hoofde opgehef word na bo, in die sekerheid dat die verlossing naby is. Hierdie verlossing is na liggaam en siel vir diegene wat volhard het tot die einde toe, en wat in Christus Jesus die brood en die water van die ewige lewe ontvang het. Diegene wat die koms van dié dag verwag, verhaas dit ook, want voortdurend moet daar die bede wees: Kom, Here Jesus, Kom haastig Heer.

12 Maart

Lees Luk. 21:34-36 en Markus 14:32-42. **Teks:** Luk. 21:36.

WEES WAAKSAAM

Daar is baie mense wat met toe oë deur die lewe gaan. Dit is diegene wat nie in staat is om die werke van God raak te sien nie. Dit is hulle wat deur ongeloof verduister is, asook dié wat deur die sorge en sonde van hierdie wêreld so aangegryp word dat hulle nooit bewus word van die genadige werkinge van God in die wêreld of in eie lewe nie. As ons dink aan die jaar wat verby is, kan ons alleen verwys na twee groot gebeurtenisse waarvan die werklike betekenis by baie verby gegaan het. Op 18 Januarie 1966 het die Here op wonderbaarlike wyse nadat ons volk hom verootmoedig het voor God, uitkoms geskenk op die meeste plekke in ons land, deur algehele en aanhoudende reëns om die knellende droogte te verlig. Verder was daar die uitspraak van die Wêreldhof op 18 Julie wat ook weer 'n verrassing was vir die hele wêreld.

As die gelowige hierin duidelik die werk van God's hand sien, dan is die genade wat hy besit om dit raak te sien, niks anders as waaksaamheid nie. Waaksaamheid beteken om deur Gods Woord en deur Sy Gees voortdurend naby God te lewe, sodat ons elke dag diep afhanklik van Hom sal lewe in die verwagting dat Jesus Christus kom.

As die Here egter uit ons lewe gedring word deur die sonde en deur die sorge van hierdie wêreld, kan ons dit nie meer raaksien dat God in ons en by ons besig is met Sy verlossingswerk nie, en daardeur verflou en verval ons waaksaamheid. Dan sal die dag van die koms van die Seun van die mens ons skielik oorval, en daarmee sal ons verlore wees.

As die Here Jesus op hierdie wyse die wêreld-einde aankondig dan is dit nie bedoel om menslike nuuskierigheid te bevredig nie, maar om die gelowige op te roep tot waaksaamheid en aanbidding.

Die ewige heerlikheid vind sy hoogtepunt daarin dat die sondaar as verloste voor Christus kan verskyn. Daarom — soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy nog naby is . . .

13 Maart

Lees Luk. 22:1-23. **Teks:** Luk. 22:7.

EN DIE PASGA MOES GESLAG WORD

Paasfees was 'n jaarlikse herdenkingsfees. Dan dink die Israeliete terug aan die bitterheid en verdrukking in Egipte waaruit die Here hulle verlos het toe hulle slawe was. Op die vooraand van hulle verlossing uit Egipteland, die nag toe die tiende plaag oor Egipte sou kom, en al die eersgeborenes sou sterwe, het die Israeliete ook 'n lam geslag. Die bloed van die lam moes geverf word aan die deurposte en bo die drumpel. By daardie huis waar hierdie bloed geverf was, het die doodsengel verby gegaan. Die vleis van die lam wat geslag is moes gebraai word en die nag geëet word.

Die Paasfees was nie net herdenkingsfees nie — dit het Israel ook gedien as 'n teken en waarborg van God dat soos Hy uit tydelike aardse slawerny verlos het Hy ook Sy kinders uit ewige slawerny sal verlos. Nou beskrywe die Bybel dit ook op baie bladsye hoe die Here deur Sy profete die oë van Sy volk hiervoor wou oopmaak sodat hulle dit kon raaksien.

Daarom is dit nou nie **toevallig** dat die dag waarop die pasga geslag moes word ook saamval met die gevangeneming, veroordeling en kruisiging van Jesus Christus nie. Want Jesus Christus is die Lam van God. Deur Sy dood verlos die Here God ons van die slawebande van die duiwel wat ons almal bind. Onder hierdie bande lê ons ook baie bitterheid en gaan ons gebuk onder baie ellende.

As Lukas nou hier skrywe dat die dag besig is om aan te breek waarop die paaslam geslag moet word, en dat Jesus ook die pasga laat berei en toe vir hulle gesê het „Dit is My liggaam wat vir julle gegee word." . . . dan sê Hy vir ons **hier** is dié Pasga — dié **lam** wat geslag gaan word — Jesus Christus. Deur Sy bloed word ons verlos van die ewige dood en wie in Hom glo het aan Hom deel en aan alles wat Hy verwerf het.

14 Maart

Lees Luk. 22:24-30. **Teks:** Luk. 22:29-30.

DIE EWIGE VREUGDE

Die Here het in Sy bergrede onder andere gesê:— „Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is sal jou hele liggaam verlig wees." Die Here het hierdie woorde gesê nadat Hy gesê het, „soek eers die Koninkryk van God" — en voordat Hy sê: „Moenie julle kwel oor julle lewe nie."

Wie die oog het net op hierdie lewe se uitsig sal heeltemal verdonker en verdring word deur die sorge en kwellinge van hierdie lewe. Abraham is vir ons 'n voorbeeld van die teendeel. Wie leef met die oog op die ewige dinge wat God gee en beloof kan ook die lyding en smart en stryd hier op aarde met geduld en vergenoegdheid verdra.

Die dissipels het hier blykbaar die oog op 'n wêreldse koninkryk vir Christus, met die mag, heerskappy en eer wat daarmee saamgaan. Hulle oog is hier verkeerd en daarom is hulle lewensuitsig verdonker.

Die Here vestig in ons teksvers hulle aandag op die hemelse bestemming wat vir Hom beskik is en vir hulle beskik sal word deur Sy diens-werk.

Die vreugde van daardie hemelse, om met Hom aan te sit aan Sy tafel, te deel in die volheid van Sy heerlikheid kan tog nie geruil word vir aardse mag en eer nie. Wie sou dan met die oog op ewige dinge nog begeer wat aards en verganklik is?

15 Maart

Lees Luk. 22:39-46. **Teks:** Luk. 22:42a.

DIE MENS VOOR GOD

In die tuin van Getsémane op die Olyfberg het Christus hierdie keer weer soos Sy gewoonte was op Sy knieë gegaan en gebid. In die Markus evangelie lees ons dat die Here Jesus hier baie ontsteld en benoud geword het. Die skrywer van die Hebreërbrief sê dat Jesus in die dae van Sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan God die Vader wat Hom uit die dood kon red geoffer het, en dat Hy uit dié angs verhoor is.

Waarom dan die angs en die trane en die sterk geroep, die ontsteltenis en die benoudheid?

Jesus was ook mens, mens soos ons maar sonder sonde. Maar die Bybel sê Hy het die las van ons sonde gedra en ons ongeregtighede was op Hom en Hy is daarom **dié Mens** wat in ons plek die straf van ons sonde voor God moes uitdien. Ons en die ganse mensdom se sonde en ons en die ganse mensdom se straf is vir Hom **toegereken** so asof Hy **al die sonde van die ganse mensdom gedoen het en al die straf van die ganse mensdom verdien het.**

As dié mens buig Hy nou hier voor God en bid: „Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem!" Hierdie gebed was nie Christus se weiering of ontwil om die straf vir ons te dra nie, daarom bid Hy ook „Laat . . . U wil geskied." — maar dit is die diepte van die mens se huiwering voor die geweldigheid van die toorn van God. Sy angs en trane, Sy ontsteltenis en benoudheid en hierdie „sterk geroep" is vir ons 'n spieël waarin ons die diepste diepte van die sondaarmens se nood kan sien soos ons dit sou ken voor die regterstoel van God, as Christus nie vir ons die beker van God se oordeel tot die droesem gedrink het nie.

16 Maart

Lees Luk. 22:47. **Teks:** Luk. 22:48.

HOOGVERRAAD

Judas as een van die 12 dissipels was een van die vertrouelinge van Jesus Christus. Hy was een van die besonder bevoorregte mense om in die onmiddellike teenwoordigheid van Christus te verkeer. Hy kon elke dag hoor wat Jesus Christus, die vleesgeworde Woord — die Groot Profeet, tot die mense en tot hulle persoonlik gespreek het. Hy kon elke dag sien wat daar gebeur. Hy was by toe Petrus Christus bely het: „U is die Christus, die Seun van die lewende God" — en later: „Here na wie toe sal ons gaan want by U is die woorde van die ewige lewe."

En tog het Judas met die owerpriesters en skrifgeleerdes gaan ooreenkom om Jesus aan hulle oor te lewer. Hy het verraad beplan en hier lees ons dat hy dit gepleeg het. Wee die een, sê die Skrif, deur wie dit gedoen is.

So het eens in die ou tyd Josef se broers hom oorgelewer aan Ismaelietiese koopmanne. Dit is 'n skande en 'n vergryp om so iets te doen;

om 'n broer te verraai. Maar verskrikliker nog om verraad te pleeg teen God. Judas het sy Meester, Jesus Christus die Seun van God verraai. So naby het Judas aan Jesus geleef, en hy pleeg hierdie weersinswekkende daad. So leef Judas by die verlossing verby. Hy leef so naby die lewegewende Woord en word dan 'n apostel, 'n dienaar van die duiwel.

Waak tog daarvoor dat u as geroepene van God nie gaan verkeer en assosieer met hulle wat godloos en godvyandig leef nie. Die goddelose se getalle groei en die godvyandige magte is aan die toeneem, wie met hulle assosieer verval in die versoeking om verraad teen God te pleeg.

17 Maart

Lees Luk. 22:54-62. **Teks:** Luk. 22:57a.

VERLOËNING

Petrus se val is vir ons 'n spieël van eie swakheid — niemand kan daar te seker van wees dat hy nie kan val nie. Petrus was ook absoluut seker daarvan en tog het die haan daardie selfde nag nog gekraai.

Hierdie is veral van groot betekenis om te onthou wanneer ons omring is van doodsgevaar en blootgestel is aan vrees en vertwyfeling. Maar hierdie is nie alleen 'n sprekende waarskuwing vir ons op ons lewensweg nie, maar ook 'n boodskap van hoop op vergifnis vir elkeen wat geval het en met smart sy sondes bely.

Die Bybel sê:— „Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor My Vader wat in die Hemele is." Wat beteken hierdie woordjie — **„verloën".**

Dit het die betekenis van: „nie erken nie" — die heiden erken Christus nie omdat hy nie in Hom glo nie en Hom nie ken nie — dit is een soort verloëning. Die ander betekenis is af te lei uit die betekenis waarin die woordjie voorkom in Handelinge, waar dit oor die steniging van Stefanus handel. Hy beskuldig die Jode in sy redevoering daarvan dat soos hulle Moses verloën het deur te sê wie het jou as owerste oor ons aangestel, so verloën hulle Christus. Die Jode het Christus verloën, deur Hom te verwerp en te weier. So kan iemand Christus verloën deur van Hom te weet maar die hart vir Hom te weier.

Daar is ook 'n derde betekenis en dit is soos Petrus die Here verloën het in oomblikke van swakheid. Om so te verloën kan alleen iemand wat voorafgaande gehoorsaamheid betoon het en in 'n vertrouensverhouding tot die Here verkeer het. Hierdie soort verloëning kan slegs by die een voorkom op wie daar dus verpligtinge rus. Dus beteken dit hier om ontrou te word.

Petrus het sy plig teenoor God en sy naaste teenoor wie hy 'n evangeliese roeping het versuim en beweeg hier op die rand van die ewige verderf. Op ons almal rus die dure plig om onder elke omstandigheid op te tree, waardig die roeping waartoe ons geroep is — tot eer van God en stigting van ons naaste.

Wie ontrou word, verloën Hom.

18 Maart

Lees Luk. 22:63-71. **Teks.** Luk. 22:66.

ONS HET HOM NIE GEAG NIE

In die nag wat verby is het baie dinge gebeur. Die aand was Jesus met Sy dissipels aan tafel — daarna is Hy met hulle na Getsemane, hier is Hy gevange geneem. Hy was die nag voor Annas, en voor Kajafas die Hoërpriester, met lede van die Joodse raad.

Toe dit dag geword het, na 'n nag van foltering, het hulle Hom voor die hele Raad gebring. Die Raad word ook die Sanhedrin genoem en

het bestaan uit 71 lede. Die Hoëpriester, owerpriesters, Skriftgeleerdes en ouderlinge. Onderhewig aan Romeinse goedkeuring kon hierdie Raad onder andere ook regterlik optree en vonnis vel.

Hier is Hy die Seun van God voor hulle — soos Hy in die gelykenis dit vooruitgenoem het — aan wie die wingerd-eienaar sy wingerd verhuur het. Hulle het opsig oor God se eiendom. Jesus Christus die Seun van God het na Sy eiendom gekom, maar Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Toe Hy kom het Hy daar geen plek nie.

Hulle weet dat die Messias, Gesalfde, Christus, die Seun van God is — hulle het die Bybel en al die getuienis aangaande Hom uit die Skrif sowel as uit Sy werke, en tog wil hulle nie weet dat dit Hy is wat voor hulle staan nie. Hy is voor die Raad nie om erken en geëer en bely te word nie, maar om veroordeel te word.

Dit is die dieptepunt van Sy vernedering — deur die owerstes van Sy eie volk word Hy die Heilige, die skuldige en Godslasteraar gemaak.

So het Hy vir ons gely!

19 Maart

Lees: Luk. 23:1-25. **Teks:** Luk. 23:18.

ONS STRAF OP HOM

Nadat die Joodse Raad amptelik vir Jesus Christus skuldig gevind het op grond van Sy Godslastering, word Hy voor Pilatus gebring vir die doodstraf. Hulle rig hulle beskuldiging so in voor Pilatus, dat dit moet voorkom asof Christus op 'n troon aanspraak maak en dit terwyl die Jode aan die keiserlike troon onderhorig is. Hierop vind Pilatus Hom onskuldig.

Hierna word Hy beskuldig van hoogverraad waarmee Hy in Galilea begin het; hulle beskuldig Hom as 'n agitator en rebel teen die keiser. Pilatus is in die war en toe hy hoor van Galilea, kry hy die plan om Hom na Herodus te stuur wat in daardie gebied maghebber was.

Herodes wou 'n teken van Jesus sien, maar die Here vermaak geen mens met Sy heilige verhewe dade nie, en daarom antwoord Herodes, met die woede van 'n magtelose, Jesus se swye met mishandeling, en stuur Hom na Pilatus terug.

Pilatus spreek die offisiële vonnis uit — onskuldig! en tog laat hy hierna die volk kies tussen die onskuldige Jesus en die skuldige moordenaar Barabbas. Die volk skreeu dat Barabbas losgelaat en Jesus gekruisig moet word. Hierdie onreg is Christus aangedoen. So word Barabbas wat onder die skaduwee van die dood leef, vry, en Jesus neem sy plek.

Dit bevat 'n genadeboodskap vir ons, want so word op wonderbaarlike wyse die raadsplan van God uitgevoer. Jesus moet sterf op Golgota aan die kruis vir ons wat onder die skaduwee van die ewige dood leef, omdat ons skuldig voor God is. Ons kom vry deur Gods genade en Hy sterf.

So het Hy vir ons gely!

20 Maart

Lees Sag. 21:10-14 en Luk. 23:26-32. **Teks:** Luk. 23:28.

WEEN OOR JULLESELF!

Jesus is op die weg van smarte, op pad na Golgota. Hy gaan na die plek waar Hy weldra gekruisig sal word. Op Sy aangesig is die tekens te sien van wat Hy alreeds deurgemaak het. 'n Groot menigte van die

volk en ook vroue wat rou bedryf en Hom beklaag het Hom gevolg. Hulle kon hulle trane nie bedwing by die aanskoue van soveel lyding nie.

Maar dan draai Jesus Hom om en sê vir hulle: „Moenie oor my ween nie maar ween oor julleself en julle kinders." Jesus verlang dus nie trane van meegevoel nie, maar wys dit af. Want nie Hy is beklaenswaardig nie, maar hulle — hulle die dogters van Jerusalem wat Hom nou so beween. Buitendien was hulle droefheid maar oppervlakkig. Dit was nie geestelik van aard nie. Dit het nie gegaan oor die oorsaak van die lyding van die Here, naamlik hulle sondes nie. En daarom is dit vir Hom nie aanvaarbaar nie, en wys Hy dit af.

As hulle dan wil ween, sal hulle beter doen as hulle oor hulleself wil ween. Al lyk Hy nou na die ongelukkige, in werklikheid is hulle self die ongelukkiges. Want wat het Israel gedoen? Hulle het hulle Verlosser — hulle het God self verwerp. Maar daarmee het hulle eie oordeel uitgespreek. Die veroordeling van Jesus beteken hulle eie veroordeling. Die dood van Jesus beteken hulle eie dood. Daarom sal daar dae van sulke ontsettende lyding vir Israel aanbreek dat hulle die onvrugbares gelukkig sal prys, terwyl vrugbaarheid altoos as 'n seën beskou is.

Daarom: ween liewer oor julleself en julle kinders.

Jesus verlang nie ons trane van medelye nie. Hy verlang ons geloof. Waar Hy na die kruis gaan, kan ons nooit maar net simpatiserende toeskouers wees nie. Ons moet liewer bedink dat dit 'n vreemde skuld, ons skuld is, wat die oorsaak van Golgota is. Dan sal daar inderdaad droefheid in ons harte wees, maar dis 'n droefheid oor ons sondes. En daardie droefheid sal Jesus nooit afwys nie. Van daardie droefheid kan en wil Hy ons juis verlos deur ons te skenk vergifnis van sondes.

21 Maart

Lees Jes. 53:1-6 en Luk. 23:33-38. **Teks:** Luk. 23:34.

VADER, VERGEEF HULLE

Jesus op Golgota aan die kruis. Ons staan op heilige grond. Wie het Hom daar gebring? Die mens. Ons. Ons skuld en ons sonde. Al die marteling het ons Hom aangedoen, wat ons smarte gedra het. Waarlik al die skande en skuld van die mens het hier op Golgota tot openbaring gekom. Die skaamtelose mens het sy haat afgekoel aan Jesus. Hulle het Hom bespot, geslaan, gehoon. Hom saam met kwaaddoeners gekruisig. Sy klere verdeel. Een woord staan hier met groot letters geskrywe ten laste van die mens: Skuldig.

En tog, hoor net daar! Die stem van die gekruisigde, die uitgeworpene: „Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Het u al ooit van só 'n liefde gehoor soos die van Jesus? Nee, u het nie.

„Vader vergeef hulle." En dit is die pleitgrond wat Hy aanvoer: hulle onkunde. Ja, hulle weet nie wat hulle doen nie.

Nie die soldate of Pilatus of die volk of die Sanhedrin, of Jood of heiden of dissipel of vyand weet wat hulle doen nie. Ook die duisende onverskilliges in en buite die Kerk, weet nie wat hulle doen nie. Diegene wat Jesus en Sy kruis nog steeds verguis, weet nie wat hulle doen nie. Hulle weet nie watter kosbare skat hulle verag nie. Jesus sê dit hier aan die kruis. Ook die Apostels het dit later gesê. Dink aan Petrus op die Pinksterdag. (Hand. 3:17). Paulus het dit selfs van homself ook getuig in I Tim. 1:13: „Aan my is barmhartigheid bewys, omdat ek dit onwetend gedoen het in ongeloof."

Onkundig! Daarom sondig en skuldig. En gevolglik verlore. Dit is die

mens. Dit is u en ek. Laat ons besef dat vergifnis van sonde die eerste en vernaamste behoefte van ons almal is. En hierin wil Jesus voorsien. Goddank daarom vir Golgota. Goddank dat Jesus gebid het: „Vader vergeef hulle."

22 Maart

Lees Spr. 28:4-10 en Luk. 23:39-42. **Teks:** Luk. 23:42.

'N SONDAAR BID

Hier, waar die Heiland van die wêreld aan 'n skandhout, 'n vloekhout hang, breek daar ook 'n ligstraal deur. Hier waar alles spreek van smart en lyding, is daar ook 'n soet druppel in die beker van die Man van smarte. Want hier kom daar tot Hom 'n gebed — die gebed van 'n boeteling. Een van die medegekruisigdes bid. Terwyl almal hulle gelaat vir Hom verberg, het hierdie een sondaar wat sy verdiende loon ontvang, sy gefolterde hoof na Jesus gewend en gesmeek om genade: „Dink aan my, Here, wanneer U in U Koninkryk kom". O, wat moes dit vir die Here beteken het! Want hier het 'n wonder gebeur. Hier is 'n nuwe mens gebore. Die skuldige, veroordeelde, berouvolle misdadiger het hier 'n gelowige geword. Ter elfder ure. Hoewel hy al die kanse van sy lewe verby laat gaan het en verspeel het, hierdie laaste kans laat hy nie verbygaan nie: „Here dink aan my".

Van die middelste kruis het daar 'n wonderbare lig gestraal wat hierdie man homself laat ontdek het. Sy verlore toestand word vir hom duidelik. Sy kruisdood is erg — maar dit is nie die laaste en die ergste nie. Agter die kruis staan die vierskaar van God, en hoe sal hy daarvoor kan bestaan? Daar is net een moontlikheid. As Jesus aan hom dink! Al verwerp die hele wêreld Jesus; al noem die wêreld Hom 'n uitgeworpene, 'n vervloekte, 'n misdadiger; hierdie man noem Hom „Here". En dit is sy behoud. „Here, dink aan my."

In die nabyheid van Jesus leer die sondaar nie alleen die grootheid van sy skuld insien nie, maar ook die grootheid van Gods genade in Christus Jesus. En dan word daar gebid: „Dink aan my Here". Meer vra hy nie. Maar meer is ook nie nodig nie. Want waar Jesus aan 'n sondaar dink, beteken dit die redding van daardie sondaar. Watter troos en bemoediging ook vir u en my.

23 Maart

Lees Eseg. 34:11-17 en Luk. 23:43-49. **Teks:** Luk. 23:43.

DIE HEILAND ANTWOORD

Sal Jesus swyg as 'n berouvolle sondaar tot Hom roep? Nooit! Dit is juis hier waar Hy antwoord. Tydens Jesus se laaste ure is daar baie vrae aan Hom gevra. Kajafas het dit gedoen. En Pilatus en ook Herodus. Hulle het Hom allerlei vrae gevra. Maar dit was nie die vrae van 'n berouvolle sondaar nie. Dit was vrae om hulle eie nuuskierigheid te bevredig. Maar Jesus het hulle nie geantwoord nie. „Soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders, het Hy sy mond nie oopgemaak nie" (Jes. 53:7).

Maar dan roep 'n medegekruisigde, nou 'n boeteling, vanuit sy sondenood: „Dink aan my Here, wanneer U in U Koninkryk kom". En dan bly Jesus nie stil nie. Dan spreek Hy. Dan antwoord Hy. En Sy woorde is woorde van redding. Dan gee Hy veel meer as wat selfs gevra word. Want Hy sal nie alleen aan hierdie sterwende dink nie. Maar veel heerliker: „Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy met my in die Paradys wees". Hierdie misdadiger sal as eersteling van 'n skare wat niemand kan tel nie deur Jesus na sy Paradys geneem word. Die eerste vrugte van Sy verlossingswerk aan die kruis is reeds daar.

In die nabyheid van Jesus is daar net een van twee dinge moontlik. Jy is verlore of jy is gered. Dit hang maar af van wat jou verhouding tot Hom is. Die een misdadiger aan die een kant van Jesus het verhard gebly — verlore. Maar die ander een het 'n boetvaardige geword en hy word verlos. Hy sal die Paradys binnegaan.

Wat 'n heerlike antwoord het hierdie boetvaardige sondaar gekry. Wat 'n heerlike antwoord is dit vir elke boetvaardige sondaar, met die oog op die lewe ná hierdie lewe.

Jy — vandag — met My — in die Paradys!

Goeie Vrydag

24 Maart

Lees Ps. 22:1-9 en Luk. 23:33-46. **Teks:** Luk. 23:33-46.

HULLE HET HOM DAAR GEKRUISIG

Golgota! Heuwel van verskikkinge!

Ons lees dit so eenvoudig in ons teks: „hulle het Hom daar gekruisig". Maar wat 'n diepte, wat 'n wêreld vol leed aan die een kant, en 'n wêreld vol blydskap aan die ander kant, hou hierdie woorde nie in nie.

„Hulle het Hom daar gekruisig". Watter groot wandade het ons as sondaars nie al in ons lewes begaan nie. Hoeveel droefheid en pyn het ons nie al deur ons sondes veroorsaak nie. Hoe het ons nie al die heilige en die liefdevolle Hemelse Vader onteer en bedroef deur ons sondes nie.

Maar kan dit erger gaan as hier op Golgota, waar dit van sondaars geskrywe staan: „Hulle het Hom daar gekruisig"?

Kan 'n dag waarop sondaars sulke dinge gedoen het, 'n dag waarop hulle die Seun van die Mens so skandalig gekruisig het, en Hom soveel leed en smart aangedoen het, kan so 'n dag dan 'n Goeie dag, 'n „Goeie Vrydag" genoem word? Is die naam van hierdie dag geregverdig?

Ons kry 'n antwoord op hierdie vrae as ons die betekenis van die kruisiging ontleed. Hy het Hom gewilliglik laat kruisig — want baie was op die spel. Sondaars was op die spel. Daarom gee Hy Hom gewilliglik in die dood. Wanneer Hy daarom aan die kruis hang, hang Hy daar as plaasvervanger van alle tye en alle geslagte. Dit beteken dat Hy daar hang in u en my plek. Hy hang daar as die Een wat moes dra, wat gekom het om te dra, en wat ook dra, wat u en ek deur ons sondes verdien het om te dra: die oordeel en die toorn van God.

Ja, Hy is daar gekruisig op Golgota, om die skuldbrief van ons sondes aan die kruis vas te nael, ons vry te koop van die ewige verderf.

„Goeie Vrydag"! Is daar 'n pasliker en beter naam vir hierdie dag?

Stille Saterdag

25 Maart

Lees Ps. 42 en Luk. 23:50 — 24:2. **Teks:** Luk. 24:1, 2.

'N STEEN WEGGEROL

Die meeste van ons het ook êrens in hierdie wêreld 'n dierbare wat begrawe is. Hoe graag besoek ons nie daardie graf om deur ons herinneringe teruggevoer te word na die verlede nie! Dit het sommige van die vroue wat Jesus gevolg het ook gedoen.

Gister (Goeie Vrydag) het ons saam met hulle in die gees by die kruis op Golgota gestaan, waar ons Saligmaker gekruisig is en Sy kosbare lewe vir ons afgelê het. Môre sal ons saam met hulle by Sy geopende graf staan. Vandag kan ons saam met hulle in die gees 'n besoek aan Sy graf bring.

Sedert die kruisiging en begrafnis op daardie onvergeetlike Vrydag het die volgelinge van die Here 'n droewige Saterdag deurgemaak.

Maria Magdalena en Johanna en Maria, die moeder van Jakobus en nog ander vroue (vs. 10) het verlang om na die graf te gaan en nog 'n laaste liefdesdiens te gaan verrig. Daartoe het hulle Saterdagaand na ses-uur, dit wil sê na verloop van die Joodse Sabbatdag, speserye gaan koop en salf berei om Sy liggaam te salf. Vroeg die volgende môre was hulle met hierdie doel by die graf.

Maar daar was 'n probleem. Die graf was verseël en deur 'n soldatewag bewaak. Volgens die Evangelie van Markus het hulle ook vir mekaar die vraag gevra: „Wie sal vir ons die steen wegrol?" Al hulle voorbereidings sou niks baat as die swaar steen nie weggerol kan word nie. Tot hulle verbasing merk hulle egter toe hulle by die graf kom, dat die steen weggerol is. Onverwags het daar vir hulle uitkoms gekom.

Menigeen van ons kan seker vandag vertel hoe hierdie geskiedenis hom in ons lewes herhaal het. Daar was dikwels bekommernisse en probleme — groot stene — en nog hoe dikwels is dit nie ook weggerol nie? Die Here het uitkoms gegee. Die Christen het dikwels 'n moeilike pad te bewandel in die wêreld; vol probleme en struikelblokke. Maar wie volhard op die weg van geloof, sal uitvind dat in Christus Jesus, ook die grootste stene weggerol word.

26 Maart

Lees Ps. 16 en Luk. 24:1-12. **Teks:** Luk. 24:6.

PAASFEES

Toe die stad Jerusalem nog feitlik aan die slaap was — vroeg die volgende môre — het die dissipelinne van Jesus uitgegaan om Sy liggaam te salf. Dit was die stilste en geskikste uur om hulle liefdesdiens stil en ongemerk te laat verloop.

Maar ook hier geld dit: God wat in die verborge sien, sal in die openbaar vergeld. En wat 'n goddelike vergelding was dit nie! Dit was veel hoër en heerliker as wat hulle met hulle liefdesdiens ooit verdien het. Want mede-christen, wat is heerliker en wat is wonderliker as om 'n lewende te vind, as jy juis gegaan het om 'n dooie in sy graf te besoek! Hierdie vroue was bevoorreg selfs bo die dissipels. Want juis aan hulle is die blye boodskap die eerste uit engelmond aangekondig: „Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan".

„Nie hier nie" — Nie in die graf nie. Nie onder die dodes nie. „Hy het opgestaan". Die graf en die dood oorwin. Die mens se laaste vyand is verslaan. Wat 'n seën en heerlikheid lê nie in hierdie paar woorde van die engele opgesluit nie. Wie kan dit by benadering peil?

Hoe sou die Evangelie daar uitgesien het sonder hierdie slothoofstuk! Want as Jesus in die dood gebly het, sou alles tevergeefs wees. Dit sou beteken dat die dood oorwin het.

Maar nou is dit anders. Hy het opgestaan. Die dood is oorwin.

Êrens in hierdie wêreld wag daar vir ons elkeen 'n graf! Hoe huiweringwekkend om daaraan te dink, dat ons menslike liggaam wat deur God self fyn toeberei is, eenmaal onder die kluite tot ontbinding sal oorgaan!

Maar Goddank, ons weet nou, dit is nie die einde nie. Jesus het opgestaan uit die dood. En Sy opstanding is die pand en die waarborg van die opstanding van almal wat in Christus ontslaap het: „Wie in My glo" het Hy self gesê, „sal lewe al het hy ook gesterwe".

Daarom: Laat vrees nòg angs ons harte kwel,
Hy leef vir ons, Immanuel! (Ges. 137:3).

27 Maart

Lees Luk. 24:10-16. **Teks:** Luk. 24:15.

DIE GROOT METGESEL

Dit is die namiddag van daardie Sondag, die Opstandingsdag van Jesus Christus. Twee van Sy volgelinge verlaat Jerusalem. Hulle is op pad na Emmaüs, 'n dorpie ongeveer agt myl in westelike rigting.

Die een se naam is Kléopas. Hy was waarskynlik 'n familielid van Jesus. Ons ken nie die naam van die ander een nie. Iemand het gesê ons kan gerus maar ons naam in sy plek invul. Die twee reisigers se gemoed is vol van die tragiese gebeurtenisse wat daar met die veroordeling en kruisiging van Jesus plaasgevind het. Daar heers verwarring in hulle gedagtewêreld. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Daarom praat hulle met mekaar en ondervra mekaar. En terwyl hulle al geselsende en redenerende voortwandel, sluit 'n derde Hom by hulle aan. Dit is Jesus, die opgewekte Heiland. Hy „loop met hulle saam."

En net so kom die verheerlikte Heiland in Sy belangstellende, opsoekende en vertroostende liefde tot ons op ons weg deur die lewe. Hy kom na ons toe met Sy Woord en Gees. Hy is teenwoordig by die bediening van Woord en Sakramente. Hy kom na ons toe daar waar ons die Skrifte oopslaan om daarin met eerbied en ontsag te lees. Hy is teenwoordig daar waar ons ons met ons hart en verstand besig hou „met die dinge aangaande Jesus" (vs. 19). Hy wil ons leer en lei. Hy wil ons Heiland wees.

Hy loop saam met ons op daardie pad wat die Here God vir ons afbaken deur die lewe heen. Hy is ons Metgesel op die pad wat oor die blinkende hoogtes van vreugde en geluk gaan. Hy vergesel ons ook in die donker dal van droefheid en smart.

Maar dikwels gaan dit met ons ook soos met die Emaüsgangers. Ons herken Hom nie.

28 Maart

Lees II Kon. 6:15-17 en Luk. 24:13-21. **Teks:** Luk. 24:16.

WEERHOUDE OË

Jesus laat Sy teleurgestelde volgelinge nie aan hulle lot oor nie. Juis daar waar hulle hul besig hou met „die dinge aangaande Jesus" (vs. 19) soek Hy hulle op. So het Hy reeds op die Opstandingsdag aan die verwarde Maria by die oop graf verskyn, sy, wat met haar hele wese met bande van geloof en liefde aan Jesus verbind was. Hy verskyn aan Simon Petrus, die verleë, berouvolle verloënaar.

So sluit Hy ook aan by daardie twee wandelaars van Emaüs. Met hulle weerhoude oë herken hulle hom nie, hoewel hulle voorheen met Hom verkeer het.

Meermale tref ons in die Bybel gevalle van weerhoude oë aan. Die dienaar van die profeet Elisa sien hulle in die stadjie Dotan omsingel met 'n vyandelike leër met perde en strydwaens. Maar Elisa het gebid en gesê: „Here, open tog sy oë dat hy kan sien." Ons weet wat die resultaat was.

Die lewe kan soms so benouend wees. Ons probleme kan ons ook van alle kante omring. Daar is tydelike, stoflike nood; daar is geestelike nood. Daar is siekte, skuld, kommer en sorge. Daar is sondebesef, sielenood en angste. Ons word in die noute gedryf. Ons word in ons geloofsvertroue geskok. Ons word kleingelowig. Ons voel ons van God en mens verlaat. Waar is Christus nou? Ánder het Hy gehelp; ánder het

Hy vertroos; ánder het Hy bemoedig. Maar vir ons nie. Weerhoude oë. Ons sien Sy seënende, helpende hand nie raak nie.

En tog is Hy by ons, belangstellend, deelnemend. Ons lewenspaaie sou minder eensaam en ons gedagte meer opgewek gewees het as ons steeds kon glo dat Hy by ons is, dat Hy ons nie vergeet en nooit verlaat nie, dat Hy Sy belofte woord waar maak: „Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20).

29 Maart

Lees Luk. 24:22-27. **Teks:** Luk. 24:27.

GODDELIKE ONDERWYS

Jesus het deur Sy vraag: „Watter woorde is dit wat julle met mekaar loop en wissel . . . " aan die twee wandelaars die geleentheid gegee om hulle hart uit te stort. Hulle doen dit ook. In daardie spontane ontboeseming maak ons kennis met hulle liefde en lofprysing, hulle waardering en agting vir hulle Meester; maar daarby dan ook hulle verpletterde hoop en skokkende verbystering. Hulle messiaanse verwagting het totaal in duie gestort.

Maar dan begin Jesus met Sy goddelike onderwys. Hy berispe hulle oor hul onkunde aangaande die Skrifte. So sê Hy vir hulle: „O Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in Sy heerlikheid ingaan nie?"

So dikwels verdien ons, wat in die christelike geloof gebore en opgevoed is, ook hierdie berisping. Ons kan soms so onkundig wees in die Skrifte. Ons weet so min van die heilsplan en heilsweg van God.

Die oorsaak van die droefheid en radeloosheid van Kléopas en sy vriend moet gesoek word in hulle onkunde en ongeloof met betrekking tot die heilsplan van God. Hulle hart was traag om te glo „alles" wat deur die profete gespreek is. Sommige gedeeltes van die Skrif het hulle geglo — daardie gedeeltes wat betrekking het op die koninklike heerskappy van die beloofde Christus. Maar hulle wou die vernedering van die Messias nie aanvaar nie. En juis daardie kruislyde waaraan die manne soveel aanstoot geneem het was die énigste weg na die glorie wat hulle so vuriglik en hartstogtelik vir hulle Meester begeer het. Die Skrifte getuig almal saam dat dit met Jesus deur lyde tot heerlikheid moes gaan.

Die onderwysende Metgesel, die volmaakte Kenner van die Skrifte het vir hulle deure oopgemaak waardeur hulle in 'n nuwe wêreld vol verwagting kon ingaan. Waar daar so kort gelede nog alles in hulle siel uitgedoof was, het die geloofsvuur weer begin opvlam. Daarom kon hulle later vir mekaar sê: Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?

30 Maart

Lees Ps. 113. **Teks:** Luk. 24:29.

'N DRINGENDE UITNODIGING

Al voortwandelende het die groepie van drie by Emaüs gekom. Kléopas en sy vriend het Jesus nog nie herken nie. Maar omdat hulle so geweldig aangetrokke tot Hom gevoel het het hulle Hom dringend uitgenooi „Bly by ons, want dit is amper aand en die dag het gedaal."

Hier het ons allereers die gedagte dat Jesus nie by ons 'n ongenooide Gas wil wees nie. Hy wil deur ons gevra word. Eensdeels is Hy wel die opsoekende Verlosser van sondaars, maar andersyds geld dit ook

weer: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word (Matt. 7:7).

Bly by ons. Hierdie bede is 'n passende bede op ons lewensreis. Dit is waar dat ons die Heiland altyd nodig het. Maar daar kom tye en geleenthede in ons lewe wanneer dit 'n dringende behoefte van die siel is om te bid: Bly by ons! Daar kom oomblikke wanneer alle aardse sonne vir ons ondergaan en alle ligte van die lewe uitgedoof word. Die pad hemelwaarts is lank en steil en swaar. Daar kan so baie op ons wandeltog na die ewigheid gebeur. Dit kan soms so donker en droewig, so ontsettend eensaam en verlate word.

Bly by ons, Here! Dit is 'n gebed vir die Kerk, land en volk. Dit is 'n gebed vir elke woning, vir elke huisgesin, vir elke vader, moeder en kind. Dit is 'n gebed vir die gryse pelgrimsreisiger in die aand van die lewe. Dit is 'n gebed vir die jong seun en dogter in die krag van die lewe. Dis is 'n gebed vir die kranke en bekwaalde, lydende en sterwende.

Bly by ons. Dan sal die nag nooit in ons woning kom nie, want Christus, die Lig van die wêreld, sal ons met Sy goddelike lig bestraal.

31 Maart

Lees Ps. 145:13-21. **Teks:** Luk. 24:30.

DIE GAS WORD GASHEER

Dit is die grootste oomblik in ons lewe wanneer Christus met Sy lig en troos, Sy krag en genade oor ons drumpel tree om as Heiland ons huis te seën en as Koning te heers.

Jesus het die dringende uitnodiging van die Emaüsgangers aangeneem. Hy maak gebruik van hulle hartlike gasvryheid in hulle eenvoudige huisie met hulle skamele middele. En hoe min was dit tog — eenvoud, armoede en 'n stuk ongesuurde brood. Maar dit was húlle s'n en hulle gee dit vir Hom. En die resultaat? Hierdie manne het ondervind dat die Heer ons meer skenk as wat ons aan Hom gee of selfs van Hom verwag. Ons het 'n verrassende God in Christus Jesus. Paulus kon sê: En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid . . . (Efesiërs 3:20).

Wanneer hulle aan tafel gaan word die rolle omgekeer. Hy, wat die Gas was, word Gasheer; en die tafel wat hulle s'n was, word Syne. Dit is vanselfsprekend dat Jesus, waar Hy kom, Hy nie as Gas nie, maar as Gasheer sal optree. Dieselfde wisseling sien ons by geleentheid van Jesus se eerste wonderteken wat Hy op die bruilof te Kana gedoen het. Daarheen was Hy uitgenooi as Gas. Maar daar het Hy Sy heerlikheid geopenbaar. Jesus kom nooit met leë hande na ons toe nie. Waar Hy uitgenooi word, kom Hy om te gee; waar Hy verwelkom word, kom Hy met Sy gawes. Waar ons iets aan Hom gee, gee Hy Homself. Ons verwag in die reël te min van Hom.

Hulle wat aan Christus gee, ontvang baie meer terug as wat hulle gegee het, ooreenkomstig Sy woorde: En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van My Naam verlaat het, sal honderdmaal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe (Matt. 19:29).

1 April

Lees Luk. 24:30-35. **Teks:** Luk. 24:31.

GEOPENDE OË

Ons tafelgebede is dikwels gewoontegebede wat gedagteloos uit-

gespreek word. Jesus se tafelgebed daar in die eenvoudige eetvertrek van die Emmaüsgangers was totaal anders. In Sy aangrypende gebed, egter, het die twee manne Hom nog nie herken nie. Eers toe Hy die brood breek en dit aan hulle gee, is hulle oë geopen. Dit was nie die klank van Sy stem nie, nog minder die spykerwonde in Sy hande — soos dikwels beweer word — nee, dieselfde God wat hulle oë daar op die pad weerhou het, het dit op Sy tyd deur 'n wonderwerking geopen. Nou erken hulle die vreemdeling! Dit is Jesus, die Gekruisigde, wat uit die dood verrys het as Oorwinnaar oor dood, graf en doderyk!

En wat doen hulle dan? Stort hulle hul aanbidding en dankbaarheid voor Hom uit? Ons lees hulle het dadelik na Jerusalem gegaan en daar aan die dissipels vertel wat gebeur het. Vir almal wat glo in die Opstanding van Jesus Christus wag daar 'n taak, 'n werk, 'n roeping. Ons moet die blye boodskap van die lewende Heer uitdra aan almal wat behoefte het aan die troos van Sy opstanding. Deur woord en voorbeeld moet ons voor die wêreld en die mense bely: Ons glo in 'n lewende Heiland, die Heer van 'n lewende Kerk, die Christus van 'n lewende Christendom!

Die Christelike godsdiens is die enigste godsdiens wat 'n lewende Verlosser bely! Dit is die enigste godsdiens wat uit die hemel kom. Al die ander godsdienste is deur die mense self uitgedink. Daarom kan ons sing: Triomf, triomf, Immanuel rys uit die graf! Die dood en hel buk voor Sy magsbeskikking!

2 April

Lees: Luk. 24:36-49. **Teks:** Luk. 24:48.

CHRISTUS SE GETUIES

Lukas gee vir ons 'n baie beknopte en onvolledige verslag van die verskynings van Jesus ná Sy opstanding. Hierdie opsomming het uitgeloop op die roeping en taak wat die verrese Heiland vir Sy dissipels gestel het: En julle is getuies van hierdie dinge.

Die taak van 'n getuie is om die waarheid, die hele waarheid en niks anders as die waarheid te vertel nie. En hierdie taak het nou op die hart en gewete van die dissipels van Jesus gelê. Dit het 'n geweldige verantwoordelikheid meegebring. Hulle is boodskappers van Christus om te verkondig wat hulle gesien, gehoor en ondervind het. Hulle is getuies van die feit dat Jesus Christus na die wêreld gekom het en dat Hy gely en gesterf het en op die derde dag opgestaan het uit die dood. Hulle het Hom gesien, hulle het Hom hoor praat, hulle het na Sy hande en voete gekyk en hulle het Hom aangeraak. Hulle is verder getuies van Sy opdrag dat aan al die nasies bekering en vergewing van sondes in Sy Naam verkondig moet word. Dus:

Getuies van Jesus se versoenende lyde en sterwe.

Getuies van Sy opstanding uit die dood.

Getuies van Sy bevel om die evangelie aan alle volke te verkondig.

Van hierdie drie waarhede moet ons as volgelinge van Jesus, midde in hierdie wêreld van haat en vyandskap, verderf en dood, getuig. Dit is nie net die taak van die ampsdraers van die Kerk nie, maar die taak van elke Christengelowige. Elkeen moet met woord en daad getuig. Niks meer, maar ook niks minder nie. Die óórtuigingswerk word deur die Heilige Gees gedoen.

Ek glo, daarom spreek ek. Ek glo, daarom sing ek. Ek glo, daarom handel ek.

3 April

Lees: Joh. 20:11-18. **Teks:** Joh. 20:16.

EK SLAAN MY OË OP NA DIE BERGE

As mense is ons dikwels so aardsgebonde. Teleurstellings in die lewe kan ons so ontmoedig. Wanneer ons arm is in aardse goedere, begeer ons rykdom. Wanneer ons ideale nie verwesenlik word nie, raak ons mismoedig. Siekte kan ons swartgallig maak. So dink ons in die meeste dinge aan ons eie belange. As dit met ons in die lewe voorspoedig gaan, dan is alles goed. As ons geen uitsig het nie, dan is daar geen verwagting meer nie. Dit is dan wanneer die son se strale vir ons verdof en alles sy werklikheid verloor. Jou medemens lyk onbereikbaar en almal kom vyandig voor.

So is Maria deur haar smarte verblind — deur haar eie persoonlike verlies in die dood van Jesus — dat sy niks meer opmerk nie. Sy merk nie eens dat dit Jesus is wat by haar staan en dat Hy lewe nie.

Jesus noem haar op haar naam om haar te laat ontwaak uit haar smart. Jesus vind haar in haar smart. Magtig en gebiedend klink Sy stem, dog begrypend en sonder enige verwyt.

So wil die Here ons ook op ons naam noem. Hy wil die gebrokenes van hart en verslaenes van gees weer oprig. Want kyk Jesus Christus is nie dood nie. Hy lewe en die dood heers oor Hom nie meer nie. Hy het vir ons die dood as die laaste vyand oorwin. In al ons struikelblokke is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

„Ons slaan ons oë op na die berge: waar sal ons hulp vandaan kom? Ons hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het!" Want:—

Ja, Jesus leef, dit weet die hart
wat Hom gelowig soek in smart;
die siel wat biddend op Hom wag,
sal Hy altoos vervul met krag;
Hy wil in liefde nedersien
op wie in ootmoed Hom wil dien.
Ges. 134:3.

4 April

Lees Ps. 24:1-10 en Joh. 20:19 en 20. **Teks:** Joh. 20:19.

'N DEUR VAN HOOP

Dit is die opstandingsdag, die eerste dag van die week, die dag van die Here. Maar dit is al aand. Baie het reeds dié dag gebeur. Meer heerlike dinge, ryk en onherhaalbaar sal nog in die aand gebeur.

Jesus se graf is leeg. Sy liggaam rus nie meer in die graf nie. Die elf dissipels is bekommerd. Hulle sluit die deur waar hulle vergader het. Daar is onrus en angs in hul harte. Die Jode, die teëstanders van Christus, mag op hulle toeslaan en nuwe arrestasies maak.

Dan onverwags gaan die deur vanself oop. Wat gaan gebeur? Hulle veiligheid en beskerming is daarmee heen. Maar nee! Kyk dit is Jesus wat binnekom met die groet „Vrede vir julle!" Hierdie groet wat gewoonlik betrekking het op welsyn en gesondheid kry hier 'n dieper betekenis. In die groet van Jesus word dit 'n vrede op grond van Sy vergifnis van sonde op grond van Sy opstanding en oorwinning oor die dood.

Ons kan ons ook nie afsluit vir alles wat ons lewe bedreig nie. Daar is geen deur wat leed, siekte en dood kan keer nie. Die Paasfees word 'n oopbreking en bevryding van alles wat ons bedreig.

Hy het die dood vir ons oorwin. Hy is ons vrede en ons veiligheid. In die vrede van Christus is daar geen rede meer om bang te wees nie.

Paasfees beteken dat daar vir Christus geen geslote deure meer bestaan nie. Ook vir ons as sondaars het die dal van Agor tot 'n deur van hoop geword.

Laat ons ons mensehart oopmaak vir Jesus Christus, want Hy is ons vrede. „Hef op julle hoofde, o poorte, ja hef op, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!"

5 April

Lees Joh. 20:24-31. **Teks:** Joh. 20:28.

DIE WEERSTAND GEBREEK

Omdat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat, is die weerstand van ons mensehart teen die evangelie van Jesus Christus begryplik. Dié weerstand openbaar hom dikwels in die kritiese gees.

So sê Job: „Gaan Hy by my langs, dan sien ek Hom nie, en Hy skuif verby, sonder dat ek Hom bemerk." So sê Jeremia ook dat God hom oorreed het, omdat God vir hom te sterk was. Ook Paulus is in die stof neergeslaan, sodat hy moes antwoord: „Here wat wil U hê dat ek moet doen?

Ook ons kom dikwels in twyfel. Ons vra na die sin van ons leed, droefheid en ellende in die lewe. Is Hy 'n God van liefde, dat Hy dit alles toelaat? Daarom sê sommige: Ek sou wel wil glo, maar ek kan nie!

Jesus toon ons dat Hy aarselende en twyfelende mense nie wegstoot nie. Die Kerk is gebou uit mense wat dit soms moeilik gehad het. Die evangelie bewys altyd sy krag in die oorwinning van struikelblokke.

Die liefde van Jesus Christus oorrompel ons. Soos vir Thomas, sê die Goeie Herder ook vir ons: „Wees nie ongelowig nie, maar gelowig." Die Here waarsku dat daar 'n tyd sal kom, wanneer die mense sal wil glo op grond van wat hulle sien en dat daar 'n tyd sal kom, wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie. Vir die geloof is die verkondiging van die blye boodskap van ons verlossing in en deur Jesus Christus, beslissend vir alle tye. Waar die Woord van die Here tot ons spreek, word ons weerstand oorwin.

„En dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is.

6 April — VAN RIEBEECKDAG

Lees Joh. 20:19-21. **Teks:** Joh. 20:21.

ONS CHRISTELIKE OPDRAG

Dis meer as driehonderd jaar gelede dat die volksplanting aan die Kaap die Goeie Hoop begin het. Ons sien in die totstandkoming van ons volk die hand en die wil van God.

Ons dank God dat die koloniste Christene was, wat die Naam van die Here bely het. Dit was die wil van God dat 'n nuwe land bewoon sou word en 'n nuwe volk sy beslag sou kry. Dit was egter ook die wil van God dat die lig van die evangelie sal skyn en Sy Koninkryk uitgebrei word.

Die dissipels het 'n opdrag ontvang: „Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Hierdie opdrag geld ook ons.

Ons kan nie passief wees in die heil in en deur Christus aan ons geskenk nie. Ons kry 'n opdrag wat nooit klaarkom nie — 'n opdrag wat moeite en stryd bring. Weg is die salige rus, want moeisame arbeid wag. Ons lewe is geen godsdienstige droom nie, maar rustelose arbeid. Om in Christus te glo, is om 'n opdrag te hê. Die Kerk word gestuur

om die evangelie te verkondig aan die eie volk, sowel as aan die heidene in ons midde.

Dis nie 'n saak vir enkelinge in die Kerk nie, maar 'n saak vir die Kerk as geheel, vir elke lidmaat wat hom Christen noem. Om gestuurdes te wees, moet ons self God ken. „Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie. En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie. En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek!"

Of die evangelie aanvaar sal word, bly die verantwoordelikheid van hulle wat dit hoor.

Ons Kerk en haar lidmate is verantwoordelik dat dit aan almal, ook die heidene, verkondig sal word. Die geloof is óók 'n onderhouding van Gods gebooie.

7 April

Lees Joh. 21:15-17. **Teks:** Joh. 21:16.

HET JY MY LIEF?

God is liefde. Sy liefde gaan uit tot ons as sondaars. In die voetwassing van Sy dissipels het Jesus getoon dat Sy liefde 'n dienende liefde is. In Sy kruisiging het Jesus openbaar dat Sy liefde 'n gewende en offerende liefde is. „So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Sy liefde soek en vra egter na wederliefde. Wat Jesus vir Petrus gevra het, vra Hy nou vir ons. Maar ook ons het die Here dikwels verloën. Ons is ook so diep gesink, so diep ellendig.

Ons het so maklik en voortvarend die Doopbelofte afgelê, maar in die opvoeding van ons kinders is weinig tyd vir die Here. In die huwelik het ons so maklik voor God trou aan mekaar belowe, en tog watter onrusbarende egskeidingsyfer. Ons het so maklik by ons geloofsbelydenis bely om die sonde te versaak en 'n Christelike lewe te lei, en tog watter afval en sedelose verwildering is daar nie.

Hoe dikwels moes ons die Here bely, maar het ons geswyg. Weet dan dat die Here sê: „Elkeen dan wat My sal bely voor die mense hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is."

Hoe dikwels het ons ons geskaam vir die evangelie van Jesus Christus deur lafhartig te swyg. Weet dan dat die Here sê: „Want elkeen wat hom skaam vir My en My woorde in hierdie oorspelige en sondige geslag, vir Hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam, wanneer Hy kom in die heerlikheid van Sy Vader."

Het ons Hom nog lief? Die Here vra van ons 'n antwoord. In ons sonde wil ons liewer wegvlug. Maar in berou kan ons soos Petrus sê: „Here U weet dat ek U liefhet."

8 April

Lees Joh. 21:18-22. **Teks:** Joh. 21-22c.

VERHEERLIK GOD OOK IN EN DEUR JOU LYDING

Wanneer die Here ons beveel om Hom te volg, word dit nie 'n bysaak in ons lewe nie, maar eis Hy ons geheel en al op. Dit moes Petrus ervaar. Petrus wat die Here driemaal verloën het en nou driemaal bely het, ontvang vergifnis en word weer in diens geneem. Om God te dien is genade.

Dit maak Petrus dankbaar. Maar hy moet weet dat om die Here te dien, beteken om dit moeilik te kry. Jesus voorspel Sy lyding en martel-

dood. Hy sal egter nie verniet ly nie, maar God deur Sy lyding en dood verheerlik. Nog eenmaal is Petrus begaan oor Johannes, dog die sonde word in die kiem gesmoor. As ons wegkyk na ander, verloor ons Hom wat ons voorgaan, uit die oog.

Om Hom te volg, om die ewige lewe te verkry, moet ons alles wat op ons pad kom aanvaar. Ons begryp soms nie waarom die een mens meer moet ly as die ander nie. Dan kan die Here ons ook antwoord: „Wat gaan dit jou aan as die ander meer besit as jy, — gesond is terwyl jy siek is!"

Die Here vra dat ons Hom op die weg van ons lyding sal dien. Ons moet Hom in en deur ons lyding verheerlik. Ons lyding ter wille van die saak van die Here, is tog verkiesliker as 'n lewe buite Jesus om. „Want niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die Koninkryk van God nie." Ons moet dus soos Petrus tevrede wees, want die Here bestem ons lyding na Sy wil oor ons. Ons moet nie kyk na ander nie, maar ons oë opslaan na die opperste Leidsman en Voleinder van die geloof.

Deur ons lyding kry ons gemeenskap aan die lyding van Christus, sodat ons straks ook deel mag hê aan Sy opstanding.

9 April

Lees Joh. 21:1-14 en I Sam. 6:14. **Teks:** Joh. 21:5 en 6.

DANKDAG VIR DIE OES

Gedurende hierdie tyd van die jaar is die vooruitsigte vir 'n goeie of slegte oes in groot dele van ons land reeds bepaal. Elke boer is besig om sy berekening te maak. Die gevaar bestaan dat ons selfgenoegsaam oor ons aardse seëninge kan raak.

In die dae van Samuel was die volk besig om die oes in te samel. Toe die ark terugkeer, was dit tekenend van Gods genadeverbond in Jesus Christus. Hulle slaan hul oë op en dank God.

Ons moet ook ons oë opslaan en God dank. Soos die volk van Bet-Semes te midde van die oesdrukte hulself om die ark skaar, so kom ons in die Kerk om God te dank vir Sy Genade in Christus Jesus, waarby inbegrepe is die seëninge van die oes.

Die dissipels van die Here het niks gehad om te eet nie. Op die bevel van Jesus: „Gooi die net aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry," het hulle 'n menigte van visse gevang. Jesus sorg vir ons. Hy heers oor die natuur. As die oes weens droogte dreig te misluk, skenk Hy reën en spysig Hy Sy volk.

Deur ons ontrou verdien ons geen seëninge nie. Maar God bly getrou in weerwil van ons ontrou. Pasop vir valse gerustheid. Laat ons ootmoedig in ons seëninge wees, want die Heilige God duld geen hoogmoed nie.

Sommige skryf die welslae van die oes aan hul bekwaamheid en arbeidsaamheid toe. As God nie reën en wasdom gee nie, staan ons as mense, as volk magteloos.

Die ganse volk, stedeling en boer moet die Here dank, want Hy gee ons ons spyse dag na dag. As Christus Homself as die hemelse brood gegee het tot spysiging van ons siele, hoe sal Hy nie des te meer ons die daaglikse brood tot spysiging van ons liggame skenk nie.

10 April

Lees I Kor. 15:1-11.

Sondag na Sondag doen die gemeente van die Here belydenis van sy Christelike geloof. In hierdie Skrifgedeelte vertel Paulus van die

Opstanding van Christus wat in die evangelieverkondiging baie belangrik is. Die evangelie wat Paulus verkondig het en wat aangeneem is deur die gemeente, is vir hulle redding as hulle ook daaraan vashou.

Maar die inhoud van dit was Paulus verkondig het is nie maar losstaande gedagtes nie, nee dat Jesus gesterf het vir ons sondes, dat Hy begrawe is, dat Hy die derde dag opgewek is, is gebeurtenisse wat ooreenkom met die voorsegginge van die Skrifte. Paulus gaan dan verder en bring verskillende geleenthede in herinnering waar Jesus na Sy opstanding verskyn het aan mense. Oor die kruisiging en begrafnis van die Heer bring hy hier geen verdere besonderhede nie, aangesien dit nou gaan oor die Opstanding. Hy sê baie van dié wat Hom gesien het na Sy opstanding is reeds dood maar ander het nog gelewe toe hy hierdie brief geskryf het. Paulus eindig hierdie gedeelte deur ook van homself te vertel dat ook hy die Here gesien het. Dit was naamlik op Sy reis na Damaskus. Hoewel daardie verskyning van Paulus 'n apostel van Jesus Christus gemaak het, ag Paulus homself as die geringste van die apostels juis omdat hy in sy lewe die gemeente van God vervolg het. Nogtans, deur die genade van God kon hy oplaas oorvloediger werk as almal.

Maar, sê hy, wie ook al, hy of enige van die ander apostels, gepreek het, die bedoeling bly uitsluitlik dat die gemeente moet glo.

Ons moet vasklem aan die geloof dat Jesus Christus vir ons sondes aan die kruis gesterf het, dat Hy opgestaan het tot ons geregtigheid, dat ons in Hom ook sal opstaan en met Hom sal wees.

11 April

Lees I Kor. 15:12-19.

Paulus begin hier met die verklaring dat daar gepreek word dat Jesus opgewek is uit die dode. Eintlik is die opstanding van Christus die vervulling van die beloftes van God. Die dood het die mens se lot geword as gevolg van die sonde. Alle mense het in Adam gesondig en daarom is alle mense onderhewig aan die dood. Jesus Christus het egter in die vlees gekom. Hy het mens geword soos ons, maar sonder sonde. Hy het Homself as losprys vir die sonde gegee. Hy het aan die kruis gesterf. Die prys het Hy betaal. As Hy egter dood gebly het, sou nog net een meer gesterf het. Hy het egter opgestaan. Hy het die dood oorwin en Hy lewe. Nou sê Paulus aan die gemeente as daar party is wat nie glo aan die opstanding uit die dode nie, dan het Christus ook nie opgestaan nie. En as Christus nie opgewek is nie, dan is die hele prediking tevergeefs en nutteloos. Dit sou geen betekenis hê om net vir hierdie lewe op Christus te hoop nie.

Dan sou mens nog in jou sonde wees en jy sal seker die ellendigste van alle mense wees.

Maar, Christus is opgewek. Hy het die dood oorwin. En ons as mense en gelowiges, hou deur die genade wat aan ons gegee is, vas aan die sekerheid dat Christus opgestaan het en dat ook ons in Hom sal opstaan en ewig met Hom sal wees.

12 April

Lees I Kor. 15:20-22 en Mark 16:1-8.

Die geskiedkundige feit van die opstanding van Christus, wat in die vorige deel van 1 Kor. 15 deur die apostel, ook met mense as getuies, voorgelê is, word nou in hierdie verse verder gevoer. Waar nou die heilsfeit van die opstanding van Christus gestel is en Christus ook as eersteling van dié wat ontslaap het, aangedui word, kom die geheel-

beeld na vore. Die dood is deur 'n mens, so is die opstanding uit die dode deur 'n mens.

Alle mense sterf in Adam. Alle mense word in Christus lewend gemaak. Sonder uitsondering is alle mense van alle eeue verbind aan Adam. Alle mense is derhalwe draers van die erfsonde. Die gang van menswees is daarom: gebore word en sterwe. In die volheid van die tyd is Christus Self uit 'n vrou gebore, hoewel sonder toedoen van 'n man. Hy is gekruisig, het gesterf en is begrawe. Maar Hy het opgestaan uit die dode. As plaasvervanger van die menslike geslag vernietig Hy die dood.

So is Hy die oorwinnaar en ons Verlosser en Skenker van die Lewe, sodat of ons lewe en of ons sterwe ons aan Christus behoort, want deur Sy oorwinning van die dood word ons natuurlike dood 'n nuwe geboorte, 'n geboorte tot die ewige lewe. Die doodsdae word 'n dal van doodskaduwee. En die skaduwee hou vir ons die heerlikheid in dat die Wonderbare Lig van die lewe en liefde van Christus daaragter is.

13 April

Lees I Kor. 15:23-28.

In hierdie Skrifgedeelte handel Paulus oor die orde wat voer na die voleinding van alle dinge. Hy bepaal hom by die gelowiges. Sy brief is immers aan 'n gemeente van die Here gerig. Hy stel dit so dat Jesus Christus, die Oorwinnaar van die dood, die eersteling is; daarna dié wat aan Hom behoort. Die laaste, maar tegelyk die grootste van alles, is wanneer God alles in almal is.

Die apostel hou in gedagte dat na die opstanding van Christus ook die gelowiges hier op aarde nog aan die natuurlike dood onderworpe is, dat hier op die aarde die gelowiges nog geteister word deur bose wêreldmagte en vyande, bose geeste in die lug en die satan. Die gelowige is gedwing om 'n stryd ten bloede toe te stry om staande te bly. Die gelowige mag nie moeg of mat word nie, maar moet aanhou om goed te doen en die kwaad deur die goeie te oorwin. Die gelowige weet dat Christus die Oorwinnaar is, dat in Hom veiligheid en lewe en saligheid is.

Hy onderwerp alles, en as die totale onderwerping daar is, aan die einde van die tyd, bied die Seun alles aan die Vader sodat God alles in almal sal wees.

Ons as gelowiges ontvang deelgenootskap hieraan omdat ons die voorwerpe is van die onuitspreeklike liefde en genade, deur ons Here Jesus Christus.

14 April

Lees I Kor. 15:29-34.

In hierdie gedeelte van die Skrif kom die apostel by die praktiese en alledaagse dinge in die gemeente en onder die gelowiges.

Die sentrale gedagte is die feit van die opstanding. Niks wat enige gelowige doen, selfs om hom vir die dode te laat doop — hoe 'n mens hierdie saak ook al verklaar kom eintlik nie op aan nie — sou enige betekenis hê, as daar geen opstanding uit die dode was nie. Enige redenering wat die opstanding loën voer nêrens heen nie. Dan sou martelaarskap, offer of wat ook al nutteloos wees. Selfs die stryd teen die sonde sou waardeloos wees.

Aangesien daar altyd, soos ook in die gemeente van Korinthe, mense sal wees sonder kennis van God, vermaan Paulus ons om nugter te

wees op die regte manier, om versigtig te wees en altyd te onthou dat baie praatjies wat nie sinvol is nie, goeie sedes bederf.

Hoewel dit altyd vir ons mense die wonderlikste heilsfeit bly wat ons nie kan deurgrond nie, het ons vrymoedigheid om soos Thomas te sê: „My Here en My God." En as die Here Jesus na Sy opstanding sê: „Salig hulle . . ." is dit steeds ons bede dat dit vir elkeen van ons ook sal wees. Daarom neem ons die vermaning ter harte om nie te sondig nie.

15 April

Lees I Kor. 15:35-49.

In hierdie gedeelte van die hoofstuk antwoord en verduidelik Paulus die vrae wat gestel word oor hoe die opwekking sal wees. Hy neem die beeld van saad wat gesaai word. 'n Korrel word gesaai en 'n halm en blare kom te voorskyn.

So is daar wel verband tussen die saadkorrel en die graanstoel maar dis nie dieselfde nie.

So het God aan alles Sy eie liggaam gegee. Alle vlees is nie dieselfde nie, die heerlikheid van die hemelse liggame is anders as dié van die aardse.

So is dit ook met die opstanding. Daar word in verganklikheid gesaai, maar in onverganklikheid opgewek. 'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek.

Die eerste mens Adam het deur die asem van die lewe in sy neusgate 'n lewende siel geword en die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.

Hier op die aarde dra ons die beeld van die aardse mens. Die aardse mens onderhewig aan sonde, teëspoed, honger, verminking, teleurstelling, ja, ook aan die dood.

Die beeld van die aardse mens is dié van die pelgrimsreisiger na die einde. Nogtans, op die reis word die gelowige begenadig met die geleentheid om te kan bely. Die Here is my herder, niks sal my ontbreek nie; en om aan die rand van die graf ook nog te weet: in Hom sal ons die beeld van die hemelse dra, want Sy graf is leeg bevind.

16 April

Lees I Kor. 15:50-58.

In hierdie laaste verse van die hoofstuk is dit of die apostel die eindoorwinning reeds in sig het.

Wanneer die laaste basuin blaas, sal daar natuurlik nog mense op die aarde wees. Dan sal daar 'n verandering kom. Dan sal daar 'n ander orde intree. Die verganklike is dan tot niet en die onverganklike neem die plek daarvan in. Die sterflike word beklee met onsterflikheid.

Die dood is verslind in die oorwinning. Die dood wat geheers het vanaf Adam is vernietig. Nooit heers die dood weer nie. Paulus sing eintlik 'n loflied as hy sê: „Dood, waar is jou angel? Doderyk waar is jou oorwinning? Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus."

Onuitspreeklik is die heerlikheid van die oorwinning. Jesus leef en ons met Hom.

Daarom is daar sin in die lewe. Daarom is dit van betekenis dat die gelowige moet volhard in die geloof. Gelowiges is toekomsmense, hulle staan standvastig wat betref die waarheid van die heilsfeite. In liefde en met ywer is hulle steeds besig in die werk van die Here. Hulle weet dat hulle toekoms verborge is by God. So het ons gelowiges steeds 'n

taak in hierdie lewe. Ons is immers die sout van die aarde en die lig van die wêreld. Ons moet in Jesus Christus die lewe vir ons medemens smaaklik maak en vir hulle die pad na die ewigheid lig maak, verlig deur die woord van God.

17 April

Lees Rom. 5:1-5.

ONS VREDE

Waar nie vrede is nie, is die verhoudinge vertroebel, deur een of ander gebeurtenis versteur. Daar het wanverhoudinge ingetree, vyandskap het ontstaan.

Dit was die toestand waarin die mens gelewe het, dit was sy verhouding tot God. Na die sondeval het die mens in vyandskap met God geleef. Die skepsel het teen sy Skepper in opstand gekom. Hy het sy hand uitgesteek na die verbode vrug, en daarmee het hy hom teen God verhef en Gods gebod oortree. Hiermee is die vrede versteur, daar het vyandskap gekom. Met die vyandskap het ook vrees in die mens se hart gekom, sodat hy vlug as hy God hoor.

Christus het gekom terwyl hierdie toestand geheers het. Hy het gekom om dit op te hef, om die wanverhouding te herstel, om vrede te bring waar daar vroeër vrede was en moet wees, vrede tussen God en die mense. Daarvoor het Christus mens geword, gely en gesterf, opgestaan en opgevaar na die hemel.

Hy het die vrede gegee wat sigbaar word in die verhouding Vader en kind. God is in Christus ons Vader en ons is Sy kinders. Jesus Christus is ons VREDE.

18 April

Lees Rom. 5:1-5.

ONS ROEM

Paulus konstateer hier: en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God. Hy is dankbaar en bly vir die verlossing deur Jesus Christus bewerk. Hy roem in die hoop. Hy het nog nie die heerlikheid waarvan hy praat nie; maar hy is so seker daarvan dat hy nou al daarin roem. Hy weet seker hy sal dit kry. Jesus Christus is die waarborg van hierdie sekerheid.

Hy roem in die hoop op die heerlikheid van God. Hierdie heerlikheid is iets totaal anders as wat die mens hier ken. Dit kan nie in menslike taal beskryf word nie. Dit is Goddelike heerlikheid, dit het in die hart van geen mens opgekom nie, geen oor het dit gehoor nie. Dit lê buite hierdie wêreld met al sy onvolmaaktheid. Paulus is verseker dat hierdie gans andere heerlikheid ook vir hom beskore is.

Elke mens wat hiervan seker is, sal en kan en moet juig en jubel en roem. Hulle sal elke dag met blydskap daarna uitsien en dit tegemoet leef. Nou sien ons nog deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Dan ken ons hierdie heerlikheid ten volle; en is die erfgename daarvan.

Die vraag van lewensbelang is, of ons die heerlikheid so tegemoet leef en so daarna uitsien en so daarvan versekerd is dat ons nou reeds daarin roem? Doen ons dit ook wanneer daar teenspoed op ons pad is?

Maak dan ook vandag 'n dag van roem in die hoop op die heerlikheid van God.

19 April

Lees Rom. 5:6-11.

DIE LIEFDE VAN GOD

Dit gaan hier om die liefde van God vir ons. Dit gaan om die liefde waarvoor ons net in aanbidding moet buig. Ons kan die liefde nie verstaan of verklaar vanuit ons menslike lewe nie. Ons het gewoonlik die lief wat ons liefhet of wat aan ons op 'n besondere wyse verbind is.

God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Daar was by ons niks waarom God ons sou liefhê nie. Inteendeel.

Paulus konstateer as feit dat God ons liefhet. Voordat Christus vir ons gesterf het kon daar miskien nog twyfel wees oor die liefde van God vir hierdie sondige mense; maar nou kan niemand meer twyfel nie. Alles is nou vervulde werklikheid. In wat op Golgota plaasgevind het, is die wonderliefde van God geopenbaar.

Die skrywer kyk nou terug na die kruisgebeure, die dood, die opstanding van Jesus Christus. Alle onsekerheid, alle twyfel, elke vraag wat daar kon wees, is oortuigend beantwoord. Christus het oorwin, Hy het ons verlos. In hierdie volbragte werk van Christus sien ons hoe groot Gods liefde teenoor ons werklik is. God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

20 April

Lees Rom. 5:12-17.

ADAM VAN DIE DOOD EN ADAM VAN DIE LEWE

As ons aan Adam dink, kom die hele skeppingsgeskiedenis ons voor die gees. Mens dink dadelik aan die harmonie tussen Skepper en skepsel. Daar was geluk en die regte verhouding . . . Maar helaas, hier het die mag van die sonde deurgedring, die mens het in sonde geval, toe het hy voor God gevlug. Die loon van hierdie sonde het in sy lewe gekom: die dood. So het die eerste Adam, die vader van die menslike geslag, die dood oor ons almal gebring. Nou is ons almal sondaars voor God, skuldig voor God.

Maar daar was ook 'n tweede mens. Hy was ons in alles gelyk behalwe die sonde. Hy is uit 'n mens gebore. Maar Hy was tegelyk ook die Seun van God, die Woord wat Vlees geword het. Hy word ook die tweede Adam genoem. Albei mens, albei word Adam genoem en tog is hulle nie gelyk nie, en ook nie hulle dade nie.

As ons aan Jesus Christus dink, dan kom daar voor ons die eenvoud van die krip en die herders in hulle hulde. Daar verrys voor ons die tuin van Getsemané, die reghuis van Pilatus, en die kruis van Golgota. Dit is geen heerlike beeld nie. Hier geen teken van harmonie en welwillendheid nie. Christus word sonde vir ons. Hy word soos 'n misdadiger gekruisig, omdat Hy in ons plek daar staan. Hy sterf sodat ons kan lewe. Hy het die vervloeking van die sonde weggeneem, die ongeregtigheid wat deurloop van Adam af het Hy weggeneem. Die mens Jesus Christus, die tweede Adam, is die Adam van die lewe. Hierdie seën van die lewe gee Hy aan hulle wat in Hom glo.

21 April

Lees Rom. 6:1-7.

CHRISTUS SE STERWE EN ONS STERWE

Ons sou die ewige dood ontvang omdat ons gesondig het, ons was verlore sondaars, met geen hoop en uitsig vir die ewigheid nie. Daar het skeiding tussen God en die mense gekom. Die mense se vermoëns

en sy werke kon hierdie skeiding nie afbreek nie. Die mens kon die ewigheid nie verwerf nie, hy kon nie opklim na die hemel nie, hy kon die dood, die loon van die sonde, nie oorwin of ontkom nie. Hy sou die dood sterwe en vir tyd en ewigheid verlore wees.

Nou leer die Bybel ons dat ons sal lewe, nie deur onsself nie, maar omdat Christus in ons plek gesterf het. Hy het ons dood op Hom geneem, Hy het ons skuld gedra, Hy het in ons plek aan die kruis gehang. Wie in My glo, sal lewe al het hulle ook gesterwe, is die versekering wat Christus ons gee.

En tog is hier in Romeine 6 sprake van sterwe. Daar staan: Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin leef? Hier word verwys na 'n sterwe wat reeds plaasgevind het. En die persone wat gesterf het word nog aangespreek, hulle is dus nie dood in die gewone sin van die woord nie: Hulle is net dood ten opsigte van die sonde.

Ons moet dus ook sterf. Maar hierdie sterwe is nie tot regverdigmaking nie, dit het Christus vir ons reeds gedoen. Ons sterf nie om ons skuld te betaal nie. Ons moet die sonde afsterf. Ons moet net dood wees vir die sonde en sy invloed in ons lewe. Ons sterf die sonde af en kom al nader aan God. Hierdie sterwe is ons heiligmaking, ons leef almeer na Gods gebod. Ons vra almeer: Wat wil U hê moet ek doen?

Met hierdie vraag is ons so besig en ons lewe is so gevul met die najaag van die dinge wat God wil dat daar nie plek en tyd is vir die onreg nie.

Christus het vir ons gesterf, ons sterf die ou mens af.

22 April

Lees Rom. 6:8-11.

ONS LEWE

Die gelowige sterwe vir die sonde, hulle het as 't ware saam met Christus aan die kruis gesterf. Maar daar staan in vers 8: as ons saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe. Na die sterwe staan ons dus op tot 'n nuwe lewe. Hierdie dood is die oorgang tot 'n nuwe godgewyde lewe.

Maar Jesus het ook 'n ander waarborg gegee: dat ons die ewige lewe sal kry. Deur Sy koms kan ons nou ons blik op die ewigheid rig. Ons lewe hier, maar in die hart is daar die blydskap van die ewigheid.

Hierdie ewige verwagting en blydskap gee ons lewe nuwe perspektief en krag. Ons kyk nou nie net tot by die graf wat die einde van die aardse lewe aandui nie. Ons kyk veel verder. Ons sien anderkant die graf. Ons kyk na die ewigheid. Ons weet ons sal lewe. Christus sê: Wie in my glo sal lewe; al het hulle ook gesterwe. Daar is nie net 'n nuwe lewe aan hierdie kant van die graf vir die wat glo nie. Daar is ook die lewe aan die oorkant.

Die volle betekenis van Christus se opstanding en oorwinning word eers reg verstaan en waardeer as die laaste basuin blaas. Dan word ons sterflike liggame ook opgewek tot hierdie volle en heerlike lewe in en deur Christus.

23 April

Lees Rom. 6:12-18.

IN DIENS VAN GOD

'n Slaaf werk vir sy heer sonder die keuse of vryheid om te doen of te laat wat hy wil. Hy werk gewoonlik onder dwang. Hy doen wat

hy gesê word om te doen. So was die mense slawe van die onreg en die sondemag. So was hulle magteloos gebonde, hulle kon hieruit nie vrykom nie. Hulle kon hulleself hiervan nie verlos nie. Hulle was slawe in die volle sin van die woord.

Uit hierdie toestand van magteloosheid het God die mense vrygemaak. Hy het hulle losgekoop van hulle slawerny. Hy moes 'n duur prys betaal: dit was die kosbare bloed van sy Seun, Jesus Christus. Nou is hulle nie meer slawe nie, maar vrygekooptes, verlostes. Alleen een wat vry is van slawebande kan gewillig en uit dank diens doen.

Hier word hierdie vrygekoopte mense opgeroep tot diens aan God. Moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van die ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.

Hierdie diens is blye diens, uit dank vir die verlossing. Die verloste kan nie ydel wees nie, maar leef in diens van God die ewigheid tegemoet.

Laat ons elke dag so leef, in diens van God en tot roem en eer van Sy Naam.

24 April

Lees Matt. 19:16-23 en Rom. 7:1-6. **Teks:** Rom. 7:4.

BEHOORT AAN CHRISTUS

Daar is baie mense wat meen om deur middel van eie vermoë vir hulle 'n soort van saligheid te verwerf vir die hede of vir die toekoms. Ons dink byvoorbeeld aan die humanisme, kommunisme en liberalisme. Maar daar is ook baie christene wat die eie vermoë of prestasie hoër stel as Christus. So het ook baie Jode ten tye van die apostels hoër waardering gehad vir die nakoming van die wet as om in Christus te glo. Dit was vir hulle nie so belangrik om aan Christus te behoort nie, maar wel om met hulle eie menslike vermoë en krag die wet letter vir letter na te kom.

In ons skrifgedeelte wys Paulus die Romeine daarop dat Christus die wet vervul het deur Sy lyde en sterwe. Wat die mens in sy onvermoë nie kan doen nie, het Christus gedoen: Hy het die wil van God volbring tot die dood toe. Saam met die liggaam van Christus het die vleesgesinde liggaam van die mens gesterwe. Deur Sy opstanding uit die dode is die mens nou vry van die wet wat hy nie kan nakom nie. Die nuwe mens behoort nou aan Christus, sodat hy tot eer van God vrugte kan dra.

As ons nou terugdink aan die dae wat verby is, waarvan getuig ons werke? Dat ons aan Christus behoort of . . . aan die duiwel? As ons dit eerlik en ernstig bedoel met ons geloofsbelydenis, dan moet ons elke oomblik van ons lewe onthou dat ons aan Christus behoort. Hy wat uit die grond van sy hart toelaat dat sy lewe aan Christus gebonde bly, sal ook vrugte dra tot eer van God.

25 April

Lees Hos. 4:1-6 en Rom. 7:7-13. **Teks:** Rom. 7:7.

ONS KENNIS VAN DIE SONDE

Wat is reg, en wat is verkeerd? Wie worstel nie dikwels met hierdie vraag nie? En dikwels verskil ons siening ook nog van mens tot mens ten opsigte van wat reg en verkeerd is. Hoeveel twis en wanorde ontstaan daar nie gedurig tussen mense as gevolg van verskillende

sienings oor wat reg en verkeerd is. Daarom dat regerende liggame wette en reëls moet daarstel sodat daar orde, rus en vrede onder mense verseker kan word. Maar nou moet die mens die wette en reëls ook ken, anders kan hy dit nie nakom nie. In sy onkunde kan 'n mens 'n wet oortree en so wanorde veroorsaak.

So sê Paulus, leer ons die sonde deur die wet ken. Paulus verwerp nie die wet nie, maar wel die Joodse siening van die wet, want hulle kom die wet ná terwille van eie verdienste en roem. Deur die wet verkry ons kennis van die sonde, want ons sou die begeerlikheid nie geken het as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.

Daarom word die wet tydens die eredienste aan ons voorgelees, sodat ons die sonde kan ken. Volgens ons eie onderskeidingsvermoë kan ons die sonde nie ken nie. Dan sou ons die kwade vir die goeie aansien.

Die wet word ook nie net nou en dan aan ons voorgelees nie, maar wel elke Sondag, want ons onderskeidingsvermoë stomp so maklik af. Die een oomblik weet ons wat sondig is, maar die volgende oomblik het ons dit weer vergeet. Daarom moet ons gedurig na die wet luister en dit ook ter harte neem. Wanneer ons gedurig herinner word aan en kennis dra van die sonde, sal ons ook begrip hê van ons sondige toestand, en hunker na verlossing.

26 April

Lees Ps. 86:1-13 en Rom. 7:14-26. **Teks:** Rom. 7:24.

EK, ELLENDIGE MENS! WIE SAL MY VERLOS?

Die Heidelbergse Kategismus leer ons dat daar drie dinge is wat ons moet weet voordat ons welgetroos salig kan lewe en sterwe. Die eerste wat ons moet weet, is: hoe groot my sonde en ellende is.

Die persoon wat siek is, maar dink dat hy gesond is, sal nie na medisyne soek nie. Hoe intenser iemand bewus is van sy siekte, des te sterker voel hy die behoefte om genees te word. So is dit ook nodig dat ons intens bewus moet wees van ons geestelike krankheid, voordat ons eerlik en opreg behoefte kan hê aan genesing en verlossing deur Jesus Christus.

Dit is wat Paulus bedoel met die woorde: Ek, ellendige mens! Dié mens wat aan die hand van die wet sy sonde leer ken, en ten volle besef dat geen menslike vermoë of krag hom ooit daarvan kan verlos nie, kan nie anders as om diep-verlore uit te roep nie. Ek, ellendige mens! Dit beteken opregte erkenning en belydenis van ons sonde.

Maar nou het dit geen sin dat ons ons sonde erken en bely en ons berus maar daarin en gaan voort op ons sondige weg nie. Die siek persoon wat bewus is van die erns van sy siekte, maar hardkoppig weier om te vra na die hulp van 'n geneesheer, sou ons 'n dwaas noem. So, sê Paulus, moet die mens vanuit sy sonde-erkenning en -belydenis 'n hand uitsteek wat vra na hulp: „Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?"

Hierna volg dan die tweede en derde leerstuk van die Heidelbergse Kategismus wat handel oor die verlossing en die dankbaarheid, wat Paulus as volg saamvat: „Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!"

27 April

Lees Ps. 139:1-10 en Rom. 8:1-11. **Teks:** Rom. 8:11.

HY WOON EN WERK IN ONS

„Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie

dood?" Op hierdie vraag wat Paulus in die vorige hoofstuk gestel het, gaan hy nou voort om te antwoord. Die mens wat tot die dood toe siek is vanweë sy sonde en 'n hand uitsteek met die verwagting om gehelp te word, word nie teleurgestel nie. God kom die sondaar te hulp. Op 'n besondere wyse maak Hy ons Sy weldade in Jesus Christus deelagtig. Hy doen dit deur sy Gees wat in ons wil woon en werk.

Jesus het Sy dissipels belowe dat Hy hulle nie as wese sal agterlaat nie, dat die Vader 'n ander Trooster aan hulle sou gee om by hulle te bly tot in ewigheid, en dat Hy, die Gees van die Waarheid, hulle sou leer en in die hele waarheid lei (Joh. 14-16).

Omdat ons uit onsself hulpeloos is in ons sondige verlore toestand, wil God deur Sy Gees in ons woon en altyd by ons bly. Maar Hy wil nie net in ons woon nie, Hy wil ook in ons werk. God wil ons sterflike liggame lewend maak deur Sy Gees wat in ons woon. Terwyl ons die sterflikheid van ons sondige vlees erken en bely, wil God deur die werking van Sy Gees, terwyl ons na die prediking luister en aan die sakramente deelneem, ons wys op die liggaam van Jesus Christus wat terwille van ons sondes gesterf het, en uit die dood opgestaan het om ons sterflike liggaam lewend te maak.

Laat ons die Gees van God nie bedroef nie, maar laat ons Hom toelaat om in ons te woon en Sy werk in ons te doen.

28 April

Lees Ex. 3:7-10 en Rom. 8:12-17. **Teks:** Rom. 8:15.

KINDERS VAN GOD

God het die ellende van Sy volk in Egipte gesien en Hy het hulle jammerklagte gehoor. Daarom het Hy Moses gestuur om hulle uit die slawehuis van Egipte te lei na 'n goeie en wye land, 'n land wat oorloop van melk en heuning.

So het God ook die ellende van 'n sondige mensdom gesien en hulle jammerklagte gehoor. Hy het Sy Seun na hierdie wêreld gestuur om ons uit die slawehuis van sonde te lei na Sy Huis, 'n Huis vol van vrede en vryheid in Sy kinders. Ons hoef nie meer vreesbevange slawe van die sonde te wees nie. Deur die werking van Sy Gees neem Hy ons aan as Sy kinders, en deur Sy Seun, Jesus Christus, mag ons Hom noem: Onse Vader.

Wat 'n groot en wondervolle verandering mag ons nie ondergaan nie: van slaaf van die sonde na kind van God:

Om kind van 'n ouer te wees, beteken om as kind deel te hê aan die besittings van die ouer. So, sê Paulus, is ons as kinders erfgename van God en mede-erfgename van Christus. Die nagmaalsformulier beskryf vir ons baie mooi wat dit beteken om mede-erfgenaam van Christus te wees: wanneer ons deur die Gees van God waaragtige gemeenskap met Christus het, verkry ons deel aan al Sy goedere, die ewige lewe, die geregtigheid en die heerlikheid.

Wie se kinders is ons? Ongehoorsaam, hardnekkig en afvallig van God, en daarom kinders van die bose, óf opreg gelowig, uit die grond van ons hart kinders van God?

29 April

Lees Rom. 8:18-30. **Teks:** Rom. 8:28.

HEERLIKE EINDDOEL

Wanneer Paulus in hierdie hoofstuk skryf oor die nuwe lewe en die heerlikheid wat die gelowige genadiglik uit die hand van God ontvang,

dan kyk hy nie blindelings by die harde werklikheid van die aardse bestaan verby nie. Al leef die gelowige nie vir hierdie wêreld nie, leef hy nog altyd in hierdie wêreld. Daar is mense, soms selfs sogenaamde Christene, wat onder die verstommende wanindruk verkeer dat 'n Christen nie behoort te ly nie. Sulke mense twyfel dan aan die waarheid van Gods liefde en barmhartigheid. Christus sê self aan Sy dissipels dat Sy volgelinge veel sal moet verduur en ly ter wille van Sy naam.

Wat Paulus nou hier skryf, kom daarop neer dat die aardse lewe naas die mooie en goeie wat dit bied, vir alles en almal ook lyding inhou. Daarom sug die skepping, ook die gelowiges, in die hoopvolle verwagting van die voltooiing van Gods heil in die eindtyd.

Vir hulle wat na sy voorneme geroep is, hulle wat gehoorsaam luister na die verkondiging van die evangelie, en wat God liefhet, werk alles ten goede mee. Ondanks die lyding, hoe moeilik ookal, wat die aardse lewe mag inhou, staan dit volkome vas dat sy heerlikheid in die lewe hierna geopenbaar sal word. Alles wat ons ken, die goeie en die slegte, vreugde en smart, voorspoed en lyding, lei daartoe dat die volkome heerlikheid van God geopenbaar sal word.

Wat 'n heerlike troos besit ons nie onder alle omstandighede van ons aardse bestaan nie! Terwyl ons bereidwillig ons kruis opneem, mag ons die glorieryke einddoel verwag om, as begenadigde erfgenaam van God, saam met Christus te mag deel aan Sy heerlikheid waarmee Hy uit die dood opgestaan het.

30 April

Lees Ex. 15:1-13 en Rom. 8:31-39. **Teks:** Rom. 8:37.

OORWINNINGSLIED

In ons skrifgedeelte bereik Paulus 'n besondere hoogtepunt. Lofsingend beskryf hy die oorwinning van Gods heil oor die sonde.

Die Kerk van Christus bevind hom in hierdie wêreld, waar hy te midde van die aardse bestaan 'n stryd voer teen die voortdurende aanvalle van die sonde. Verdrukking, benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar of swaard dreig om die Christen afvallig te maak van God en die saligheid in Christus te verloën.

Maar, sê Paulus, in alles wat stry teen die Kerk van Christus is ons oorwinnaars — nie sommer gewone oorwinnaars nie, maar meer as oorwinnaars, d.w.s. oorwinnaars met onderskeiding, wat moontlik gemaak is deur Sy liefde tot ons in Christus, Christus wat gesterf het en opgewek is ter wille van ons. En niks kan ons van hierdie oorwinning beroof nie. Geen dood of lewe of magte of enige skepsel kan ons skei van die liefde van God in Jesus Christus nie.

Met hierdie lied in die hart het Paulus en die ander apostels die evangelie verkondig. Ongelukkig het hierdie lied in die hart van die Christelike Kerk dikwels flou en dikwels vals geword deur die loop van die eeue. In die tyd van die Hervorming het hierdie lied weer helder geklink.

Hoe klink ons oorwinningslied vandag? As ons oorwinningslied eg en helder wil klink, dan sal ons dit onder andere moet kan sien aan die volgende: dat ons gemeentes in groot getalle hulle sal skaar rondom die diens van woord en sakrament; dat ons lidmate op so 'n wyse hulle offergawes sal gee dat die diens van die evangelie ongehinderd kan voortgaan; dat die godsdienstige opvoeding van ons kinders getrou nagekom sal word, in die eerste instansie deur elke ouer; en

dat die kerk onwrikbaar vas sal staan in sy stryd teen die goddelose ideologieë, mensverheerliking en skynvroomheid van die kommunisme en liberalisme.

1 Mei

Lees Hand. 1:1-3. Dan. 3:13, 14. **Teks:** Hand. 1:3.

AAN WIE HY OOK NA SY LYDE, HOM LEWEND VERTOON HET

Na Christus se gevangeneming en tydens Sy verhoor voor die Romeinse goewerneur, Pontius Pilatus, het Sy dissipels gevlug. Petrus het wel ná Getsemané van ver af gevolg en in die binneplaas van die huis van die hoëpriester het hy wel by die vuur gaan sit onderwyl hulle Jesus ondervra het, en by die kruis was Johannes wel teenwoordig, maar hulle het, in hulle teleurstelling oor alles wat gebeur het, moed verloor.

In die gesprek van die twee Emmaüsgangers kom die teleurstelling en moedeloosheid duidelik na vore. „Ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos . . ." Op daardie oomblik hoop hulle dit nie meer nie, want Hy is gekruisig en begrawe. Hy kon dus nie die Messias wees nie, is hulle gevolgtrekking.

Watter groot blydskap het daar nie toe in hulle harte herleef toe Jesus Hom na sy lyde lewend aan hulle vertoon. Toe het hulle die bewys ontvang dat die dood geen mag oor Hom kon uitoefen nie.

Gedurende veertig dae sou Hy aan hulle verskyn en deur Sy tekens en wonders bevestig en herbevestig dat Hy die Seun van God is.

Hy was nie slegs 'n Wonderdoener of Wonderkoning nie. Hy is die Gesalfde van God wat aan Sy kinders die ewige lewe, die geregtigheid en die heerlikheid geskenk het. Hy het vir hulle die grootste vyand, die dood oorwin. Sy heerskappy het nie aan die kruis of in die graf geëindig nie.

Hy is die ewige Koning en Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en Sy Koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

2 Mei

Lees Hand. 1:4-9. **Teks:** Hand. 1:6.

SY HEERSKAPPY IS NIE TYDELIK NIE, MAAR EWIG

Die opgestane Jesus is met Sy dissipels op pad vanaf Jerusalem na die Olyfberg. Sy heilswerk, waarvoor Hy na die wêreld gekom het, is volbring. Hy het as Oorwinnaar uit die graf opgestaan. Terwyl hulle aanstap na die plek vanwaar Hy aanstonds in heerlikheid sal opvaar na Sy Vader, praat Hy met die dissipels oor die Heilige Gees wat sal kom. Die koms van die Heilige Gees is die belofte van die Vader waarvan Hy hulle reeds vertel het.

Soos Johannes die Doper al voorsê het, sal hulle met die Heilige Gees gedoop word. Toe vra die dissipels Hom: „Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?"

Wat 'n kortsigtigheid openbaar hulle met so 'n vraag! Nog het hulle nie hul ou Joodse ideale laat vaar nie. Nog steeds droom hulle van 'n aards-Israelitiese koninkryk. Nog steeds koppel hulle Jesus se koningskap aan 'n bevryding uit die Romeinse oorheersing. Hulle grootste begeerte is om verlos te word van die Romeine. As Jesus die heerskappy op Sy skouer neem en die troon van Dawid bevestig, soos die profeet Jesaja voorsê het (9:5, 6), sal dit slegs wees om Israel die eerste volk op aarde te maak.

So het hulle blykbaar gehoop toe hulle saam met Jesus op pad was na die Olyfberg.

Jesus se antwoord op hulle vraag is afwysend. Dit is 'n selfsugtige vraag en dit val buite hulle bevoegdheid om dit te stel.

Wat hulle wel móét weet, sê Jesus aan hulle. Hulle moet in die wêreld Sy getuies wees.

In die geloof in Jesus Christus gaan dit nooit slegs om verlossing uit tydelike nood nie, maar om die ewige.

3 Mei

Lees Hand. 1:8, Matt. 28:16-20. **Teks:** Hand. 1:8b.

JULLE SAL MY GETUIES WEES

Wat in hierdie teks staan is elke gelowige se verantwoordelikheid. Om getuie van Christus te wees, beteken om as onteenseglik waar te vertel dat Christus wat gekruisig en opgestaan het die Seun van God is wat in die wêreld gekom het, dat Hy die dood oorwin het, vergewing van sonde en die ewige lewe geskenk het aan elkeen wat glo. Dit beteken om aan die wêreld te sê: „Die saligheid is in niemand anders nie, en daar is geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is waardeur ons gered moet word nie. „Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus."

Om getuie van Christus te wees beteken om al die geopenbaarde waarhede aangaande Hom voor die wêreld te bely. Dit is veel meer as om net maar iets mee te deel. Dit is om deur die waarheid van die getuienis ander mense so te oortuig dat hulle ook tot geloof in Christus kom. 'n Getuie is ook veel meer as 'n verslaggewer. Hy is ook 'n medewerker van Christus.

Dit is egter geen geringe taak en opdrag nie, want daar is baie vyandigheid in die wêreld waar daar getuig moet word. Dit is van die kant van die ongelowige gesien, ook geen geringe eis om in Christus te glo nie, want mense buig nie graag onder 'n absolute gesag nie en behou graag hulle eie gode waarmee hulle kan doen wat hulle wil.

Christus se getuie word soms uitgelag en verneder. Om getuie te wees sluit dus in die bereidheid om ter wille van Sy Naam te ly, ja selfs te sterf, want die woord vir getuie is dieselfde as die woord waarvan ons woord „martelaar" afgelei is.

Dit verg baie om getuie van Christus te wees. Uit eie krag sal niemand daartoe in staat wees nie. Maar, en dit is die troos, niemand word aan homself oorgelaat nie: „Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom."

4 Mei

Lees Luk. 24:50-53, Ps. 2. **Teks:** Hand. 1:9.

HEMELVAART

Voor die oë van die dissipels het Jesus opgevaar na die hemel. Dit het nie op 'n geheimsinnige manier gebeur nie: Jesus het met Sy dissipels gestaan en praat, die laaste opdrag, dat hulle Sy getuies moet wees, aan hulle gegee, en die belofte dat hulle daartoe in staat gestel sal word deur die Heilige Gees, en „terwyl hulle dit sien" is Hy opgeneem.

Nou is Hy weer waar Hy was voordat Hy na die wêreld gekom het. As lewende God het Hy gekom en as lewende God keer Hy terug na die hemel.

Vandag bely ons dat Hy „opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God die Almagtige Vader . . ." Dit beteken dat

Hy, aan wie alle mag in die hemel en op die aarde gegee is, van daar oor ons regeer. Hy is Koning wat sy onderdane beskerm en versorg. In die hemel is Hy vir Sy kinders 'n voorspraak by die Vader. Daar tree Hy vir ons in en pleit vir ons dat God ons in genade sal aansien. In 1 Joh. 2:1 word dit duidelik gestel: „En as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige."

Nou kan die gelowige ook die sekerheid hê dat die gebede wat hy opstuur, verhoor sal word. „En wat julle ookal in My naam mag vra, dit sal Ek doen."

Hemelvaart is 'n blye feesdag vir die Christelike kerk en vir elke Christus-gelowige. Ons het deur die heilsdaad die versekering dat ons deur God aangesien, onderhou en beskerm word.

Maar dit is nie al wat Hemelvaart vir ons sê nie. Christus het opgevaar om daar vir elkeen wat in Hom glo 'n plek te berei:

„Ek gaan om vir julle plek te berei. En as ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2, 3).

5 Mei

Lees Joël 2:28-32, Hand. 1:8. **Teks:** Hand. 1:8.

DIE KRAG VAN DIE HEILIGE GEES

Die bevel van Christus aan Sy volgelinge om Sy getuies te wees, gaan gepaard met Sy belofte dat hulle daartoe in staat gestel sal word. Om in 'n wêreld waar daar so baie vyandigheid en onverskilligheid teenoor die geloof in Christus en die Christene is, op eie krag en vermoë te steun, sou 'n hopelose saak wees. Dit het Christus in Joh. 15:5 ook baie duidelik gesê: „Sonder My kan julle niks doen nie."

Dit wil ons egter nie altyd besef nie. Ons wil op onsself staat maak en daarom misluk ons so dikwels en raak die spoor byster. Dikwels is ons bang om van Christus te getuig — bang dat mense sal aanstoot neem as ons hulle vermaan, bang ons sal ons populariteit verloor, of dat ons besigheid daaronder sal ly. Soms dink ons dat om van Christus en vir Hom te getuig slegs die verantwoordelikheid is van die ampsdraers in die Kerk. Dan vergeet ons dat elkeen van ons wat glo, 'n taak het ten opsigte van die evangelie. Die belofte van die Heilige Gees deur wie ons krag sal ontvang en die bevel om te getuig kom tot elke gelowige.

Die Heilige Gees is aan ons gegee en ook die sekerheid dat ons in die uitlewing en belydenis van ons geloof in Christus nooit op eie krag hoef te steun nie. In elke lewensomstandigheid is die Gees van God by ons om ons met die nodige krag te omgord en om ons moed te gee.

„Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Filip. 4:13).

6 Mei

Lees Hand. 1:10-11, Luk. 21:25-33. **Teks:** Hand. 1:11b.

WEDERKOMS

Oor die wederkoms van Christus word daar baie dikwels in die Skrif gepraat. Die gelowige se houding teenoor die koms van Christus word ook beskryf. Hy moet gedurig in 'n toestand van afwagting en verwagting wees. Soos daar baie voorbereidingswerk gedoen word in afwagting op die aankoms van die een of ander hoogwaardigheidsbekleër, so moet die Christen maak met die oog op die aankoms van Jesus Christus.

Toe die dissipels, nadat Jesus opgevaar het, na die hemel gestaan en kyk het, het twee engele aan hulle verskyn om hulle weer tot die werklikheid terug te bring. Daar het hulle die versekering ontvang dat Jesus weer sal kom. Net so sigbaar en net so lewend as wat hulle Hom sien wegvaar het, net so sal Hy weer op die wolke van die hemel kom. Almal sal Hom sien.

Waarom sal Hy weer kom? Die antwoord is, soos ons ook telkens bely: „Om te oordeel die lewende en die dode."

Vir die gelowige kind van God hou daardie laaste oordeel geen vrees in nie, want Hy kom om Sy kinders na die Vaderhuis te neem. Maar vir die vyande van Christus is dit die ewige verdoemenis.

Daarom word ons nou in hierdie tyd tussen hemelvaart en wederkoms opgeroep om voortdurend in 'n toestand van gereedheid te wees. Ons moet waak en bid met die oog op die koms van die ewige Koning en Verlosser, Jesus Christus.

7 Mei

Lees Hand. 1:12-14. **Teks:** I Kor. 16:13.

VERWAGTING, WAAKSAAMHEID

„Waak, staan in die geloof . . ." Dit is die houding van die gelowige wat die Here verwag. Vermaninge om te waak kom baie dikwels in die Bybel voor. 'n Bekende voorbeeld is die gelykenis van die tien maagde wat moes wag op die koms van die bruidegom. Die oproep om te waak is nie sonder meer 'n oproep om nie te slaap nie, dit dui op 'n waaksaamheid wat gepaard gaan met gereedheid. Dit is om vanuit die hede in die toekoms in te kyk in gedurige afwagting op die koms van Christus. Die gelowige moet elke oomblik gereed en in staat wees om enigiets op te merk wat sy op die Here gerigte toekoms belemmer. Hy moet so wakker en gereed wees dat hy dit enige oomblik sal raaksien en vermy of afweer.

Dikwels is ons, wat ons Christelike geloof en beginsels betref, net die teenoorgestelde van waaksaam. Daarom is ons so vatbaar en kwesbaar vir dinge wat ons geloof bedreig en wat ons toekomsverwagting uitdoof.

Die oproep om te waak word gevolg deur die bevel om te staan in die geloof. Dit veronderstel, behalwe waaksaamheid, ook aktiwiteit. Nie 'n niksdoen of nie-omgee houding, nie 'n sit of lê nie, maar staan. En die geloof is geen ander nie as die geloof in Jesus Christus, die Oorwinnaar in wie se krag dit altyd moontlik is om staande te bly.

Dit was dan ook die houding van die dissipels toe hulle van die Olyfberg terug gekeer het. Volhardend, waaksaam in die geloof, sou hulle deur die krag van die Heilige Gees as getuies van Jesus Christus die wêreld kon deurgaan.

„Waak, staan in die geloof." Dit is ook vandag en elke dag ons opdrag terwyl ons op die Here wag.

8 Mei

Lees Joël 2:18-32, Hand. 2:14-36. **Teks:** Hand. 2:17 & 18.

'N NAGMERRIEDROOM — 'N HEERLIKE DROOM

Op Pinksterfees in Jerusalem is die eerste preek gehou. Die prediker was die apostel Petrus. In die inleiding van sy preek het hy kortliks verwys na die dinge wat so pas gebeur het. Direk daarna het hy sy teks aangekondig wat hy uit Joël 2:28-32 geneem het, waarna hy begin het om dit uit te lê.

„In die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle

vlees . . ." Waarna Joël verwys het, het so pas in vervulling gegaan — die Heilige Gees is uitgestort op alle vlees. Nou kan oud en jonk drome droom en gesigte sien. Om drome te droom, gesigte te sien en te profeteer, was in die Ou Testament alleen die voorreg van enkeles. (Num. 12:6). Die groot massa van die volk, „alle vlees", het daaraan nie deel gehad nie. Nou is dit die voorreg van alle gelowiges. Wat is die inhoud van die drome wat gedroom sal word? Jesus Christus! In Hom sien die mens homself in sy diepe ellende en absolute verlorenheid en God in sy onpeilbare, onbegryplike, opsoekende sondaarsliefde. Eenersyds 'n nagmerriedroom, maar andersyds die heerlikste droom wat denkbaar is. Hierdie gesig, hierdie droom gee die Heilige Gees deur die Woord van God nou in die harte van alle vlees.

Elkeen wat hierdie droom gedroom het en hierdie gesig gesien het sal ook, moet ook daarvan „profeteer". Dit wil sê gaan daarvan spreek, soos Petrus en die elf in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde gespreek het van wat hulle gesien en gehoor het.

9 Mei

Lees Joh. 20:19-31, Hand. 2:37-47. **Teks:** Hand. 2:46.

VRUG VAN DIE HEILIGE GEES

Paulus noem in Gal. 4:22 die vrugte van die Heilige Gees. In Hand. 2:46 kan ons ook die onderlinge eendragtigheid van die dissipels as 'n vrug van die Heilige Gees beskou.

Daar was 'n tyd toe hierdie eendragtigheid onder die dissipels ontbreek het — toe die dissipels nog onder mekaar getwis het oor die vraag wie die grootste in die koninkryk van die hemele is.

Na die kruisiging van Jesus merk ons iets van 'n eendragtigheid onder die dissipels. Maar voorlopig was dit slegs die gemeenskaplike vrees wat hulle aan mekaar gebind het. Die gevaar het toe bestaan dat dieselfde lot hulle ook sou tref. Ons vind hulle dan agter geslote deure uit vrees vir die Jode byeen. Maar daar was nog iets wat hulle eendragtigheid versterk het — hulle gemeenskaplike hoop. Jesus het immers in hulle midde verskyn. Die egte, die ware eendragtigheid het egter nog ontbreek.

Uiteindelik het die egte, die ware eendragtigheid hulle deel geword deur die uitstorting van die Heilige Gees. Die deure waaragter hulle vreesagtig geskuil het is toe oopgebreek. As 'n gemeente van Jesus Christus, en nie meer as afsonderlike individue, staan die dissipels nou in die tempel en getuig van Jesus Christus. Niks kon hulle nou meer daarvan weerhou nie, selfs nie die strenge gebod om nie meer in die Naam van Jesus Christus te spreek nie. Hier eers is sprake van ware, egte eendragtigheid onder die dissipels. Dit was die vrug van die Heilige Gees.

As daar iets is wat by die Kerk ontbreek, dan is dit hierdie eendragtigheid van die eerste gemeente. En dit kan nie deur die Kerk self bewerkstellig word nie, selfs nie eers deur besluite in vergaderings nie. Dit is die werk van die Heilige Gees. Dit skep en versterk die Heilige Gees daar waar ons almal saam gelowig luister na die Woord van God.

10 Mei

Lees Jes. 42:1-7, Hand. 3:1-4. **Teks:** Hand. 3:4.

DIE BEELD VAN CHRISTUS

Elke dag het daar 'n kreupele, 'n mens in nood, by die tempelpoort

gesit om van die tempelgangers 'n aalmoes te vra. Hierdie mens-in-nood, sien nou weer twee tempelgangers aankom. Maar hierdie twee manne laat nie vir hom 'n geldstuk val nie. Hulle staan by hom stil, kyk hom aan en sê vir hom: „Kyk na ons." Opvallend dat Petrus nie vir hom gesê het: „Kyk na Christus" nie, maar: „Kyk na ons." Dit is mos vermetel! Altyd moet die gelowige van homself heenwys na Christus toe! So het die profete altyd heengewys na die Christus wat sou kom.

Ook Johannes die Doper het dit gedoen. Hy het van homself weggewys: „Daar is die Lam van God." Ook die dissipels het sommige van die Grieke wat Jesus wou sien, na Hom toe gelei.

Hier sê Petrus: „Kyk na ons." Petrus en Johannes kon dit sê, want hulle is so vervul met die Gees van Christus dat dit nie meer hulle is wat leef nie, maar Christus wat in hulle leef. Die ganse lewe van hierdie twee vertoon nou die beeld van Christus.

„Kyk na ons." Dit moet ook ons wat Pinkster gevier het, kan sê aan 'n wêreld wat deur die sonde vermink is. Ons, die gelowiges, moet dit sê aan almal wat nie die verlossende, bevrydende krag van die Evangelie van Jesus Christus ken nie en wat daarom in die bitterste nood verkeer. Ons moet hulle wat in nood is nie oproep om na ons goeie hoedanighede of na ons posisie te kyk nie, maar om te kyk na die beeld van Christus wat ons geroepe is om in ons lewe en werke te vertoon. Alleen dan kan ons tot 'n ware seën wees.

11 Mei

Lees Hand. 3:4-26. **Teks:** Hand. 3:6(b).

DIE NAAM VAN JESUS CHRISTUS

Die bedelaar sit by die tempelpoort — 'n goeie plek vir 'n bedelaar. Drie maal per dag is dit die gebedsuur en drie maal per dag kom die gelowige Jood dan die aangesig van God in die tempel soek. Dit is vir hierdie bedelaar al 'n doodgewone, alledaagse ding om daar te sit, na die tempelgangers te kyk en van hulle aalmoese te ontvang. Hy het hom by alles aangepas. Ook die tempelgangers het aan hierdie bedelaar en sy gebrek gewoond geraak.

Nou kom daar weer twee tempelgangers aan. Hulle sien ook sy liggaamsgebrek. Maar hulle het nog iets meer gesien. Deur die verligting van die Heilige Gees sien hulle sy skrikwekkende sielenood waarmee hy tevrede geword het.

Met brandende harte bring hulle aan hom die boodskap wat 'n einde gemaak het aan sy sielenood en aan sy liggaamsgebrek, en weer vreugde in sy lewe gebring het. „In die Naam van Jesus Christus, die Nasarener, staan op en loop!"

In die hart waarin God die Heilige Gees gekom het staan die Naam Jesus Christus uitgegrafeer, daarin leef hierdie Naam, daarin regeer hierdie Naam en van daaruit word altyd gespreek van hierdie Naam Jesus Christus. As die Heilige Gees in ons lewe binnedring soos in die lewe van Petrus en Johannes, begin ons nood en ook die nood van ander ons te kwel, bely ons ons nood, vlug ons met ons nood tot Hom wat deur Sy Naam, Sy Persoon, daaraan 'n einde kan maak.

12 Mei

Lees Hand. 4:1-31. **Teks:** Hand. 4:19.

AAN GOD MEER GEHOORSAAM AS AAN MENSE

Na aanleiding van die genesing van die bedelaar in die tempelpoort, word Petrus en Johannes gevange geneem en die volgende môre voor die Joodse Raad gebring. Voor die Joodse Raad het Petrus nie

geswyg nie, maar het op 'n kragtige wyse getuig van sy Heer en Heiland. Hy het op so 'n oortuigende wyse getuig dat die lede van die Joodse Raad onder die indruk daarvan gekom het. „Slegs een Naam tot redding is gegee — die Naam van Jesus Christus wat julle gekruisig het." Die Raad het hierop besluit om hulle te laat gaan en hulle verbied om verder in dié Naam te spreek. Toe antwoord Petrus en Johannes: „Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis."

Wanneer in die toekoms moontlik 'n soortgelyke verbod ons opgelê word, sal ons dan dit Petrus en Johannes kan nasê en nadoen? Hierop kan ons alleen maar antwoord: „Nee, dit sal ons nie kan doen nie. Dit weet ons by voorbaat. Maar ook dit weet ons by voorbaat dat die Heilige Gees wat Petrus en Johannes daartoe in staat gestel het, ook ons daartoe sal bekwaam." Tog mag ons ons nie te veel besig hou met gedagtes oor sulke moontlikhede wat miskien vir ons nooit 'n werklikheid sal word nie, want dan vergeet ons die werklikheid waarin God ons hier en nou geplaas het. Ook in die hier en die nou kom dikwels situasies voor waarin ons moet toon aan wie ons meer gehoorsaam is — aan God of aan die mense. Ook in die hier en die nou, in ons lewe van elke dag, wil God die Heilige Gees ons die moed en die oortuiging gee om aan God meer gehoorsaam te wees.

13 Mei

Lees Spr. 3:1-12, Hand. 4:32—5:11. **Teks:** Hand. 5:6.

DIE JEUG BIED HULLE DIENSTE AAN

Die jong Christelike gemeente staan hier nog in sy oorspronklike, vurige liefde tot God en die naaste. In hierdie gemeente het die liefde tot God en die naaste op 'n sigbare wyse tot uiting gekom.

Barnabas het 'n stuk grond wat hy gehad het verkoop en die geld aan die voete van die apostels neergelê, sodat daarvan aan elkeen van die gemeente uitgedeel kon word volgens hy of sy nodig gehad het.

Hierdie daad het met krag tot die gelowiges gespreek. Hy begin navolgers te kry. Ook Ananias en Saffira. Hulle verkoop 'n eiendom. Maar noudat hulle die verkoopsom in ontvangs geneem het, begin hulle te wankel. Hulle gaan nou besnoei, besnoei op die eiendom van die gemeente en daarom op die eiendom van God. Met die doel om dit aan die gemeente en daarom aan God te gee, het hulle verkoop. Hulle hou 'n bedrag terug en die res, die oorskiet gee hulle aan die gemeente. Die Heilige Gees waarsku Petrus en op sy vraag: „Waarom het die Satan jou hart vervul . . ." val Ananias dood neer.

„Daarna het die jong manne opgestaan en hom toegedraai en uitgedra en begrawe." Die jong manne, die jong lidmate het vanself na vore gekom sonder dat iemand hulle geroep het of hulle 'n wenk gegee het wat om te doen. Hulle het geweet wat om te doen. Hulle gaan die dooie begrawe. Waar die Heilige Gees in die gemeente woon en werk, bied die jong lidmate hulle self aan, sonder dat hulle versoek of gesoebat word, stroom die jeug toe en bied hulle dienste aan. Nie om eervolle dienste te verrig nie, maar om iemand te begrawe. Ook nie 'n belangrike persoon nie, nee, iemand wat op die uithoek van die begraafplaas begrawe moet word.

14 Mei

Lees Joh. 1:15-34, Hand. 6:1-7. **Teks:** Hand. 6:7.

DISSIPEL VAN JESUS CHRISTUS

In die naamlys van die sewe diakens word die naam van Filippus

sommer so in die verbygaan genoem. As ons nou die gegewens in die Bybel oor Filippus saamvat, sien ons dat hy 'n lewende geloof gehad het en dat hy gehoorsaam en beskeie was.

Ons merk by Filippus 'n lewende geloof. Sy woorde en werke het daarvan getuig. Nadat hy uit Jerusalem gedryf is, het hy in Samaria sy verkondiging aangaande Jesus Christus voortgesit. Ons lees: „En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen." Hy het sy geloof tot uitdrukking gebring in sy woorde en dade.

Hy was ook gehoorsaam. Te midde van sy suksesvolle prediking in Samaria kom die roepstem van God tot hom om op die „eensame pad" na Gasa te gaan. En „hy het opgestaan en gegaan". Onvoorwaardelik gehoorsaam hy, ook al sien hy geen sin of doel daarin nie.

Filippus was ook beskeie. Toe die apostels in Jerusalem hoor dat deur die prediking van Filippus in Samaria vele tot die geloof gekom het, stuur hulle Petrus en Johannes daarheen. Met die verskyning van die apostels trek hy hom beskeie terug. Ons lees in Hand. 8 dan ook verder niks meer van hom nie. Want dit het by Filippus alleen gegaan om Jesus Christus. Wie uit die genade van Jesus Christus leef, word vanself beskeie.

'n Dissipel van die Here tree in alles wat hy doen of sê beskeie voor Jesus Christus terug, sodat die volle lig op Hom kan val. Wie iets van Pinkster in sy lewe ervaar het, word 'n gelowige, gehoorsame en 'n beskeie dissipel van die Here.

15 Mei

Lees Jer. 3:19-25, I Kor. 1:1-9. **Teks:** I Kor. 1:2.

GEROEPE HEILIGES

Die Seun van God bring vir Hom uit die hele menslike geslag die uitverkorenes tot die ewige lewe, deur Sy Gees en Woord, tot 'n gemeente byeen. Die kerk het sy oorsprong en voortbestaan enkel aan die genadewerk van God in Jesus Christus te danke. Daar is geen grond vir ydele roem of selfverheffing nie. Die wete moet ons voortdurend tot ootmoedige dankbaarheid en gehoorsame oorgawe stem.

Dat daar by die mens self geen gronde kan wees waarom hy wel gekies sal word nie, tree ook by die Korinthiërs aan die lig: in die brief word op soveel plekke gewys op dwaling wat die lewenswandel betref. Opgeblasenheid, onderlinge verdeeldheid, ergerlike gevalle van ontug en regsaksies voor 'n regbank van ongelowiges is enkele van die vergrype wat die apostel noop om 'n ernstige woord van vermaning te spreek. En tog, God laat die dwalende mense nie los nie. Hulle is nog die gemeente van God wat in Korinthe is. Dit is alleen so omdat God self die onreinheid en skuld van die mens van toe en nou in die bloed van Jesus Christus weg was. Uit homself beteken ons lewe: verlore. Deur Jesus Christus word dit: verloste.

Deur God is ons geroepenes, dit wil sê: Hy is voortdurend besig om ons deur die gepredikte Woord te verkondig dat Hy deur die gawe van Jesus Christus vir ons plek ingeruim het in Sy Koninkryk van vrede en vreugde. Dit eis van ons gehoorsaamheid en oorgawe. Roepende leef God se Woord vir ons elke dag.

Heiliges is ons, dit wil sê deur God is ons afgesonder vir sy diens en tot Sy verheerliking. Aan God is ons dit verskuldig om te wandel ooreenkomstig die heiligheid van Christus wat Hy ons toereken. Ons dankbare gehoorsaamheid is Sy verheerliking.

16 Mei

Lees Titus 3:1-11, I Kor. 1:10-17. **Teks:** I Kor. 1:12.

EK BEHOORT AAN . . .

Elkeen van ons hou ons persoonlike voorkeure en verbintenisse daarop na in die lewe. Dit is goed dat daar onderlinge verbondenheid sal wees, want God het ons geskape as mens-in-die-gemeenskap. Wanneer hierdie verbintenisse egter op eensydige en eksklusiewe gronde berus, dan werk dit groepvorming en partyskap in die hand wat nie alleen skadelik vir die gemeenskap is nie, maar dit stry in wese teen die werk wat God in Jesus Christus onder ons begin en wat Hy wil deurvoer tot die salige voleinding. In die waan dat my eie standpunt die enigste is wat reg is, verloor ek alle perspektief en word ek blind vir die meriete van elke ander saak. So is die Here van die Kerk te Korinthe nou gedegradeer tot die leier van 'n bepaalde groep, op een lyn met Paulus, Petrus en Apollos. In sy jaloesie, twis en tweedrag laat die mens so maklik die Koning en Verlosser los en verkies om te staan of val by 'n dienskneg, iemand „wat self sonde gedoen het en nie anders as deur hierdie Middelaar gered is nie". Hy wat red gee die lewe en nie hy wat gered is nie.

Daarom het God die een Naam onder die hemel onder die mense gegee waardeur ons gered moet word, sodat ek in alles kan weet „dat ek met liggaam en siel, sowel in lewe as in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort wat met Sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (het) . . . ; daarom verseker Hy my ook deur Sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om verder vir Hom te lewe". In Jesus Christus is ek éérs mens-in-gemeenskap met God en daaruit en daardeur met my medemens.

Ek behoort aan Christus en Christus aan God (I Kor. 3:23).

17 Mei

Lees Job 5, I Kor. 1:17-25. **Teks:** I Kor. 1:18.

DIE KRUIS DIE DWAASHEID VAN GOD

Jesus Christus stuur Sy gesant met die blye boodskap in die wêreld in. Die hart en wese hiervan is die offer van Christus aan die kruis van Golgota. Na die smaak en wens van die mens moes dit anders wees. Maar God wil dit juis só dat die ewig-belangrike nie verydel word nie. Die kruis is en bly die groot beslissingspunt vir elke mens. Vir die ongelowige is dit 'n dwaasheid wat slegs aanstoot gee. Vir die gelowige is dit die krag van God wat troos, saligheid en vreugde bring.

Voor die kruis kom die mens te staan met al sy pogings en prestasies. Hy wil homself verlos. Hy wil in sy eie wysheid opklim na die hemel. Hierin is hy egter besig om homself verder van God te verwyder. Sy ongeregtighede dryf hom weg soos 'n wind. Voor die kruis laat God die ware diepte van sy skuld en verlatenheid vir hom leef: Sy pogings is vermeerdering van skuld; sy soeke is verdere afdwaling in verlatenheid. Die mens se wysheid is dwaasheid by God. Dit aanvaar hy nie. Die weg van die skandhout die weg van die lewe? Nee, dit kan slegs dwaasheid wees.

God wil ons by die kruis hê. Hier laat Hy ons weet dat Hy tot by ons gekom het. In diensknegsgestalte gee Jesus Christus Homself ter wille van ons. In die prysgawe verlos Hy. In die verlatenheid versoen Hy. Dit is die wysheid van God waarin Hy die verlorenes terugbring

en behou. God se dwaasheid is my redding. Jesus Christus se offer is my toekoms en lewe.

18 Mei

Lees Ps. 139, I Kor. 1:26-31. **Teks:** I Kor. 1:26.

DIE MAATSTAF VAN GOD

Nadat Korinthe in 146 v.C. verwoes is, het Julius Caeser dit weer opgebou en grotendeels met Romeinse vrygelate slawe bevolk. Die hawestad op die bedrywige handelsroete tussen Oos en Wes ken voorspoed en onverskilligheid, drukte en dwaling, opbloei en diepe verval.

Die gemeente bestaan hoofsaaklik uit hierdie vrygeraakte slawe. Hulle is nie besondere geleerdes, magtiges of edeles nie. Kortom, hulle het nie veel agtergrond nie. Na die mens gesproke is dit 'n tipe mens wat dit eintlik nooit ver kan bring nie.

Dat hulle persoonlik trots is op wat hulle tot stand kon bring, spreek uit hulle opgeblasenheid; op die gebied van die sedelike is daar heelwat bedorwenheid aan te merk en die spore van die afgodery is oral nog te vinde onder hulle. Uit hulleself kon hulle niks doen om God te behaag nie.

Die Barmhartige oordeel egter anders as die wêreld, „want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe — vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe — maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was!" Die wat die Here regtens moes verwerp koop Hy los deur die offer van Sy Seun. Dit wat die wêreld verag die ag God waardig dat hulle in Jesus Christus geregtigheid en heiligmaking en verlossing mag ontvang. Die gemeente het rede om te roem, maar dan roem in God wat sy genade en barmhartigheid so uitmeet oor ons.

19 Mei

Lees Eseg. 33:1-11, I Kor. 2:1-5. **Teks:** I Kor. 2:3.

SKAT IN ERDEKRUIKE

Dat die apostel in swakheid en in vrees en in veel bewing by die Korinthiërs gestaan het was nie omdat hy die dreiging van die ongeloof en wêreldse haat vrees nie. Die littekens van ongenadige slae en steniging bewys die teendeel. Vreesloos teenoor die **vyande van die evangelie het** hy gestaan. God het hom steeds onder hierdie dinge in **veilige bewaring** gedra.

In Athene het die apostel nie veel vrug op sy arbeid gesien nie en in Korinthe aanvanklik ewemin. Intussen staan hy onder die besef dat hy deur God uitgestuur is om die evangelie te verkondig. Ontsaglik die verantwoordelikheid. Kan hy met sy persoonlike tekortkominge hierdie werk na behore verrig? Sal die brose kruik die kosbare skat kan bly dra?

Daar is verder in Korinthe die begeerte dat 'n spreker moet voldoen aan die eise van sy tyd. Die kuns van die skone woord moet in ere gehou word en die dinge wat krap en aanstoot gee moet liefs agterweë gelaat word. Daar is dus van die kant van die hoorder voorwaardes wat gestel word aan die verkondiger.

Kan 'n mens sonder vrees en bewing staan tussen die opdrag van God en die eis van die mens? Dis egter die inhoud van die prediking wat deurslaggewend is. Dit is Jesus Christus wat gekruisig is en niks anders nie. Daar waar die getuienis van God gepredik word kom God self en doen Sy wonders. Hy sterk Sy gesant en Hy stig Sy gemeente.

Wie bewe in gehoorsaamheid, word vervul deur die krag van God. Solank ons vrees dat die eer van God nie deur ons aangetas word nie, sal die Here ons swakheid nie toelaat om in Sy weg te staan nie. In ons swakheid word Sy krag volbring. Die Gekruisigde oorwin ook vir my in daardie stonde. So is my swakheid diensbaar aan God. Hy verheerlik Hom as Hy my sterk.

20 Mei

Lees Matt. 13:3-9 en 18-23, I Kor. 3. **Teks:** I Kor. 3:9.

DIE SAAILAND VAN GOD

Voor ons geestesoog verskyn die akkerland wat in gereedheid gebring is deur die eienaar. Hy ken sy tyd wanneer dit goed is om die saad te saai. As hy die saad bring, begin hy in ryke mildadigheid die hele akker te besaai. Sonder terughouding strooi hy uit. Die akker moet vol wees. Dit moet sy vrug lewer. Hy wil hom daarin verlustig as dit groei en lewe.

So maak God vir Hom ook Sy besondere akker, die gemeente gereed. Dis Sy lewende en lewendmakende Woord wat Hy so in genadige vrygewigheid uitstrooi. Ook dit wil opgeneem word om te kan ontkiem en vrug dra.

Nou sê die gelykenis aan ons dat daar saad langs die pad geval het. Die Bose het dit uit die hart van hom wat nie verstaan nie, kom roof. Dié mens bly leeg, ondanks die feit dat hy wel gehoor het. In sy verhardheid bly hy onbewoë.

Die akker het ook sy klipperige dele. Daar is tydelike blydskap, maar daar is geen diepte nie. Die vrese en die skrik vir die hoonlag van die wêreld laat hom die Woord loslaat. By die sluwe wêreld is dit vir hom beter as by die saaiende en sorgende God.

Die doringkolle ontbreek ook nie. Hier is waarskynlik meer diepte, maar hier regeer die hebsug en die dors na die grootbesit. Die hand is grypend oop, maar die hart is verstikkend gesluit. Die klank van geld is skoner as die van die Woord.

Daar is ook die vrugbare grond. Die deel wat in dankbaarheid ontvang. Hier keer die Woord nie ledig terug nie. Daar is saad vir die saaier en brood vir die eter.

Die Here ken Sy saailand.

21 Mei

Lees Gen. 1:1-3, Matt. 28:16-20, I Kor. 2:6-16. **Teks:** I Kor. 2:12.

GOD DRIE-ENIG

Ons het die Gees wat uit God is ontvang, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. God maak Hom aan ons bekend deur Sy openbaring. Hy openbaar Hom in Sy Woord aan ons. Sy Woord het onder ons vlees geword in die koms van Jesus Christus. Deur Sy Gees wat Hy oor ons uitstort verlig Hy ons hart en verstand so dat ons Hom kan ken.

Hy openbaar Hom aan ons as die enige en ewige God. In Sy werk aan en in belang van die skepsel laat God sien dat in hierdie EEN-heid daar 'n DRIE-heid is. As ons met die Vader te doen het dan is die Seun en die Heilige Gees altyd aanwesig. As dit gaan om die Seun dan is die Vader en die Heilige Gees nie weg te laat nie. Ons ken die Heilige Gees nie sonder dat ons ook die Vader en die Seun ken nie.

Uit die Bybel weet ons dat die skepping wat die werk van God die Vader is mede aan Jesus die Seun toegeskryf word (Joh. 1:1 vv, Heb. 1:2, Kol. 1:16) en so is die Gees ook daar (Gen. 1:2). By die versoening

en verlossing wat die werk van die Seun is, word die Vader ook genoem (2 Kor. 5:19 vv) en ook die Heilige Gees (Ef. 2:18). Die heiligmaking, die werk van die Heilige Gees, staan nie los van die Vader (I Thes. 5:23) en die Seun (Joh. 17:19, Ef. 5:26, Heb. 10:10) nie.

Dit beteken egter nie dat ons die drie Persone mag vermeng met mekaar nie. Die werk van die Vader word nie verrig deur die Seun of die Heilige Gees nie, al geskied dit nie sonder of buite die Seun en die Heilige Gees nie. So is slegs die Seun gekruisig en slegs die Heilige Gees wat van die Vader en die Seun uitgaan uitgestort.

God gee my Sy Gees sodat ek die Drie-enige God kan ken as my Skepper, my Verlosser en die Heiligmaker van my lewe.

22 Mei

Lees Rom. 15:1-13, I Kor. 4:1.

DIENAARS VAN CHRISTUS

Omdat ons in 'n gebroke wêreld lewe loop ons as gelowiges ons dikwels teen 'n muur van weerstand vas en dit van die kant van mense van wie ons dit allermins verwag, naamlik medegelowiges.

Hierdie ervaring het Paulus ook belewe. Daar was blykbaar in die gemeente van Korinthe o.a. ook lidmate wat met die optrede en bediening van die apostel nie tevrede was nie. Hulle het verwag dat hy hulle na die mond moes praat en hulle wêreldgelykvormigheid moes goedkeur. Hy het dit nie gedoen nie. Vandaar hulle weerstand.

Teenoor hulle kritiek stel die apostel dit nou baie duidelik wat hulle van hom moet verwag. Hy is immers 'n dienaar van Christus. Die oorspronklike griekse woord beteken eintlik galeislaaf.

Iemand dus wat aan sy roeibank vasgeketting is en noodgedwonge die wil en besluit van die stuurman moet gehoorsaam. So is die dienaar van Christus: Vasgeketting en tot gehoorsaamheid verplig.

Tog is hy ook meer as 'n slaaf. Hy is ook bedienaar van die verborgenhede van God. Hy is m.a.w. huisopsigter of rentmeester van God. Hy is aangestel in 'n vertrouens-posisie. As sulks is hy verantwoording aan sy Heer verskuldig maar dan ook aan Hom alleen. Van die bedienaar word verwag om getrou te wees en altyd gereed te wees om rekenskap te gee van sy rentmeesterskap. Daarop is Paulus se arbeid en optrede ingestel.

Daarom vrees hy die kritiek van mense nie. Sy Heer sal sy werk beoordeel — hoedanig dit is.

Dit geld nie net van Paulus nie. Hy praat hier namens ander. So moet die woord „ons" verstaan word. In oordragtelike sin word ook sy teëstanders by hierdie „ons" betrek. So moet hulle ook wees. So moet elke gelowige wees. Ook ons. Dienaars van Christus en bedienaars van die heilswaarhede van God. Vasgeketting aan Jesus, onbevrees en getrou tot die dood toe, in die wete dat ons optrede en arbeid deur God beoordeel word.

23 Mei

Lees Joh. 15:1-7 en I Kor. 4:6.

SOLA SCRIPTURA
(Die Woord alleen)

Waar mense hulle nie aan die gesag van die Woord van God onderwerp nie, is die gevaar tot die vorming van partyskappe binne die kerk van Christus altyd baie groot. Want dit bied die geleentheid aan hoogmoedige persone om hulleself tot leiers te verhef en rondom hulle 'n groep volgelinge te versamel.

Ons het die afgelope dekade herhaalde kere die bitterheid daarvan gesmaak.

Dit is natuurlik nie 'n nuwe verskynsel nie. Eintlik is dit so oud as die kerk self en die oud-Christelike Kerk is dit ook nie gespaar nie. In die gemeente van Korinthe was daar ook broeders wat gemeen het dat hulle al so ver in die geloof gevorder het, dat hulle die Woord van God nie meer nodig gehad het nie. Hulle het hulle sogenaamd deur die gees laat lei. Die woorde van Jesus, soos deur die apostel aan hulle verkondig, was daarom nie op hulle van toepassing nie. Hulle het gemeen dat hulle oor groter kennis en wysheid beskik. Die Woord was slegs vir die swakker gelowiges bedoel. Hulle sou dan die stadium van volmaaktheid bereik het waar hulle die Woord van God nie meer nodig gehad het nie. Daarom het hulle hulle die vryheid veroorloof om volgens eie insig te spreek en te handel. Die gevolg was dat hulle nie saam met en soos die apostels bely het nie. 'n Ou variasie dus op die bekende liberalistiese tema!

Nou maan die apostel hulle om van hom en Apollos nederigheid te leer. Hulle wat deur Jesus self tot die besondere amp geroep is, het hulle onvoorwaardelik onder die gesag van die Woord gestel. Hoeveel te meer moes hulle, wat so ver dit die geloof betref sy kinders was, dit nie ook doen nie? Want wat hulle het, het hulle ontvang. En waarom roem hulle dan asof hulle dit nie ontvang het nie? Waarom wil hulle dan soos heersers en konings die septer oor die kudde van die Here swaai? Hulle is immers slegs dwergies wat op die skouers van reuse staan.

Dit is noodsaaklik dat ons hierdie vermaning om ons aan die gesag van die Woord te onderwerp ter harte sal neem.

24 Mei

Lees Openb. 3:14-22, I Kor. 4:8-13.

DIT VRA STERK BENE OM DIE WEELDE TE DRA

Rykdom, weelde en 'n heersersposisie het menigeen al geestelik verongeluk. 'n Sorgvrye en gemaklike lewe was bowendien nog nooit die merktekens van groot geestelike bloei in die kerk van Christus nie.

Ons sien dit ook by die Korinthiërs. Dit het met die lidmate van die gemeente te Korinthe baie goed gegaan. Vervolging het hulle nie geken nie en hulle gemeente was dan ook welvarend. Maar ryk en verryk het hulle opgeblase geword.

Paulus vergelyk hulle met mense wat 'n ryk en goeie maaltyd gehad het of met mense wat na die arbeid 'n ryke oes ingesamel het. Hulle het aan geen ding gebrek nie. Hulle het soos konings gevoel en gelewe.

Na hulle mening was dit die bate van hulle geloof. Dit was die gevolg van die vryheid waarmee Christus hulle vrygemaak het. Dit is die teken dat hulle op die regte pad is.

Uit hierdie droom skud Paulus hulle wakker deur hulle te wys op sy eie benarde toestand. Dit gaan met hom nie so goed nie. God het vir hom 'n ander lot as hulle s'n beskik. Dit lyk vir hom asof God van hom en Apollos 'n skouspel gemaak het. Hulle is dwaas, swak en in oneer. Hulle lewe is vol ontberinge om Christus ontwil. So kan dit dus ook! Stoflike welvaart is nie die merkteken sonder meer dat jou verhouding tot God in orde is nie. As dit met jou goed gaan het jy wel stof tot dankbaarheid maar geen rede tot roem nie.

Hierdie woord word ook aan ons adres gerig. Ons is ook dikwels van oordeel dat voorspoed die teken van 'n opregte geloof is. En as dit dan

met ons goed gaan is ons ook soms geneig om ons bo die minderbevoorregtes te verhef. Rampspoed en teëspoed is dan vir ons die tekens dat God diesulkes nie in guns bejeën nie.

Hierdie Skrifwoord is daarom 'n tydige waarskuwing vir hulle met wie dit goed gaan en 'n bron van ryke troos vir hulle wat dit minder goed het. So kan dit dus ook.

25 Mei

Lees Openb. 22:12-16; I Kor. 5:1.

VRYHEID NIE LOSBANDIGHEID NIE

Die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het verleen nie vryheid tot losbandigheid nie. In die gemeente van Korinthe het hierdie woord egter nie gegeld nie. Hulle het gedink as jy vrygemaak is in Christus dan kan jy maar sondig. Ontug het daarom onder hulle geweldige afmetings aangeneem. Onsedelikheid was aan die orde van die dag. Die bandeloosheid was so erg dat een van die gemeentelede sy stiefmoeder vir hom tot vrou geneem het. Hierdie leefwyse van die Christene het die tonge aan die praat gehad. So, dat die klanke daarvan selfs die ore van die apostel bereik het.

Nou wys Paulus hulle daarop dat ontug en bandeloosheid deur die Bybel verbied word en dat hierdie bepaalde sonde selfs deur die heidene verafsku word. Die Romeinse wet het dit trouens verbied. En tog kom dit onder hulle voor en dan is hulle nog opgeblase.

Wat hom egter nog meer ontstem het was die feit dat die gelowiges dit oogluikend toegelaat en geduld het. Hulle het daarvan nie werk gemaak nie.

Nou wonder mens of dit onder ons anders toegaan. „'n Mens hoor waarlik van hoerery onder julle", kan miskien ewe goed van ons gesê word. Ons hoor van rare vorms van ontug en onsedelikheid. Dikwels is dit dinge wat selfs aan die heidendom vreemd is. Kuisheid behoort vandag blykbaar nie meer altyd tot die Christelike deug nie. Buite-egtelike geslagsverkeer is 'n alledaagse verskynsel onder baie van ons mense. Buite-egtelike geboortes kom al hoe meer voor. En binne die huwelik veroorloof egliede hulle allerhande vryhede. In egskeidingsgedinge word owerspel dikwels sonder blik of bloos genoem en gekondoneer. En wat 'n mens ontstem is die feit dat dit die name van óns mense is wat so genoem word. Hulle is lidmate van die kerk.

Dit het meer as tyd geword dat dit by ons weer ingeskerp sal word dat die vryheid van die Christenmens nie 'n vrybrief tot die sonde is nie. Die grootste vryheid bestaan nie in losbandigheid nie maar in die hoogste gebondenheid aan Christus.

26 Mei

Lees Ps. 51; I Kor. 5:2.

DROEFHEID OOR DIE SONDE

Ons sê maklik: Hy het gesondig of sy het gesondig. Die sonde van andere is dikwels die onderwerp van ons gesprekke. Dit is lekker om daarop voort te borduur. Maar droefheid oor die sonde is daar by ons selde. Ons kwel ons nie soos Lot oor die losbandige lewe van die sedelose mense nie en ons pynig nie die siel oor hulle wettelose werke nie. Ons lewe maar rustig voort asof niks besonders gebeur het nie.

In hierdie opsig vertoon ons dikwels dieselfde merktekens as die Korinthiërs. Die apostel sou graag iets anders as opgeblasenheid by

hulle wou gemerk het. Hulle moes bedroef gewees het oor die sonde in die gemeente. Hulle moes getreur het, rou bedryf het soos by 'n sterfgeval.

Nou is dit seker waar in die algemeen. Maar dit is ook waar in die besonder. Ons is nie bedroef oor die sonde onder ons nie, maar nog minder oor die sonde in ons. Daardie „ek het gesondig", hoor mens baie selde. Droefheid oor eie sonde is 'n seldsame verskynsel.

Tog moet dit anders wees. Dit is nie verniet dat ons Heidelbergse Kategismus as eerste vereiste tot die welgetroosde en salige lewe, die kennis van die grootheid van die sonde en ellende stel nie. Kennis van die sonde stem tot droefheid oor die sonde. Dit ontpers die uitroep: Ek ellendig mens, wie sal my verlos van die bande van hierdie dood!

Eers wanneer jy bedroef is oor die sonde onder jou en in jou word die woorde van die bekende gesangvers vir jou en in jou waar: Tot u vlug my bange sug in lewensleed en smarte.

27 Mei

Lees Rom. 2:17-29 en I Kor. 5:3-5.

TUG

Ons Nederlandse Geloofsbelydenis noem as een van die merktekens van die ware Kerk: „as die kerklike tug gebruik word om die sondes te straf". Nou moet ons erken en bely dat die strenge toepassing van die tug in die verlede dikwels deur ons verwaarloos is. Hierdie versuim het ons dan soms gemotiveer met die verskoning: „as 'n mens hom nie wil buig onder die gesag van die Woord van God nie sal hy hom ook nie buig onder die tug nie."

Dit is natuurlik waar. Maar nou leer die Skrif ons ook iets anders. Volgens die brief aan die Korinthiërs gaan dit in die tughandeling nie net om die oortreder nie maar ook om die welwese en die goeie orde van die gemeente terwyl die beweegrede altyd moet wees „die droefheid oor die sonde".

Paulus het die tughandeling in die gemeente van Korinthe as noodsaaklik geag. Die eerste stap hierin moes droefheid oor die sonde gewees het. Daardeur sou die oortreder, as oorsaak van die droefheid, uit die gemeente afgesonder en verwyder gewees het.

Hierdie eerste handeling moes dan deur 'n gemeentevergadering, waarop die saak behandel sou word, opgevolg gewees het. In die gees sou hy dan saam met die krag van Christus teenwoordig gewees het. Die krag van Christus sou die gemeente in haar oordeel en bevinding gelei het en die uitspraak van die gemeente tot bindende krag gemaak het.

Volgens die apostel het die tug 'n tweeledige doel. In die eerste plek gaan dit om die oortreder. Die ontugtige moet aan die satan oorgelewer word tot verderf van die vlees. God gebruik ook die satan om Sy doel met die sondaar te bereik. Die satan moet meewerk om die sondige natuur van die oortreder uit te roei deur hom aan lyding te onderwerp en hom so tot inkeer te bring. Dink bv. hoe God die satan in die lewe van Job gebruik het.

In die tweede plek gaan dit ook om die welsyn van die gemeente. 'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur. Die ou suurdeeg moet daarom uitgesuiwer word „sodat julle 'n nuwe suurdeeg kan wees".

Want uiteindelik gaan alles om Jesus Christus die Paaslam wat vir ons geslag is. Ontug in die gemeente gee daartoe aanleiding dat Sy naam onder die heidene gelaster word. Ons moet daarom onthou dat

ons duur gekoop is. Verheerlik God dan in julle liggaam en gees wat aan God behoort.

28 Mei

Lees 1 Kor. 6:1-11 en 1 Kor. 6:1.

REG SOEK VOOR DIE ONREGVERDIGES

Dit gebeur dikwels dat gelowiges, wanneer hulle onderlinge verskille het, hulle tot die wêreldse geregshowe wend. In die gemeente van Korinthe het die gebruik ook bestaan. Die gelowiges het onder invloed van die ou heidense gebruike en gewoontes hulle reg elders gaan soek.

Die apostel keur hierdie handelwyse van gelowiges ten strengste af. Hy wys ten eerste daarop dat die gelowiges bokant die heidense regters verhewe is. Dit is nie omdat hy hulle bekwaamheid of onpartydigheid in twyfel trek nie. Hulle is egter onregverdiges voor God. Hulle is ongelowiges en staan as sulks buite die koninkryk van God. Vanselfsprekend kan hulle daarom nie regspreek oor die gelowiges nie. Bowendien is daar bepaalde ergerlike sondes wat deur die ongelowige regters nie as sodanig beskou word nie. Die gelowiges vorm deel van 'n eie en andersoortige gemeenskap. Hulle is afgesonder as eiendom van Christus. Hulle is heilig en geregverdig voor God. Daarom geld ander maatstawwe vir die gelowiges. Hulle opvatting van reg en geregtigheid is anders as dié van die ongelowige.

Verder wys die apostel daarop dat daar in eie kring bevoegde manne is wat geskille kan aanhoor en dit uit die weg kan ruim. Die gelowiges deel in die koninklike en regterlike mag van Jesus. Hulle sal deel hê aan die beoordeling van die wêreld. Selfs engele sal aan hulle regspraak onderworpe wees. Regters is mense van hoë aansien. Dit is waar van die gelowiges. Hulle is by God in aansien en dit kan van die ongelowige nie gesê word nie. Daarom is die gelowiges sekerlik meer bevoeg om reg te spreek as die ongelowige.

Ten slotte wys hy daarop dat dit al erg genoeg is dat daar geskille onder hulle bestaan. Maar erger nog is dit as hulle by die heidense regters reg moet gaan soek. Die gelowige wat dit doen het sy saak reeds verongeluk. Daarmee het hy sy Christenstand prysgegee. Hy is nie meer 'n gelowige nie. Eintlik kom so 'n beroep op die wêreldlike hof daarop neer dat die gelowige die krag van Christus loën. Daarom moet die gelowige liewer onreg ly as om voor 'n ongelowige 'n saak teen 'n broeder aanhangig te maak.

Hierdie vermaning van Paulus moet teen die agtergrond van die bergpredikasie gelees en verstaan word. Die liefde tot God en die naaste is die spil waarom ons hele menswees wentel. Hierin het Jesus vir ons die voorbeeld gestel — tot voor Pilatus. En dieselfde gesindheid moet daar ook by ons wees.

29 Mei

Lees 1 Kor. 7:1-4 en 1 Kor. 13:1-7. **Teks:** 1 Kor. 7:3.

MAN EN VROU IN DIE HUWELIK

Wat 'n heerlike gedagte om te weet dat God die huwelik ingestel en dit geheilig het deur te sê: „Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas".

So leef ons as man en vrou in die huwelik wetende dat dit nie alleen ons wil is nie, maar 'n goddelike verordening. Gevoel die man nie in homself iets onvolkome en onvolmaak nie? Voel die vrou nie in haarself iets onvolkome en onvolmaak nie? Eers daar waar ons deur God saamgevoeg word in die huwelik begryp die mens dat hy maar deel

was, onvolmaak en hulpeloos. Eers in die huwelik verstaan ons dat ons nou deelgenote geword het van die geheel van mens-wees! Daarom het God vir die man 'n vrou geskape wat by hom pas. Sy word vir hom die helpster in sy onvolmaaktheid. En juis omdat sy verskillend van aard is verryk sy die man; hy noem haar mannin want sy is been van sy been en vlees van sy vlees. Sy is van God aan hom gegee, nie gekies nie, nie gevind nie, maar gawe van God! Daarom kan hy haar liefhê, want hy vind in haar deel van sy lewe wat onvolmaak was. Daarom sal hy haar liefhê soos sy eie liggaam.

Die sondige mens wat leef in 'n gebroke wêreld van ontrou en ontwrigting kom tot diepe dankbaarheid dat hy sy gebondenheid in die huwelik, nie as 'n las sien nie, maar 'n vreugdevolle verbintenis in 'n band wat deur God saamgevoeg is. En daarom vermaan die apostel sy gemeente in Korinthe met hierdie woorde: „Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man". Die liefde wat ons saamverbind, soek daarom nooit sy eie belange nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie — dit bedek alles, glo alles, hoop alles en verdra alles. In die liefde van Christus vir ons vind ons die genade om ook mekaar lief te hê!

30 Mei

Lees 1 Kor. 7:10-17. **Teks:** 1 Kor. 7:1-10.

LIEFDESVERGIFNIS

Die Christelike gemeente in Korinthe leef in 'n grote wêreldstad waar bandeloosheid, sedeloosheid en sonde aan die orde van die dag is. Net soos in die hedendaagse wêreld het dié invloede ook die orde in die eerste gemeente versteur en gelowiges tot afval gebring. 'n Brief in nood word aan die apostel geskryf waarin gevra word om leiding in die toenemende huweliksontrou en egskeidingsvraagstukke waarmee die gemeente te doen het.

In die brief van die apostel skryf hy aangaande die egskeiding: „Aan die getroudes beveel ek — nie ek nie, maar die Here — dat die vrou nie van die man moet skei nie! Hier bevestig hy daarom alleen maar net die uitspraak van Jesus Christus, waar Christus gesê het: „Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie".

In die huwelik kom daar dikwels oomblikke van botsing en dit skyn vir ons menigmaal of versoening nie moontlik is nie. Het ons daarin nie miskien vergeet dat die liefde van Christus ons kan dring tot wederliefde nie? Vanweë die sonde het ons nie die vermoë om te vergewe nie, maar goddank Sy genade is wondergroot en in Sy liefde vir die sondaar aan die kruis het ons die antwoord op ons liefdeloosheid! As ons maar weer kan kom tot aan die voet van die kruis, die volle rykdom van Sy ontferming en liefdesvergifnis kan aanskou, dan kan ons weer gaan besin en tot die besef kom dat die liefde in Christus my kan dring tot verdraagsaamheid en liefde. In die liefde van Jesus Christus ontvang die hulpelose sondaar die versekering dat hy in sy onvolmaaktheid, sy tekortkominge van sonde tog kind van God sy Skepper is — kind van God wat kan reken op Sy liefde en bekwaammakende genade om te kan oorwin! „God het ons tot vrede geroep".

„Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword!"

31 Mei: Republiekdag

Lees 1 Kor. 7:18-23. **Teks:** 1 Kor. 7:23.

DIE LOF KOM GOD TOE

Dit is geen blinde noodlot wat dit so bepaal het dat hier aan die suidpunt van Afrika 'n volksplanting ontstaan het nie, maar in die alwyse raad van die Almagtige God was dit so beskik dat hier 'n nuwe volk gebore sou word. So bepaal God in Sy alwyse raad vir elke volk en nasie sy woongebied! Hoe kan ons anders as om tot dié belydenis te kom as ons in gedagte hou dat God telkens in die geskiedenis van ons volk 'n handjie vol trekkers in die donkerste ure van angs en nood uitgered het? Hoe kan ons anders as om te bely dat dit die troue God van weleer is wat ook in die huidige oomblikke van onreg en leuentaal in die raadsale van die wêreld, nog voortgaan met Sy heilryk werk? Waar alle magte van die wêreld saamgesnoer word en bose planne bedink word om dit wat God begin het uit te wis, daar lei God en laat Hy in die regbanke van die wêreld nog die waarheid seëvier!

Maar laat ons volk nie in selfvoldaanheid versink nie! As gelowiges het ons temidde van hierdie samesnoering van die wêreldmagte teen ons 'n heilige roeping waartoe ons geroepe is. Deur God tot heil geroepe, moet elke gelowige sy taak aanvaar as 'n goddelike roeping tot eer van Sy Naam en tot uitbreiding van Sy koninkryk.

So spreek die apostel ook tot hierdie gemeente in Korinthe dat elkeen wat selfs in die onaansienlikste posisie in die samelewing staan, moontlik selfs as slawe, hom oor sy nederige staat nie moet kwel nie of daaroor besorg moet wees nie. „Want die slaaf wat in die Here geroep is, is 'n vrygemaakte in die Here". „Julle is duur gekoop; moenie slawe van mense word nie". Ons sal altyd rekening daarmee hou dat ons verdrukking sal lei omdat ons nie aan hierdie wêreld behoort nie, maar aan Christus.

Laat ons op hierdie feesdag Gods lof verkondig onder die volke van die wêreld, want hierdie dag getuig in die wêreld se geskiedenis nie van menslike prestasies nie, maar van die wondere van God! Dank God alleen vir manne en vroue wat goed en bloed geoffer het; vir hulle wat was, wat is en wat nog daar sal kom. Ons is as gelowiges alleen knegte van die Allerhoogste en voor die wêreld vry!

1 Junie

Lees 1 Kor. 8:1-6 en 1 Kor. 13. **Teks:** 1 Kor. 8:3.

KENNIS SONDER LIEFDE

Soos ook maar van die wêreld van die hede gesê kan word, het die gemeente in Korinthe tot stand gekom in die midde van 'n samelewing waar die gedrag, gebruike en denke deurdrenk was met heidense opvattings en aanbidding van die afgode. Die Christene wat deur die genade van God van hierdie lewenswyse afgesonder word, bly tog maar daagliks in noue aanraking met hierdie lewenspatroon en lewensopvatting. Daarom het die Christene in Korinthe, net soos dit ook maar vandag met Christene in hierdie wêreld die geval is, voor die vraag te staan gekom of hulle nou moet breek met alles om hulle heen. Een knellende vraag vir die Christene in Korinthe was daarom die eet van die vleis wat op die mark gekoop word, wat tog niks anders was as offervleis nie. Hierdie vleis is in die reël vooraf aan die afgode ten offer gebring. Sou dit daarom dan nie meebring dat as hulle van hierdie vleis eet hulle aan die verering van die afgode meedoen nie?

En vir ons is die knellende vraag in die hedendaagse wêreld daarom of die Christen hom aan die wêreld en alles moet onttrek?

Op hierdie vraag antwoord die apostel: „ . . . ons weet dat ons almal kennis het. Die kennis maak opgeblase, maar die liefde stig". Paulus wys die Christene in Korinthe daarop dat hulle hul daarop beroem dat hulle weet dat die afgode nie bestaan nie, en daarom kwel die eet van die vleis hulle nie. Hy wys hulle daarop dat kennis lei tot selfverheffing en selfgenoegsaamheid en dit op sigself wys daarop dat hulle tog nog nie tot die ware kennis gekom het nie, want kennis bring eintlik nederigheid. Juis in die nederigheid word die liefde tot God openbaar. In alles sal die liefde tot God tot openbaring kom. „Al sou ek die tale van mense en engele spreek en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword!" „As iemand God liefhet, dié word deur Hom geken". Aan hom wat God bo alles liefhet en in al sy werke openbaar, aan hom deel God Sy genade mee! Hier eindig alle hoogmoed van die mens en bely Hy alleen:

„Dank Vader, dank vir dié genade,
Dis onverdiende guns alleen!"

2 Junie

Lees 1 Kor. 8:4-6 en Rom. 11:33-36. **Teks:** 1 Kor. 8:6.

EEN HERE — EEN GOD

Die gemeente in Korinthe hoef hulle daarom nie te ontstel oor die vraag of dit hulle geoorloof is om van die offervleis wat op die mark gekoop word te eet nie. Hulle weet tog immers dat „'n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een". Hierin stem die apostel in dat hulle weet dat daar maar Een God is. Die vryheid van die Christen word nie deur die standaarde van die wêreld om hom heen bepaal nie, maar deur Christus is hy vry! Hierdie hoogste vryheid mag nie misbruik word om vir ander tot aanstoot te wees nie, maar in alles moet die Christen in hierdie wêreld leef tot stigting van ander. Hy sal die vryheid in Christus nie gebruik tot genot van die vlees nie, maar sy roeping deur Christus in hierdie wêreld aanwend tot opbouing van ander wat swak is — ja, sò dat hy alles deur vrye wil sover sal vermy waardeur hy aan die geestelike welsyn en sedelike welsyn van ander afbreuk sou kon doen.

Daarom sê die apostel: „Al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is — soos daar baie gode en baie here is — tog is daar maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom". Teenoor die baie gode en baie here van die heidenwêreld erken en bely die Christen een God en een Here. Van God bely hy dat Hy alleen Skepper is van alles wat bestaan. Hy alleen is God en Vader deur Jesus Christus, uit Wie alles is wat is op die aarde en in die hemel — Hy is die einddoel van ons mens-wees. Van Christus word bely dat Hy die Here, dit is die volstrekte Heerser is, wat as bemiddelaar reeds voor die grondlegging van die wêreld was, en is, en die einde van alles sal wees! Die gelowige bestaan alleen deur Hom, en dit is Sy middelaarsgenade. In hom bely ons in die vryheid saam met die apostel, in Fil. 4 „Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee! Ek weet om verneder te word, ek weet om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly".

3 Junie

Lees 1 Kor. 9:1-23 of Matt. 10:1-10. **Teks:** 1 Kor. 9:23.

Wanneer Jesus Christus die twaalf as apostels uitstuur, dan beveel Hy hulle om nie besorg te wees oor hulle lewensonderhoud nie (Matt. 10), want die arbeider is immers sy loon waardig, dan bevestig Hy alleen maar die voorskrif vir die Levitiese priesters se lewensonderhoud (Deut. 18:1). En sò bepaal die apostel dit ook in die brief aan die gemeente in Korinthe, dat dit die voorreg is van die apostel om toe te sien dat dié wat met die „heilige dinge werk, uit die heiligdom sal lewe; en dat dié wat by die altaar besig is, met die altaar sal deel". En so behoort dit dan ook te wees dat die wat die evangelie verkondig, van die evangelie moet lewe.

Maar die apostel Paulus verrig sy dienswerk aan die gemeente so heel anders. Hy het van geeneen van hierdie voorregte gebruik gemaak nie. Nou bedoel die apostel nie dat dit so moet wees nie, want: „wie dien ooit as soldaat op eie koste? Wie plant 'n wingerd en eet nie van sy vrug nie?" Paulus vind sy vreugde juis daarin dat hy die evangelie van Christus kosteloos bring. By hom kom geen selfsugtige oorweging in aanmerking nie; sy arbeid en selfverloëning staan enkel in diens van die evangelie! „Ek doen dit ter wille van die evangelie, dat ek 'n deelgenoot daarvan kan word".

So moet ons ook ons vreugde put in die dienswerk van Hom wat ons geroep het. Verdra ook alles om geen hindernis vir die evangelie van Christus te veroorsaak nie. „Dit is vir my geen roem nie; want die dwang is my opgelê". Wanneer die apostel die evangelie vrywillig en vry verkondig, smaak hy 'n innerlike genoegdoening as beloning. In alles het hy ter wille van die bevordering van die evangelie, hom in elke opsig met die gemeente vereenselwig; in alles onafhanklik van die mens en alleen gebonde aan die roeping en heerlike taak hom opgelê! In die skerpe teenstelling met die hoogmoedige Korinthiërs wat in hulle vryhede geen ag op die swakke broeders slaan nie, ontsê Paulus hom alles om alleen Christus te dien en almal met die Evangelie te kan bereik.

4 Junie

Lees 1 Kor. 9:24-27. **Teks:** 1 Kor. 9:26.

Die Christen in hierdie wêreld is deur Christus tot vryheid geroepe en in Christus is hy volkome vry, maar sy vryheid ken ook in liefde sy verbondenheid en verantwoordelikheid in Christus.

Die apostel Paulus verseker die gemeente in Korinthe dat hulle offerbereidheid en arbeid nie tevergeefs is nie. Hy gebruik 'n beeldspraak uit die sportwêreld wat aan hulle goed bekend is en wys hulle daarop dat die atleet wat op die baan hardloop hom tot die uiterste inspan om die gebruiklike lourierkrans as bekroning te ontvang by die oorwinning; hoewel maar een die begeerlike krans kan ontvang, elkeen hom tot die uiterste daarvoor inspan; hom in sy voorbereiding vir die wedloop baie dinge ontsê en moet ontbeer. Hy doen gewilliglik afstand van baie voorregte wat hy homself ontsê om die begeerlike prys te behaal. En tog doen hy dit vir die verwelklike krans, waarvan die glorie van korte duur is. Maar so is die offer wat die Christen bring nie vir die verwelklike nie, maar vir die onverwelklike kroon, ewig in die hemel! Vir die Christen is die kroon in die hemel weggelê. Daarom behoort hy hom alles soos Paulus te ontsê ten einde dié kroon te mag ontvang.

Die Christen hardloop nie omdat hy onseker is wat die uitslag sal wees nie, want op die baan is dié een wat onseker is van die uitslag dié een wat verslap. „Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie". Ek is verseker, nie in myself nie, maar in Christus is ek verseker van die kroon van heerlikheid! Daarom hardloop hy steeds soos een wat voor die wedloop nog begin het, verseker is van die oorwinning. Hy weet en is reeds hier verseker, dat hy eenmaal aan die aand van sy lewe sal kan roem: „Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou! Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee!"

Vir elke evangeliedienaar en vir elke Christen is dit belangrik om te onthou dat dit wat hy van andere verwag hy in alles die voorbeeld sal stel. By die wedloop waartoe hy hulle oproep, bly hy nie as toeskouer staan nie!

5 Junie

Lees 1 Kor. 10:1-5 en Ex. 13:17-22. **Teks:** 1 Kor. 10:4(c).

„EN DIE ROTS WAS CHRISTUS"

Op hulle deurtog deur die woestyn het Israel sekere voorregte geniet. Hulle was die uitverkore volk, die volk van God. Daarom het die Here as 'n troue God hulle versorg en gelei. Hulle het goeie gawes uit Sy hand ontvang.

Met „vaders" bedoel Paulus nie slegs die direkte afstammelinge van Abraham nie, maar ook die bekeerlinge uit die heidendom is sy geestelike nakomelinge. Paulus wil in sy brief aan die Korinthiërs tuis bring dat die „vaders", die volk Israel, vele seëninge van die Here ontvang het. Hulle was almal onder „die wolk" en het almal „deur die see deurgegaan".

Die gebeurtenisse uit die lewe van die volk word deur Paulus sinnebeeldig verklaar. Die handelinge van God met Sy volk onder die Ou Verbond moet dien om die nuwe volk, die volk onder die Nuwe Verbond, dit is die Kerk van Jesus Christus te onderrig.

Moses is deur God aangestel as leier om Israel uit die slawerny in Egipte uit te lei. So word hy vir hulle 'n bemiddelaar tot hulle behoud. Op die reis oorskadu die Here hulle met 'n wolk en lei hulle deur die see. Moses as dienaar van God en leier van die volk, as bemiddelaar tot hulle behoud, word 'n tipe van Christus. Die wolk is die teken van die Heilige Gees en die see stel die water van die doop voor. Deur hierdie gebeurtenisse in die woestyn is die volk so met Moses verbind dat dit as 't ware 'n doop was waardeur hulle met Moses verenig is.

Almal het ook dieselfde „geestelike spyse" geëet — die manna in die woestyn wat die voorafbeelding is van die brood by die Nagmaal; en „dieselfde geestelike drank" gedrink — die water uit die rots as sinnebeeld van die Nagmaalsbeker.

Hierdie spys en drank in die woestyn was 'n heenwysing na Christus wat in geestelike sin die ware brood en water van die lewe is. Christus was die geestelike rots. (Hy was onsigbaar aanwesig in die woestyn. Die geestelike seëninge wat hulle in die woestyn ontvang het, was bewys en uitvloeisel van sy teenwoordigheid).

Ten spyte van die genadegawes, die seëninge uit die hand van die Here, het die „vaders" nog gesondig teen die Here. Daarom het God

„in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn".

6 Junie

Lees 1 Kor. 10:6-11 en Num. 11:4-35. **Teks:** 1 Kor. 10:11.

WAARSKUWING TEEN SONDIGE BEGEERTES

Uit wat gebeur het in en met Israel wil Paulus sy Korinthiese gemeente onderrig. Die geskiedenis van Israel moet dien as 'n voorbeeld en as 'n waarskuwing vir hulle wat in Christus glo.

Die handelinge van God met Sy volk is openbaring van Homself en van Sy wil — nie slegs aan hulle met wie Hy handel nie maar ook vir die geslagte daarna. Sy handelinge onder die Ou Verbond dien om Sy wil en welbehae aan die Kerk van Christus onder die Nuwe Verbond bekend te maak.

Die voorbeelde wat hy uit die geskiedenis van die volk Israel opnoem is nie navolgenswaardig nie. Hy waarsku veral teen drie oortredings wat deur hulle begaan is: afgodery, hoerery en ongehoorsaamheid. Na die slegte dinge moet die Christene nie hunker soos Israel dit gedoen het nie. Om te begeer is 'n oortreding van die tiende gebód. Hulle het hulleself skuldig gemaak aan afgodediens. Hy verwys hier na die aanbidding van die goue kalf. Die Korinthiërs het ook meegedoen aan afgodediens en hulle afgodsoffermaaltye het gepaard gegaan met 'n oordaad van spys en drank.

Verder het Israel ontug bedryf met die dogters van Moab. Dit is 'n sonde wat vir die Korinthiese gemeente groot gevare inhou. Oor hierdie misdryf het God op een dag drie-en-twintig duisend laat omkom.

Om Christus te versoek is 'n ander saak waarteen hy sy gemeente waarsku. Hulle selfverheffing en hulle misbruik van die Christelike vryheid was niks anders as 'n uittarting van die Here nie.

Ontevredenheid is 'n ander sonde. Israel het gemurmureer toe die spioene teruggekeer het. Ook was daar die opstand teen Moses en Aäron onder Korag, Datan en Abiram. Ook die Korinthiërs was geneig om in verset te kom — veral teen die gesag van die Apostel. Hulle moet let op die oordeel van God oor so 'n houding. Die oordeel van God is oor Israel voltrek deur 'n verderfbrengende engel: „en hulle het deur die verderwer omgekom."

Hierdie gebeurtenisse uit die geskiedenis van Israel dien as voorbeelde en moet vir die christene 'n waarskuwing wees sodat hulle nie dieselfde doen nie.

7 Junie

Lees 1 Kor. 10:12-13 en 1 Kor. 6:12-20. **Teks:** 1 Kor. 10:12.

AS ONS STERK IS, IS ONS SWAK EN AS ONS SWAK IS, IS ONS STERK

Elke mens is in elke opsig van sy lewe afhanklik van die Here. Daarom kan niemand op eie krag steun nie. In elke opsig mag die mens hom egter op die Here verlaat. En die Here sal hom uitred en bewaar.

Die geskiedenis van Israel toon dit ook. Hulle is as volk van God in 'n besondere mate bygestaan. Sy genade oor hulle was groot. En tog het ook Israel telkens afgedwaal van die weë van die Here en in die sonde geval. Die volk Israel is 'n voorbeeld wat vir die Christen as 'n waarskuwing dien. Die gelowige in Christus mag homself nie verhef nie. Want hy is Christen, nie omdat hy so goed en voortreflik

is nie, of omdat hy so sterk staan teen die versoekinge nie, maar omdat hy 'n gelowige is deur die genade van God.

Die Korinthiërs was juis skuldig aan geestelike hoogmoedigheid. Hulle het gedink dat hulle vry was om aan alles mee te doen. Paulus het hulle reeds daarop gewys dat hulle deur Christus wel vry is van sonde, maar nie vry is om te sondig nie. Die slagspreuk van die Korinthiërs was: Alles is my geoorloof. En dit het aanleiding gegee tot 'n bandelose lewe. Hulle moet waak dat hulle nie as gevolg van hierdie leuse tot 'n sondeval kom nie. „Daarom wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie."

Die mens is van nature geneig tot die verkeerde, tot die oortreding van die wet van die Here met gedagtes, woorde en werke. Almal word in sonde ontvang en gebore. Almal besit die moontlikheid om te sondig. Daarom mag niemand te selfversekerd wees nie. Wie meen dat hy alleen staande kan bly teen die verleidinge van die Bose, weet nie hoe gevaarlik naby aan sy val hy elke dag beweeg nie.

Die gelowige het egter die troos dat die Here God ook aan die versoekinge perke gestel het. Wie geleer het om nie op eie krag te steun nie, ondervind die trou en uitredding van God.

8 Junie

Lees 1 Kor. 23-33 en Rom. 14:13-23. **Teks:** 1 Kor. 10:31.

DOEN ALLES TOT VERHEERLIKING VAN GOD

By die afsluiting van sy redevoering oor die eet van die vleis van die afgodsoffer, verwys Paulus weer na die vryheidsleuse van die Korinthiërs, naamlik „alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie" en „nie alles stig" nie. Daar is ook beperkinge aan Christelike vryheid: onder andere die belange van ander. Die Christelike vryheid moet ook so aangewend word dat dit in belang van die medemens en van die gemeente sal wees.

Aan selfsug mag geen plek gegee word nie. Die belange van ander moet steeds geëerbiedig word. By die aanwending van die Christelike vryheid bly die liefde die vernaamste rigsnoer. So sal die gelowige let op sy lewe sodat dit as 'n voorbeeld vir ander kan dien. Daar is ook onder hulle die wat swak is. Met hulle moet ook rekening gehou word.

Die sterkere se vryheid word nie noodwendig aan bande gelê deur wat ander dink en sê nie — ook nie deur die gewete van die swakkeres nie. Maar die sterkere dra 'n verantwoordelikheid teenoor die swakkere. Daarom moet hy bereid wees om nie altyd van sy vryheid gebruik te maak nie.

Belangrik is dat alles wat ons geniet, geniet moet word met danksegging teenoor God as die goeie Gewer. Dan hoef ons ons nie te bekommer oor die afkeuring of belastering van ander nie.

Paulus lê 'n goeie maatstaf neer: „Of julle dan eet of drink, of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God." Dit is 'n goeie gedragsreël vir die onderskeiding tussen wat mag en nie mag nie. As alles gedoen word tot eer van God, sal die gelowige se gedrag nie lei tot struikeling en die val van die naaste nie. Want die christen se lewe en gedrag mag by geen ander ergernis veroorsaak nie.

Dit is wat Paulus ook self doen: Hy soek nie na sy eie voordeel nie maar na die van ander. Hy roep sy gemeente op om sy voorbeeld na te volg, soos hy 'n navolger van Christus is.

9 Junie

Lees 1 Kor. 11:17-29 en Mark. 14:22-24. **Teks:** 1 Kor. 11:23.

DIE NAGMAAL NIE INSTELLING VAN DIE MENS NIE MAAR VAN GOD

Met die viering van die Nagmaal het allerlei ongereeldhede ingesluip. Uitspattighede het rondom die tafel van die Here plaasgevind. Ook was daar partyskappe onder die lidmate. Paulus het verneem van hierdie onreëlmatighede by hulle byeenkomste wat dien tot afbreuk eerder as tot die opbou van die gemeente.

Die partyskappe wat ontstaan het, kan lei tot skeuring in die gemeente. Verder was hulle gedrag, as hulle vir die Nagmaal saamkom, van so 'n aard dat die tafel sy karakter as maaltyd van die Here verloor het.

Blykbaar het hulle die liefdemaaltye aangerig wat dan uitgeloop het op die viering van die Nagmaal daarna. Vir die liefdemaal het elkeen van sy huis af voedsel saamgebring met die bedoeling dat dit op 'n gemeenskaplike tafel geplaas moet word sodat ook die minderbevoorregtes op daardie dag 'n goeie maaltyd kan geniet.

Nou het dit egter gebeur dat die welgesteldes afsonderlik hulle eie voedsel gebruik het sonder om dit met die armes te deel. So het die een groep in oordaad gelewe en die ander in gebrek.

Dit sal beter wees, sê Paulus, as hulle wat weier om in liefde mededeelsaam te wees, liewer by hulle huise sou eet voordat hulle na die Nagmaal van die Here kom. Dit sou nie aanstoot gee aan die armes nie. Die praktyk van die Korinthiërs openbaar 'n onverskilligheid teenoor die eenheid van die gemeente en die heiligheid van die Nagmaal. Hulle gesindheid teenoor die mindergegoedes is nie reg nie.

Teenoor hierdie wanpraktyke stel hy dan die regte gebruik van die Nagmaal: Want ek het van die Here ontvang, wat ek ook aan julle oorgelewer het en wat daarop volg. Die Nagmaal is dus nie 'n instelling van mense nie. Dit het sy oorsprong in Jesus. Die Korinthiërs (en ons) moet goed begryp dat alleen 'n plegtige, eerbiedige houding by die Nagmaal gepas is. Ook die Nagmaal moet met danksegging en tot verheerliking van die Here gevier word.

10 Junie

Lees 1 Kor. 11:23-34. **Teks:** 1 Kor. 11:30.

TYDELIKE STRAFGERIGTE UIT GENADE

Wat Paulus aan die Korinthiërs meedeel oor die regte viering van die Nagmaal, het hy van die Here ontvang. Niks meer nie en niks minder nie lewer hy aan hulle oor. Hyself het dit mondeling van die ander apostels verneem en hy gee dit ook mondeling oor aan ander. Sonder onderbreking word hierdie oorlewering mondeling voortgesit.

Aan die einde van die gewone en bekende instellingswoorde voeg Paulus hierdie woord by: „Daarom is daar onder julle baie swakkes en siekes en 'n aantal het ontslaap." Siekte en lyding het in die gemeente voorgekom. Ook was daar meer sterfgevalle as wat as normaal beskou kan word. Sterfgevalle het in 'n nie-weinige getal voorgekom. Hierdie woorde van hom volg op die gedagte dat wie op onwaardige wyse eet en drink, 'n oordeel oor homself eet en drink.

Hierdie dinge wat in die gemeente plaasgevind het, is tydelike strafgerigte van God. Hulle het die tafel van die Here nie met die gepaste eerbied bejeën nie — daarom gaan dit met hulle soos dit met Israel gegaan het in die woestyn.

Die oordeel van God kon afgewend gewees het deur opregte selfondersoek. By die selfverheffende Korinthiërs het so iets egter ontbreek.

Selfondersoek sou hulle tot ander insigte en tot ander gesindheid gebring het en dié tugtiginge afgewend het.

Die oordeel van God wat die gemeente tref is in werklikheid genadebetoning — dit is tugtiging wat bedoel is om tot inkeer te bring en om te red uit die oordeel wat oor die hele sondige wêreld sou kom.

Wie die besondere karakter van die Nagmaal misken, bring 'n oordeel oor homself deur sy onwaardige deelname. Die Here is egter 'n genadige God. By Hom is daar vergewing. Elkeen wat in ootmoed tot Hom nader, en vir Jesus Christus in die geloof aanvaar as Verlosser en Middelaar, hoef vir hierdie oordeel nie te vrees nie.

Die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.

11 Junie

Lees 1 Kor. 12:1-11. **Teks:** 1 Kor. 12:3b.

OORTUIGINGSWERK VAN DIE HEILIGE GEES

Die woorde van Paulus, dat hy nie wil hê dat hulle onkundig moet wees nie, is 'n segswyse wat hy gebruik wanneer hy 'n ernstige saak onder die aandag van die gemeente wil bring. Hier gaan dit oor die geestelike gawes. Opsweping van gees en geesdrywery was 'n bekende verskynsel onder die Grieke. En dit wil voorkom asof van hierdie gebruike nog voortgeleef het by hulle wat die Christelike geloof aangeneem het. Die gemeente het homself beskou as besonder „geestelik". Tog het allerlei buitensporighede voorgekom.

Die lidmate van hierdie gemeente was vroeër almal heidene en het die afgode gedien. So 'n heidense verlede word nie met die omkeer van die hand afgelê nie. Dit is dus goed moontlik dat heidense elemente nog in die gemeente kon voortleef.

Dit wil voorkom asof die heidense geesdrywery van vroeër vermeng geraak het met die uitinge van die Heilige Gees in die gemeente. Dit het veral voorgekom ten opsigte van die spreek van tale. Deur hierdie vermenging is wanordelikhede in die gemeente veroorsaak.

Dit het vraagstukke geskep waarop Paulus nou 'n antwoord gee. Hy wil hulle geestelike entoesiasme nie aanvuur nie maar eerder temper. As versagtende omstandighede vir die gemeente dien die feit dat hulle vantevore heidene was.

Hy wys in ons teks 'n riglyn aan, om die heidense van die Christelike te onderskei. As iemand spreek en dit sou deur die Heilige Gees wees, is dit onmoontlik vir so iemand om Jesus 'n vervloeking te noem. Deur die werking van die Heilige Gees kan 'n persoon alleen getuig dat Jesus die Here is. Buitendien kan niemand vir Jesus erken as Here as dit nie deur die werking van die Heilige Gees is nie.

As iemand dus in 'n geestelike verrukking sou uitroep dat Jesus 'n vervloeking is, moet hulle weet dat hy deur die duiwel aangegryp is en dat dit nie die Heilige Gees se werking is nie. Dit kan nooit die werking van die Heilige Gees wees nie, want die Heilige Gees bring 'n persoon juis daartoe om te bely en te getuig dat Jesus die Here is. Net die Heilige Gees kan 'n mens tot so 'n belydenis bring.

12 Junie

Lees 1 Kor. 13:1-7. **Teks:** 1 Kor. 13.

DIE LIEFDE (1)

I Kor. 13 is die bekende loflied van die Apostel Paulus oor die liefde. Dit word baie keer voorgelees of selfs voorgedra by die bevestiging

van 'n huwelik, sonder dat daar nader rekenskap van gegee word van wat Paulus hier met **liefde** bedoel. Is dit maar die gewone natuurlike aantrekkingskrag wat ons graag liefde noem? Is dit 'n tydelike gevoelsopwelling wat so maklik kan verflou, of is dit 'n blywende innerlike krag? Nee, ons moet dadelik besef dat die woord wat Paulus gebruik 'n ander betekenis het as wat ons gewoonlik daaronder verstaan. In hierdie liefde is alles so gaaf, so volkome, sonder voorwaardes en sonder grense. Is so 'n liefde wel moontlik? Kyk maar na die ontleding daarvan. Ten eerste: die liefde bedek alles. Die woord in die oorspronklike taal wat die Afrikaanse Bybel met „bedek" vertaal kan ook beteken: „bestand wees teen". Dus die liefde is bestand teen alles. Ken ons sodanige liefde? Waar het ons daarvan gehoor? En wie van ons het dit ondervind? Nee, ons moet erken ons leef in 'n wêreld van gebroke en verskeurde liefde.

13 Junie

Lees Joh. 15:1.

DIE LIEFDE (2)

Die liefde word nog verder verklaar in I Kor. 13. Daardie liefde glo alles. Dit hou onder alle omstandighede vas in geloof en vertroue! Nee, ook sodanige liefde ken ons nie op die aarde nie — nie 'n liefde wat alles glo, wat in voor- en teëspoed, in vreugde en smart ,die geloof en vertroue kan bewaar nie. Daarby kom nog: Die liefde hoop alle dinge. Waar tog kry ons die liefde wat altyd hoop, ook onder die bitterste lewensomstandighede immer en altyd vol stralende hoop is? Nog meer: Die liefde wat alles verdra. Alle mense verdra, elke mens verdra. Hooggeplaastes verdra, geringes verdra, elkeen verdra op die plek waar hy staan in die samelewing — met sy talente en met sy gebreke, vriendelike mense verdra en onvriendelike mense verdra. Dit is voorwaar makliker gesê as gedaan. Om saam te vat, vir die liefde waarvan Paulus skrywe, daarvoor is hierdie wêreld te vol van agterdog en wantroue. Moet ons dan sê: So 'n liefde pas nie in die wêreld nie, maar dit is ook nie 'n woord wat bedoel is vir die wêreld nie, maar vir die kerk, vir die gemeente, want ons maak tog so graag onderskeid tussen die wêreld en die Kerk, nie waar nie?

14 Junie

Lees Rom. 13:8-14.

DIE LIEFDE (3)

Dit is ook nie so dat Paulus die woord **liefde** in I Kor. 13 bedoel vir die kerk en nie vir die wêreld nie. Ons hoef nie lank hieroor uit te wy nie. Dit is voldoende as ons dit maar net só probeer stel: 'n Christen is lankmoedig en goedertieren; in die kerk, in die gemeente is ons nie afgunstig nie, en handel ons nooit uit eie belang nie. Of nog direkter, laat ons elkeen sê: Ek soek nooit my eie belang nie, ek word nooit verbitterd nie; ek reken die kwaad nie toe nie; my liefde verdra alle dinge; dit glo alle dinge; dit hoop alle dinge. Dis genoeg, ons hoef nie verder te gaan nie, want elke woord klink soos 'n bestraffing, 'n aanklag!

En dan, hoe moet ons die liefde verstaan waarvan Paulus skrywe? Is dit 'n soort van liefde waarvan en waaroor 'n mens nou wel lekker kan praat, maar 'n liefde wat in werklikheid nie bestaan nie?

Dit is wel waar, hy beskryf nie 'n liefde soos wat hy gevind het in

die wêreld buite die Kerk nie — ook in die gemeente nie. Hy praat ook nie van 'n liefde soos hy dit graag wil hê in die Kerk of onder die mense nie. Nee, hy praat nie maar of doen net 'n beroep nie, maar hy getuig, hy verkondig. **Hy verkondig die liefde van Jesus Christus.**

15 Junie

Lees Ef. 3:14-21.

DIE LIEFDE (4)

In I Kor. 13 verkondig Paulus die liefde van Jesus Christus. Dit is Sy liefde wat alles bedek. Dit is Hy wat voor die sondaar gaan staan, met Sy liefde hom bedek en sodoende die duiwel afweer. Sy liefde is soos dié van die vader uit die gelykenis. Die liefde wat die seun vashou ook in sy verre omswerwinge in die vreemde — ondanks die seun se bittere opstandigheid.

Die liefde van Jesus Christus glo alles. Hy hou vas in geloof en vertroue. Wees soos die vader in die gelykenis wat glo en vertrou dat die magneet van sy liefde vir die jong man te sterk sal word. Dat dit hom na die ouerhuis sal aantrek. Daarom staan die vader vir hom reeds en wag in die poort as hy uiteindelik terugkeer. Die liefde van Jesus Christus hoop alles. Hy hoop op vaste grond, omdat Hy kan sê: „Aan My is alle mag gegee in hemel en op aarde". „Hou goeie moed want Ek het die wêreld oorwin!"

Die liefde van Jesus Christus verdra ook alles. Dit breek nie af as die Fariseërs Hom haat, as Judas Hom gruwelik verraai, as Petrus Hom skandelik verloën en as Sy eie volk Hom verwerp nie. Ja, as alle liefdeloosheid oor Hom uitgestort word, dan eers blyk dit dat Sy liefde volmaak is. Dan word Sy verdraagsaamheid 'n offerande. Dit is die liefde van die Lam van God wat alleen die sonde van die wêreld kan wegneem.

16 Junie

Lees Gal. 5:16-22.

DIE LIEFDE (5)

Die liefde van Jesus Christus, wat blykbaar so onbekend is in die wêreld, het die wêreld tot nog toe bewaar. Daardie liefde wat somtyds so weinig weerklank vind in die kerk, daarvan en daaruit mag die kerk tog nog lewe!

Ja, van daardie liefde, die liefde van Jesus Christus, getuig Paulus, verkondig Paulus, jubel Paulus in I Kor. 13. En merkwaardig dat dit juis Paulus is wat daarvan sing. Want hy, Paulus, het die krag van die liefde van Jesus Christus so kennelik ervaar in sy eie lewe. Teen die krag van die liefde van Jesus Christus het sy eiegeregtigheid sig te pletter geloop. Maar daardeur het daar iets in sy hart gekom, wat daar nooit voorheen in was nie — 'n afskynsel van daardie vreemde liefde. En dit het Paulus bestand gemaak teen gevare op land en gevare op see, teen die verset van die Jode en die moedswil van die heidene. Hy, die eertyds so liefdelose, wat vroeër dreiging en moord geblaas het teen die Christene, teen die kerk, het, nadat die liefde van Jesus Christus hom ontmoet het, self uitgegaan soos 'n vuurbrand van liefde om die wêreld aan die voete van Jesus te bring.

Hy het besef daardie liefde is magtiger as die bruutste geweld. Daardie liefde wat alles bedek, alles glo, alles hoop, alles verdra, sal nooit vergaan nie maar sal ook eenmaal alle kwaad oorwin.

17 Junie

Lees Rom. 8:18-30.

HOOP

In I Kor. 13:13 is daar sprake van geloof, hoop en liefde. Geloof, hoop en liefde word dikwels genoem die drieling-susters. En van hulle drie is **hoop** seker die nederigste, die geringste. Want die liefde word geroem deur Paulus as die grootste, die vernaamste en niemand minder as Jesus Self nie het die ganse Wet en Profete saamgevat in **liefde.** Van **geloof** lees ons dat dit die voortreflike eienskap is van helde soos Abraham en Josef en Moses. Maar **hoop** bly meestal op die agtergrond geskuiwe. Tog is dit nie sonder rede dat die Heilige Skrif sowat 73 keer melding maak van **hoop** nie. Selfs in die tydelike lewe is **hoop** 'n welkome en feitlik onmisbare metgesel, want met hoop in die hart is die lewe vol beloftes, vol ideale. In elke hart waar die nederige **hoop** sy woning gemaak het, daardie mens kan elke dag met nuwe moed en die ywer van sy hande sy lewenstaak aanpak en so blymoedig die toekoms tegemoet gaan.

Maar ons kom tot 'n ander punt: Eenmaal sal daar vir elkeen 'n beslissing kom — òf ewige redding òf ewige straf. Gelukkig, God het Sy Seun in die wêreld gestuur. Hy het dit vir ons Kersfees gemaak en Goeie Vrydag en Paas-Sondag. Daarom is Jesus Christus onse Hoop: „want Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

18 Junie

Lees Joël 2:27-32 en 1 Kor. 12:1-7. **Teks:** Matt. 16:15, 16.

GELOOF

Om stroomaf te roei, is maklik. Dit gaan eintlik vanself want die stroom sleur 'n mens mee. Stroomop is dit moeilik. Dit kos sweet en krag. Om saam met die massa te gaan, is om saam met die stroom te gaan. Almal doen dit en daarom moet ek dit ook doen. Wie nie wil saamspeel nie word uitgestoot. Vir 'n spelbreker en 'n spelbederwer het niemand tyd nie. Daarom swig die ruggraatlose vir die massa. Die massa is sy krag en sy sterkte, dit bedek sy eie swakheid van karakter want hy kan nou op die massa „die mense" wat sus en so sê en wat dit of dat doen, steun.

Om te glo, is om in verset teen die stroom van die massa te kom. Maar dit is 'n eensame verset. Die mense het gesê dat die Seun van die mens 'n profeet van een of ander aard was; een het gesien en geglo en bely dat Hy veel meer was nl. die Christus, die Seun van die lewende God. Die massa het gespot: ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie; een het uitgeroep: dink aan my, Here, wanneer U in U koninkryk kom. Die massa het gespot: as U die Koning van die Jode is, verlos Uself; daar was maar een wat uitgeroep het: waarlik, Hy was die Seun van God. Toe die kerk in die openbaar by monde van Petrus belydenis gedoen het van hulle geloof in Jesus Christus as die Seun van God, is die handjievol bespot en is gesê: hulle is vol soetwyn!

Uit eie krag kan 'n mens nie in die geloof teen die stroom van spot en hoon staande bly nie. Maar, goddank, dit hoef ook nie in eie krag te gebeur nie. Wie glo, ontvang die krag want: „niemand kan sê dat Jesus die Here is nie behalwe deur die Gees."

„Maar julle, wie sê julle is Ek?"

19 Junie

Lees Job 1:18-22 en II Kor. 1:1-6. **Teks:** II Kor. 1:1a.

ONS VERKONDIG CHRISTUS

Paulus, geroep deur Christus Jesus. Toe Paulus geantwoord het op die roepstem van Christus, toe hy Christen geword het, het dit nie daar gebly nie: Christus het Paulus gestuur om die Evangelie te verkondig. En dit is wat hy gedoen het sy lewe lank. Sy lewe was veelbewoë: Meer as eenkeer was hy in die tronk, meer as eenkeer gegèsel, meer as eenkeer het mense hom verdryf. Altyd was daar maar èèn doel voor sy oë en dit was om sy Heer en Heiland te verkondig. Daartoe is hy geroep, daartoe is hy gestuur en dit het hy gedoen deur woord, daad en lewe.

As ek sê ek is 'n Christen, dan is dit ook my taak om Christus te verkondig. Moet ek nou 'n predikant wees om dit te doen; 'n ouderling wat leesdienste waarneem? Dit tog sekerlik nie. Job was nie 'n predikant nie en tog het hy te midde van sy terugslae, verdriet en pyn, te midde van die teenkanting van sy vrou en vriende nog sy God verkondig.

Daagliks word my die geleenthede voorgehou om my Heer en Heiland te verkondig: Meer as eenkeer is ek in ongure geselskap tot oneer van Sy Naam — dan is dit die oomblik om Hom te verdedig. In my daaglikse arbeid, terwyl ek deelneem aan sport, in my ontspanning, oral waar ek tussen mense is, by die huis met my gesin is die geleentheid daar om aan ander te toon deur my optrede, my uitlatings dat ek 'n Christen is, 'n volgeling van Christus Jesus. Maar ook in my offergawes, my gereelde deelname aan die erediens en die sakramente, lê die spieël van my geloof in Christus. Ek ontvang my smart en terugslae uit die hand van God; ek ontvang ook my voorspoed en geluk uit Sy hand — alles op so 'n wyse dat ook 'n ander kan sê: Hy is 'n Christen. Ek verkondig Christus nie alleen deur die woord wat ek spreek nie, maar bowenal deur die geloof wat ek lewe.

20 Junie

Lees 2 Sam. 12:1-14 en 2 Kor. 2:5-11. **Teks:** 2 Kor. 2:5-11.

VERGEWE!

In die gemeente van Korinthe was daar iemand wat bitterheid en droefheid veroorsaak het, miskien nie in die hele gemeente nie, maar tog dan in 'n gedeelte van die gemeente. Die gemeente het hierdie persoon baie sterk aangespreek, hom byna vervloek voor God oor wat hy gedoen het. (Wat die daad was en wat die gemeente gesê het, word ons nie gesê nie). Nou is Paulus tevrede dat die saak afgehandel is en nou dring hy sterk by die gemeente aan, hy beveel hulle, as apostel eintlik, om die persoon te vergewe en nie net liefde tenoor hom uit te spreek nie, maar dit ook aan hom te betoon, sodat die persoon nie vervreem word nie, maar nader getrek word aan Christus.

Dit is dan immers ook die Christelike weg. So is die sonde wat Dawid gedoen het (die moord op Uria om sy vrou te kry) vergewe. Hy het sy straf gekry, maar sy sonde is vergewe. So het Jesus gebid aan die kruis vir die sonde van hulle wat Hom aan die kruis gespyker het.

Dit is immers ook die weg wat die gelowige Christen moet volg in die belewing van sy geloof in Christus. Wat geld in die gemeente en die kerk, geld ook vir elke persoon. Dit gebeur soms dat iemand baie swaar teen 'n mens oortree, jouself of jou huis benadeel, of iemand in jou gesin benadeel en veronreg word. Die weg is om die persoon

te bestraf en hard ook, maar nie om wrok en haat te koester nie — die wraak is immers nie ons s'n nie. Solank dit teen die gemeente, die kerk of iemand anders gedoen word, is dit natuurlik maklik om te vergewe — nie so maklik as dit teen jouself of jou geliefde is nie. Maar die tweede gebod van Christus vereis nie alleen die liefde-uitspraak nie, maar ook die daad van liefde teenoor so 'n mens. Wanneer die haat en wrok in die hart oorbly, het Satan die oorwinning behaal: Dit is juis sy groot doel om Christene uitmekaar te probeer kry. Maar omdat dit soms so moeilik gaan, kan mens alleen maar om krag en genade voor God neerkniel.

21 Junie

Lees Jer. 1:4-9. 2 Kor. 13:4-6. **Teks:** 2 Kor. 3:5.

DIENS VAN DIE MENS

Blykbaar was daar mense in Korinthe wat getwyfel het aan die goddelike roeping van Paulus, mense wat gereken het dat wat Paulus doen hy doen vir eie eer. Paulus weerlê hierdie stelling: Christus het hom wel geroep tot 'n sekere taak en hy verrig hierdie taak. Die feit dat daar 'n gemeente in Korinthe is, is bewys daarvan. So ook die groot dade wat hy gedoen het. Siekes wat gesond word, dooies wat lewendig word, die verkondiging van die Evangelie. Hierdie besondere bekwaamheid van Paulus kom nie uit homself nie, maar van God wat hom krag en genade gee. So het die Here ook die profeet Jeremia gereed gemaak vir die taak wat Hy aan hom opgedra het.

En so word aan elke mens wat homself 'n Christen noem, 'n sekere taak opgedra, nl. om Hom te dien. Nou gebeur dit so dikwels dat mense wanneer hulle geroep word om te dien in die gemeente die opmerking maak dat hulle nie bekwaam is vir daardie diens nie. Natuurlik is dit so: Nie een van ons is bekwaam vir die diens van Christus nie. Dáárom gaan dit sekerlik nie. Nie my bekwaamheid nie, maar wat Christus met my wil doen, is van belang. So ook wanneer ek iets verrig in die gemeente en die kerk, dit wat ek kan gee en wel ook gee, my offergawe, my kragte, dit is alles nie myne nie; alles het ek van Hom ontvang. Die feit dat ek kan werk, kan dien, kan gee, is stof tot oneindige dankbaarheid omdat Hy dit vir my gee om Hom daarmee te kan dien. Ja, ek kan nie een tree voor die ander sit, as dit nie deur die genade van God is nie. Ek dien Hom alleen maar met Sy eie goed en met die krag wat Hy my gee en daarmee sê ek vir Hom dankie dat Hy my so genadig is.

22 Junie

Lees Dan. 4:33-37 en 2 Kor. 4:1-7. **Teks:** 2 Kor. 4:7.

DIE SKAT VAN GOD IN ERDEKRUIKE

Die mooie diamantring is in 'n eenvoudige kartondosie, die lieflike geskenk is toegedraai in papier; in die krip in Betlehem tussen die strooi lê die Saligmaker van die wêreld. Ek sien die kartondosie nie eers raak nie; ek gooi die papier weg; ek buig my knie nie voor die strooi of die krip nie. Die erdekruik is vaal en onaansienlik; binne-in is lewenswater of 'n skat van goud. Die erdekruik kan maar breek, dit kan vervang word — die skat binne-in bly 'n skat. Hoe onaansienliker die omhulsel, hoe meer kom die skoonheid van die inhoud na vore.

Paulus, die groot apostel, is nog maar 'n brose mens, 'n vervangbare, sterflike mens. Die groot dade wat hy gedoen het, is nie sy krag nie, dit is die krag van God wat deur hom werk. Die kragtige woorde wat hy

spreek, is nie syne nie, dit is die Gees van God in hom. Die lofliedere wat hy aanhef, is die geloof in hom wat tot uiting kom, 'n geloof wat God aan hom gee. Die feit dat ek kan bly staan te midde van beproewinge; dat ek God kan dank met trane wat teen my wange afbiggel; dat ek moed kan hou en voortgaan en van voor af begin — dit alles kom nie uit myself nie, maar uit die krag wat God aan my gee, die geloof wat Hy in my werk.

Kan ek roem? — waarop?! Hoe groter my daad, hoe meer word Christus verheerlik, want dit is Hy wat dit deur my doen. Hoe meer ek op die agtergrond kom in my lewe en roem, hoe meer kom Hy op die voorgrond. Want Hy is alles in lewe en sterwe — ek is alleen maar 'n brose mens, vervangbaar en sterflik, 'n erdekruik met die skat van die geloof in my, 'n erdekruik om gebruik te word deur Hom tot Sy eer.

23 Junie

Lees Ps. 31:20-25 en 2 Kor. 4:16, 5:3. **Teks:** 2 Kor. 5:1.

ONS HEMELSE WONING

In die nag kan 'n tent ysig koud wees, in die dag kan dit kokend warm wees; wanneer dit reën, krimp die toue en die penne kan selfs uittrek en die tent bo-op jou neerstort; 'n stroom reënwater loop maklik deur die tent en maak alles binne nat en as die storm opkom, kan die tent maklik omwaai. Altyd is 'n tent maar 'n tydelike woning. Ek gebruik dit wanneer ek op reis is of wanneer ek tydelik op 'n plek is om te werk. Nooit kan 'n tent 'n ware permanente huis wees nie. Wanneer ek op 'n plek kom waar ek permanent wil woon, dan bou ek 'n woning met vaste fondament, stewige mure en waterdigte dak.

En so is die lewe: Ek is op reis deur die lewe en die liggaam is alleen maar die tydelike woning. En hierdie liggaam is so broos en vernietigbaar; so onderhewig aan siekte en verminking, beproewing en pyn. Deur die lewe van elke mens kom daar die bare van die lewensee wat oor jou hoof heen slaan; die koue duisternis van die nag is daar, maar ook die lewenson kan soms fel en seer brand. Die plekkie van 'n geliefde raak soms leeg, 'n kind bring diepe droefheid in die ouerhart. So dikwels word die liggaam gemergel deur pyne op die krankbed en die lewe kan selfs 'n las word. Maar nee! Hierdie verdrukking is slegs maar vir 'n klein rukkie; nou lyk dit asof daar geen doel of betekenis in is nie, tog is daar so baie om voor dankbaar te wees, so baie om na uit te sien.

Want hierdie tydelike tentwoning word vervang, met 'n ewige huis, nie met hande gemaak nie — vir hom wat glo in Christus Jesus. Hier is trane, daar is gelag; hier is 'n klaaglied, daar is gejubel; hier is 'n pyngemergelde verminkte liggaam, daar 'n ewige volmaakte liggaam; hier die tentwoning, wat so maklik deur die storms van die lewe omgewaai word, daar die ewige woning in die heerlikheid van God.

24 Junie

Lees Jes. 53:3-6 en 2 Kor. 5:17-21. **Teks:** 2 Kor. 5:21.

MY SONDE OP HOM

Josef en Maria in Betlehem — nee daar is nie plek vir Hom nie! Sien Hom daar in die krip: So onskuldig, sondeloos — reeds onder die skadu van die kruis. Sien Hom rondgaan van plek tot plek; siekes word gesond, dooies word lewendig, aan almal word die Evangelie van liefde en vrede verkondig. Maar — die jakkalse het gate en die voëls van die hemel het neste, maar die Seun van die mens het

geen plek om Sy hoof neer te lê nie. Ja, Hy is verag en deur die mense verlaat, 'n Man van smarte, bekend met krankheid. Hoor die valse beskuldiginge teen Hom, sien Hom neersyg onder die dwarsbalk van die kruis. Sien Hom daar op Golgota: Spykers deur Sy hande en Sy voete, die doringkroon op Sy hoof. Hoor die bespotting, die belaging, die bespuging. „Vergewe hulle . . ." En die drie uur van helse duisternis — alleen van God en mens verlate — alleen in Sy doodsworsteling met Satan. Geen ligstraal van die hemel om Hom te bemoedig, geen druppel water gun die aarde Hom om Sy dors te les nie. Maar Hy het oorwin, alles het Hy oorwin, ja, my versoening met God het Hy volbring, sodat ek voor God geregverdig kan wees.

„O God, ek is 'n sondaar, diep tot in die diepste van my wese. Vergewe my in die Naam van Christus Jesus. Straf my, gee aan my beproewing, druk die trane uit my siel, maar onttrek U hand nie van my nie. Maak my ewig U kind in Christus Jesus."

25 Junie

Lees 2 Sam. 7:8-15 en 2 Kor. 6:14-18. **Teks:** 2 Kor. 6:18.

ONS VADER

Vroeg reeds het God aan Israel die belofte gegee dat hulle volk van God is, solank hulle by Hom bly en nie met die heidene meng en hul gode aanhang nie. So kon Israel die toekoms ingaan. Ook aan Dawid het God die belofte gegee dat sy seun Salomo sal lewe onder die leidende hand van God. God sal vir hom 'n vader wees en Salomo sal vir Hom 'n seun wees. So kon Dawid voortgaan met die werk wat God hom gegee het en so kon hy met 'n geruste hart sy hoof ter ruste lê: met die wete dat sy toekoms verseker is. So skryf Paulus ook aan die gemeente van Korinthe: Julle is nou Christene en nie meer heidene nie; meng nie met die heidene en hul gode nie en julle sal waarlik volk van God wees — Sy kinders. So belowe Hy ook aan ons van vandag.

Vader? Gee 'n vader dan vir sy kind 'n klip of slang as hy vis of brood vra? Soms voel dit werklik of God dit met my doen. Ek vra so mooi en ernstig om reën, dat die siek geliefde moet gesond word, dat ek uit my moeilikhede moet uitkom, maar dit is asof daar geen antwoord is nie, asof God my vergeet het. Die moeilikhede in die huis bly maar nog altyd, my kind gee nog altyd smart in die ouerhart!

Het ek myself al rekenskap gegee of ek Sy gebooie bewaar, nie heul met satansmag nie? Lê ek my werklik neer by Sy wil soos ek bid in die ONSE VADER? Vra ek alleen maar tot my eie voordeel en dit wat my plesier? Dank ek Hom ooit op my knieë dat Hy nog die moeite doen om my te beproef? God belowe ook straf aan die seun van Dawid as hy sou afdwaal.

Ja, werklik, wanneer die hand van God die hardste druk, dan is ek ook die naaste aan Hom en dan is dit juis die tyd dat Hy my die vasste in Sy hand het. Nee, Hy is my Vader, in tye van droefheid en vreugde, voorspoed en terugslae, lig en duister. O God, gee tog dat ek dit sal glo, ook wanneer my geloof klein is; gee tog dat ek dit verseker sal weet, ook wanneer dit voel asof ek alleen is op die wêreld: Dat U my Vader is en ek U kind!

26 Junie

Lees 2 Kor. 7:2-16. **Teks:** 2 Kor. 7:8-10.

DIE DROEFHEID VOLGENS DIE WIL VAN GOD

Die apostels was mense wat van die opgestane Heer persoonlik die

opdrag ontvang het om Sy evangelie te verkondig. Daarom is die apostelamp uniek en kan dit nie gelykgestel word met enige ander hedendaagse amp nie. Die apostels was getuies van die vleesgeworde Woord, van kruisiging en opstanding. Soos I Joh. 1:1-3 dit stel: „ . . . wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en wat ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe . . . verkondig ons aan julle". Paulus was wel nie een van die dissipels wat die Here in Sy aardse omwandeling gevolg het nie, maar hy is op die pad na Damaskus deur die opgestane en verhoogde Heer Self tot die apostelskap geroep.

Uit sy briewe blyk egter dat Paulus se gesag as apostel deur baie mense in twyfel getrek is. Dit was ook die geval in Korinthe. In hierdie hoofstuk en ook in dié wat volg, betuig hy telkens die volmag waarmee hy spreek as apostel en dienskneg van Jesus Christus. Sy vorige brief het by die Korinthiërs droefheid gewek. Droefheid omdat sy bestraffings deur die Gees van God in die harte van die Korinthiërs ingang gevind het en hulle beweeg het tot berou. „Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg . . ." (Hebr. 4:12). Dit was dus 'n droefheid wat deur die wil van God gewerk is — die droefheid wat 'n onberoulike bekering tot verlossing werk. Dit alleen was genoeg om te bevestig dat die evangelie wat Paulus verkondig het, nie na die mens was nie.

Dit is daardie selfde Woord wat ons verneem in die verkondiging van die evangelie — die evangelie van Jesus Christus soos dit aan ons betuig is deur Paulus en die ander apostels. Dit is genade om bedroef te word deur die Woord — om tot bekering geroep te word deur dié Woord wat verlossing bring.

27 Junie

Lees 2 Kor. 8:1-24. **Teks:** 2 Kor. 8:9.

DEUR SY ARMOEDE RYK

Wanneer Paulus in hierdie hoofstuk die gemeente aanspoor om op oorvloedige wyse by te dra tot die kollekte wat daar gehou word vir die arm gelowiges in Jerusalem, weet hy dat hy met Christus-gelowiges praat. Hierdie kollekte was vir hulle 'n geleentheid om diens te betoon in navolging van die Heer, Jesus Christus, wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. Wie in die gemeenskap met Christus opgeneem word, word ook meegesleur deur hierdie stroom van diensbetoon, hy raak betrokke in die dienende arbeid van die Heer. Daarom gee hy ook nie net 'n „bydrae" nie, maar 'n dankoffer, 'n deel van homself omdat Christus Homself vir ons gegee het.

Jesus Christus is die bron en die grond en die krag van die gelowige se liefdewerk en sy voorsiening in die nood van ander. Die liefdewerk waartoe die apostel die gemeente aanspoor, is die direkte gevolg en 'n afskynsel van die liefdewerk wat Christus vir hulle, ja ook vir ons gedoen het. Danksy die saligheid dat God ons tot die gemeenskap met Christus geroep het (1 Kor. 1:9), is dit vir ons onmoontlik om ons aan die liefdediens teenoor ander te onttrek.

Die liefdediens van Christus het bestaan uit Sy koms na hierdie wêreld uit liefde vir ons, mense. Dit het beteken dat Hy die rykdom van Sy hemelse bestaan moes prysgee in ruil vir die armoede van 'n

lewe op aarde. Self het Christus geen voordeel uit Sy vernederende menswording behaal nie, maar Hy het dit gedoen ter wille van ons: sodat ons deur Sy armoede ryk kan word. Skatryk! Nie om die rykdom vir onsself te hou nie, maar om dit uit te deel.

28 Junie

Lees 2 Kor. 9:1-15. **Teks:** 2 Kor. 9:6.

DIE SAAIER

Net soos in die vorige hoofstuk is Paulus hier ook besig om aan die gemeente te verduidelik waarom dit noodsaaklik is dat 'n gelowige uit die gawes wat hy van God ontvang, mildelik moet uitdeel aan die ander. Hy herinner ons aan iets wat elke boer weet: hoe banger iemand is om rojaal die saad uit te strooi om 'n paar sakke saad te probeer spaar, hoe kleiner is sy oes.

Die apostel dink natuurlik aan die manier waarop ons gee. Mens kan knyperig gee of met 'n oop hand. Maar steeds moet ons daaraan dink dat dit met die gewer dieselfde gaan as met die saaier: daar is 'n oes op die spel. Om te gee, het gevolge vir die gewer, en dit kan net soos 'n oes groot of klein wees. Wie glad nie gee nie, wie geen pit saai nie, wag natuurlik tevergeefs op 'n oes — vir hom wag daar 'n hongerdood. Maar wie gee, belê sy besittings in die ander. En hoe meer mens in die ander belê, hoe groter is die rente wat jy ontvang. En God is die waarborg dat die mildelike gewer geen misoes sal hê nie, want God het 'n blymoedige gewer lief. Hy het die mag om Sy genade in allerlei gestaltes oorvloedig oor ons te laat wees.

Net soos die boer in die saaityd opsien na God en reken op Sy liefde en trou, so moet elke gemeentelid sy gawes afstaan in die blye sekerheid dat Gods liefde iets goeds daaruit sal laat groei. Wie egter dink om te gee net ter wille van die wins wat hy kan ontvang, sal teleurgesteld wees, want ons kan die genade van God nie koop nie. Daar is wel 'n oes, 'n loon vir die blymoedige gewer, maar ook dít gee God net soos die saad uit vrye genade.

God hou van mense wat nie seerkry as hulle weggee uit liefde nie, want in daardie soort weggee herken Hy die liefde waarmee Hy Sy Seun, Jesus Christus, aan die wêreld gegee het. God sy dank vir Sy onuitspreeklike gawe.

29 Junie

Lees 2 Kor. 10:1-18. **Teks:** 2 Kor. 10:3-4.

DIE WAPENS VAN ONS STRYD

In die gemeente van Korinthe was daar 'n klein groepie mense wat 'n veldtog teen die apostel Paulus op tou gesit het. Hulle het bv. beweer dat die apostel se nederige en sagmoedige handelwyse in die gemeente nie ooreenstem met die skerp vermanings in sy briewe nie. Hierdie argument het hulle gebruik om hom in onguns te bring by sy gemeente.

Hierteen reageer hy heftig, omdat hy nie kan toelaat dat daar so 'n wantroue teen hom in die gemeente voortwoeker nie. Nie omdat hy dit nie kan verdra dat daar slegte dinge oor sy persoon gesê word nie, maar omdat dit skadelik is vir die verkondiging van die evangelie as die verkondigers daarvan in 'n ongunstige lig gestel word.

Deur heel aan die begin 'n beroep te doen op die sagmoedigheid en vriendelikheid van Christus, weet ons reeds wat die strydwyse van Paulus sal wees wanneer hy hom teen sy valse beskuldigers verdedig. God, en almal wat in Sy diens staan, bereik hulle doel deur sagmoedig-

heid en vriendelikheid. God kon ook deur magsvertoon die mense laat bewe het, maar in Christus het Hy uit liefde afstand gedoen van Sy reg om Sy vyande met mag te verpletter. Hy is só magtig dat Hy dit kan regkry om vriendelik te wees! Slegs die swakkes moet hulleself handhaaf deur magsvertoon en geweldmetodes.

Elke Christen is geroepe om in sy lewe hierdie Christus na te volg. Hy kan hom dit veroorloof om af te sien van selfhandhawing omdat sy eer deur God Self gewaarborg word. Dit is „vleeslik" om met groot gebaar vir jou eie posisie te veg. Dit is „geestelik" om stil te wees en in vertroue op God die onregplegers vriendelik tegemoet te tree. Want hoewel ons maar vlees en bloed is, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie, want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp.

30 Junie

Lees 2 Kor. 11:1-5; 13-15. **Teks:** 2 Kor. 11:14.

DIE VERLEIER VAN DIE BRUID

Met goddelike jaloersheid het Paulus gewaak oor die gemeente wat deur sy toedoen as 't ware aan Christus verloof is. Die gemeente is die Bruid van Christus wat met reikhalsende verlange wag op die dag wanneer die Bruidegom sal kom om haar tot Hom te neem in ewigheid. Tot op dié dag moet die Bruidsgemeente rein gehou word soos 'n maagd, d.w.s. die gemeente moet getrou bly aan Christus alleen aan Wie sy verbind is.

Maar Paulus is onrustig oor sy gemeente, omdat hulle mense is en daarom elke oomblik bloot staan aan die versoeking om ontrou te word, net soos Eva deur die sluheid van die slang verlei is. Dit is hierdie oersonde van ontrou en ongehoorsaamheid aan die lewende God waarteen die apostel waarsku en waaraan die gemeente hulle sal skuldig maak as hulle hulle laat verlei deur die valse apostels wat 'n ander evangelie as Paulus aan hulle verkondig.

Inderdaad is dit 'n gevaar wat ons almal as gemeente van die Heer bedreig, nl. om ontrou te word aan die Bruidegom. Dit is nie maklik om alleen in die geloof op Sy koms te wag en tot dan geen ander heerlikheid te besit as dié wat aan ons beloof is nie. Ons wil altyd iets meer hê as die toesegging dat ons by Sy koms met hemelse heerlikheid en 'n bruilofskleed beklee sal word.

Die groot Verleier, die Satan, weet dit al te goed en hy stel alles in die werk om die Bruid van Christus te oorrompel, ja hy doen hom selfs voor as 'n engel van die lig. Maar hy kan geen vat aan ons kry as Christus al ons doen en late vervul nie. Ons moet volkome toegewy wees aan die Heer, ja soos 'n bruid aan haar bruidegom. Die feit dat ons Hom toebehoort, moet ons hele lewe beheers en moet die inhoud van al ons vreugde wees, totdat Hy kom.

1 Julie

Lees 2 Kor. 11:30; 12:10. **Teks:** 2 Kor. 12:7.

DIE DORING IN DIE VLEES

God weerstaan die hoogmoediges. Daarom wou Hy Sy kneg, Paulus, klein hou. Want Hy gee Homself, Sy liefde en genade, nie aan mense wat oorloop van hulleself nie, maar alleen aan mense wat nederig is.

Aan Paulus het God besonder baie van Sy genadegawes gegee. Maar juis omdat hy 'n mens was, het hy elke oomblik gevaar geloop om hom te verhef oor die grote dinge wat God aan hom gedoen het. Daarvan

wou God hom bewaar deur hom 'n doring in die vlees te gee, 'n engel van die Satan om hom met die vuis te slaan.

Wat die aard van hierdie hewige aanvegtinge was, is nie belangrik nie, maar die doel daarvan en die manier waarop hy dit in sy lewe verwerk het.

Paulus het hom aanvanklik verset teen sy lyding: drie maal het hy die Here gebid dat die doring, die Satan van hom moes wyk. In die vaste geloof dat Christus die mag het om dit te doen, in die sekerheid van die liefde van sy Heer en met die vrymoedigheid dat hy so iets mag vra, het hy gebid. En as daar nie 'n spesiale rede voor was om sy versoek nie toe te staan nie, sou die Heer Paulus ongetwyfeld van sy lyding verlos het. Maar toe het dit vir hom duidelik geword dat niks „per toeval" met hom gebeur nie, maar dat God dit toelaat dat die doring op een plek Sy beskerming kon deurdring.

Daar was 'n rede voor: dat hy nie hoogmoedig moet word nie. Hy moes steeds daaraan herinner word dat hy nooit sonder die krag en genade van Christus kan klaarkom nie. Die kleinheid, die nederigheid, die swakheid bly steeds die gunstige voorwaarde vir die inwoning van die krag van Christus in ons. Want dit bly nou eenmaal die grote Skepper wat gee en die kleine skepsel wat ontvang. Hy is die ryke en ons die armes. Hy die krag en ons die swakkes.

2 Julie

Lees 2 Kor. 12:19; 13:13. **Teks:** 2 Kor. 13:13.

DIE GENADE VAN DIE HERE JESUS CHRISTUS

Ons was vandag in die kerk toe die gesant van God die seën oor ons uitgespreek het: „Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen."

Die genade van die Here Jesus Christus is veel meer as 'n vriendelike gesindheid teenoor ons. Dit is 'n daad met die doel om die begenadigdes volkome te red. Ons het ons lewe te danke aan die reddende genade van Jesus Christus. Dit is Sy genade wat nog elke dag met ons besig is en ons tot vandag toe bewaar het vir die heerlikheid van Sy koninkryk; wat ons ook in die toekoms sal bewaar totdat ons onberispelik voor God sal staan. Daarom is met die woorde „die genade van die Here Jesus Christus" eintlik reeds alles gesê wat Paulus sy gemeente (teenstanders inkluis) met sy hele hart toewens, want ook die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees is daarin begrepe.

Die liefde van God omvat Sy ontfermende bemoeienis met ons, gerig op ons verlossing en herstel. Daardie liefde kom tot uiting in die gemeente: mens kan dit aan 'n gemeente en sy lidmate bemerk as God Hom liefhebbend met hulle bemoei. Want dan is die liefdedade wat die gemeentelede aan mekaar bewys, 'n afskynsel van die groot liefde wat God aan hulle bewys het.

Die gemeenskap van die Heilige Gees hou in dat ons deel het aan die werk van die Heilige Gees omdat Hy in ons harte woon en ons in alle waarheid lei. Maar die grootste gawe van die Heilige Gees is die gemeenskap en die eensgesindheid tussen die Christene onderling.

Met hierdie seën word die gemeente toevertrou aan die oorvloed van Gods ganse liefdewerk soos dit van Hom uitgaan, in die Heer Jesus Christus bestaan en deur die Heilige Gees aan elke gelowige

voltrek word. Om so in die sorg van God gelaat te word wanneer ons die kerkgebou verlaat, gee aan ons die grootste gemoedsrus wat op aarde moontlik is.

3 Julie

Lees Ex. 1:1-14; 1 Pet. 1:3-12. **Teks:** Ex. 1:12.

VERDRUKKING — IN GODS HAND 'N SEËN

Die aartvader Jakob het met alles wat aan hom behoort het, op versoek van sy seun Josef, heerser oor Egipteland, daarheen getrek en in die land Goosen gaan woon, die beste deel van Egipteland. Hulle het uit sewentig siele bestaan.

Die wete en die versekering dat hulle die beskerming van Josef sal geniet, het hulle gewillig laat trek. Dit was egter veel meer die belofte van die Here wat hom met blydskap en geloofsvertroue vervul het.

God het tot hom gespreek en gesê: „Ek is God, die God van jou vader. Moenie bevrees wees om na Egipte af te trek nie, want Ek sal jou daar 'n groot nasie maak." Josef het gesterwe en al sy broers en daardie hele geslag, ja, geslagte het **gekom en gegaan.**

Die belofte van God is vervul. Hulle het gegroei tot 'n groot nasie en buitengewoon magtig geword tot ontsteltenis en vrees van die nuwe Farao, koning van Egipte.

Daar word slinkse planne teen die volk van die Here beraam. Hulle sou nie meer in voorspoed, rus en vrede woon nie. Harde en wrede slawerny en verdrukking word hulle deel.

Die verdrukking van die wêreld is om die godsvolk te vernietig. Maar as God besig is om op te bou, wie sal afbreek? As Hy maar met Sy volk is, want Gods beloftes word altyd vervul.

So was dit ook met Sy volk in Egipte. Dit was hulle enigste troos. So staan dit dan ook van hulle geskrywe: „Maar hoe meer hulle verdruk is, hoe meer het hulle vermenigvuldig en uitgebrei . . ."

Die Here laat die verdrukking oor Sy volk toe, maar wil dat die volk daardeur gelouter sal word. Hy keer die kwade vir hulle ten goede. God laat immers nie vaar die werke van Sy hande nie. Hy bly getrou tot in ewigheid.

4 Julie

Lees Ex. 1:15-22; Hand. 7:17-22. **Teks:** Ex. 1:22.

DIE MENS WIK, MAAR GOD BESKIK

Wat ons in die eerste verse van Ex. 2 meegedeel word, behoort tot die alledaagse dinge van die lewe. Die geboorte van Moses word hier vermeld. Hy is gebore in 'n tyd toe die verdrukking van die kinders van Israel in Egipte skerp toegeneem het. Sy lewe was dadelik in gevaar soos ook eeue later dieselfde gevaar die lewe van Jesus na Sy geboorte bedreig het. Die nuwe koning van Egipte het listig met Israel te werk gegaan, hulle mishandel deur hulle te verplig om hulle seunskindertjies weg te gooi, sodat hulle nie in die lewe behou kon word nie. Dit is seker van die alle swaarste beproewinge wat oor 'n vader en moeder en oor 'n volk kan kom. Langs 'n ander weg het ons volk ook van daardie beproewinge en smarte moes deurleef.

In so'n gevaarvolle tyd is Moses gebore. Die geboorte van elke welgeskape kindjie is vir godvresende ouers altyd 'n bron van innige blydskap en groot dankbaarheid. Vir Moses se ouers was dit ook so, maar daarby ook vrees en onrus.

Moses, wat deur God bestem is om Sy volk te verlos, moet om die

lewe gebring word, maar „God vernietig die saad van die nasies". Die listige plan van die satan word verydel.

Dieselfde man wat hierdie duiwelse aanslag op die seunskindertjies van Israel doen, word in die hand van God die werktuig om Moses in die nodige wysheid te laat oplei om later as geroepene van God die kinders van Israel uit die knegskap van Egipte te bevry. Die mens wik maar God beskik. Hy laat nog altyd alle dinge meewerk ten goede vir die wat Hom liefhet. Daarom wil Hy ook alle kwaad van ons afweer of ons ten beste keer.

5 Julie

Lees Ex. 2:1-10; Heb. 11:23-29. **Teks:** Heb. 11:23.

GELOOFSVERTROUE

In die brief aan die Hebreërs, hoofstuk 11, staan van Moses geskrywe in vers 23: „Deur die geloof is Moses ná sy geboorte deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het die gebod van die koning nie gevrees nie."

Moses dank sy lewe aan die geloof van sy ouers. Juis in moeilike tye kan die geloof op besondere wyse openbaar word en God verheerlik. Die apostel Johannes sê: „En dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof".

As alle christen-ouers dit maar onthou. Die satan spits hom op 'n besondere wyse toe op die kinders van die gelowiges. Hy wil hulle in sonde en wêreldgesindheid verlei en verstik.

Die verantwoordelikheid van ouers ten opsigte van die geestelike nood en versorging van hulle kinders is groot.

Die ouers van Moses het gesien dat die kind mooi is. Hulle geloof het in die kind 'n skoonheid raakgesien wat ander nie kan sien nie. Hulle het die gebod van die koning nie gevrees nie. Hulle lê hulle kindjie in Gods hand wat magtig is om van die dood te verlos. Die geloof handel nooit doelloos en planloos nie. Die moeder bestee al haar moederlike sorg aan die voorbereiding vir die redding van die lewe van haar kind. Met groot sorg en noukeurigheid word die mandjie van biesies geneem en dit met lymgrond en pik bestryk. Sy lê die kindjie met al die liefde van haar hart en seker in gebed tot God uit die diepte van haar hart, in die mandjie. Sy kies self die plek waar sy die mandjie in die Nyl plaas.

Sy lê hom in Gods hand en gaan in stil vertroue op die lewende God terug na haar huis. Haar hoop en verwagting het haar nie beskaam nie. Haar kind sal lewe. Aan haar bors sal hy nog lê. Al moes sy hom later aan Farao se dogter afstaan, hy sou groot word, bestem om Gods volk te bevry. (Gesang 189:4).

6 Julie

Lees Ex. 3:1-10; Luk. 5:1-11. **Teks**: Ex. 3:10.

ROEPING EN TAAK

By die lees van bogenoemde skrifgedeeltes tref die groot ooreenkoms ons, hoe verskillend die wyse ook mag wees waarop Moses en Petrus tot die diens van die Here geroep is.

Moses tree te voorskyn as 'n eenvoudige herder wat by die oppas van sy skape by die berg Horeb die heerlikheid van God wonderbaarlik opsoek. Hy kom plotseling te staan voor die wonder van die brandende doringbos. „Die doringbos brand in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie". Hy besef, dit is hier nie maar 'n gewone daaglikse

verskynsel nie. Nee, hierdie vuur is van Bo aangesteek. En die stem uit die vuur roep Moses tot toewyding en gebed. Hy deurleef heilige gewaarwording as die Godsstem uit die vuur kom: „Moenie nader kom nie. Trek die skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan is heilige grond."

Petrus tree te voorskyn as 'n eenvoudige visser wat by die uitoefening van sy dagtaak Gods woord verneem en die teenwoordigheid van Jesus met heilige gewaarwordinge gewaar, sodat die begenadigde beskaamd aan die knieë van Jesus neerval en sê: „Gaan weg van my Here, want ek is 'n sondige man".

Moses word geroep met die opdrag: „Gaan dan nou heen dat Ek jou na Farao kan stuur; en lei my volk, die kinders van Israel uit Egipte uit".

God het die mishandeling van Sy volk in Egipte duidelik gesien, hulle gesug gehoor en neergedaal om hulle te verlos. Daartoe roep Hy, oorwin Hy, bekwaam Hy en gebruik Hy Moses.

Petrus staan voor Jesus en verneem die roeping en opdrag: „Van nou af sal jy mense vang". Petrus gehoorsaam, maar moes eers deur die smeltkroes van berou gaan vanweë die verloëning van sy Here, voordat hy geheilig en toegerus sal wees tot die diens van die Here.

God het die sondenood van Sy volk duidelik raakgesien, hul sug na verlossing gehoor en in Jesus Christus neergedaal om te soek en te red dié wat verlore was. Daartoe roep Hy Petrus om Sy skape en Sy lammers te wei. Hy roep en gebruik nietige en sondige mense, ja, vir u en vir my in Sy diens en skenk daartoe die bekwaammakende krag van die Heilige Gees. God gee, dat ons ook hier altyd tot Sy eer sal sê: Op U roepstem sê ons nooit nie, nee, nooit nie — Nee! Maak ons daartoe gewillig en bereid.

7 Julie

Lees Ex. 4:1-17. **Teks:** Ex. 4:17.

EINDELIK GEHOORSAAM

Die Heilige Skrif toon ons noukeurig hoe moeilik dit vir Moses was om hom na die wil van God te skik. Herhaaldelik het hy geweier om na Farao te gaan en in die naam van die Here te sê: **„Laat my volk trek".** Telkens het hy teengestribbel, uitweë gesoek, met baie verskonings gekom. Hy weet beter as God. Hy is nie die man om na Egipte te gaan en Israel te verlos nie. Hulle sal hom ook nie glo nie. Helder leef in sy geheue daardie snerpende woord, veertig jaar gelede toe hy vrede wou maak tussen twee volksgenote: „Wie het jou as owerste en regter oor ons aangestel".

As God hom nou 'n teken in die hand lê as bewys dat Hy hom stuur, dan soek hy 'n ander uitweg. „Ag, Here, ek is nie 'n man van woorde nie, van gister of van eergister af vandat U met U krag gespreek het nie; want ek is swaar van mond en swaar van tong".

As God ook hierdie beswaar uit die weg neem, waag hy dit nogeens om hom van die diens van die Here te wil verskoon: „Ag, Here, stuur tog deur wie U wil stuur".

Eers toe die toorn van God teen hom ontvlam het, en God hom verseker dat sy broer Aäron met hom sal saamgaan en God Self met hulle mond sal wees en hulle sal leer wat hulle moet doen, was Moses bereid om die bevel van God te gehoorsaam. God het hom eindelik oorwin. Gewillig trek hy eindelik met sy vrou en sy seuns na Egipteland.

Ook het hy die staf van God in sy hand geneem. God sal self meegaan en onder Sy hoë hand sal Sy volk verlos word.

Waar die Here roep tot Sy diens, betaam ons kinderlike gehoorsaamheid ook al voel ons ons so doep onwaardig en meen ons met soveel grondige besware ons te verskoon.

Hy wat ons roep, maak ons bekwaam tot Sy diens deur die krag van die Heilige Gees.

8 Julie

Lees Ex. 4:18-24. **Teks:** Ex. 4:24.

'N MOEILIKE KEUSE

Die weg van die Here met Moses by die herberg mag vreemd en onverstaanbaar skyn, omdat toe Moses eindelik bereid en gewillig was om na Farao te gaan en Gods volk uit die slawehuis uit te lei, die Here hom teëkom en hom wil doodmaak. Waarom?

Die optrede van sy vrou Sippora toon dat hy hom in sy huis aan 'n groot oortreding skuldig moes gemaak het. In alle waarskynlikheid het hy in swakheid teenoor Sippora versuim om sy seun te laat besny. Voordat God egter deur Moses Egipte weens sy sonde sou straf, moes die sonde uit sy eie huis verwyder word. God is te rein van oë om die kwaad aan te sien. Hy oordeel die sonde waar Hy dit vind en veral ook by hulle wat die naaste aan Hom lewe. Moses mag ook geen uitsondering wees nie, want God sien nie die persoon aan nie. Die dood met al sy angste het hom omring sodat hyself die versuimde nie meer kon goed maak nie. Nou tree sy vrou tevoorskyn. Voorheen was sy miskien vir hom meer 'n struikelblok as 'n hulp in die dinge van God. God stel haar voor 'n ernstige keuse. Sy kan die oordeel van God oor haar huis afweer indien sy in gehoorsaamheid aan die woord van die Here, namelik dat al wat manlik onder hulle is, besny moet word — die versuimde berouvol en gelowig nakom of dit laat. Sy kies die eerste. Dit was 'n smartlike weg vir haar en haar seun. Maar sy gehoorsaam en sy en haar huis vind genade in die oë van die Here. God trek die swaard van gerig oor haar huis terug. God het Moses laat staan, hom gespaar. Hy kon met dankbare blydskap voortgaan en as instrument in Gods hand, Gods volk uit die verdrukking van Egipte verlos.

9 Julie

Lees Ex. 4:24-31. **Teks:** Ex. 4:25.

OORDEEL EN GENADE

'n Betekenisvolle toneel speel sig af tussen Moses en sy vrou Sippora terwyl hulle in die herberg was op pad na Egipte. Daar heers spanning en doodsgevaar. Sippora neem 'n skerp klip en sny die voorhuid van haar seun af en gooi dit voor Moses en sê: „waarlik, jy is vir my 'n bloed-bruidegom!" Ons het hier 'n baie belangrike uitroep. Wil dit nie wys op die begin van 'n nuwe verhouding tussen Moses en Sippora nie? Sou ons dit nie so kan sien, dat nadat God Sy hand op Moses gelê het om hom deur die dood weg te neem, Sippora hom weer van God terug ontvang het, maar op grond van 'n nuwe verhouding, namelik op grond van die dood en die bloed.

Ons staan hier voor 'n wonderbare geheimenis. Die nuwe verhouding tussen Moses en Sippora wys ons heen op die verhouding met ons Hemelse Bruidegom soos dit reeds bestaan en vir ewig met Christus die verheerlikte Hoof van Sy gemeente sal bestaan.

Die grondslag van hierdie kosbare en ewige verhouding is en kan

nie anders wees as die dood en die bloed van die Seun van God self nie. Staande op hierdie grond en fondament van ons saligheid kan die apostel Petrus aan die verdrukte en vervolgde gelowiges van sy dae skryf: „omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos." (1 Pet. 1:18-19).

Op dieselfde fondament staande juig alle verlostes saam met Johannes op Patmos: „Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir Sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid. Amen".

10 Julie

Lees Ex. 7:1-13 en Mark. 16:14-20. **Teks:** Ex. 7:1.

ROEPING

Moses is deur God geroep om die volk van Israel uit die Egiptiese slawehuis na die beloofde land Kanaän te lei.

Daarvoor is hy eintlik van sy vroegste jare af voorberei: In sy kinder- en jeugjare het hy die opvoeding en onderrig aan die koninklike hof ontvang; met sy besoeke aan die werksplekke waar sy volksgenote swaar moes swoeg, is sy volksgevoel opgewek; in Midian het hy nader met God kennis gemaak, wat hom tot sy taak geroep het. Daar was egter nog baie besware vir Moses, soos byvoorbeeld dat hy swaar van taal was, dat sy volk hom nie sou glo nie en Farao die volk nie sou laat trek nie. Maar ook hierin het God voorsien, deur sekere wondertekens aan Moses toe te vertrou, wat hy kon gebruik om die besware van die volk en weerstand van Farao te bestry: sy staf kon in 'n slang verander word en weer terug in 'n staf, sy hand kon melaats word en weer gesond; Aäron kon hom met sy welsprekendheid bystaan en bo alles stel God Moses as 'n god vir Farao, met ander woorde word aan Moses 'n gesag toegeken om namens God op te tree om die volk op te roep vir die trek, en die stryd teen Farao aan te knoop om die volk te laat trek.

Besef die gelowiges dat hulle net soos Moses vir net so 'n belangrike taak geroep is om die ongeloof en weerstand teen die kerk te oorwin en die kinders van God na die ewige Kanaänland te lei? Die profetiese, priesterlike en koninklike amp deur Jesus Christus aan die gelowige toevertrou, moet beoefen word in ons huis, by ons werk, in die gemeenskap en gemeente; maar bowe-al in ons huis. Die Heer het daarvoor genoeg toerusting voorsien sodat ons dit na Sy welbehae kan doen.

11 Julie

Lees Ex. 7:14-25 en Openb. 21:10-23. **Teks:** Ex. 7:16.

OPDRAG

By God was dit 'n uitgemaakte saak dat die kinders van Israel uit Egipte moes trek na die land wat Hy met 'n eed aan Abraham belooof het, en dat die tyd nou daarvoor aangebreek het.

Toe Josef vir Jakob en sy familie van ongeveer sewentig siele na Egipte laat kom het om ten tye van 'n wêreld-hongersnood uit die opgebergde graan in Egipte voorsien te word, was dit nooit die bedoeling dat hulle Egipte hulle tuisland moes maak nie. Dit het egter geblyk dat onder 'n goedgesinde regering die kinders van Israel hulle in Egipte gevestig het. Maar later onder 'n ander koningshuis is die

Israeliete uit vrees vir die snelle groei van die volk verdruk, hulle seunskinders om die lewe gebring en die volk dwangarbeid laat doen. Onder hierdie omstandighede het die tyd ryp geword om Egipte te verlaat en hulle in Kanaän te gaan vestig, en hoewel die volk Moses aanvanklik nie wou glo nie, en dit vir hulle moeilik was om hulle van Egipte los te maak, sodat hulle later nog terug verlang het na die visse wat hulle in Egipte verniet geëet het, die komkommers, waterlemoene, uie en knoffel, het hulle tog uitgesien na die beloofde land van volop waters, graan, wyn, vrugte, olie, heuning, vleis en minerale rykdomme. Net Farao moet sy toestemming gee, en daarom klink die opdrag van die Here aan Moses soos 'n refrein: „Gaan na Farao en sê vir hom: Laat my volk trek".

Daar is seker lesers wat ook die ondervinding moes deurmaak om vanuit 'n vreemde land waarin 'n mens gebore is, te trek na 'n eie vaderland. Die hartseer van die afskeid, word verdring deur die verwagtings van wat voorlê. So is die gelowige hier op aarde ook vreemdelinge en reisigers na 'n tuisland, en hoewel die wêreld alles in sy vermoë doen om so 'n reis te verongeluk, reis hy voort na die nuwe Jerusalem.

12 Julie

Lees Ex. 8:1-15 en Heb. 12:1-15. **Teks:** Ex. 8:2a.

WEIERING

Dit was te wagte dat Farao nie sonder meer die volk sou laat trek nie. Daarvoor was die volk vir hom te nuttige handlangers om die stede Pitom en Raämses te bou.

Daarom was dit nodig dat die Here Moses na Farao sou stuur met die waarskuwing van besoekinge oor Egipte indien hy sou weier om die volk te laat trek. Die eerste plaag was die verandering van water in bloed. Met die tweede plaag word die land deur paddas getref. Daarna het die muskiete en toe die lastiger steekvlieë gekom, naderhand het pes onder die vee uitgebreek en toe die erger swere aan mense en diere, totdat daar hael en vuur uit die hemel gekom het, en wat van die hael oorgebly het, het die sprinkane verteer, en toe het dit nag geword in Egipte deur 'n driedaagse duisternis. Dus was die plae aanvanklik nie so ernstig nie, sodat die towenaars, Jannes en Jambres, dit Moses kon nadoen maar dit het ernstiger afmetings aangeneem wat 'n donker wolk oor Egipte gewerp het.

Waarom was die weiering van Farao om die kinders van Israel te laat trek en die veelvuldige plae nodig? In die weiering word die ongehoorsaamheid van die mensekinders geopenbaar, en in die plae moet ons die tugtiging van die Here herken. Baie mense sien in die strafgerigte wat oor hulle kom 'n natuurlike gebeure, ander weer is baie gou om in die strafgerigte die dade van 'n onregverdige en liefdelose God te wil sien. Die strafgerigte is uit die hand van 'n regverdige sowel as 'n liefdevolle God. Die gelowige moet dit so aanvaar, sodat die tugting nie sy doel mis nie en 'n mens nie sy kanse verspeel nie, en alles tot verheerliking van God se Naam kan doen.

13 Julie

Lees Ex. 9:1-12 en Matt. 12:22-32. **Teks:** Ex. 9:12.

DIE HART VERHARD

Oor die trek van die volk uit Egipte na Kanaän, het die verhouding tussen Farao en Moses, die gesant van God, al meer gespanne geword,

en die botsings al feller, en die oordeel van God het al nader gekom.

Met die opdrag wat Moses namens die Here aan Farao gerig het om die volk te laat trek, het Farao 'n uitdagende houding aangeneem en gevra: „Wie is die Here na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? Ek ken die Here nie, en sal Israel ook nie laat trek nie". Toe die plae van God Egipte begin teister het, het Farao, aangemoedig deur die suksesse wat sy towenaars gehad het om Moses dinge na te doen, sy hart verhard, en waar sy hart verhard was, het God eindelik Farao se hart verhard. Nieteenstaande die feit dat God geweet, vooruit geweet het, dat Farao sy hart sou verhard en God eindelik Farao se hart sou verhard, het God deur die plae Farao die geleentheid gebied om tot verandering van sinne en gesindheid te kom. Maar Farao het nie van die geleenthede gebruik gemaak nie, die plae nie ter harte geneem nie, en onder groter druk en ellende beloftes gemaak wat hy nie sou nakom nie.

Die voorbeeld van Farao word die mens voorgehou as 'n baie ernstige waarskuwing. Die gebrek aan kennis van God se woord hou ernstige gevare in, wat 'n mens onnosele vrae laat stel en 'n uitdagende houding teenoor God laat inneem; die gemeenskap met die onheiliges laat 'n mens veragter in die genade van God, die voortwandel op 'n eie gekose weg laat hom volhard in die sonde en ongehoorsaamheid en laat die mens sondig teen die Heilige Gees, wat hom tot in ewigheid nie vergewe sal word nie. Elke dag is 'n geleentheid om met die sonde te breek.

14 Julie

Lees Ex. 10:21-29 en Joh. 17:9-17. **Teks:** Ex. 10:26.

BELOFTE

Nieteenstaande die weiering van Farao om die volk te laat trek en sy verharding van hart, moes die volk alles in gereedheid bring om volgens die opdrag van die Here Egipte te verlaat vir hulle tog na Kanaän.

Deur al die plae wat oor Egipte gestuur is heen, is die volk van God baie min getref. In die land van Gosen waar die volk gewoon het, het die steekvlieë nie gekom nie, die pes het hulle vee nie getref nie, die hael het op hulle landerye nie geval nie, die duisternis het hulle nie omsluit nie. Die volk is saam met hulle eiendomme gespaar, want hulle sowel as hulle goed behoort aan die Here. So moes hulle wanneer hulle trek ook alles saamneem. Selfs moes hulle silwer en goud en klere van die Egiptenaars eis, die land beroof om alles saam met hulle te neem. Op hierdie wyse is daar op stoflike gebied vir die volk in 'n ruime mate voorsien op hulle onbekende weg en eindelike inwoning in die nuwe land.

Die volk van God is op hulle reis na die ewigheid voorsien vir alle moontlike gebeure en behoeftes. Daar is niks wat hulle hoef te ontbreek nie, maar self het hulle 'n plig om gebruik te maak van die voorsiene geestelike skatte, en selfs wat die stoflike aanbetref sal daar genoeg wees as dit met oorleg gebruik word en aangewend word tot eer van die Here.

In die gedagte wat uitgespreek is dat geen klou agter moet bly nie, moet ons die belofte van die Here lees dat Hy ruimskoots vir Sy volk sal voorsien; ook die woorde van Jesus in Sy Hoëpriesterlike gebed: „Oor die wat U my gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie".

15 Julie

Lees Ex. 11:1-10 en Openb. 20:11-15. **Teks:** Ex. 11:6.

OORDEEL

Na die weiering van Farao om die volk te laat trek, het God hom met plae besoek om verandering van sin en daad by hom te weeg te bring; maar toe hy hierop geen ag geslaan het nie, en sy hart verhard het, het die tyd van oordeel oor Farao aangebreek.

Die tiende plaag oor Egipte word aangekondig om die getal plae vol te maak en die strafgerig te voltooi deur die verskriklike oordeel van die dood van die eersgeborenes, sowel van Farao as dié van die slavin agter die handmeul, en selfs die eersgeborenes onder die vee. Dit beteken dat die getalle van die ongelowige wêreld uitgedun sou word, die seën van vermeerdering en vulling van die aarde in 'n vloek verander sou word, die eersgeboortereg op die vaderlike seën en erfenis die eersgeborenes ontneem sou word, en hulle hul lewe sou verloor. En watter finaliteit bring die dood nie! Farao sou deur geen middel ongedaan kon maak, waarvan hy die oorsaak was nie. Kan u u voorstel watter som van menslike leed daar in dié nag gedra is, en watter stroom van trane daar gevloei het van moeders wat hulle eersgeborenes aan die dood moes afstaan?

Wat meer is, die Egiptiese gestorwenes het geen deel aan die genadige versoening wat die dood van die Eers- en Eniggeborene van God aan die kruishout van Golgotha verdien het nie. Hulle ewige toekoms is nag en dood, want hulle was God ongehoorsaam, het hulle teen Hom verset, God se volk gedwarsboom en Sy wil tot die einde toe teëgestaan.

16 Julie

Lees Ex. 12:1-14 en Joh. 19:17-37. **Teks:** Ex. 12:14.

FEES

Eindelik het die tyd nadergekom dat Farao onder druk die Israeliete sou toelaat om Egipte te verlaat, al was dit om later hulle agterna te jaag in 'n poging om hulle weer terug te bring.

Op die gedenkwaardige dag moes daar 'n sonderlinge fees gevier word. Op die tiende van die maand wat aangemerk is as die eerste maand van alle maande, moes 'n jaar-oue lam onder die skape of bokke uitgesoek word, en op die veertiende moes dit vir die huis- of vriendekring geslag word, sonder om 'n been daarvan te breek, en dan moes dit gaar gemaak word. Met die heupe omgord asof hulle voor 'n haastige vertrek staan, moes die lam geëet word. Daarby moes ongesuurde brode en bitter sous gebruik word om hulle te herinner aan die bitter lewe in Egipte. Die bloed van die lam moes met 'n hisop-bossie aan die deurposte bestryk word om die pasga, die verbygaan van die doodsengel, te verseker, wat in Egipte omgegaan het om die eersgeborenes te laat sterwe.

Vir die volk van die Here is die verlossing uit die slawe- en sondehuis voorwaar 'n gebeurtenis wat 'n waardige fees werd is; so 'n fees het Jesus Christus met die Heilige Nagmaal ingestel om die volk van God te herinner aan die Eniggeborene Seun van God wat as paaslam aan die kruishout van Golgotha moes sterf. Met asyn aan 'n hisopstingel is Sy droë lippe natgemaak, sy bene is nie gebreek nie. Sy bloed is die ewige afweermiddel teen die doodsengel, teen die ewige dood. Laat die gemeente daarom nooit vergeet om fees te vier nie.

17 Julie

Lees Ex. 13:17-22 en Joh. 1:4-14. **Teks:** Ex. 13:21.

DIE LEIDINGE VAN GOD IN DIE LEWE

Die leidinge van Gods voorsienigheid bly altyd vir ons 'n wonderlike saak. Ons sien en ervaar dit, maar ons kan dit nie deurgrond of begryp nie. Die waarheid hiervan sien ons ook by Israel op hulle trekpad vanuit Egipte na Kanaän. Vandat hulle die bewoonde land verlaat het en deur die woestyn moes trek, het die Here Self die leiding van Sy volk waargeneem. Hulle sou alleen díe weg volg wat in ooreenstemming is met die wil en bedoelinge van God. Uit hulleself sou hulle, en ook ons, hierdie weë nie kon volg nie. Die Here self het vir Israel die weg aangewys deur 'n wolkkolom wat oor dag voor hulle uitgetrek het en 'n vuurkolom in die nag. Hierdie wolk- en vuurkolom was die sinnebeeld van die teenwoordigheid van God Self met Sy liefde en trou en beskerming.

Die Here het hulle nie met die korste pad na Kanaän gelei nie, maar met 'n groot ompad deur die woestyn wat veertig jaar geduur het. En so lei die Here ons ook nie altyd met die korste pad na die hemel nie. Hy kies die weg wat die beste beantwoord aan Sy goddelike doel, waarop ons die beste berei en bekwaam kan word vir die Land van Belofte. Ons moet ook dikwels met baie ellende beproef word, en lank rondswerf in die woestyn van hierdie wêreld so vol van angs en droefheid. Tóg hoef ons nie te vrees nie, want die Here Self is met ons (Ps. 23:4). Die Here is ons lig en ons son en ons skild. In Christus, die troue Herder, is God dan ook altyd met ons. Daarom word Christus ook genoem: Immanuel. Aan Hom behoort ons na liggaam en siel. En op onse moeisame trekpad deur die woestynagtige wêreld, verneem ons altyd weer die roepstem van Hom wat die Lig van die wêreld is:— „Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld". (Matth. 28:20).

18 Julie

Lees Ex. 14:9-20 en Hebr. 11:1-3; 24-30. **Teks:** Ex. 14:14.

KALME GELOOFSVERTROUE

Ons verontrus en bekommer ons dikwels oor die dinge van die toekoms. Dinge kan so dikwels anders uitwerk as wat ons bereken of verwag het. Ook die mens sonder God moet dit dikwels ondervind by die walmende fakkel van sy ydele selfvertroue.

Tóg mag die Christen die toekoms nie onbesorgd tegemoet gaan nie. Die erns van die lewe mag ons nie onderskat nie. Maar ons moet die donkere, onsekere toekoms tegemoet gaan terwyl die oog van geloof gerig is op die lig van Gods vuurkolom wat ons toestraal. Want die Here is ons Veilige Geleide. Al gaan ons weg dan ook deur diepe waters en duistere dieptes, dan moet daar by ons slegs die stille vertroue wees terwyl ons die reis moedig voortsit.

Dit moes ook Israel doen onder omstandighede van die grootste bedreiging. Voor hulle was die see; aan weerskante geweldige berge; en agter hulle die moordsugtige leër van Farao. Maar dan stel Moses die volk gerus: „Die Here sal vir julle stry — en julle moet stil wees". Dieselfde gedagte vind ons by Jesaja: deur kalmte en vertroue sal die mens behoue bly. Die Here is dit wat vir ons die weg aanwys en die stryd voer. Ons moet slegs glo en met vertroue die reis ootmoedig voort-

sit, en in gedagte hou: so hoog as wat die gedagtes van God is, so diep is dikwels Sy weë!

Die kinders van God word meermale op hulle trekpad deur die wêreld voor die Rooi See geplaas. In ons angs en vrees sien ons nêrens uitkoms nie — en tog **moet** ons deur die dieptes van die Rooi See. En ons kóm daar deur onder die kalme, blymoedige oorgawe aan die veilige geleide van God — want die krag en die seëpraal is geleë in die gebed en stille vertroue op God.

19 Julie

Lees Ex. 15:1-13 en Openb. 15:1-4. **Teks:** Ex. 15:21.

'N DANKBARE LOFLIED

Israel het 'n loflied gesing om die Here te verheerlik omdat Hy Sy mag betoon het oor die vyand. Die roem kom alleen aan Hom toe. Die Here Self het met sy eie hand die vyand verpletter — daarom hoor ons 'n loflied van die geloof uit dankbaarheid. Met blye vertroue kan hulle nou die onbekende toekoms tegemoet gaan.

Wie verlos is, is ook verheug en dankbaar; dié verkeer in 'n opgewekte en dankbare stemming, en dié wil ook werklik sing, indien nie met die mond nie, dan tog in die hart.

Ook by ons moet 'n behoefte en 'n drang wees om uit dankbaarheid te sing tot eer van die Here. Want ons is verlos van die magte van die duiwel deur Jesus Christus. En dit is heerlik om op reis te wees na die hemel onder die veilige geleide van Hom wat aan die Kruis oorwin het. Ons hele lewe moet dan ook een groot dankbare loflied wees tot eer van God.

Van die liefde en trou van God oor Sy volk, en van Sy oordele oor Sy vyande, moet die gelowiges altyd op die aarde sing. Daarvan sing die saliges in die hemel (Openb. 15:3). Getroos en vol rustige vertroue moet die gelowiges met vreugde en dankbaarheid sing van die oorwinning en verlossing wat God deur Christus aan die Kruis geskenk het. Want dit is met bande van liefde dat God ons, deur die Kruisdood van Christus, deur die diepe waters van die dood heentrek na die Vaderhuis met sy baie wonings, waar net vreugde en blydskap is, en waar net lofliedere gesing word tot eer van die Here.

20 Julie

Lees Ex. 15:22-26 en Mark. 3:7-10. **Teks:** Ex. 15:23.

MARA

Die moeilike, onherbergsame woestyn, was vir die vorming van Israel van die hoogste belang. Hulle moes losgemaak word van die strikke van die heidendom en van die goddeloosheid (Hos. 2:14).

Toe Israel egter geen water op hulle moeilike trekpad vind nie, het hulle moedeloos en ongeduldig geword. En dit is die gewigtigste beproewinge van ons geloof wanneer die Here ons so vinnig van die grootste vreugde van die geloof (Ex. 15:1) in die grootste droefheid verplaas, en wanneer Hy ons uit die aangenaamste rus in die grootste onrus laat kom. Dan is dit moeilik om in die geloofsvertroue te volhard.

Eindelik kom Israel by Mara, maar die water was ondrinkbaar — dit was bitter. Die gevolg was: ontevredenheid en murmurering. Maar — dan openbaar die Here weer Sy liefde en trou deur Moses 'n stuk hout in die water te laat gooi waardeur die water drinkbaar geword het.

So is die leiding en regering van God altyd wonderbaar en genadig.

In alle nood moet die mens hom dan altyd wend tot God, die Groot Geneesheer. Ook op onse trekpad deur die woestynagtige wêreld kom ons oral by die Marabronne te staan, by allerlei beproewings en teleurstellings, waar ons kla: Die waters is vir ons bitter, ons kan dit nie drink nie. Die groot Marabron in elke lewe bly egter die sonde. Maar — dan kom die hout van die boom van die lewe, dit is die Kruis-Evangelie, die woord van Gods genade en barmhartigheid en trou om die bitterheid uit ons lewe weg te neem. Wanneer die Evangelie van die Gekruisigde dié hart aanraak waarin skrik en droefheid is, dan kom die soetheid van die vrede en vreugde van Christus. Jesus alleen verlos van alle angs en leed, en Hy gee gesondheid en lewe. Wanneer Christus in ons lewe kom, dan wyk alle nood en smarte.

21 Julie

Lees Ex. 16:11-18 en Matt. 14:14-20. **Teks:** Ex. 16:12.

ONS DAAGLIKSE BROOD

Die lewensmiddele wat Israel uit Egipte meegeneem het op hulle trek deur die woestyn, het na ongeveer dertig dae opgeraak. In die dorre woestyn was daar egter geen moontlikheid om nuwe voorrade te bekom nie. Dit het die mense bekommerd en paniekerig gemaak, en dan hoor ons hulle murmureer. Hulle het nog nie geleer om in die geloof aan die Here vas te hou nie, hoewel Hy hulle vantevore so wonderlik deur die Rooi See gehelp en die water van Mara drinkbaar gemaak het.

Maar — dan sorg die Here weer op 'n wonderlike wyse vir Sy volk. Die spyse wat hulle moes hê, was 'n gawe van Sy genade en barmhartigheid. Al het hulle teen Hom gemurmureer, sou hulle nie van honger in die woestyn omkom nie. Die Here beskik vir hulle kwartels en manna. Hulle moes dit net gaan insamel en in gereedheid bring vir die maaltyd. Hulle moes dus ook werk.

Wat ons nodig het vir ons lewe van elke dag, ontvang ons van die Here. Jesus leer ons ook om met geloof en vertroue te bid vir ons brood van elke dag (Matth. 6:11). En Jesus het ook meermale vir Sy gelowiges voedsel voorgesit (Matth. 14:19 en Joh. 21:9). Wanneer ons ons voedsel gereed op tafel kry, dan sal die gelowige vader en godvrugtige moeder altyd die kinders leer: Dit is van die Here. Die man moet wel daarvoor werk en die huisvrou moet dit toeberei, maar die Here gee die krag en die vermoë en die geleentheid om te werk. Die regskape kind van God sal dan ook sy werk en plig getrou en na die beste van sy vermoë doen, en die sorg sal hy aan die Here oorlaat. En gelukkig is die mens wat weet en bely dat dit God die Vader is wat vir ons sorg van dag tot dag.

22 Julie

Lees Ex. 11:1-7 en 1 Kor. 10:1-4. **Teks:** Ex. 17:6(b).

LEWENSWATER

Dit is opmerklik hoe dikwels ons lees dat die volk van Israel in tye van nood teen Moses gemurmureer en hom vir al die ellende verwyt het. Die kleingeloof en twyfel het sig alweer meester gemaak van die volk, en hulle twis met Moses omdat daar vir hulle geen water was nie. Hulle dreig selfs om hom dood te maak.

Moses ken egter net een toevlug, en dit is die Here. Onder leiding van die Here gaan Moses na die berg Horeb, en daar kom 'n stroom water uit die rots, soos ook later by Kades (Num. 20:5 en 11). So sorg die Here vir sy volk. En soos daar vir Israel altyd brood en water in

die woestyn was deur die troue sorg van God, so is daar ook vir ons die nodige vir ons daaglikse behoeftes.

Die manne was die wonderbrood en die water uit die rots was die lewenswater wat God gegee het. Hierdie water uit die rots is vir ons ook die beeld van die lewenswater uit die geestelike rots, Jesus Christus (1 Kor. 10:4). Dit was die krag van God wat die water uit die rots laat voortkom het. En dit is dieselfde krag van God wat ons uit Christus toestraal. Daarom moet ons nooit te veel waarde heg aan ons eie inwendige lewe en eie geestelike ervaringe nie. Daardeur kan ons so maklik mislei word. Ons is bo alles afhanklik van God wat Sy genade en barmhartigheid en trou in Christus aan ons geopenbaar het. Alleen in en deur Christus leef ons en kan ons bestaan en die ewige lewe beërwe. Onse saligheid lê nie in ons eie hande nie, maar ons saligheid is in Christus geleë. Hy wat die Lig van die wêreld is, is ook vir ons die bron van krag en troos en moed en van alle lewe.

23 Julie

Lees Ex. 19:1-11 en 2 Kor. 6:14-18. **Teks:** Ex. 19:10.

VOORBEREIDING

Elke belangrike saak of onderneming vereis 'n deeglike voorbereiding. Wanneer iemand 'n buitelandse reis wil onderneem of 'n huwelik wil aangaan, moet hy hom eers vooraf deeglik daartoe voorberei. So ook wanneer ons van voorneme is om na die Heilige Nagmaal te gaan (1 Kor. 2:28).

Toe die Here Sy Wet aan Israel wou gee, moes die hele volk hom ook eers daartoe voorberei. Dit was 'n belangrike gebeurtenis. Die Here het die volk veilig gelei tot in die eensaamheid van die woestyn, afgesonderd van die wêreld, om Homself geheel aan Sy volk te gee in Sy Woord en Sy Wet. Die weg is gebaan vir die afkondiging van die grondwet van die Ryk van God. Daartoe moes die volk nou geheilig word. Hulle moes hulle onthou van onreinheid en nuuskierigheid om in diepe eerbied voor die majesteit van die Here te staan en Sy Wet te hoor, nl. die Tien Gebooie. Die volk moes uit- en inwendig in 'n waardige toestand wees. Hulle moes begryp dat hulle voor die aangesig van die Here, wat die kenner van die harte is, hulle harte behoort te reining. Voordat hulle deur die Jordaan getrek het, het Josua ook met die opdrag gekom dat hulle hul moet reinig en heilig. Die land van belofte kon hulle alleen binnegaan gereinig en geheilig (Jos. 3).

En wat die Here ook van elkeen van ons vra is: 'n rein hart. Saam met Dawid moet ons ook altyd bid: „Skep vir my 'n rein hart, o God." En Christus wat die reines van hart salig spreek, wil ook ons harte reinig van alle boosheid, sodat ons in reinheid voor die Here mag verskyn. Daarom moet ons hele lewe 'n lewe van voorbereiding wees vir die lewe in die Ewigheid. Ons moet ons elke dag daarna skik om die Here te ontmoet.

24 Julie

Lees: Ex. 20:1-11 en Matt. 4:8-11. **Teks:** Ex. 20:3.

DIE EERSTE GEBOD

Dit is die eerste van die tien gebooie, wat God aan Sy volk Israel, by Sinaï gegee het. En hierdie eerste gebod staan in 'n noue verband met wat God vooraf gesê het: „Ek is die Here jou God, wat jou uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het." Reeds is Israel uit die slawehuis, op pad na die beloofde land Kanaän. Daar in Kanaän sal Israel

in aanraking kom met ander volkere, wat ander „gode", of beter gestel, afgode dien. Om afgode te dien, is geen vreemde verskynsel nie, want die drang om iets te aanbid is in elke mens aanwesig. Vir Adam was God die hoogste, en het hy God aanbid. En na die sondeval het daardie drang of behoefte nog gebly, maar dit het net verward geraak, sodat die mens enigiets kan aanbid. Die sonde is dus nie dat die mens geen „god" het nie, maar ander „gode" as die enige ware God. En dit wil God nou baie duidelik tuisbring by Sy volk as Hy sê: „Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie."

Die eerste gebod sien dus op die verhouding waarin die skepsel, dit is die mens, staan teenoor sy Skepper, God. Hierdie verhouding was oorspronklik reg, maar met die sondeval het dit vertroebel, sodat die mens enigiets in die plek van God gaan stel het. Hierteen waarsku God, want Hy is jaloers (in die goeie betekenis van die woord) op Sy volk. Hy wil Sy volk nie deel met ander „gode" nie. Die verhouding van God tot Sy volk word vir ons voorgestel as die verhouding tussen man en vrou in die huwelik, en net so min as wat ontrou toegelaat kan word, wil God Sy volk deel met ander „gode".

Hierdie eerste gebod spreek vandag nog duidelik tot ons. Dit is die gebod van die ware vroomheid. „Die Here jou God moet jy alleen aanbid, en Hom alleen dien." En God, as ons Skepper, het ook hierop aanspraak en reg.

25 Julie

Lees Deut. 12:28-32 en Joh. 4:23-30. **Teks:** Ex. 20:4-6.

DIE TWEEDE GEBOD

As ons vinnig lees, dan lyk dit of daar nie veel verskil tussen die eerste en die tweede gebod is nie. En tog moet daar 'n duidelike onderskeid tussen hierdie twee gebooie gemaak word, want in die eerste gebod word ons geleer dat ons God alleen moet dien en eer, en geen ander heidense afgode nie, en in die tweede gebod wil God ons nou leer hoe ons Hom moet dien. Hier word dus gewaarsku dat ons die enige ware God nie op 'n sondige wyse sal aanbid nie.

Die gevaar bestaan in die mens se sondige natuur om die enige ware God in 'n beeld of gelykenis voor te stel, en dan hierdie beeld te dien en te aanbid. Israel het dan ook nie van Aäron begeer dat hy vir hulle afgode moet maak nie. Die volk wou geen vreemde gode invoer nie; al wat die volk begeer het was 'n sigbare en tasbare voorstelling van die geestelike en onsienlike God, die God wat hulle uit Egipte verlos en tot hiertoe gelei het. En van hierdie God wil Israel nou 'n sigbare voorstelling hê. Aäron maak dan die goue kalf, wat in Egipte goed bekend is. Die tweede gebod verbied dit ten sterkste om God so voor te stel, en op hierdie wyse te aanbid. Enigiets in die hemel, soos die son of die maan, of enigiets op die aarde of in die waters, soos die visse, mag nie gebruik word om god voor te stel nie. God is Gees, en mag beslis nie in enige sigbare vorm afgebeeld word nie. Teen so 'n aanbidding kom God in verset, en Hy besoek daardie sonde tot in die vierde geslag, maar bewys barmhartigheid aan duisende wat Hom liefhet, en Sy gebooie onderhou.

Ons godsdiens moet geestelik wees, want God wil Sy gelowiges nie leer deur beelde nie, maar deur suiwere verkondiging van Sy Woord. Sy Woord, en nie beelde nie, leer ons van Jesus Christus wat vir ons gekruisig is en deur Wie aan ons barmhartigheid bewys word.

26 Julie

Lees Lev. 24:10-16 en Rom. 10:1-10. **Teks:** Ex. 20:7.

DIE DERDE GEBOD

In hierdie derde gebod waarsku God dat ons Sy Naam nie ydelik moet gebruik nie, en wie hom hieraan skuldig maak, sal beslis nie ongestraf bly nie. Heel oppervlakkig gelees, voel ons eintlik nie skuldig aan oortreding van hierdie gebod nie want ons gebruik die Naam van die Here mos nie ydellik nie. Maar by diepere besinning oor hierdie gebod is daar nie net 'n negatiewe deel, wat ons nie met die Naam van die Here nie mag doen nie, maar daar is ook 'n positiewe kant, en dit is, wat ons wel met die Naam van die Here moet doen.

Wie die Naam van die Here ydellik gebruik, onteer en ontheilig die Wese van God. En nou moet ons ons nie skuldig maak aan die ontheiliging van die Naam van die Here nie, en ook nie swyg wanneer dit in ons teenwoordigheid gebeur nie, want dan is ons self ook skuldig. By Israel was die oortreding van hierdie gebod strafbaar met die dood, maar by ons nie.

Ons is almal gesteld op ons naam en ons eer. Ons wil graag 'n goeie naam behou, en hoe moeilik is dit nie as ons gelaster en beskinder word. En as God se heilige Naam nou geskend word, dan is dit mos verstaanbaar dat Hy verskriklik toornig word.

Ydellik gebruik, is om die Naam van die Here nie reg te gebruik nie, maar om te vloek, waarin die swakheid van mense en hulle onmag openbaar word.

Van ons word verwag, om die Naam van die Here reg te gebruik en reg te bely. Dit is sekerlik ons plig as gelowiges om die oortreding van hierdie gebod heftig te bestry deur woord en wandel, want God en Sy Naam is heilig. Daarom leer Jesus ons ook bid: „Onse Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word."

27 Julie

Lees Eseg. 20:19-24 en Hebr. 10:19-25. **Teks:** Ex. 20:8.

DIE VIERDE GEBOD

God het ses dae geneem om Sy skepping te voltooi en op die sewende dag het God gerus. Die Sabbatdag is dus 'n rusdag, en die liggaam het daaraan behoefte. Maar hierdie rusdag wat God bepaal het, is nie maar net daar om op daardie dag nou maar net ons gewone werk nie te doen nie. Dis dus nie 'n dag waarop ons net moet leeglê of niks moet doen, of ontspanning moet gaan soek nie. Die Bybel sê dit baie duidelik dat ons hierdie dag moet heilig. En as God nou sê dat ons hierdie dag moet heilig, dan beteken dit dat ons hierdie dag moet afsonder, en dat ons dit aan Hom en aan Sy diens moet wy.

Volgens die Kategismus is daar maar net een manier om die Sabbat reg te vier, en dit is om die Woord van God in die middelpunt te stel. As ons die Bybel uit die Sabbat uithaal dan is dit 'n gewone dag net soos al die ander dae van die week.

As die Woord van God in die sentrum staan, dan beteken dit dat hierdie Woord op die Sabbat verkondig moet word. En dan is dit die plig van elke gelowige, om op die Sabbatdag na hierdie verkondiging te gaan luister. Dit is dus ons dure plig om kerk toe te gaan. Deur ons werk verdien ons voedsel en klere vir die liggaam, en in Gods Woord ontvang ons die so broodnodige sielevoedsel. Die Kategismus sê, dat ons op die Sabbat saam met die gemeente ywerig moet opkom om na

die Woord van God te luister. Maar sonder ons stoflike bydraes kan die kerk nie bestaan nie, en is dit dus ons voorreg om uit dankbaarheid die kerk instand te hou, sodat ons altyd die voorreg sal hê om na die Woord van God te kan luister waar dit vir ons verkondig word.

Ons moet dus sorg dat ons die Sabbatdag heilig.

28 Julie

Lees Spreuke 23:22-26 en Kol. 3:18-25. **Teks:** Ex. 20:12.

DIE VYFDE GEBOD

In die eerste vier gebooie het dit gegaan oor die verhouding van die mens tot sy God en Skepper. En met die vyfde gebod begin nou die tweede tafel, waarin dit gaan oor die verhouding van mens teenoor mens.

In die verhouding van mens teenoor mens bestaan daar gesag, en daardie gesag moet gehoorsaam word. Daardie gesag geld in al die verskillende lewenskringe. Die gesag begin by die huisgesin en gaan dan daarvandaan uit na die samelewing, die kerk, die skole en die owerheid. Aan die hoofde van al hierdie lewenskringe het God gesag gegee. Aan die hoof van die huisgesin staan die ouers, vader en moeder, en die kinders moet hulle onderwerp aan die ouerlike gesag. Hierdie gesag wat die ouers oor hulle kinders uitoefen, kom van God. God wil dit so hê, en die kinders moet daardie gesag eer en respekteer.

Hierdie eer vir die ouers kom egter nie vanself by die kinders nie, maar die ouers moet hulle kinders dit leer. En watter moeilike taak is dit nie om in die tyd waarin ons leef ons kinders reg op te voed, sodat hulle die nodige eerbied vir hulle ouers en almal wat oor hulle gestel is, sal hê nie. Baie ouers verwaarloos hierdie plig om hulle kinders reg te lei, of stel aan hulle kinders die verkeerde voorbeeld, om dan later net droefheid en berou te hê. As dit in die huisgesin goed gaan, dan gaan dit ook goed in die hele samelewing, want die goeie Christelike huisgesin is die fondament waarop die hele samelewing rus.

Aan hierdie gebod is 'n belofte verbind. As ons dit hou, sal ons lank en gelukkig leef in die land wat die Here onse God aan ons gee.

29 Julie

Lees Gen. 4:8-14 en Matt. 5:21-26. **Teks:** Ex. 20:13.

DIE SESDE GEBOD

Wanneer God in die sesde gebod vir ons sê: „Jy mag nie doodslaan nie", dan lyk dit vir ons darem 'n bietjie kras, want ons is mos nie moordenaars nie, en ons het mos ook nog nie planne beraam om iemand dood te maak nie. Ons voel dus wat hierdie gebod betref, taamlik veilig.

Maar die sleutel vir die verklaring van hierdie gebod vind ons in 1 Joh. 3:15, waar die apostel sê: „Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar." Elke gebod noem maar een, en dan wel die sprekendste voorbeeld van al die sondes wat tot daardie sekere kategorie van sondes behoort. By die sonde van doodslaan hoort dus ook sulke dinge soos haat, nyd, wraakgierigheid, woede, ens. Met hierdie gebod word dit alles verbied, en word van ons verwag dat ons ons naaste sal liefhê en dat ons vriendelikheid en barmhartigheid aan almal sal bewys. Ons moet selfs aan ons vyande goed doen.

Nou begin ons verstaan, dat dit nie so onnodig lyk, dat hierdie gebod gereeld vir ons voorgehou moet word nie. Want, al het ons nog nie tot die daad self oorgegaan nie, en al het ons nog niemand doodgeslaan nie, het ons al seker iemand gehaat. En daar was seker die tye dat ons

heimlik in ons hart die wraak vertroetel het. omdat ons dan onreg moes verduur, of op een of ander wyse onbillik behandel is. Ook dit is 'n oortreding van die sesde gebod.

Die lewe waaroor onsself en alle mense beskik, is 'n kosbare gawe van God. God beskik daaroor, en ons mag dit nie neem nie, en ook nie in gevaar stel nie, nie die lewe van 'n medemens of van onsself nie.

30 Julie

Lees Spreuke 31:10-31 en Matt. 19:3-9. **Teks**: Ex. 20:14.

DIE SEWENDE GEBOD

Mense lewe hier op aarde nie as los van mekaarstaande enkelinge nie maar word deur verskillende bande aan mekaar gebind. Bande van gemeenskaplike belange bind ons aanmekaar. Bande van bloed bind ons nog hegter aanmekaar, maar die sterkste band wat ons aanmekaar verbind, is die huwelik. Met hierdie band kan niks anders vergelyk word nie, want in die huwelik word twee liggame en twee siele saamverbind tot die hoëre eenheid. Twee mense wat trou vul mekaar aan, bemoedig mekaar en versterk mekaar. Van hierdie huweliksband sê die Bybel dat dit nie gebreek mag word nie, behalwe deur die dood, wanneer God dit self beëindig. Alle sondes, wat dus tot egbreuk kan lei, moet dan ook beslis vermy word. So heilig is die huwelik, dat die liefde en trou van die egpaar teenoor mekaar dan ook gebruik word as beeld van die liefde van Jesus Christus tot Sy gemeente. En as Israel dan afvallig word en afgode begin dien, dan word hierdie sonde voorgestel as die verbreking van 'n egverbintenis. So was dit in die tyd van die Profeet Hosea, en hy moes dit self voel, want sy vrou het van hom weggeloop agter ander minnaars aan. Maar God het hom beveel om haar later op die slavinne-mark te gaan terugkoop.

Hier in die sewende gebod, word maar net die grofste vorm van huwelikssondes genoem. Daar is egter so baie ander sondes wat hiermee in verband staan en waarin die mens so maklik kan verval. Tereg sê die Kategismus in Sondag 41 dat hierdie gebod nie net egbreuk verbied nie, maar ook alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes en luste wat die mens daartoe kan verlei, want ons liggaam is die tempel van die Heilige Gees, en ons moet dit rein en heilig bewaar.

31 Julie

Lees: Jos. 1:1-12 en Rom. 8:31-39.

GOD BY ONS

So dikwels steek ons vas in die lewe. Omstandighede bring ons daartoe! Ons steek vas in wanhoop; in twyfel; in opstandigheid; in traagheid. Ons pad is net nie soos ons dit sou wou hê nie. Die toekoms lyk duister en onseker! So moes dit vir Josua gelyk het op die vooraand van die intog in Kanaän; 'n groot taak en 'n swart moeilike toekoms! Maar juis dan spreek die Here: „Het ek jou nie beveel nie: wees nie bevrees of verskrik nie!" Hierdie woorde aan Josua is nie aan hom gerig in onredelikheid nie; want daar word op die belofte van God daarby gewys — want die Here jou God is **met** jou, **oral** waar jy heengaan! En hierdie belofte is die belofte aan elke gelowige. Hierdie belofte word gedra deur Sy almag — Hy vir wie niks onmoontlik is nie. Dit word gedra deur Sy liefde en trou. Dit word gerugsteun deur sy alomteenwoordigheid. Daarom val daar 'n besondere **klem** op die **oral;** maak nie saak wat die omstandighede is nie. Hy is dáár, Hy kan daar

wees, Hy wil daar wees; tewens, Hy bepaal immers elke pad en elke geleentheid!

En nou hoor ons die woorde: „Het Ek jou nie beveel nie" met daardie ander intonasie! Dis wantroue in sy ewige beloftes, wat ons laat vassteek! Tereg dat ons daarom herinner word: Ons moet vorentoe! Maar, ons hoef nie vorentoe te gaan uit eie krag, ons **moet nie** vorentoe gaan uit eie krag nie! Maar ons moet dit doen aan Sy Hand! Hy wat **oral** waar ons gaan, **met** ons sal wees! As ons dan vassteek — laat ons hieraan dink! Want so sing die gelowige saam met Paulus die oorwinningslied in Rom. 8:31 — Want as God vir ons is wie kan teen ons wees?

1 Augustus

Lees Jos. 3:1-9 en Joh. 14:1-10.

GODS LEIDING OP ONS PAD

Die deurtog deur die Jordaan is op hande, maar die volk word gewaarsku: Hulle ken nie die pad nie, want gister en eergister het julle nie met dié pad getrek nie. Daarom is dit noodsaaklik dat hulle 'n afstand moet laat tussen hulle en die ark van die verbond wat deur die priesters vooruit gedra sal word. Ja, dié ark van die verbond met sy besondere inhoud: die kliptafels met die **wet;** hulle leiding op hulle gewone lewenspad. Maar ook die staf van Aäron, die simbool van die wil van God wat mense in hulle lewe rig en lei en gebruik.

Hierdie verbondsark, wat só 'n simbool van Gods leiding is, dié sal die onbekende pad deur die moeilike Jordaan lei; die pad aantoon.

Gister en eergister se paaie ken ons, maar ons ken nie die pad van vandag en môre nie. Ons weet nie wat wag daarop en waarlangs dit sal gaan nie. Gister en eergister se paaie het ons egter geleer dat daar vele slaggate is, moeilike driwwe en troostelose woestyne! Maar ons is nooit gidsloos gelaat nie. Onbekend soos die pad ook al mag wees, is Gods leiding daar op ons pad! Volg ons hierdie „ark van die Verbond" sal ons die regte pad hou, die pad na ons beloofde land, na die Vaderhuis. Die vermaning is egter dringend: Moenie in eie krag en op eie insig probeer nie! Tewens, daarom het Jesus Christus gekom. En, Hy is die weg, en die Waarheid en die Lewe.

2 Augustus

Lees Jos. 4:1-9 en Matt. 24:45-51.

DIE TEKEN OP DIE PAD

Israel kry deur Josua die opdrag om 12 klippe uit die Jordaanbedding saam te bring en 'n gedenkteken te stapel as hulle deur is. Hierdie gedenkteken het 'n besondere doel. Ons sien die eerste gedagte wat daaraan verbind is, as God sê: „As jou kinders later vra en sê: Wat beteken hierdie klippe vir julle? . . ."Die gedagte t.o.v. hierdie klippe moet voortleef in die lewe van die volk. Hulle moet altyd gereed wees om aan hulle kinders hierdie besondere boodskap oor te dra, sodat hulle dit weer verder kan dra. Die volgende gedagte daaraan verbonde is die antwoord wat hulle moet gee: Die daad van God moet deur hierdie oordraging in gedagtenis bly en daardeur ook sy lof beteken. Dit spreek immers van die grootheid van God as Hy die waters van die Jordaan kan afkeer. Maar dit spreek ook van Sy hulp en trou onder die moeilikste omstandighede. Daardeur kan die volk dan ook deur sy kinders heen in sy groei steeds verseker wees: „Só is onse God", sodat hierdie geloofsvertroue onder hulle kan leef en hulle kan dra.

Soos hierdie gedenkteken van klippe is daar ook baie dinge ten opsigte van ons kerk waaroor ons kinders vir ons sou kon vra: Wat beteken hierdie dinge? Waarom maak ons so? Ons dink aan die sakramente, ampte in ons kerk, besondere dae — gedenktekens en klippe op ons pad. Wanneer ons op sulke vrae sou antwoord, verkondig ons die goedheid en genade van God, Sy evangelie. Deur hierdie tekens word ons dus gebruik om priesters vir Hom te wees, en Sy lof en genade aan die volgende geslag bekend te maak sodat ook hulle in geloofsvertroue kan leef en Sy eer groot gemaak word.

Die groot vraag is seker net dit: Kan ek altyd antwoord op my kinders se vrae ten opsigte van die klippe en tekens op ons pad. Kom daarom, laat ons steeds onsself weer vergewis van hierdie dinge, sodat ons ons priesterlike taak en voorreg nie skaad en laat kwyn nie.

3 Augustus

Lees Jos. 5:2-9 en Ef. 4:17-32.

HY WEET WAT ONS NODIG HET

In die vlaktes rondom Jerigo is die verbondsteken opnuut deur besnydenis aan alle manlikes aangebring! Hulle staan per slot van sake in die beloofde land. 'n Land wat oorloop van melk en heuning! 'n Geskenk van God aan die volk! 'n Gawe uit sy hand. En toe die verbintenis met die God van hemel en aarde só bevestig is, en die pasga gevier is ter gedagtenis aan die verlossing en woestyntog — toe het die manna opgehou val! Hulle het voortaan geëet van die opbrengs van die land! Hulle is immers gewys op gunstige klimaats- en vrugbaarheidsomstandighede wat die Here vir hulle instand sou hou as hulle trou bly aan die verbond wat nou weer hernu en begunstig is!

In hierdie beloofde land hou die manna nou op! Soos hulle in die woestyn die manna moes gaan versamel, só moet hulle nou van die geseënde land lewe, deur arbeid en insameling! God gee nie Sy seëninge om mense te bederf nie. Maar wie in getroue vlyt sy lewensweg bewandel, sal altyd weer Sy seëninge ontvang! In hierdie gees skyn dit dikwels of ons gebede ook onverhoord gebly het. Maar ons gebede word nie verhoor met manna wat uit die hemel val nie! Die belofte van God bly altyd waar! Gelowig moet ons net ons pad loop en ons verantwoordelikhede uitvoer en op Sy tyd en Sy wyse word die belofte ook vir ons waar!

Ons verwag so dikwels dat as gevolg van hoogtepunte in ons godsdienstige lewe ons seëninge sigbaar soos 'n wonder moet vloei. Daar in die Jerigo vlaktes, na die hoogtepunt van besnydenis en pasga — toe hou die manna op! Toe word daardie wonder beëindig. Maar voor die volk het die wye nuwe land gelê met sy seëninge wat God daarin gelê het. Maar, wie nie sou werk nie, sou nie eet nie! So is die seëninge ook vir ons daar, tewens, Jesus stel dit: Ons hemelse Vader weet wat ons nodig het, nog **voordat** ons gevra het.

4 Augustus

Lees Jos. 7:1-12 en Luk. 15:11-32.

GOD BLY GETROU

'n Moedelose Josua en 'n verslae Israel lek hulle wonde nadat hulle deur die klein stadjie Ai verslaan is. So groot was Gods hulp en wonder by Jerigo en hier word hulle verslaan! Het God hulle in die steek gelaat?

Maar dan sê God aan Josua: Staan op, waarom tog lê jy op jou aangesig? Dis sonde wat julle die neerlaag laat ly het.

Hoe maklik gee 'n mens God nie die skuld vir ons moeilikhede nie! Hoe dikwels „gaan lê" ons nie ook in selfbejammering terwyl ons oral oorsake soek behalwe by onsself nie! En die groot waarheid is dit dat as ons die hand in eie boesem steek sal dit altyd weer melaats daar uitkom! Dit gee egter nie vir ons die grond om nou maar te gaan lê nie!

Nee, Josua moet opstaan, die volk moet hulle heilig! En so word vir ons mooi gesê in die doopsformulier: As ons uit swakheid in sondes val moet ons nie aan die genade van God twyfel, of in die sondes bly lê nie! God roep Josua juis omdat Hy genadig wil wees in Sy vergiffenis; daarom word Ai later ingeneem en toon God dat Hy trou bly aan Sy verbond met hulle!

So bly God trou aan Sy verbond in Jesus Christus. Ons moet nie in die sondes bly lê, selfbejammerend en moedeloos wees nie! Ons moet opstaan, en na ons **Vader** gaan! Met selfondersoek en berou laat Hy geen bidder staan nie! Daarom het Hy immers genooi: Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal vir julle rus gee.

5 Augustus

Lees Jos. 8:30-35 en Matt. 7:13-29.

DIENS SOOS GOD DIT WIL

Die slag van Ai is gelewer, en gewen. En nou word 'n altaar gebou. Die altaar wat altyd as die middelpunt van die godsdiens gesien kan word. Maar, duidelik word verhaal dat die altaar gebou word soos die Here deur Moses beveel het: ongekapte klippe waaroor geen yster geswaai is nie! Klippe dus uit die ongerepte skepping van God: soos God hulle geskep het! Verleidelik moet dit wees om klippe netjies te kap, te versier en 'n altaar vir die hoogste gevoelsuiting daar te stel: om God te dien!

Maar, God wil dit hê van ongekapte klippe, ru en puntig soos dit mag wees; soos hulle deur Sy toedoen en wil daar gekom het!

Waarom? Omdat die mens so graag soos God wil wees! Dikwels beter wil weet! Daarom verwyt Jesus die Farisieërs van wetsverdraaiing, 'n uitleg en uitleef na **hulle** siening! So probeer baie mense dikwels die Woord, Gods wil, buig en verander na hulle smaak! Hulle wil 'n altaar bou, godsdiens beoefen, maar met klippe gekap na hulle smaak! En wat God vra, is nie òns versiering aan Sy diens nie, want dan voeg ons 'n jota by of laat 'n titel weg!

God vra nie ons uiterlike vertoon, of lang gesigte nie. Hy vra net egte ongeskonde klippe van liefde; liefde teenoor Hom, en teenoor ons naaste. Dit is die uitlewing van Sy wil, **soos** Hy dit wil!

6 Augustus

Lees Jos. 9 en 1 Pet. 1:13-25.

ONS HET 'N LIG OP ONS PAD

Hoe maklik word ons nie mislei nie! Hoe maklik laat ons ons nie mislei nie! Soos Josua en Israel. Mense het verslete klere, uitgedorde kos gewys — en, hulle aanvaar: hierdie mense kom van ver. Hulle praat so eg, van die Here en Sy dade! Op hierdie uiterlike dinge het hulle geoordeel en 'n verbond gesluit „maar die mond van die Here het hulle nie geraadpleeg nie!" Hulle het staat gemaak op hulleself, hulle eie

oordeelsvermoë; en hulle is bedrieg! Bedrieg, nieteenstaande die **bevel** van die Here: Roei uit!

Net so word ons dikwels mislei deur dinge waaroor ons die duidelike lig van Gods Woord op ons pad het. Deur ewe groot ongehoorsaamheid reik ons die hand aan baie uitelike mooi en lofwaardige dinge, maar met die gif van adders onder die uitelike voorwendsels! Ons loop dikwels so vér saam voordat ons besef ons is bedrieg, en dan is dit die self-verwyt: Het ek maar sus of so gemaak!

Gelowiges, ons het 'n lig op ons pad en 'n lamp vir ons voet. Ons het 'n Leidsman en Trooster wat in ons woon! Ons het die gawe van die geloof wat ons versterk in ons stryd teen die Bose, in sy vele gedaantes van misleiding. Laat ons hierdie dinge nie versmaai nie. Tewens, dit is waarom Jesus ons waarsku: Waak en bid dat julle nie in versoeking kom nie. Waak en bid ook dat óns nie as 'n versoeking vir ander gebruik word nie.

7 Augustus

Lees Gen. 28:10-18 en Joh. 15:1-9. **Teks:** Gen. 28:11b.

'N STEEN ONDER ONS HOOF

Jakob gebruik in daardie besondere nag 'n harde klip as kussing vir sy hoof. Op dié klip het hy in 'n vreemde veld op 'n vreemde pad in die aand sy vermoeide hoof neergelê en aan die slaap geraak. Dit was ook op dié klip waar hy sy mooi droom gedroom het. In die derde plek was dit juis by dié klip waar God tot hom gespreek het. „Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar orals waar jy heengaan . . ."

Daar is baie stene in die wêreld waarop 'n mens jou hoof kan neerlê. Baie stene waarop 'n mens sy hoop en vertroue kan stel. Daar is die mooi en kosbare steen — die ouerhuis. Vir elkeen van ons is of was daar eenmaal so 'n steen. Hoe kosbaar hierdie steen ookal is, dit is 'n steen wat eenmaal vergruis.

Daar is die steen van die jeugjare met sy gesondheid en krag, sy moed en durf, gawes en talente. Dit is 'n mooi steen. Daar is die steen van rykdom en aardse besittings. Op hierdie stene stel baie mense hulle hoop en vertroue. Maar onthou, hoeveel sekuriteit hierdie dinge ookal bied, dit is almal stene wat kan vergruis.

Jesus Christus is die enigste steen waarop 'n mens onder alle omstandighede sy vermoeide hoof kan neerlê. Die Enigste by wie die klaende en verwytende gewete oor 'n skuldige verlede tot swye kan kom en aan die slaap kan raak. Christus is die enigste Steen waarop ons ons toekomsdrome kan droom, waarop ons kan hoop en verwag. Die Enigste waardeur God tot ons spreek: „Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar orals waar jy heengaan . . ."

8 Augustus

Lees Gen. 32:24-32. **Teks:** Gen. 32:31.

MANK AAN DIE HEUP

Jakob die bedrieër worstel die nag met God by die drif van Jabbok. God het sy skuldige verlede vergewe, maar in die worsteling is hy vermink aan sy heup. Hy noem die plek Pniël, aangesig van God. En toe hy by Pniël verbygaan het die son vir hom opgegaan. Die strale van die son het die duister van die nag verdrywe. Ook die son van Gods barmhartigheid het sy donker verlede verlig. Daar was nuwe hoop en verwagting. Die sondelas is hom vergewe, maar hy was mank aan sy heup. Lewenslank sou hy die spore van die worsteling dra.

Hierdie geskiedenis is 'n treffende simbool van diepe betekenis. Dit vertel aan ons: Daar is vergewing van sondes, maar die kwaad wat gedoen is, kan nooit weer tot niet gemaak word nie. Die littekens daarvan dra ons ons lewe lank. Al het ons as oorwinnaars uit die worstelstryd opgestaan, die merktekens van die gedane sondes dra ons altyd. Dink aan Petrus; hy het die Here Jesus verloën. Hy het berou gekry. Christus het hom vergewe. En tog vertel die geskiedenis dat hy daarna nog voortdurend berou gehad het. Sy lewe lank was hy mank aan sy heup.

Die sonde bring 'n donker wolk oor ons hoof. Wanneer ons egter by Pniël in gebed worstel met God om genade, dan breek die son van Godsvergewing deur. Die sondelas gly van die skouers af, maar ons lewe lank gaan ons mank aan die heup. Die gewete roep altyd die skadus van 'n skuldige verlede in herinnering. So is ons almal verminkte mense in die sonde — kreupel mense — en tog behoue.

9 Augustus

Lees Ex. 3:1-10. **Teks:** Ex. 3:10.

ONS EINDBESTEMMING

God het Moses aangestel as leier van Israel om hulle uit Egipte uit te lei deur die woestyn na die beloofde land Kanaän. Opmerklik is die lang tyd wat Israel in die betreklik kleine woestyn omgeswerf het. Die afstand tussen Egipte en Kanaän is baie kort. 'n Goeie soldaat behoort hierdie afstand in drie of vier dae af te lê. As ons nou in gedagte hou dat daar vroue met klein kindertjies was kon die reis ook nie langer as vier weke geduur het nie. God laat Israel volgens die Bybel veertig jaar trek. En in hierdie baie jare se omswerwing het Israel baie probleme en moeilikhede ondervind. Die volk het dan ook by Moses gekla en hom verwyt dat hy hulle uit Egipteland laat uittrek het. Dit gaan dus v[illegible] Israel om b.oed.

Moses het geluister na die klagtes en hy dra dit in die gebed voor God. En tog was al daardie gebeurlikhede op die pad, dié van honger en dors, bykomstighede. Die hoofsaak was Kanaän, aan die oorkant van die Jordaan.

Vir 'n groot deel van ons volk gaan dit net soos by Israel om die stoflike dinge; om gesondheid en brood. Ons moet volgens die bevel van Christus 'n oog en oor hê vir die nood van die volk! Ons moet vertoef by die leed en die kruis van mense! Maar ons moet onthou: hierdie gebeurlikhede is die bykomstighede; dit is die ondergeskikte — die hoofsaak is die eindbestemming — die deurtrek na die Hemelse Kanaän.

Wat maak dit saak op watter ouderdom die mens sterwe? Die hoofsaak is dat hy net nie in die donker Egipteland van sonde sterf nie. Solank hy nie in die woestyn van Godsvervreemding en Godsverlatenheid sterf nie. Hy moet aan die oorkant sterwe, in gemeenskap met God en in kindskap van God deur Jesus Christus.

10 Augustus

Lees Ps. 92 en Jes. 42:1-7. **Teks:** Psalm 92:15a.

DIE GRYSAARD

Die grysaard plant 'n klein boompie, en as hy die boompie plant dink hy daaraan dat hy miskien nooit van die vrugte sal eet nie. Maar hy plant die boom in die hoop dat sy kinders, sy nageslag, van die vrugte van die boom sal eet.

Die grond waarin die boom geplant is, put homself uit en gee al sy

voedingswaarde aan die boom om te groei en groot te word, wyd in sy takke. Die boom op sy beurt stuur die beste van sy sappe na die uiteindes van die takke om die vrugte te laat swel en ryp word. Die ryp vrugte word deur ander lewende wesens geëet. So, o Christen, moet ons lewe wees, nie vir onsself nie, maar vir ander mense tot verheerliking van God.

Ter wille van ons het Jesus Sy hemelse heerlikheid verlaat en op die sondige wêreld kom staan. Deur ons eie sondes en ongeregtigheid, het ons op die ashoop terug gekom. Uit die ashoop van die wêreld het Christus ons opgetel en deur Sy kruisdood weer met God versoen.

Laat ons deur ons toegewyde lewenswandel, deur woord en daad, die wêreld vir ander mense gelukkig maak om in te woon. Doen goed, nie om deur ons medemens geëer te word of goed genoem te word nie. Doen goed uit dankbaarheid, omdat God in Jesus Christus aan ons goed gedoen het.

11 Augustus

Lees Ps. 71. **Teks:** Lev. 19:32.

EERBIED VIR DIE GRYSHEID

Dit is opmerklik met hoeveel eerbied daar in die Bybel gepraat word van gryshare. Die Bybel noem grysheid 'n sierlike kroon. Spreuke 20:29 sê: „Die sieraad van die jongmanne is hulle krag, en die versiersel van grysaards is grys hare."

Ons tekswoord behoort vandag in elke huis opgehang te word en op al die publieke plekke, sodat die jongmense dit gedurig kan lees. Baie jongmense eer nie meer die gryshare nie. Die vervulling van hierdie gebod moet nie net wees uit natuurlike eerbied vir die ouderdom nie, maar veral uit vrees vir God.

Ons teks het nie net 'n vermaning vir die jeug nie, maar seker ook 'n boodskap vir die ou mense. Die grysaards se lewenswandel moet so wees dat hy geëer kan word. Sy teenwoordigheid moet spreek van vrede en vroomheid, van geloofsvertroue in God. Daar is ou mense vir wie die ouderdom 'n vloek en struikelblok is. Ander weer bly tot in die grysheid ligsinnig en oppervalkkig. Gelukkig is hulle nie baie nie, want dit is moeilik om sulke ou mense te eer.

Ons teks het ook 'n boodskap vir die middeljariges. Dit is die voorbereidingstyd van 'n mooi en voorbeeldige ouderdom. Elke jaar word die gryshare meer en eindelik is dit 'n sieraad vir ons hoof. So moet ons geloof en vertroue in die Heer altyd sterker word. Ons lewenswandel moet getuienis gee van die gesindheid van Christus, tot verheerliking van God.

Of die jeug eendag vir ons gryshare sal opstaan, dit is hulle saak. Maar of ons grys hare hulle eendag sal LAAT opstaan, dit is ons saak — dit is vir ons rekening.

12 Augustus

Lees 2 Sam. 23:8-17 en Luk. 18:15-17. **Teks:** 2 Sam. 23:15.

'N SKUILPLEK

Israel en die Filistyne verkeer in 'n staat van oorlog. Volgens die skrifgedeelte bevind Dawid hom in 'n skuilplek, in die omgewing van Adullam, net noord van Bethlehem. Die Filistyne het daarin geslaag om Bethlehem in besit te neem. Dit het Dawid baie ontstel want Bethlehem was sy geboortedorp. Hy het 'n vurige verlange dat die plek bevry moet word. Die Filistyne moet van die waterbron weggedryf word. Sy

begeerte spreek hy uit in die vraag: „Wie sal vir my water gee om te drink uit die put van Bethlehem wat by die poort is?"

Elke mens het 'n besondere belangstelling vir die omgewing waar hy as kind opgegroei het. Geen wonder dat ons altyd heimwee het na ons geboorteplek nie. Heimwee na die aande toe ons in teenwoordigheid van ons moeder, ons kindergebede gebid het. Daar was 'n tyd toe ons nog so reg kinderlik kon glo; glo in die ewige dinge. Die grootste verlange is sekerlik na die geloof in die kinderjare. Die eenvoudige geloof; toe God en Jesus Christus vir ons netso 'n lewende werklikheid was as die bestaan van ons ouers.

Hoe kinderlik eenvoudig is die Evangelie van Jesus Christus aan ons vertel. Met bewondering het ons dit ingedrink, sonder om te twyfel, sonder om te vra of God werklik bestaan. Hierdie herinneringe dwing ons om biddend vir die Here te vra: O God, gee my weer die geloof van my kinderdae! In ons gedagtes roep ons saam met Dawid: "Wie sal vir my water gee om te drink uit die put van Bethlehem?"

13 Augustus

Lees Ps. 119:105-112 en Joh. 14:1-6. **Teks:** Ps. 119:105.

Wanneer ons in 'n baie donker nag buite in die veld moet loop, het ons 'n goeie lig nodig om te kan sien. Sonder 'n lig struikel en val ons en raak ons verdwaal.

Ps. 119:105 sê dat Gods Woord die lig op ons lewenspad is. Ons tekstvers word baie gebruik. Ons gebruik dit om onsself en ander mense te troos en te bemoedig. Dit word dikwels in gebede aangehaal. In sommige huise hang dit teen die mure en spreek dit elke dag tot die inwoners van die huis.

Op elke terrein van die lewe gee die Heilige Skrif voorligting. Dit leer ons om tot Gods eer te lewe. Die kind leer daaruit om sy ouers te eer en onderdanig te wees. Die ouers word daaruit onderrig, om die kinders op te voed in die vrees van die Here. Die Woord van God vermaan die volk om hulle te onderwerp aan die gesag van die owerheid. Dit herinner die Regeringshuis dat hulle alleen deur die genade van God regeer en aan Hom verantwoording verskuldig is. Dit gee voorskrifte hoe die mens hom moet gedra in tyd van vreugde, maar ook onder teleurstellings en lyding. God laat ons nie in duisternis rondtas nie; maar werp 'n helder lig op ons pad. Om die lig te ontvang moet ons elke dag die Woord van die Here lees. Saam met die Psalmdigter moet ons bid: „Here, maak my lewend na u woord."

Helder is die lig van die Evangelie, wat aan ons die weg wys na die Vaderhuis. Jesus Christus is die lig, die ewige lig. „Ek is die weg en die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."

14 Augustus

Lees Rig. 7:16-25. **Teks:** Rig. 7:23.

GOD IS KONING

Aan Gideon word 'n eer aangedoen deur sy onderdane, deur mensekinders. Die oorwinning is behaal en Gideon was die rigter in hierdie stryd en in hierdie oorwinning. 'n Koningskap word aan hom gebied. Daar word aangedring dat hy koning sal wees. Volgens die volk kom dit hom toe vir sy dapperheid en geloofsvertroue. Hy het die weg van 'n koning bewandel.

Gideon wil nie hierdie eer wat hom aangedoen word en hom te beurt val aanneem nie. Hy weet aan wie die eer van hierdie oorwinning toekom. Is dit nie die God van die voorvaders wat ook die volk uit Egipteland en uit soveel benoudhede gered het nie? God is sy koning. God het oorwin. God heers en regeer en hy was net 'n instrument en uitvoerder van Gods bevel.

Gideon is ook nie onkundig oor sy volk nie. Hy weet dat hulle geneig is om mense en stoflike dinge te eer en te vereer en God te vergeet. As God 'n koning oor Israel wil hê sal God 'n koning aanwys. Hy is slegs geroep as rigter. Hy nog sy seun wil in die weg van ere aan God vir die oorwinning staan.

Beskeidenheid in die diens van die Here is dikwels moeilik vir die mens om te behou. Die versoeking is groot om jouself te laat verhoog terwyl jy dit self nie gesoek het nie. Gideon kon dit so maklik aanvaar het en gesê het dit was die wil van die volk. Die wil van die volk is daar maar ook die wil van God. Wat wil God? God wil regeer, God wil God wees en bly soos hy in Christus ons koning is, en wil bly. Gideon het hom onttrek sodat Gods heerlikheid, krag en oorwinning in die volk se hart leef en regeer. Hy wou nie deel hê aan 'n eer waardeur die volk later sou struikel nie. Wie is ons Koning en wie moet oor ons heers as oorwinnaar in ons lewe? Jesus Christus!

15 Augustus

Lees Rig. 3:1-11. **Teks:** Rig. 3:17.

DIEN DIE HERE

Die Baäldiens en die van die heilige boomstamme was 'n afgodediens waarin die volk telkemale verval. Hierdie uiterlike afgodediens was nie net die verering en verafgoding van die stoflike nie maar hieruit het sonde voortgekom soos in 1 Kon. 4:24 vertel word: „En daar was ook skandseuns in die land en hulle het gehandel volgens al die gruwels van die nasies wat die Here voor die kinders van Israel uitgedrywe het." Selfs offerrook het hulle daar laat opgaan. Uiterlik het die diens na die diens van die Here gelyk maar onsedelikheid het hieruit ook voortgespruit.

Hieroor het die toorn van God ontvlam en Israel vir agt jaar onder 'n vreemde nasie gebring soos die Bybel dit stel: „en Hy het hulle verkoop in die hand van Kusan Risataim, die koning van Mesopotamië". So het God Israel gestraf maar Israel is nie gestraf ooreenkomstig hulle sonde en hulle wandade nie. Israel het nog gelewe. Israel was nie dood nie. Israel het geroep. God het hulle toegelaat om te roep. God het gehoor en Otniël die eerste Rigter van Israel het deur Gods genade en God se barmhartigheid Israel verlos.

Al was God se toorn oor die mens so groot, Hy het ons nie gestraf na ons dade en volgens die sonde en oortredinge nie, maar het dit eerder op Sy Seun as die eerste en enigste Rigter van die Nuwe Testament laat neerkom. Laat ons as gelowiges maar ook as volk waak teen onheilige diens wat uiterlik na die ware godsdiens lyk maar in stryd is met God en Sy Woord, Sy gebooie. Dien die Here met vrees en bewing maar ook met gehoorsaamheid.

16 Augustus

Lees Rig. 5:1-31. **Teks:** Rig. 5:16.

GEMAKSUG

In die lofsang van Debora word 'n treurige toestand in Israel geteken:

hulle dien nuwe afgode. Hier word die manne van Ruben aangespreek. Sy sinspeel hier op die gemaksug van Ruben en sy manne wat lusteloos en diensloos geword het teenoor die Here, daarom is dit dan ook dat nuwe afgode plek kry in hulle lewe en hulle hart, en die Here uit hulle harte verdring word. Die lofsang van Debora tot die hoër diens en ware diens aan God gaan by hulle verby. Hulle luister nie na die lied wat tot die Here opgaan nie. Daar was die lied van die fluitspel wat hulle lewe en hulle harte streel as hulle so na hulle besittings, hulle troppe vee lê en kyk.

Hierdie gemaksug, hierdie streling van aardse besittings, het dit nie ook dikwels ons lofsang en die eer wat aan God toekom verdring nie? Christus het homself eerder ontledig en verneder sodat God geëer en vereer word sodat ons waarlik in hom kan besit wat deur mot en roes nie verniel kan word nie, nl. die rykdom van Gods genade.

Is aardse kompetisie en wêreldse wedywering nie dikwels die mens se ondergang nie? Dit wat gesien word met die oog het dikwels geen wesenlike waarde vir die mens nie. Laat ons die Here dien met die stoflike maar ook deur ons lewe. Christus het alles . . . Homself . . . gegee sodat ons in Hom kan lewe. Christus het gegee, gedoen en gedien tot Gods eer en tot ons heil.

17 Augustus

Lees Rig. 7:1-15. **Teks:** Rig. 7:7.

GIDEONSBENDE

Israel trek teen Midian op met 'n agterstand in getal. Twee-en-dertig duisend tel Israel en die Midianiete tel volgens Rigt. 8, 135,000.

Uiterlik is daar reeds 'n terugslag; 'n ongelyke stryd sal dit wees. Onder die twee-en-dertig duisend is daar nog swaarmoediges en halfhartiges. Maar namate hulle optrek word die getalle uitgedun. Dié wat twyfel in hulle harte het, moet ook maar omdraai. Gideon besef dat almal nie bereid is om 'n geloofstryd te voer nie. Van die begin af het hy geweet dat dit 'n geloofstryd sal wees maar hy het sekerlik nie kon dink dat net 300 man sou oorbly nie. Dit het Gideon eerder gesterk in die stryd om te weet dat hy nie deur getalle mislei sal word nie. Hy het geweet dat die Here die getroue hom nie sal mislei nie. Dit gaan nou om Gods openbaring en nie om menslike krag, vertoon en openbaring nie.

Gods krag en almag deur Sy kerk en deur gelowiges vind nie gestalte in en deur getalle nie, maar deur Christus Jesus. So het Christus as Seun van die mens ook in 'n ongelyke stryd na die uiterlike verkeer terwille van die mensekinders. Gods liefde, en God se almag het oorwin aan die kruis deur Sy geliefde Seun Jesus Christus. Groot is die getalle van die heidendom. Maak dit nie dat ons dikwels vrees om in die geloofstryd te staan nie? Is ons bereid om in die strydende kerk te staan vir wie Jesus Christus oorwin het? In Hom het ons meer as oorwinnaars geword deurdat Hy vir ons die smaad en hoon deurgegaan het, om terselfdertyd te behoort aan die triomferende kerk, aan die triomferende Christus.

18 Augustus

Lees Rig. 4:1-24. **Teks:** Rig. 4:9.

BARAK EN DEBORA

Barak as rigter is nie so bekend as Debora nie. As man van gesag in sy omgewing het hulle na hom opgesien om leiding. Alhoewel

Debora 'n groot aandeel gehad het in die stryd van Barak as rigter, het God op hierdie besondere wyse Barak as rigter laat optree. Barak het nie dieselfde versekerheid nie. Hy wil wel gehoor gee aan die oproep van Debora maar net as sy saam met hom in die stryd gaan. Barak is hier meer die uitvoerder en Debora die aanvoerder en aanspoorder. Sonder Debora voel hierdie man nie opgewasse vir die taak nie; Debora stem in maar sê dat die eer in die stryd hom nie sal toekom nie maar aan 'n vrou.

Barak bly die aarselende persoon. As die leermagte teenoor mekaar lê in die vlakte, dié van Sisera en dié van Israel is dit weer Debora wat moet sê: „Maak jou klaar, dit is die dag waarop die Here Sisera in jou hand gee. Trek die Here nie voor jou uit nie?" Waarom is Barak dan rigter as hy 'n aarselende persoon in die stryd is? Omdat hy tenspyte van dit alles Gods woord aangeneem het en gehoorsaam het.

Die Geloof van Barak lê daarin dat hy die stem van God gehoor het al was dit in die woord van 'n vrou.

So kom en spreek die Here ook tot ons op 'n besondere wyse deur mensekinders waar diensknegte en diensmaagde op ons geloofsweg kom tot vervulling van Gods heilryke werk, tot Sy diens en tot Sy eer. Geloof wat moet spreek in ons lewe al laat God dit op 'n besondere wyse in ons lewe geskied.

19 Augustus

Lees Rig. 6:1-25. **Teks:** Rig. 6:24a.

DIE HERE IS VREDE

Gideon word deur die Here geroep om Hom te volg. Hierdie volg is nie net om die Here agterna te loop nie. Hierdie roeping gaan gepaard met 'n opdrag, 'n opdrag waarby ook die persoon wat geroep is se geloof getoets word. In hierdie roeping worstel Gideon om sekerheid. Sy geloof in die roepende God maak hom onrustig. Onrustigheid oor eie bekwaamheid, maar te meer die vra na 'n teken. By hom is die vra na 'n teken heeltemal teenoorgesteld aan die Fariseërs se vraag om 'n teken aan Christus. By Gideon is 'n wil om te glo. Die teken wat Gideon soek is die teken van die Here se koningskap. Gideon kom onder die diepe besef dat hy 'n sondige mens is. Die teken waarna hy vra is meer as 'n simbool en nie bedoel om uiterlik bevredig te word of om God te vra om Homself eers te bewys en dan te glo nie. Die teken wat hy van God ontvang is dié van vrede. Hierdie teken moet Gideon selfs ook beweeg om getuienis te gee. Dit geskied deur die bou van 'n altaar waarmee hy bevestig en erken dat die God van Vrede saam met hom gaan en met hom is in sy opdrag. Hierin vind ons ook die opdrag van die Christengelowige in die wêreld deur kerk en gemeente, waar God ons Sy heil laat sien, maar waarin en waardeur ons ook bevestiging moet gee as gemeenskap van gelowiges, waar die kerk ook staan as verkondiging en bevestiging van vrede tot oorwinning.

20 Augustus

Lees Rig. 6:1-25. **Teks:** Rig. 6:15.

„SY KRAG WORD DEUR ONS SWAKHEID VOLBRING"

Die rigter Gideon voel hom te klein en swak om Israel soos hy gesê het te verlos. As mens is hy swak en bowendien is die geslag waaruit

hy kom die swakste in Manasse. Uit homself is hy nie opgewasse vir hierdie taak nie. Dit is ook reg dat Gideon sy eie swakheid besef maar hy mag nie die almag van God vergeet nie. Buitendien sal hy in sy kleinheid en swakheid nog swakker voel en wees as hy sê „ . . . waarmee sal ek Israel verlos?" Ons vind hierdie selfde kleinheidsbesef en teëstribbeling by die roeping van Moses en van Jeremia.

God laat hierdie verskoning nie geld nie. God het hom geroep. God stuur hom, maar God weet ook dat hy dit nie kan doen nie. In die volgende vers is daar die belofte van God soos ook dikwels gedoen aan manne voor hom en na hom; „Ek sal met jou wees." Dit is die versekering wat al sy besware laat verval.

Soos wat Gideon uit die nederige en swakste omstandighede tot hierdie groot daad geroep is, so het Christus gekom. Klein was Hy gereken, selfs geminag en verag, om Gods heilsplan te volvoer. Hy was aan die kruis verlaat sodat die geroepenes deur God die versekering nie in hulself hoef te soek nie, maar „Ek sal met jou wees" as versekering het.

Daarom verval ons besware en selfs ons kleinheid en swakheid wanneer die Here ons roep tot die priesterskap van die gelowiges. Nooit te gering en te swak is die mens wanneer God tot hom spreek en as God hom roep tot hoër diens nie. „Sy krag word deur ons swakheid volbring".

21 Augustus

Lees Rig. 10:6-18. **Teks:** Rig. 10:14.

MAGTELOOSHEID VAN DIE AFGODE

Soos vantevore het die Israeliete die Here hulle God verlaat en vreemde gode gaan dien. Hier verwyt die Here hulle hul ondankbaarheid, en herinner Hy hulle aan die groot dinge wat Hy vir hulle gedoen het.

Om hulle tot berou op te wek, wys die Here hulle op die dwaasheid daarvan om afgode te aanbid en te dien. Hulle het groot onkoste gemaak om die guns van die afgode, wat hulle tog nie kon help wanneer hulle hulp die meeste nodig gehad nie, te verwerf. En dan sê die Here: Gaan heen, en roep die gode aan wat julle verkies het; laat dié julle verlos in die tyd van julle benoudheid. Julle het die afgode gedien: kyk maar of hulle goddelike krag en mag of godheid het, wat hulle ten goede vir julle kan aanwend. Julle het aan hulle hulde betoon soos aan 'n koning: kyk maar of hulle julle sal beskerm. Julle het aan hulle lofoffers by hulle altare gebring, asof hulle julle weldoeners is. Maar wie waarlik 'n vriend is, sal 'n vriend wees ook in tye van nood. Kyk maar of hulle aan julle hulp kan bied in donker dae.

Gelukkig het die Israeliete besef dat die afgode magteloos is, om hulle uit die hand van die vyand te verlos, en daarom het hulle vir die Here gesê: Ons het gesondig. Maak met ons net soos dit goed is in u oë. Verlos ons tog net vandag.

Afgode is maar net mooiweer-gode. As ons in nood en angs verkeer, of as donker wolke bokant ons hoofde saampak, dan staan hulle magteloos.

Die mens kan in niks en niemand gelukkig voel nie, as net in die Here sy God, wat met mag en heerlikheid beklee is, en wat nooit laat vaar die werke van Sy hande nie.

22 Augustus

Lees Rig. 11:1-10. **Teks:** Rig. 11:6.

VERAG NIEMAND NIE

Jefta was 'n buite-egtelike kind, en as gevolg daarvan is hy deur sy broers weggejaag, maar hierdie selfde jongman sou later die Israeliete se bevryder en rigter word.

Nadat hy van sy broers af weggevlug het, het 'n aantal ligsinnige manne by hom aangesluit, en daar in die ballingskap saam met hierdie manne het Jefta getoon hoe 'n dapper man hy was. En toe die Israeliete in 'n oorlog gewikkel was met die Ammoniete, het die oudstes van die volk hom gaan soebat om hulle hoof en leier te word. „Kom, en wees ons aanvoerder, dat ons kan veg teen die kinders van Ammon", was hulle versoek.

Hulle het gevoel dat hy net die regte man is om hulle aanvoerder te wees. Die volk het hulleself deur hulle afgodery tot buite-egtelike kinders gemaak, hulleself vervreem van God en Sy verbond, en daarom sal hulle tot hulle vernedering, en om hulle te herinner aan hulle sonde, wél deur God verlos word, maar Hy het as werktuig in Sy hand daarvoor uitgekies 'n man wat self 'n buite-egtelike kind en 'n balling is.

God verneder dikwels hulle vir wie Hy van voorneme is om later te verhoog. Let net op hoedat God mense vir Sy diens, waarvoor Hy hulle bestem het, voorberei, en hoedat Hy hulle moeilikhede laat meewerk tot hulle bevordering. As Jefta nie deur die onvriendelikheid van sy broers weggejaag was nie, dan het hy nie so 'n goeie geleentheid gehad om sy krygskuns te beoefen, homself te onderskei, en daardeur groot beroemdheid te verwerf nie.

Hierdie geskiedenis waarsku óns ook om niemand weens sy geringheid te verag, of beledigend teenoor hom op te tree nie, want wát ons op die oomblik van so iemand mag dink — die tyd kom dat ons daardie persoon nodig kry. Laat ons niemand tot ons vyand maak nie, want ons weet nie hoe spoedig ons in omstandighede kan verkeer, waar dit van die grootste belang is om hom as vriend te hê nie.

23 Augustus

Lees Rig. 11:30-40. **Teks:** Rig. 11:30, 31.

BETAAL U GELOFTES

Voordat Jefta opgetrek het teen die Ammoniete om teen hulle te veg, het hy die gelofte van ons teksvers uitgespreek. Die Here het aan hom die oorwinning gegee en hy het sy gelofte nagekom. Vir hom was dit seker 'n baie moeilike taak, maar gelukkig het hy in sy dogter iemand gevind wat gewillig was om haarself as offer aan die Here te gee.

Ook ons moet ons geloftes wat ons aan die Here maak, stiptelik en noukeurig betaal en nakom, al sou dit nóg so moeilik en smartvol vir ons wees. Jefta se besef van die groot verpligting wat op hom gerus het, moet ook óns besef wees, want het hy vir sy dogter gesê: Ek het my mond geopen teenoor die Here en ek kan nie terug trek nie.

Dit betaam kinders om hulle blymoedig en gehoorsaam aan hulle ouers te onderwerp in die Here, en in die besonder om te berus in hulle godvrugtige besluite tot eer van God en tot handhawing van die godsdiens in die gesin, soos die dogter van Jefta, wat tot bevrediging van haar vader se gewete en tot eer van haar God en van haar land, haar-

self oorgegee het om aan die Here geoffer te word. Luister wat sy gesê het: My vader, as u u mond geopen het teenoor die Here, maak met my soos uit u mond uitgegaan het. Sy was so bly oor die oorwinning dat sy bereid was om self as 'n offer aan die Here geoffer te word, en sy het gevoel dat sy haar lewe goed bestee het, as sy dit vir so 'n groot gebeurtenis oorgegee het.

Sy het dit as 'n eer beskou om 'n offer van dankerkentenis vir die seëninge wat die Here op haar volk laat rus het te wees. Uit Jefta se bekommernis by hierdie geleentheid moet ons leer om dit nie as iets vreemds te beskou as die dag van ons oorwinning in hierdie wêreld om die een of ander rede die dag van ons smart blyk te wees nie, en daarom moet ons ons verheug, al is dit met bewing. Ons hoop immers op 'n dag van oorwinning in die hiernamaals, wat 'n dag van groot blydskap sal wees.

24 Augustus

BARTHOLOMEUSNAG

Lees Rig. 16:17-31. **Teks:** Rig. 16:22.

DIE HERE GEE WEER KRAG

Op 24 Augustus van elke jaar dink ons aan die verraad wat gepleeg is toe die Rooms Katolieke ná die Kerkhervorming in Frankryk, 'n groot aantal Protestante vermoor het op die bruilof van Hendrik van Navarre, die leier van die Hugenote, soos wat die hervormde Protestante genoem is, en die koning se suster.

Hierdie huwelik sou bewys moes lewer, dat daar vrede geheers het tussen die Rooms Katolieke en Protestante, maar die uitwissing van 'n groot aantal Protestante by daardie plegtige geleentheid, was 'n bewys van wat kán gebeur as 'n mens onverhoeds in 'n valstrik van verraad vasgevang word. Maar gelukkig dat hierdie verraad die protestante nie in onderdanigheid aan die Rooms Katolieke op die knieë gebring het nie, maar hulle met meer moed as vantevore en met die hulp en die krag van die Here, die stryd van die geloof laat voortsit met die leuse: Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.

Simson was ook die slagoffer van verraad as gevolg waarvan sy sewe haarvlegsels afgeskeer, sy krag van hom gewyk en sy oë uitgesteek is; maar, so lees ons, die hare van sy hoof het weer begin groei, en toe die Filistyne saam vergader het om aan hulle god, Dagon, 'n groot offer te bring, en Simson gebring is om hulle te vermaak, het hy die Here gevra om hom nog net daardie een keer te versterk. Die Here het hom die krag gegee, hy sterf wel saam met duisende Filistyne, maar tog het hy daardeur wraak kon neem, en het hy sy volk verlos uit die hand van die Filistyne.

Onse Here Jesus het die ryk van Satan neergewerp soos wat Simson Dagon se tempel inmekaar laat stort het, en toe Hy gesterf het, het Hy die grootste oorwinning oor die magte van die duisternis behaal. Toe Sy arms uitgestrek was aan die kruis, soos wat Simson se arms uitgestrek was na die pilare, het Hy 'n noodlottige ruk gegee aan die poorte van die hel, en het Hy hóm tot niet kon maak, wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, en hierin het Hy Simson oortref, dat Hy nie alleen saam met die Filistyne sterf nie, maar opgestaan het om oor hulle die oorwinning aan te kondig.

25 Augustus

Lees Rig. 13. **Teks:** Rig. 13:24.

SKITTERENDE SON

Simson is seker die meesbekende rigter. Sy naam beteken skitterende son, en dit is asof hy geroep was om almal se aandag te trek. Almal moes in hom sien die son wat glinster in sy krag. Hy was nooit die hoof van 'n leërmag nie, hy was nooit op 'n slagveld nie, maar tog was hy 'n groot patriot, 'n liefhebber van sy volk en vaderland. Hy was in sy persoon alleen 'n gedugte gésel vir die verdrukkers en vyande van sy volk. Hy was ook een van die geloofshelde van wie in Heb. 11 melding gemaak word.

Die geskiedenis van die ander rigters begin met hulle roeping as rigter, maar Simson se geskiedenis begin met sy geboorte, en niemand anders as 'n engel het sy geboorte aangekondig as voorbeeld van dit wat later met Johannes die Doper sou geskied nie.

Toe hy gebore is, is hy Simson genoem. Hy het groot geword en die Here het hom geseën. Dit beteken dat hierdie kind, wie se naam skitterende son beteken, net soos die son waarvan in Ps. 19 melding gemaak word, bly sal wees om die pad waarop die Here hom plaas, te loop. Die Here sal hom na liggaam en siel bekwaam maak vir iets groots en buitengewoons.

En dan lees ons ook dat die Gees van die Here hom begin dryf het na die taak wat hy moes volbring. Want waar die Here Sy seën gebied, daar gee Hy Sy Gees om mense vir Sy seën bekwaam te maak.

Geseënd is ons, as die Gees van genade reeds in ons kinderjare ons begin drywe, want dan sal ons uitmunt in krag en dapperheid in die Here onse God.

26 Augustus

Lees Rig. 17 en 18. **Teks:** Rig. 17:13.

DWAASHEID VAN AFGODEDIENS

Hierdie geskiedenis vertel van diefstal en geldgierigheid. Miga steel sy moeder se geld, en as hy hoor hoedat sy die vloek daaroor uitspreek, gee hy dit aan haar terug. Sy laat egter van 'n gedeelte van die geld 'n afgodsbeeld maak, wat sy in die huis van Miga laat staan. En as hy 'n Leviet as priester aangestel het, dan dink hy dat die Here aan hom hieroor goed sal doen. Die Here het wél aan hom goed gedoen, maar dan in dié sin, dat die Here hom, volgens hoofstuk 18, die afgode waaraan hy so geheg was, ontneem het. Hy het dit egter as 'n onreg beskou wat hom aangedoen is, want die afgode was vir hom alles in sy lewe.

Hier sien ons die dwaasheid van afgodsdienaars en die mag wat Satan oor hulle het. Miga was 'n dwaas om die dinge wat hy self gemaak het God te noem, waar alleen God tog deur ons as die God wat óns gemaak het, aanbid en gedien moet word.

Miga het nie die moed gehad om sy lewe te waag om sy gode te red nie, en so min geloof het hy in die mag van sy gode gehad om hom te beskerm, dat hy maar omgedraai en huis toe gegaan het.

As die verlies van sy afgode hom maar oortuig het van hulle nietigheid en magteloosheid, en van sy eie dwaasheid om sy hart aan hulle te bind, en hom laat terug keer het tot God, van wie hy afvallig geword het, dan sou hy, wat hulle verloor, daar oneindig beter aan toe gewees het as hulle wat die afgode met wapengeweld weggevoer het.

Indien die verlies van ons afgode ons genees van ons liefde vir hulle en ons laat sê: Weg daarmee! dan sal die verlies 'n onuitspreeklike wins wees.

27 Augustus

Lees Rig. 21:19-25. **Teks:** Rig. 21:25.

ONS HEMELSE KONING

Die boek Rigters eindig op 'n tragiese manier. Dit vertel van die feit dat die stam van Benjamin byna uitgewis was, maar dat dit gelukkig weer in ere herstel is nadat die ander stamme gevoel het dat dit 'n saak van groot verdriet is dat een stam uit Israel vermis word.

En dan eindig die boek met die woorde van ons teksvers: In dié dae was daar geen koning in Israel nie; elkeen het gedoen wat reg was in sy oë.

In die begin van die boek word daarvan melding gemaak, dat hulle die Here geraadpleeg het wanneer hulle voor probleme te staan gekom het, maar later het elkeen gedoen wat hy gedink het reg was. As gevolg hiervan was alles in 'n warboel, en was daar van reg en geregtigheid geen sprake nie.

Wat die Israeliete egter uit die oog verloor het was die feit dat, alhoewel hulle geen aardse koning gehad het nie, God self hulle koning gewees het, en dat hulle moes doen soos wat God dit in Sy Wet vir hulle voorgeskryf het, en nie wat hulle self gedink het reg is nie.

Ons het ook 'n hemelse Koning en wat verwag Hy van ons? Hy verwag van ons dat ons God bo alles sal liefhê en ons naaste soos onsself. Ons moet ons lewe verloor ter wille van Christus, want dit is die engste manier om dit te behou vir Sy hemelse koninkryk.

Daarom moet hierdie lied ook ons gesang wees:

Jesus is my Heer en Koning
wat my woning
in die vaderhuis berei;
wat ek ook al hier mag derwe,
daar sal 'k erwe
saligheid, volmaak en vry.

28 Augustus

Lees 1 Sam. 1:21-28 en Luk. 18:15-17. **Teks:** 1 Sam. 1:20b.

VAN DIE HERE GEBID

In die huis van Elkana heers daar voortdurend spanning. Hanna het geen kinders nie en dit het groot verdriet aan haar besorg. Peninna wat wel kinders het, skep soveel behae daarin om Hanna te verkleineer. Elkana probeer haar troos en bewys sy onverdeelde liefde en trou aan haar.

Hanna neem haar toevlug tot die tempel in Silo waar Eli priester is. Al knielende stort sy haar diep ontroerde hart uit voor die aangesig van die Here. As dit die Here behaag om 'n seun aan haar te skenk, sal sy hom as 'n tere pand volkome wy in die diens van die Here, soos 'n Simson ook 'n Nasireër was.

Hierdie moeder ontvang 'n seun en noem hom Samuel. Sy het woord gehou en toe hy oud genoeg was hom na die tempel gebring en hom toevertrou aan die sorg van Eli, die priester. Haar kind dra sy altoos op voor die genadetroon en bid dat die Bewaarder van Israel haar kind sal bewaar. Die Here moet hom bewaar vir sonde en verleidinge, want Hofni en Pinehas stel tog sulke slegte voorbeelde.

Van Samuel word getuig: „Samuel het groot geword by die Here en het toegeneem in grootte en in guns by die Here, sowel as by die mense." Dis die woorde wat ook van die twaalfjarige Jesus gesê is. Ouers, wy ons ons kinders ook so aan die diens van die Here? Is ons altoos getrou aan ons doopsbelofte? Dis die voorreg van gelowige ouers om self die priesterlike taak teenoor hul kind te vervul wat Eli teenoor Samuel moes vervul. Bewaar die pand wat aan u toevertrou is!

29 Augustus

Lees 1 Sam. 2:12-17 en Hand. 5:1-11. **Teks:** 1 Sam. 2:12.

DEUGNIETE IN DIE HUIS VAN GOD

Hartverskeurend is die geskiedenis wat ons meegedeel word oor die liederlike gedrag van die seuns van Eli: Hofni en Pinehas. Die vromes moes hulle skaam oor hierdie gedrag. Op 'n hemeltergende wyse het hulle gesondig en voor die oë van die hele volk die Wet van Moses oortree, veral ten opsigte van die vyfde, sewende en agtste gebod. Hulle wou die Here nie erken nie en het hulle bose hand gelê op die offers wat in Silo geoffer is. Hulle staan in die tempeldiens en doen nogtans sulke veragterlike dinge!

Hierdie twee seuns doen nie alleen oneer aan die Naam van die Allerhoogste nie; maar deur hulle slegte voorbeeld struikel swakkeres. Die volk wat alreeds die rug op die Here gedraai het, verval nog steeds verder tot afgodediens.

Vader Eli kan hoegenaamd nie vrygespreek word ten opsigte van die goddelose gedrag van sy twee seuns nie. Hy was al oud en afgelewe en word aan ons geteken as die priester wat op 'n stoel sit by die deurpos van die tempel van die Here. Hy steek nie meer die hand flink uit die mou nie. Waarlik die priester van die Here kan nie bekostig om sy dae ledig te verslyt op 'n stoel, terwyl die Huis van die Here in 'n vervalle toestand is nie.

Oogluikend het hy die kwaad maar deur die vingers gesien. Hy tree nie ferm op nie, maar is tevrede as hy sê: „Waarom doen julle sulke dinge, dat die hele volk julle slegte dinge moet hoor?"

Wee ons as ouers wanneer die tug slap en kragteloos geword het, dan wag daar alleen onheil. Ouers voed julle kinders op in die vermaning en tug van die Here!

30 Augustus

Lees 1 Sam. 3:1-10 en Hand. 9:1-6. **Teks:** 1 Sam. 3:10.

U KNEG HOOR

Dis aand — Eli die ou priester slaap alreeds, so ook Samuel. Skielik hoor Samuel hoedat iemand hom roep. Dadelik haas hy hom na Eli, maar dis nie hy wat geroep het nie en daarom gaan Samuel maar weer slaap. Toe Samuel vir die derde maal die stem verneem het, sê Eli dat Samuel moet antwoord: spreek, want U kneg hoor.

Nou vertel die Here aan Samuel wat Hy alles wil doen. Dit moes vir hom 'n geweldige skok gewees het. Hy koester tog soveel eerbied vir die grysaard en daarom is dit vir die jonge Samuel so ontsettend om daaraan te dink wat alles met Eli en sy twee seuns gaan gebeur. Die Here wil hierdie twee seuns nie meer as priesters in Sy Huis hê nie. Hulle doen te veel goddeloosheid en Eli sien maar alles deur die vingers. In sy geslag sal daar nie meer priesters wees nie.

„Spreek, want U kneg hoor". Voor die poorte van Damaskus, antwoord Saulus van Tarsus op die vraag van die Here: Saul waar is jy?

— Here, wat wil U hê moet ek doen? Voortaan sal Paulus niks wees nie, maar die Here alles. Hy sal 'n uitverkorene werktuig in die hand van die Here wees om Sy Naam te verheerlik.

Samuel luister as die Here spreek! Ons weer wil hê die Here moet luister as ons spreek. Van Samuel kan gesê word: alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik en loflik is, het hy bedink! Samuel het groot geword en die Here was met hom! „En die hele Israel van Dan tot Berséba het erken dat Samuel betroubaar was as 'n profeet van die Here!"

31 Augustus

Lees 1 Sam. 4:12-18 en Luk. 23:26-31. **Teks:** 1 Sam. 4:17.

OORDEEL

Dit was 'n swaré taak vir die jonge Samuel om die vreeslike onheilsboodskap aan Eli mee te deel. Eli luister maar ewe gelate en daar is geen reaksie van sy kant nie. Daar is geen skuldbesef of berou nie. Die enigste antwoord is: „Hy is die Here, laat Hom doen wat goed is in Sy oë." Eli erken dat die straf wel verdien is, maar in sy slappe optrede kom daar hoegenaamd geen verandering nie.

Die Filistyne ruk weer teen Israel op en Israel ly 'n verlies van vierduisend man wat sneuwel. Nou word 'n uiters onverantwoordelike stap gedoen. Die Here moet sigbaar teenwoordig wees aan hulle kant te midde van die hitte van die stryd: daarom moet die ark in die laer gebring word en Eli verhinder dit hoegenaamd nie.

Verpletterend is die uitslag van die stryd: dertigduisend voetvolk sneuwel aan die kant van Israel, ook Hofni en Pinehas. Daarby het die Filistyne ook die ark geneem. Toe 'n ooggetuie al hierdie jobstydings aan Eli meegedeel het, val die ou priester agteroor en breek sy nek.

Hierdie priesterlike huis ondergaan dieselfde ontsettende lot as die koningshuis van Agab en Isébel. God laat nie met Hom spot nie. Ontelbaar is Sy roepstemme dat die goddelose sy weg moet verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes en hom tot die Here bekeer. Hulle wat die gebooie en insettinge van die Here nie onderhou nie, kan alleen onheil en ondergang verwag. Dan verskyn die handskrif teen die muur soos in die dae van Daniël met die uitleg: O koning, u is geweeg en te lig bevind!

1 September

Lees 1 Sam. 5:1-7 en Matt. 21:12-13. **Teks:** 1 Sam. 5:2.

OORWINNING VAN DIE BOSE?

Hofni en Pinehas het veragter in die genade van God; al verder en verder weggedrywe van die diens van die Here, soos Kaïn al verder weggegaan het van die Aangesig van die Here. Daar kom 'n tyd waar ons die Here sal soek maar Hom nie sal vind nie. „En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie."

Die twee seuns van Eli het geen eerbied gekoester vir die majesteit en heiligheid van die Almagtige nie. Hulle het niks begryp van die woorde uit die brandende braambos tot Moses: „die plek waar jy staan is heilige grond!" Met ongewyde hande het hulle heilige dinge aangeraak: die ark van God moes ingesleep word om te dien as 'n soort van toormiddel.

Dink aan al die smaad wat hierdeur oor die Naam van die Here gebring word en oor die volk van die Here. Die ark van God word langs

Dagon neergesit. Dagon sou die oorwinnaar wees oor die God van Israel. Met die volk van die Here word gespot, bo alles met die Here self. Dis ook die diepste smaad wat 'n Simson ondergaan het toe hy as Nasirieër sy hoof laat rus het in die skoot van Delila. Met uitgestoke oë moet hy soos 'n lasdier die meul van die Filistyne trek. Ja, soos 'n sirkusdier moet hy die spotters vermaak in die tempel van Dagon. Saul ondervind dat die Here reeds van hom gewyk het en as 'n wanhoopsdaad neem hy die toevlug na die heks van Endor. Hoe het die helde geval! „By die riviere van Babel, daar het ons gesit, ook geween as ons aan Sion dink!"

2 September

Lees 1 Sam. 7:2-12 en Rom. 8:31-39. **Teks:** 1 Sam. 7:12.

EBENHAËSER

Donker oorlogswolke pak saam oor Israel. Hoeveel smaadhede en vernederinge moes die volk van die Here nie ondergaan vir die twintig jaar nie. Die beproewinge het nogtans 'n heilsame uitwerking, want Israel kom tot besinning, tot inkeer en bekering. Daar is berou in hul harte, omdat hulle die Here hul God verlaat het en daardeur soveel onheil en ellende oor die hele huis van Israel gebring het. Hulle harte is ontvanklik vir die boodskap van Samuel. Dadelik word die afgode uit hulle midde verwyder. Die hele volk moet by Mispa bymekaar kom en dan sal Samuel tot die Here bid om uitredding en verlossing.

Die Here stry vir Sy volk. Met 'n groot geluid laat Hy donder oor die Filistyne. Daar ontstaan verwarring in die vyandige kamp en paniekbevange slaan hulle op die vlug. Israel ruk haastig op en verslaan die vyand.

Ja, die ere van hierdie grote oorwinning moet alleen aan die Here toegeskrywe word. „Toe het Samuel 'n klip geneem en dit opgerig tussen Mispa en Sen, en dit Ebenhaëser genoem," tot hiertoe het die Here ons gehelp. God is vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag! As hulp in benoudheid is Hy in hoë mate beproef. Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see. Hy is die Rots van die eeue wat nie wankel of wyk nie. As God vir ons is, wie kan dan teen ons wees?

3 September

Lees Gen. 28:11-22 en Hebr. 11:32-40. **Teks:** 1 Sam. 7:12.

DIE HERE HET ONS GEHELP

Jakob vlug van Berseba na Haran. Die nag oorval hom en hy slaap met sy hoof op 'n klip. Daar verskyn die Here aan hom. Toe staan Jakob vroeg die môre op en neem die klip wat hy onder sy hoof gesit het en rig dit as 'n gedenksteen op. Hy noem hierdie gewyde plek Bet-el (huis van God). Dit was 'n plegtige oomblik toe Jakob eensaam en alleen in die verlate velde hierdie gedenksteen opgerig het, wat hom in die toekoms sal herinner aan die nabyheid en trou van die Heer. Twintig jaar later sterf sy geliefde vrou Ragel in die nabyheid van Bet-el en verseker die opgerigte steen hom opnuut van die trou van sy Heer.

Plegtig was die oomblik toe Samuel die gedenksteen opgerig het, terwyl die hele volk in eerbied en ontsag toekyk. Tot hiertoe het die Here ons gehelp. Wat sal ek die Here vergeld vir al Sy weldade aan my?

Ebenhaëser — ons dink aan die laer by Bloedrivier. Stikdonkernag is die toekoms. Soos die Almagtige eenmaal kragtig ingegryp het tussen

Mispa en Sen — so gryp Hy ook in by Bloedrivier, sodat die eer van die oorwinning alleen aan Hom gegee moet word.

Wat is die Bloedrivier-Monument anders as 'n gedenksteen van hulp en uitredding wat die troue God aan ons volk bewys het?

Wanneer die volk in duisende byeen kom rondom Monument-koppie, skrywe dan net die een woord „Ebenhaëser". Hoeveel opgerigte stene staan daar nie ook langs ons lewenspad, as 'n gedenksteen, met die woord: Ebenhaëser!

4 September

Lees Pred. 3:1-8 en Rom. 11:33-36. **Teks:** Pred. 3:1.

TYD . . .

Ons is slawe van die tyd. Nie een van ons kan ons losmaak van die tyd nie. Die tyd regeer ons behoeftes, ons begeertes en ons hoop. As tyd dan so 'n geweldige rol in ons lewe speel, is dit vir ons as gelowiges stellig baie belangrik om te weet wat die Bybel vir ons oor die begrip tyd sê.

Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd. Die Prediker noem vir ons nie minder as veertien woordpare op nie, elkeen daarvan het sy geskikte tyd. Maar oor baie van die dinge wat hier opgenoem word, beskik die mens nie. 'n Tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe — wie kan dit self bepaal? Geboorte vind plaas op sy tyd en wyse, so ook die onontwykbare dood.

Liefde en haat, die innerlikste roersele van 'n menselewe — hoe weinig het 'n mens daaroor beheer! Oorlog en vrede — is die oorlog nie 'n groot nood wat 'n nasie, 'n wêreld opgelê word nie? As die Prediker so praat oor die vallende tyd waaraan die mens oorgelewer is, wil hy nie net die verganklikheid van alles wat die mens doen beklemtoon nie, nie net die wisseling van alle dinge aantoon nie, maar veral wys op die verwondbaarheid van die mens. Skielik kan in sy geluk die ramp inbreek, die blydskap oor geboorte kan skielik plek maak vir die roggel van die dood. Die mens ontvang sy tyd uit die hand van God. Hy alleen hou vir ewig stand. En in Jesus Christus het die ewige God die moontlikheid van die ewigheid ook aan ons, tydsgebonde mense, gegee.

5 September

Lees Pred. 3:9-15. **Teks:** Pred. 3:11.

. . . EN EWIGHEID

Die Prediker praat oor tyd . . . en ewigheid. Ook het God die eeu in die hart van die mens gelê. Ons kan ook vertaal: God het die ewigheid in die hart van die mens gelê. God het nie net die skepping mooi en goed gemaak nie, maar Hy het aan die mens boonop iets besonders gegee waardeur hy 'n besondere posisie in die skepping van God verkry het. 'n Plant, 'n dier vra nie na gister nie, en vra ook nie na môre nie. Dit leef net in die oomblik, vir die oomblik.

Maar God het aan die mens die vermoë gegee om na die ewigheid te vra. Ewigheid — dit is die verste tydstip in die verlede, en ook die verste punt in die toekoms. Die mens kan vra na sy begin, waar hy ontstaan het in die liefde en wil van sy Vader. Die mens kan ook vra na die einde, na Gods bestemming vir hom. Die mens self leef in die tyd, in die wisseling van gebeurtenisse van lief en leed. Maar hy leef tussen afkoms, die ewigheid vanwaar hy kom, en toekoms, die ewigheid waarheen hy onderweg is.

In hierdie tydspan is hy nie alleen nie. Die ewige God is daar, sy

toevlug in nood en gevaar. Die ewige God van Wie die Psalmdigter sê: Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God. En die Nuwe Testament leer ons dat die Ewige die tyd binnegekom het, vlees geword het en onder ons kom woon het. Jesus Christus is met ons al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.

6 September

Lees Gen. 1:24-31 en Efes. 4:20-24. **Teks:** Pred. 3:11.

DIE ONOORBRUGBARE KLOOF

So mooi as wat alles geskape is, soveel as wat God aan die mens in die besonder gegee het — soos God het Hy die mens nooit laat word nie. Die geheim van God — daaragter kan die mens nie kom nie. Die besef van die ewigheid is in sy hart geplant, maar as sterflike mens kan hy die dade van God nie ten volle begryp nie. Die mens kan slegs neem wat God aan Hom gee, God slegs ken as God homself bekend maak. In die raad van God het die mens nie gestaan nie.

So onderstreep die Prediker die onvolmaaktheid van die mens: die ewigheid in sy hart gelê, die vermoë gegee om iets daarvan te begryp, maar sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end kan uitvind. So onderstreep die Prediker die onoorbrugbare kloof, die onmeetlike afstand tussen God en mens. Dit is Gods wil dat ons ook dié afstand sal bewaar, in die besef sal lewe dat God in die hemel is en ons op die aarde, Sy wil dat ons sal vrees voor Sy aangesig.

Jesus Christus alleen is die brug oor hierdie gapende afgrond. Deur Sy menswording het God Sy hand oor die afgrond heen na die mens uitgesteek en ons in Sy liefdevolle hand vasgegryp. Niks wat ons op aarde ly nie, kan ons van Gods liefde skei nie.

7 September

Lees Pred. 4:13-16 en 1 Kor. 1:17-31. **Teks:** Pred. 4:16.

POPULARITEIT

Die suksesverhaal van hierdie jongman word in elke geslag opnuut geskrywe. Deur raad aan te neem, deur goed na te dink en wysheid te beoefen het 'n jongman omhooggestyg uit onbekendheid en armoede. Ook in sy geval het dit geblyk dat wysheid voortrefliker is as onverstandigheid en onkunde.

In die loop van die wêreldgeskiedenis het talle groot wêreldfigure verrys. Op bros spykerskriftablette, op verweerde papirus en vergeelde dokumente word daar soms nog in herinnering geroep die lewens van mense soos Nebukadnesar, Alexander die Grote, Mohammed, Napoleon. Tog sou die Prediker in ons dae sy waarneming daarby voeg: Tog sal die nageslag hulle oor hom nie verbly nie. As die golfslag van die volksguns sy kruin bereik het, moet ook daardie golf omslaan en breek.

Die Prediker is nie maar 'n swartgallige, mismoedige ou mens wat skepties teenoor alles staan en net die skadukant van dinge raaksien nie. Maar as wysheidsleraar het hy gehoor dat die wysheid in staat is om die lewe te bemeester, dat kennis mag is. Maar hy het daardie nugterheid behou om te sien dat die wysheid nie in staat is om die verganklikheid van die mens te bowe te kom nie. In alle nugterheid mag ons die wysheid as gawe van God gebruik, maar nooit mag ons daaroor in vervoering raak nie. Teenoor ons menslike wysheid staan

daar die woord van kruis, 'n dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word is dit die krag van God. Teenoor die wispelturigheid van menslike guns staan Jesus Christus, gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

8 September

Lees Matt. 21:1-11 en Matt. 27:20-23. **Teks:** Pred. 4:16.

MENSLIKE WISSELVALLIGHEID EN GODDELIKE TROU

Aan Sy eie vlees en gees het Jesus die gevolge ervaar van die wisselvalligheid en wankelmoedigheid van mense. Populariteit het Hom ten deel geval, hoewel Hy nooit daarna gesoek het nie. Maar in alles het Hy nie na die wil van die menigte nie, maar na die wil van God gevra. By Sy intog in Jerusalem het die mense hulle klere voor Hom oopgegooi terwyl hulle skreeu: Hosanna vir die Seun van Dawid! Maar enkele dae later skreeu die skare: Laat Hom gekruisig word! Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom!

Van Christus het grootliks waar geword: Tog sal die nageslag hulle nie oor Hom verbly nie. Kan ons van hierdie liefdelose wêreld sê dat dit die vreugde oor die Here ken? Sien ons nie eerder selfverblyding, selftevredenheid en selfliefde nie? Goddank, daar is die enkelinge in die wêreld, die kuddetjie van God, in wie se lewe Jesus die egte vreugde van die verlossing gebring het. Hul verbly hul in hul Heer; hul roem nie in hulself nie, maar in Sy verlossingsdade.

'n Kneg is nie groter as sy Heer nie. Ook die volgelinge van Jesus is oorgelewer aan die wisselvalligheid en wankelmoedigheid van mense. Soos die weg van so baie martelare voor hul, is hul weg die weg van hulle Meester, die weg van die kruis. Langs die weg is daar die versoekings van wêreldgelykvormigheid, van strewe na mag en populariteit. Die Prediker maan: dit is ydelheid. Populariteit gaan verby. God alleen hou stand, onverganklik stand in Sy liefde en Sy trou. Hom alleen moet ons in onverganklikheid liefhê.

9 September

Lees Pred. 5:9-19 en Matt. 6:19-24. **Teks:** Pred. 5:18b.

'N GAWE VAN GOD

Hoe meer 'n mens het, hoe meer wil jy hê. Die honger na geld word nooit gestil nie. Agitasies en stakings om hoër lone volg mekaar op soos dag en nag. Uit praktiese ervaring het die Prediker die nadele van rykdom rondom hom gesien. Wie ryk is, moet baie eters bevredig: arbeiders, belastinggaarders, bedelaars, diewe. Die besitter het eintlik net die ergernis dat hy vir baie mense so baie moeite moet doen en dat daar vir hom maar weinig oorbly. Selfs dit wat 'n ryk man dikwels beny word, dat hy nie hoef te werk nie en in vreugde kan lewe, is 'n nadeel. Want die arm man wat gedurende die dag hard gewerk het, slaap soet, terwyl die ryke nie kan nie, omdat hy nie moeg is nie en bowendien te lekker geëet het. En watter ellende ontstaan nie as die rykdom deur 'n ongeval verlore gaan nie, nie net vir die besitter nie, maar ook vir sy nakomelinge wat dan met leë hande sit. 'n Mens hoef hier net aan Job te dink, wie se rykdom tot sy skade was. Eers toe hy alles verloor het, kon hy ware rykdom vind in God.

Die materiële dinge is 'n gawe van God, wat ons uit Sy hand ontvang en in Sy diens en tot Sy eer moet gebruik. Maar die Nuwe Testament leer ons van 'n onverganklike skat wat nooit van sy besitter weggeneem kan word nie, die skat in die hemel. Hierdie skat word ons deel deur

die Woord van God. Dit is die gawe wat Hy aan ons geskenk het: Sy eniggebore Seun. So lief het God die wêreld gehad dat Hy Hom gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe mag hê.

10 September

Lees Pred. 11:1-8 en Matt. 6:25-34. **Teks:** Pred. 11:1-2.

DIE TOEKOMS BEHOORT AAN GOD

Werp jou brood op die water. Wie sal sulke raad gehoorsaam? As brood op die water drywe is dit stellig net vir visse van nut. Wat baat dit 'n mens om jou brood deur die water te laat meevoer? Ons is meer geneig om die raad van vers 2 aan te neem: Gee 'n deel aan sewe, ja, ook aan agt. Dit is verstandiger om aan verskillende mense 'n aandeel in 'n onderneming te gee, as dat 'n mens alles op een kaart plaas. Lewer een van die aandele wat 'n mens aan sewe of agt persone gee geen wins op nie, blyk die res dalk winsgewend. Wat wil die Prediker vir ons sê deur twee byna teenoorgestelde verse langs mekaar te plaas?

Iemand wat — veral vir die ou tyd — hom aan die seehandel gewaag het, het 'n byna roekelose waagstuk aangepak. Sê nou die skip loop op die rotse? Maar dan gebeur dit dat die waagstuk slaag en groot wins oplewer. Net so kan dit weer gebeur dat iemand versigtig die risiko's verdeel en tog word die hele onderneming deur 'n ramp verongeluk. Sowel die waagstuk as die versigtige berekening kan die toekoms nie waarborg nie. Die toekoms lewer dikwels die verrassende teendeel op van wat verwag is. Die toekoms behoort aan God en in Sy vrymag gee Hy ook aan elkeen wat Hy goeddink. Maar daardeur word die mens nie onthef van sy plig en verantwoordelikheid nie. Hy moet werk terwyl dit dag is, voor die duister kom. En wie die genade van God in Christus Jesus deelagtig geword het, sy verantwoordelikheid is des te groter om uit daardie genade te lewe, om te werk tot die eer van God en tot steun van sy naaste.

11 September

Lees Dan. 1:1-5 en Matt. 4:1-4. **Teks:** Dan. 1:8.

GEHOORSAAMHEID

In die derde jaar van koning Jojakim, ongeveer 603 v.C., verower Nebukadneser, die koning van Babel, Jerusalem. Alle Jode wat hulle sout werd was, word in Babiloniese ballingskap weggevoer. Nebukadneser wil nou opgeleide manne hê om in sy hof te dien. Die opleiding moet drie jaar duur, en die koning skryf self die spyskaart voor.

Onder hierdie kwekelinge is daar ook vier joodse jongmanne, nl. Daniël, Hananja, Misael en Asarja. Omdat die Joodse name te eenvoudig klink, kry hulle Babiloniese name. Hulle word nou Beltsasar, Sadrag, Mesag en Abednego. Hoe gouer daar van hulle Babiloniërs gemaak kan word, hoe beter. Hulle moet die taal van die Babiloniërs aanleer. Hulle eie kultuur moet plek maak vir die kultuur van die Babiloniërs. Hulle eie voedsel moet hulle verruil vir die voedsel van die Babiloniërs. Prakties kom dit daarop neer dat hulle hulle God en hulle godsdiens moet verruil vir die gode en godsdiens van die Babiloniërs.

Dit mag nie. Al is hulle in 'n vreemde land, met vreemde gewoontes, met 'n vreemde kultuur en 'n vreemde godsdiens, mag hulle die God van Abraham, Isak en Jakob nie vergeet nie. Dit is ook nie nodig dat hulle God sal vergeet en hulle godsdiens sal verwaarloos nie. Met hulle

eie godsdiens, en sonder om hulle te verontreinig met die afgodsoffer wat van die tafel van die koning afkom, kan hulle nog beter dien in die hof van Nebukadneser.

In die woestyn het Jesus vir die duiwel gesê dat 'n mens van brood alleen nie kan lewe nie. Die verleiding en die versoeking kom vandag nog, en veral tot die jeug --- kom dien Nebukadneser en geniet wat hy bied. Daar is egter 'n veel beter weg. Die weg van gehoorsaamheid aan die Woord van God.

12 September

Lees Dan. 2:37-45 en Matt. 27. **Teks:** Dan. 2:44.

DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE

Alles wat van hierdie wêreld is, is verganklik. Dit geld ook die mens. Die psalmdigter vra ook wat die mens is dat daar aan hom gedink word, en die mensekind dat hy besoek word. En op 'n ander plek lees ons dat die dae van die mens soos gras is, want in die môre bloei dit en spruit weer uit, en in die aand sny 'n mens dit af en dit verdor. Wat van die mens waar is, is ook waar van wêreldryke. Magtige en skynbaar onoorwinlike wêreldryke het al op die voorgrond getree, om dan maar weer op 'n latere stadium plek te maak vir 'n nog magtiger en skynbaar nog onoorwinliker wêreldryk.

So 'n wêreldryk was die ryk van die Babiloniërs, en op 'n stadium was Nebukadneser die koning van dié wêreldryk. In Daniël 2 lees ons van die droom wat koning Nebukadneser gehad het. Hierdie droom beklemtoon slegs die feit dat 'n aardse koninkryk verganklik en aan die nietigheid onderworpe is. En tog is ons, as mense, so geneig om aan dit wat aards is, vas te kleef asof dit bestemd is om stand te kan hou tot in ewigheid.

Dink maar aan die dissipels van Jesus. As ons hulle opinede en opmerkings nagaan tydens Jesus se omwandeling, dan sien ons dadelik dat hulle 'n valse Messias-verwagting gehad het. Hulle het gehoop dat Jesus 'n aardse wêreldryk kom stig het. Jesus moes die plek van Sy voorvader Dawid ingeneem het. Hy moes net groter as Dawid gewees het. Jesus moes ook groter as Nebukadneser gewees het.

Jesus is magtiger as alle aardse heersers, en Sy koninkryk oortref alle aardse koninkryke. Sy koninkryk is die koninkryk van die hemel, en dit sal standhou tot in ewigheid.

Aan Hom is gegee alle mag in die hemel sowel as op die aarde.

13 September

Lees Dan. 3:1-12 en Hand. 4:17-21. **Teks**: Dan. 3:12.

DIE KEUSE

In die dal van Dura, in die provinsie Babel, laat koning Nebukadneser 'n geweldige goue beeld met ontsaglike afmetings oprig. Wat sou sy motief hieragter wees? Hy is heerser van 'n magtige wêreldryk en hy wil dit graag onderstreep. Die mense moet hulle onderdanigheid toon deur hierdie goue beeld, wat hy laat oprig het, te aanbid. As daar potensiële opstandelinge is, moet hulle op dié wyse getoon word wie eintlik heer en meester is. Op dié wyse wil Nebukadneser ook sy eie ek streel. Hoe wonderlik sal dit nie voel as een en almal neerkniel voor die goue beeld wat hy laat oprig het nie.

Niemand sal dit tog waag om in opstand te kom en te weier om die beeld te aanbid nie. Maar gestel daar sou wel iemand weier het die koning voorsorgsmaatreëls getref. Die persoon wat weier om die beeld

te aanbid wanneer die teken gegee word, sal in die brandende vuuroond gegooi word. Nieteenstaande hierdie bevel en voorsorgsmaatreël, weier Sadrag, Mesag en Abednego om die beeld te aanbid. Hulle weier nie slegs die eerste keer nie, maar ook die tweede keer.

Ons tref die apostels van Jesus Christus later in min of meer dieselfde posisie as Sadrag, Mesag en Abednego aan.

Hulle word voor die Joodse Raad gedaag omdat hulle in die Naam van Jesus Christus optree. Die Joodse Raad belet hulle om in die Naam van Jesus Christus te spreek. Hulle kom egter tot die slotsom dat 'n mens God meer gehoorsaam moet wees as mense.

Voor dié keuse word ons ook elke dag van ons lewe gestel. Moet ons God dien, of moet ons die wêreld dien? Moet ons neerval voor wat God ons bied, of voor wat die wêreld ons bied? Dit is verreweg die beste om vir Jesus te kies, wat vir ons gekies het.

14 September

Lees Dan. 3:24-30 en Rom. 8:31-39. **Teks:** Dan. 3:25.

DIE VERLOSSER

Sadrag, Mesag en Abednego weier twee maal om die beeld wat koning Nebukadneser laat maak het, te aanbid. Die straf vir dié openlike en hardnekkige verset bly ook nie uit nie. Die vuuroond moet nog sewe maal warmer gemaak word, sodat die manne wat die bevel gekry het om hulle in die vuuroond te gooi, self dood gebrand het. Op Sadrag, Mesag en Abednego het die vuur egter geen invloed gehad nie. Waarom sou die vuur op hulle geen invloed gehad het nie? Ons vind die geheim in ons teksvers opgesluit. Nebukadneser was nie alleen verskrik toe hy sien dat die vuur geen invloed op hulle het nie, maar ook toe hy sien dat daar, instede van drie, vier manne binne in die vuur rondloop, en dat die vierde soos 'n godeseun lyk. Sadrag, Mesag en Abednego het hulle self nie verlos nie, maar God het gestuur om hulle te red.

Nebukadneser simboliseer die owerste van hierdie wêreld, en dit is die mag van die bose. Dit is teen hierdie mag wat Jesus Christus te staan gekom het. Oënskynlik lyk dit of Jesus die stryd verloor het teen die magte van die bose.

Wie oorwin sy vyand deur aan die kruis te sterwe? So het Christus egter deur die vuuroond van God se toorn gegaan en ons uit die mag van satan verlos. Jesus wat gesê het: „In die wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin".

Hy sal die gelowiges toeroep: Kom julle geseëndes, beërf die koninkryk wat vir julle voorberei is van die grondlegging van die wêreld af.

15 September

Lees Dan. 4:10-16 en Matt. 13:31-32. **Teks:** Dan. 4:14.

HOOGMOED KOM TOT 'N VAL

Nebukadneser, die heerser van die magtige Babiloniese ryk, het alweer 'n droom gehad. Hy het 'n boom gesien wat in die middel van die aarde staan, en wat so groot was dat dit tot aan die einde van die aarde sigbaar was. Hierdie boom het aan die behoeftes voorsien van diere, voëls en mense. Wat sou die droom tog kon beteken? Daniël het hom reeds bewys as 'n betroubare droom-uitlegger. Hy word dus weer nader geroep. Die boom is Nebukadneser self. Hy is so groot en belang-

rik dat hy bekend is tot aan die uiteinde van die aarde. Alles en almal is van hom afhanklik om aan die lewe te bly

Dit is egter nog nie die einde van die droom nie. Hierdie boom se stam en takke gaan afgekap word, sy blare gaan verwelk en sy vrugte gaan verrot. Hier word gewys op die val van die groot en trotse Nebukadneser. So het dit ook gebeur. Toe hy teen die aand van 'n spesifieke dag op die dak van sy paleis rondstap, en sy oë laat gaan oor die pragtige stad Babilon, het hy trots en hoogmoedig uitgeroep: Is dit nie die Babel wat ek opgebou het nie?

Dadelik verneder God hom tot die peil van 'n dier, en word hy verstoot deur die mense wat vroeër na hom opgesien het, totdat hy die almag van God sou erken.

Hoogmoed kom tot 'n val.

Die teenstelling is ook waar. Nederigheid lei na die troon. Nêrens sien ons dit beter as by Jesus Christus nie. Die mosterd-saad in die gelykenis wys dan ook heen na Jesus Christus. Soos die mosterdsaad klein is in vergelyking met ander saad, so was Jesus ook klein in vergelyking met die ander vorste van die wêreld. Soos die mosterdstruik skuiling bied vir die voëls van die hemel, so kan die vermoeide pelgrim by Jesus skuiling vind.

Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder. sal verhoog word.

16 September

Lees Dan. 5:22-30 en Matt. 24:36-44. **Teks:** Dan. 5:27.

GEWEEG EN TE LIG BEVIND

Dit is in die jaar 538 v.C. Die stad Babilon is in 'n netelige posisie. Die stad word deur die Pers, Cyrus, beleër. Hoe tree die man op straat onder dié omstandighede op? Uit ons tekshoofstuk is dit nie vir ons duidelik nie. Ons kan ons egter voorstel dat daar paniek heers. Ons tekshoofstuk laat ons egter 'n kykie kry in die koninklike paleis van Belsasar. Ons sou verwag dat die paniek hier op sy grootste sou wees. Belsasar is tog die leier van sy volk en die skyf waarna die vyand mik. En tog is daar in die paleis geen paniek of spanning te bespeur nie. Die beleg van die stad rol blykbaar van Belsasar af soos water van 'n eend se rug. In die paleis van Belsasar is daar 'n ontsaglike fees aan die gang waarheen nie minder as duisend gaste uitgenooi is. Beneweld deur die drank is die koning en die gaste nie meer verantwoordelik vir hulle dade nie. Verveeld mag die gaste egter nie word nie, want dan is Belsasar nie 'n goeie gasheer nie. Hy moet gedurig vir opwinding sorg. Daarom dink sy deur drank benewelde brein 'n plan uit. Die heilige voorwerpe wat sy vader, Nebukadneser buitgemaak het uit die tempel van Jerusalem, moet gebring word sodat Belsasar en sy gaste wyn daaruit kan drink.

Sou God dan slaap dat Hy hierdie moedswillige lastering toelaat? Die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie, veral nie in daardie spesifieke nag nie. Toe dit onherroeplik te laat was; sien Belsasar die skrif teen die muur. Weer is dit Daniël wat moet verklaar. Dieselfde nag vind Belsasar sy einde. Satan gaan vandag ook nog rond om te sien wie hy kan verslind. Die hand is teen die muur, en die vyand lê gereed buite die stad. As die huisheer geweet het in watter nag die dief sou kom, sou hy gewaak het, en nie by sy huis laat inbreek het nie.

17 September

Lees Dan. 6:1-11 en Matt. 22:15-22. **Teks:** Dan. 6:6.

AFGUNS

Afguns is een van die oersondes. Afguns was die dryfveer agter die eerste moord wat deur die mens gepleeg is. Dit is die rede waarom Kaïn vir Abel doodgeslaan het. So speel afguns in ons tekshoofstuk ook 'n belangrike rol. Dit is die rede waarom Daniël in die leeukuil beland het. Dit het Darius behaag om oor sy ryk honderd-en-twintig landvoogde aan te stel. Oor die landvoogde het koning Darius drie ministers aangestel. Die landvoogde moes van tyd tot tyd aan die ministers rapporteer. Een van hierdie drie ministers was Daniël, die Jood in ballingskap. Daniël was ook 'n voortreflike minister, wat kop en skouers bo die ander twee ministers uitgestaan het, omdat die Here met hom was, en hy, op sy beurt weer, met die Here gewandel het. Daniël is vinnig op pad om hoofminister van koning Darius te word. Daar wil sy vyande 'n stokkie voor steek voordat dit te laat is. Maar hoe kan hulle dit doen? Hy dien sy koning so trou dat hulle nooit in dié verband 'n wettige klag teen hom sal kry nie. Daarom probeer hulle 'n godsdienstige set teen Daniël.

Hulle oorreed die koning om 'n dekreet uit te vaardig dat elkeen wat binne dertig dae tot iemand anders bid, of 'n versoek rig, behalwe tot die koning, in die leeukuil gegooi moet word. Hulle plan werk natuurlik uitstekend, want Daniël laat hom nie deur die bevel van stryk bring nie. Hy glo dat jy die Here jou God moet aanbid, en Hom alleen dien.

Met afguns vervul het die Fariseërs ook hulle dissipels na Jesus gestuur om hom te versoek. Jesus moes uitsluitsel gee of hulle aan die keiser moes belasting betaal of nie. Sê Jesus nee, dan kom Hy in opstand teen die Romeine, en sê Hy ja, dan is Hy weer in onguns by die Jode. Jesus antwoord: Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom. Ons moet hulle seën wat ons vervloek, bid vir hulle wat ons vervolg en ons vyande moet ons lief hê.

18 September

Lees Hos. 1:6-12. **Teks:** Hos. 1:7.

IN DIE VERTROUE OP GOD KAN ALLES OORWIN WORD

Die volk van Israel het grootliks afgedwaal en sonde op sonde gedoen. Hosea waarsku nou dat so 'n volk nie meer die volk van God genoem kan word nie. In plaas van om op God te vertrou, steun hulle op ander nasies, op boog en swaard en perderuiters. Maar God het nie hierdie dinge nodig as Hy die mens wil verlos nie. Dink maar aan die kleine Dawid wat in sy vertroue op God die groot en sterke Góliat verslaan en so die volk verlos. Geen wonder dat Dawid op 'n geleentheid kon sê: „Want met U loop ek 'n bende storm, en met my God spring ek oor 'n muur." (Ps. 18:30).

Sonder God is ons eensaam en reddeloos maar met Hom is ons kragtig en sterk. Sy genade is vir ons genoeg. As die mens sy vertroue op God stel, dan het hy 'n vaste rigsnoer in sy lewe, iets wat sterker is as enigiets van die wêreld. God kan help en red sonder die tussenkoms van enige hulpmiddels. By Hom is daar geen rede vir wanhoop nie. Hy is in staat om die gelowiges te bewaar. Dit wil egter nie sê dat ons die hulpmiddels wat God ons geskenk het, nie sal gebruik nie. Maar selfs die beste hulpmiddel is nutteloos sonder Gods genade.

Daarom is dit vir ons nodig om aan Hom vas te hou en ons heil van Hom te soek, want Hy is dit wat ons met krag omgord en ons weg volkome maak.

19 September

Lees Hos. 2:5-12. **Teks:** Hos. 2:7.

GOD IS DIE GEWER VAN ALLES WAT ONS NODIG HET

God skenk aan die mens oorvloed van alles wat hy nodig het. Ongelukkig is die mens geneig om alles sommer net as vanselfsprekend te aanvaar. So het Hy aan Israel alles gegee. Hulle het genoeg gehad om te eet en hulle is ryklik voorsien in dit wat as weelde-artikels gebruik kan word. Tog was hulle ondankbaar en het hierdie dinge vir vreemde gode gaan gebruik. In plaas van berou en inkeer tot God word die vreemde gode nagejaag en vereer.

Mense misbruik so maklik hulle besittings wat hulle van God ontvang het ten gunste van dinge wat vyandig is aan God en Sy koninkryk. So word daar nog steeds afgode van allerlei dinge gemaak deurdat dinge nagejaag word wat nie met die godsdiens gerym kan word nie en waarop mense dan hulle geld roekeloos spandeer. Gevolglik bly daar geen tyd of geld oor vir die godsdiens nie. Sodoende word daar dan dubbeld gesondig: nie alleen word dit wat God ons skenk misbruik nie maar Hy word ook van Sy eer, wat ons aan Hom moet toebring, beroof. Sodra minder belangrike dinge saam met God gestel word, word hierdie dinge tot gode verhef en God van Sy glorie ontroof. So dikwels as wat daar geld en tyd beskikbaar is vir wêreldse dinge maar nie vir God nie, is ons besig om ander dinge bo Hom te verhef. So dikwels vergeet ons dat Hy die Gewer is van ons voedsel, ons klere en al ons weelde-artikels. Dit is nie ons arbeid of ons breinvermoë wat dit aan ons skenk nie maar ons kan dit verwerf omdat God ons die vermoë daartoe gegee het. Hy het die gesondheid, die verstand en die middele gegee om dit te kan bereik. Daarom moet ons in dankbaarheid voor Hom leef oor alles wat ons het: gesondheid, voedsel, klere; ja, ook elke weelde-artikel wat ons het.

20 September

Lees Hos. 3. **Teks:** Hos. 3:1.

„ONS HET HOM LIEF OMDAT HY ONS EERSTE LIEFGEHAD HET"

Met sy oneindig grote liefde het God Sy volk liefgehad. Dit is dus eintlik vanselfsprekend dat die volk Hom ook sal liefhê. Met alles wat hulle so ryklik van God ontvang het, kan hulle daarop alleen in dankbaarheid antwoord. Maar in plaas van om God te vereer, dien hulle die Baäls met rosynekoeke. Dit gaan dus hier soos met 'n man wat sy vrou bemin maar wat haar wend tot ander minnaars ofskoon sy geen rede het om na ander te gaan nie. So het die volk ook geen rede om die afgode te bemin nie. Tog het God Sy volk lief nieteenstaande hulle skaamtelose afdwalings.

So het God van die skepping af soveel liefde en ontferming aan die mens bewys. Daar is niks wat hom ontbreek het nie. Maar in plaas van om in dankbaarheid te doen wat God vra, luister die mens na ander dinge. In sy afdwaling laat God ook nie die mens alleen nie maar stuur Sy Seun Jesus Christus om die mens te verlos.

In Sy bemoeienis met die mens het God daarom nog altyd net liefde

bewys. Tog lyk die ander dinge wat vreemd is aan God en Sy koninkryk nog altyd aanlokliker. Daar word dag vir dag veel meer liefde bewys aan die genot van die dinge van die wêreld as wat die mens bereid is om aan God te bewys.

Ons moet daarom, terwyl God ons nog altyd so liefgehad het, waak dat ons nie aanstons ander gode sal liefkry en ons tot hulle sal wend nie.

21 September

Lees Hos. 4:1-5. **Teks:** Hos. 4:1.

DIE HERE DULD GEEN ONGEHOORSAAMHEID NIE

Vir solank reeds het die volk afgedwaal van die Here. Nou word hulle meteens tot verantwoording geroep: „Hoor die woord van die Here." God duld nie hulle liefde vir die afgode en daarom hulle afkerigheid van die ware God nie. As Israel nog altyd gereken het dat God net met die ander volke 'n regsaak het, dan moet hulle daarop let dat hulle nou self in die beskuldigbank staan. En die aanklagte is dat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie.

Dit is ernstige aanklagte want dit beteken dat die verhouding met God en die naaste grootliks te kort skiet. Hulle is ontrou teenoor God en mekaar, hulle ken geen liefde nie en, wat vir die profeet nog die ergste is, die kennis wat die persoonlike gemeenskap met God uitdruk, ontbreek.

As die Regter dan gereed staan om te oordeel, moet die volk haastig Sy guns probeer verwerf. Gelukkig is dit 'n Regter met so 'n oneindig grote ontferming dat Hy nie ongeneë is om dit te gee nie. Daarom het Hy Sy profeet gestuur om te waarsku.

Daarom moet daar geluister word en op Sy tydige waarskuwings gelet word. Ons moet vroegtydig sorg dat ons die dinge waarvoor ons voor die Regter aangekla sal word, uit die weg ruim. Bowenal moet gesorg word dat die gemeenskap met God nie verbreek word deurdat ons die rug op Hom keer vanweë ons gebrek aan kennis nie en ons heil by ander dinge gaan soek nie.

Dit sal ons niks baat om altyd op die sondes van die ongelowige te wys as ons eie oortredinge ons in die beskuldigdebank plaas nie. Ons moet eerstens sorg dat ons eie saak met die Regter in orde is.

22 September

Lees Hos. 4:6-9. **Teks:** Hos. 4:6.

DIE KENNIS VAN GOD MAG NIE ONTBREEK NIE

Die kennis is vir Hosea oorheersend belangrik. Hiermee bedoel hy dat sy volk van die Godskennis en daarom van God vervreem geraak het en sonder God is daar vir die mens geen hoop nie.

Hy verwyt veral die priesters dat hulle moes toegesien het dat die volk nie in die kennis veragter nie. Dog ook die hele volk staan skuldig voor God. Hulle het soos die goddeloses geword wat die duisternis verkies en dit om hulle toetrek. Die lig is tog immers altyd daar. God wil ons nooit verlaat nie en deur Sy Woord en Gees maak Hy van dag tot dag bemoeienis met ons. Hy wil nie hê dat die mens sonder Hom sal wees en sonder Hom ten gronde sal gaan nie.

God het Hom aan die mens geopenbaar in al Sy liefde en goeder-

tierenheid. Niemand kan sê dat God vreemd en ver van hom af staan nie. Dit is alleen maar die geval as hy God nie wíl sien en nie wíl ken nie. Die mens is daarom self aandadig daaraan as hy sonder kennis van God is.

God wil ons neem en red en as Sy kinders reken. Maar eweseer kan ons daarvan verseker wees dat as ons Sy wet verlaat en Sy kennis verwerp, ons nie meer as Sy kinders gereken kan word nie.

23 September

Lees Hos. 5:1-7. **Teks:** Hos. 5:6.

GOD MOET GEKEN EN GEDIEN WORD SOLANK DAAR NOG TYD IS

So groot was die verering van die volk vir die Baäls dat hulle al verder van God afgedwaal het. Nou sê Hosea is dit al sover dat hulle Hom nie meer sal vind nie. Aanhoudend het hulle God geterg deur hulle verering van die Baäls. Nou het Hy Hom van hulle onttrek. Hulle het so lank tyd gehad om God te ken, te dien en te vrees maar dit nie gedoen nie. Dit help nie om te begin as dit te laat is nie.

As dit te laat is, probeer hulle om met God te onderhandel en dink hulle dat Hy hulle omkoopgeskenke gewilliglik sal aanvaar. Maar 'n mens kan nie na hartelus vreemde gode najaag en jou vertroue op mense en dinge stel en reken dat jy God nie nodig het nie en dan as die nood kom, redeneer dat as jy maar net genoeg omkoopgeskenke bring, God bereid sal wees om met jou te onderhandel nie. 'n Mens kan Hom nie net wil gebruik as jy Hom nodig het nie, want dan probeer jy om Sy goedheid te misbruik.

Daarom is dit nodig dat ons Hom altyd sal ken en Sy aangesig sal soek — nie omdat ons bepaalde gunste en voordele van Hom verwag nie maar omdat ons as gelowiges dankbaar is oor alles wat Hy ons so mildelik skenk. Die kleinvee en beeste moet nie gebring word om met Hom te onderhandel nie maar omdat dit 'n voorreg is om op hierdie wyse te kan antwoord op die blydskap van Sy evangelie.

24 September

Lees Hos. 5:8-15. **Teks:** Hos. 5:15.

GOD IS BEREID OM TE VERGEWE AS ONS ONS SONDES BELY

Dit is tog eienaardig dat die mens so maklik van dag tot dag kan voortlewe sonder om God te ken of om hom aan Gods gebooie te steur totdat hy op 'n goeie dag op die een of ander wyse die nood van die lewe voel. Dan weet so iemand baie gou waarheen om te gaan.

Nou het 'n mens seker geen groter nood as dan wanneer God Hom van jou onttrek het nie. 'n Mens kan baie dinge in die lewe verdra. Dit is byvoorbeeld opvallend met watter geduld mense, wat hulle hoop op God gestel het, 'n swaar en lange siekte kan verdra. Al is dit swaar, kan 'n mens nog voortgaan, al het almal die rug op jou gekeer. maar niks kan vergelyk word daarmee dat God Hom van jou onttrek het nie.

Dit is wel waar dat mense hulle nie uit eie vrye wil tot God wend nie maar dat Hy in Sy barmhartigheid Hom oor die mens ontferm. Andersyds is dit egter ook vir die mens noodsaaklik dat hy berou sal hê oor sy skuld. Daarom moet hy die aangesig van die Here soek solank daar nog tyd is en voordat God Hom in toorn van die mens onttrek.

Te midde van Hosea se waarskuwings dat God gerig sal hou en die oortredings van die mense sal oordeel, is hier tog 'n straal van hoop. Sy liefde en ontferming is so groot dat telkens dan wanneer die mens

sy sonde besef en voor God buig, Hy Homself oor die mens wil ontferm en vergifnis gee.

25 September

Lees Hos. 6:1-3 en Joh. 14:1-7. **Teks:** Hos. 6:3(a).

KEN GOD

Hierdie woorde is profetiese woorde tot die volk gerig. Tegelyk is dit spreke van die volk self tot mekaar ter aansporing om die Here te soek. Eindelik gebeur dit dat die volk wat agter die Assiriërs aangeloop het, insig kry in dié dinge wat werklik saak maak. En hulle is ook eerlik daaromtrent wanneer hulle só spreek. Hulle wil nou terugkeer en verstandig wees. En hulle wil hulle verstandigheid daarin openbaar om God te ken. Die hoopvolle laaste woorde van die vorige hoofstuk word bewaarheid in hierdie veranderde gesindheid van Israel.

Die beginsel van alle wysheid is om God, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde, te erken, te ken en te vrees. Uit hierdie fundamentele kennis van God groei die wysheid wat meer is as die wysheid van die wêreld. Trouens, niemand kan werklik verstandig wees en wys sonder God te ken en te eer nie. Die ernstige begeerte om God die Here te ken, getuig dan ook van die begeerte om 'n verstandige mens te wees.

Wil u graag 'n verstandige mens wees en wys in u optrede? Begin dan by die begin en sê soos Israel gesê het toe hy verstandig geword het; „laat ons najaag om die Here te ken." Want kennis van God en die daaruit voortvloeiende ootmoedige eerbied is steeds die beginsel van die wysheid. Sonder dat ons God ken, kan ons nie in Hom glo nie; en sonder om in Hom te glo, kan ons nie gered word nie. Daarom pleit die Gees by ons en moet ons voortdurend tot mekaar spreek: „ . . . laat ons dit najaag om die Here te ken". Ken Hom deur Sy Woord as besondere openbaring van Homself, en ken Hom deur Sy Werke. Dan sal u in Hom kan glo.

26 September

Lees Hos. 6:4-11 en I Kor. 13. **Teks:** Hos. 6:6.

GODSDIENS AS LIEFDEDIENS

Ons spreek gewoonlik van die godsdiens as iets wat ons doen, naamlik: ons dien God. En dit sonder dat ons daaraan dink hoe groot God ons van diens gewees het en nog steeds is! Wie egter hierdie waarheid weet en vashou, kan nie anders as om homself aan God te gee as lewende, heilige en aan God welgevallige dankoffer nie. Ja, hy kan nie anders as om God te dien met ywer en oorgawe en só sy bestemming as mens te vervul nie. Die ganse lewe van die Christenmens is 'n diens aan God gewy.

Maar nou bestaan hierdie diens aan God nie in die bring van offers SODAT God gunstig gestem kan word nie, maar wel in 'n dankbare liefdesdiens OMDAT Hy Sy guns en genade bewys het en steeds bewys. Sy behae lê in liefdediens as die antwoord op die liefde wat reeds ontvang is, en nie soseer in groot opofferende dade nie. Nie die **daad** van die mens nie, maar die **diens.**

Die Christelike godsdiens as liefdesdiens openbaar hom voorts in die liefde van die beoefenaar vir die kennis van God. Dit is Gods wil en welbehae dat ons Hom sal ken in Sy wese en in Sy werke. Só het Hy Homself geopenbaar aan Israel in die ou tyd en toe weer aan ons in die nuwe tyd. Sy Seun is hiervan die beeltenis. Nooit mag ons moeg

word en vervelig lyk by die herhaalde verkondiging van die groot dade van God nie. Nooit mag ons ophou om dit opnuut te beluister en te besing nie. Op aarde moet ons dit gedurig wil doen, dan sal ons dit in die ewigheid kan doen.

27 September

Lees Hos. 7:1-7 en Openb. 3:14-22. **Teks:** Hos. 7:2.

HOU REKENING MET GOD

Suiwer val hierdie woorde in die voeë van die werklikheid! Dit beskryf die mens van alle eeue — ook ons moderne mense. Ons hou mos nie rekening met God nie! Ons dink nie daaraan dat God ons booshede en sonde ken en daarvan dink nie, en wanneer dit Hom behaag daaroor besoeking sal doen nie. Dat ons straf kan verwag op ons boosheid, laat ons nie skrik nie, want daar is weinig vrees vir God in ons oë. Graag verneem ons in die prediking van die liefde van God en die troos van die versoening, maar voel geraak wanneer oordeelsaankondiging gedoen word. Geen wonder dat prediking oor die strafgerig van God wat aan't kom is in die wêreld dan ook so 'n flou ontvangs by die gemeente kry nie.

Die gevolg hiervan is dat ons nie wil weet dat ons booshede by God bekend is nie. Ons maak asof ons geen skuld het nie. Maar die feit bly staan dat God wat alles van ons weet, eens sal regspreek oor ons lewe. Alles lê oop en bloot voor Sy aangesig. En wat meer is, dit omsingel ons. Ons verkeerdhede en moedswilligheid getuig teen ons.

Terwyl God Israel onderrig en genees het, breek die onreg by Efraim uit! Die ongeregtigheid is soos 'n dam wat vol geword het, sonder 'n behoorlike uitloop. Dit is beeldspraak hierdie en wil maar net sê dat as God die kwaad op een punt uitgeroei het, dit weer op 'n ander punt uitbreek, en as die een soort kwaad getem is, kom 'n ander soort na vore. Daar was geen geneëndheid by die mense om goed te lewe nie. Die goed en die kwaad het in hulle lewe stryd gevoer, sonder dat hulle die kwaad kon oorwin. En nou was dit só dat hulle nooit hierdie kwaad wou erken nie, en daaraan wou dink dat God dit weet nie. Ellendig is die mens wat homself só bedrieg.

28 September

Lees Hos. 7:8-13 en 2 Kor. 12:1-10. **Teks:** Hos. 7:10.

KERKTROTS AS GETUIENIS TEEN SIGSELF

Israel was 'n trotse volk en het alle reg gehad om trots te wees, want sy godsdiens was die ware godsdiens en sy God die lewende God. Dié trots was dan ook geregverdig tussen die huigelary van die afgodediens. Maar omdat Israel van die spoor gedwaal het, het sy godsdiens verwater en sy aanvanklike trots 'n sinlike verheffing geword. Hulle was nog trots op die tempel en het hulle uitgegee vir gelowiges, maar hulle hart was ver van God af. Hulle het geroem op die godsvrug van die vadere, en hulle het gesweer by die tempel, maar hulle het God nie gesoek in geloof en gebed nie. Hulle gelowige trots het 'n ydele hoogmoed sonder geesteskrag geword. Hulle het geleef in die waan dat hulle godsdienstig is, maar die krag daarvan het hulle verloor.

En tog het hulle nooit kon dink dat hulle verkondigde trots in hulle kerk teen hulle sal getuig nie, en hulle tot inkeer geroep sal word nie. Daarom het hulle nie 'n veranderde houding ingeslaan nie. Hulle het hulle nie bekeer nie.

En nou gebeur dit ook dat daar baie onder ons is wat trots is op ons kerk en baie praat oor die kerk en die godsdiens. Net soos Israel roem ons in die tempel. Maar dit is ook al. Dit is sover as wat ons godsdiens en aanbidding strek. Die krag van die godsdiens en die kerk wat voortkom uit die belangstelling en ywer het ons verloor. Ons trots in ons kerk wat andersins geregverdig sou wees, het geestelike hoogmoed geword wat teen ons getuig. Ons sê ons is gebore in die kerk en niks sal ons ooit beweeg nie, maar tog is ons dood vir die kerk. Wat help dit?

29 September

Lees Hos. 11:1-7 en Luk. 15:11-32. **Teks:** Hos. 11:4.

GODS LIEFDE IS 'N TREKKENDE LIEFDE

Deur Sy profeet, Hosea, sê God in verse 1 en 3 „Toe Israel 'n kind was, het Ek hom liefgehad . . . En Ekself het Efraim leer loop". Waar wil u 'n groter bewys van God se belangstelling in en liefde vir Israel hê! Vaderliefde in der waarheid. Met mensebande, as't ware familiebande het God hulle aan Hom probeer bind. Hy het hulle nie verplig of gedwing nie, maar getrek. En dit beteken nie dat hulle op sleeptou geneem is nie, maar dat God alles van Sy kant gedoen het om hulle vrywillig te beweeg om self na Hom te kom.

Hy het Hom na Israel neergebuig, dienend en bedienend, en na hulle omgesien in die daaglikse versorging. Voedsel en kleding het hulle uit Sy hand ontvang en hulle voorspoed het van Hom gekom. Waarlik — Hy was vir hulle 'n Vader.

Maar tog het die volk hulle nie daaraan gesteur nie. Hulle het dit nie opgemerk nie en dit as vanselfsprekend aanvaar. Daarom die oordeel dat Assur hulle sal oorweldig. Dit is hulle straf omdat hulle die welaangename tyd toe God hulle Sy guns bewys het nie opgemerk het nie.

In Jesus Christus het God ons Vader geword en opnuut Sy liefde wat trek geopenbaar. Hy toon ons die offer van Sy Seun en sê: „Met mensebande, met koorde van liefde het Ek hulle getrek: . . . en Ek het My na hom (Israel) neergebuig . . ." God het alles van Sy kant gedoen om ons salig te maak. Ons het so min om te doen: net dankbaar en gelowig aanvaar. Doen ons dit of is dit ook nog te veel gevra?

30 September

Lees Hos. 13:1-7 en Matt. 22:34-40. **Teks:** Hos. 13:4.

GOD IS ALLEEN GOD

God voel bitter teenoor die volk wat so troueloos handel en so skaamteloos sondig deur die Baäl aan te hang en afgode te vereer. Reeds is Efraim getref deur vernedering, maar hy wou nie hoor om hom te bekeer nie. Hy gaan maar voort om te sondig.

In ons teksvers spreek God andermaal met teerheid en weemoed oor die verlede. Vanaf Egipteland was Hy hulle God en Hy was die enigste God wat hulle geken het. Ook het Hy Hom aan hulle bewys as 'n magtige God en Een wat aanbiddenswaardig is. Hy is die God wat hulle heil bewerk het, deur die Skelfsee, die woestyn, en die gevare van die vreemde tot in die Beloofde Land. Behalwe Hom was daar geen Heiland (Heilbewerker) nie. Na die stoflike het Hy hulle versorg en ook na die geestelike, want deur die offerdiens van die tempel kon die volk die guns van God verkry en behou. Dit alles was God vir hulle en het Hy vir hulle gedoen. En tog gee hulle Hom nie die erkenning nie.

Is ons veel anders? God is ons heilbewerker in Sy Seun. Uit die Egipteland van sonde-slawerny was Hy ons God en het ons geen ander Heiland leer ken nie. Hy is die Eén wat Hom aan ons bewys het as die Sterke en Almagtige en Goeie. Hy, die God van ons Vadere, is onse God. Erken u Hom aldus? Gee u Hom die eer vir wat Hy vir u gedoen het en vir u beteken?

1 Oktober

Lees Hos. 14:4-10 en 1 Thess. 1:1-10. **Teks:** Hos. 14:5.

GODS TOORN AFGEWEND

Die resultaat van die afwending van die toorn van God is genesing en liefde. Soos ons aardse vaders meen om te wees teenoor ons kinders wanneer dié 'n groot kwaad gedoen het, om te toorn en te straf en daarna weer goed te wees en lief te hê, só is God uitnemender as ons. Hy sal nie vir altyd die toorn behou nie, maar ontferm Hom weer. Die straf wat Hy gee, is die gesondmaking van die sonde-siekte en wanneer Hy genees het, gee Hy opnuut en in oorvloediger mate Sy liefde. So was Hy steeds teenoor Israel. Wanneer Sy volk gesondig het en Hy hulle gestraf het, en só Sy toorn uitgewoed het, kom Hy weer nader en giet balsemende salf in daardie wonde wat Hy geslaan het. So genees Hy en openbaar weer Sy liefde.

En hoe dikwels herhaal hierdie wyse van doen homself nie onder ons nie. God ontbrand in toorn oor ons sonde en slaan dan hard en ongenaakbaar deur teëspoed, kruis, droefheid, dood en ondraaglike beproewing soms. Hy woed Hom uit en ontferm Hom dan weer. Aan die kruis op Golgotha het onse God die straf van ons sonde op Sy Seun laat neerkom, Sy toorn op Hom uitgewoed en deur Sy wonde vir ons genesing gebring. Nou wil Hy ons gesond hou deur Sy Woordverkondiging en die werking van Sy Gees wat daardie verkondigde Woord in ons harte wil omskep in geloof. Vrees vir straf op ons sondige vlees hoef ons nie te hê nie, want die kruis het ons skuld betaal en ons kan vryuit gaan. Ons kan weet dat God ons verder sal gesond hou deur Woord en Waarheid. Ook is Sy liefde steeds by ons. Merk dit op en lewe.

2 Oktober

Lees Ps. 66:8-20. **Teks:** 1 Pet. 1:6, 7.

VREUGDE IN LYDING

In ons teks is sprake van lyding — lyding wat dikwels die deel en lotgeval van die gemeente van Jesus Christus is. Die Bybel is volkome nugter in die betragting van ons lewenswerklikheid. Nood en aanvegting word die Christen-gelowige meesal nie gespaar nie. Ja nêrens word aan die gemeente 'n geestelike luilekkerland, of aan die Christen persoonlik 'n pad van rose beloof nie! Juis in ons navolging van Christus tree ons 'n stryd tegemoet — 'n stryd nie teen vlees en bloed nie, maar teen „die bose geeste in die lug".

En tog is hierdie stryd 'n vreugdestryd — 'n lyding wat ons nie mag ontwyk nie. Is dit dan nie 'n vreugde en voorreg om ter wille van Christus te stry en te ly as dit moet nie? Midde in ons droefheid en beproewing mag ons ons saam met die apostel dáárin verbly, dat Hy wat Self hierdie lydenspad geloop het, oorwin en waarlik uit die dode opgestaan het! Want sien u, Sy oorwinning is die waarborg van ons oorwinning en opstanding, wat God reeds deur die geloof verseël en in die hemele vir ons bewaar! Heerlik en soet is dan ons stryd en lyding as ons weet die uitslag van ons stryd is rééds gestry, en die oorwinning

is behaal! Dan kan ons saam met Paulus uitroep: „Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie, ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie." (1 Kor. 9.26). Want ook in ons lyding en stryd dra die Opgestane Here ons in Sy deurboorde hande! Dít is ons vreugde!

Meer nog, God gee ook aan ons lyding sin en betekenis, nl. dit alles lei tot die beproewing van ons geloof. Ja, ons lewenstryd is in werklikheid 'n smeltkroes en vuurproef waardeur ons gelouter word, sodat die egtheid van ons geloof daaruit na vore sal kom, en dit, sê ons teks, is baie kosbaarder as goud, trouens, dit is ons juis tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus. Verbly jou dan altyd in die Here — want midde in jou stryd sal jy soos Jakob as 'n nuwe skepsel herskep word, jouself ten goede en God ter eer!

3 Oktober

Lees Ps. 34:12-23. **Teks:** 1 Pet. 2:4, 5.

LAAT U OPBOU

Baie mense kla dat hulle lewens sinloos geword het. Alhoewel hulle miskien baie stoflike bates en lewensmiddele besit — dinge wat selfs deur andere innig begeer word — tog ontbreek dit hulle aan innerlike rus en stabiliteit. Hulle lewens dobber sinloos rond op die lewensoseaan, terwyl die tyd by hul verbysnel. Miskien is dit ook ú . . . u wat vassit in die grepe van aardse belange en roetine, u wat oorhoops sit met uself en toekoms . . !

Maar, wonder bo wonder, u saak is nog nie verlore nie, want luister, hier is raad — God roep u: „Kom na Hom toe . . . en laat julle ook soos lewende stene opbou . . ."! Wie is Hy tot Wie ons geroep word? Dit is niemand minder nie as die lewende steen, Jesus Christus, wat nog al die tyd deur ons verwerp is! Ja, dit is nog altyd die rede vir die onstabiliteit en sinloosheid van ons bestaan: die kosbare en uitverkore Lewenssteen van God is deur ons geïgnoreer — miskien vanweë die ander „belangriker" dinge in ons lewe! En **dit** is juis ons sonde! En **dit** is juis die smarte van ons lewe: Ons het Christus geleidelik verwerp!

Tot ons wat nou in die sinlose as van ons sonde lê, roep God: „ . . . laat julle ook soos lewende stene opbou soos 'n geestelike huis . . ."! Het u goed geluister? God sê nie: „bou jouself op" . . . nie — want dit is menslik onmoontlik — maar: „laat julle opbou . . ." God self wil dit doen — en hy wil dit in Christus doen! In Christus wil Hy ons opbou tot 'n „geestelike huis" 'n tempel van God waarin Sy Gees sal woon — 'n tempel wat nie volgens ons plan en berekening sal verrys nie, maar alleen volgens Sy wil en bestek. Nou eers kry ons lewens sin en vastigheid . . . nou eers kom daar 'n goddelike riglyn en patroon uit die warboel van omstandighede, nou dat ons in Christus en in Sy kerk as lewende stene ingebou is. En wie in Christus Jesus en Sy kerk ingelyf is, het ook 'n priester geword — 'n priester wie se ganse lewe 'n welgevallige offer aan God is. Wil u nie ook uself so laat opbou nie?

4 Oktober

Lees Gen. 39:12-20. **Teks:** 1 Pet. 2:20(b).

LYDING AS GENADE

Daar word op die aarde baie lyding verduur. En alhoewel lyding van mens tot mens kan verskil, tog is daar in hoofsaak slegs twee gestaltes waarin dit voorkom: dié wat jy deur jou eie sondige houding of dade self uitlok — en dié wat jou te beurt val wanneer jy goed

doen. Die eerste soort lyding is sinneloos — dit het vir hom wat ly geen waarde nie en was geheel en al onnodig. Ja, hierdie soort lyding is troosteloos en dra die pyn van selfverwyt met hom mee! Hieromtrent kan ons slegs teenoor onsself in opstand kom!

'n Vraag van aktuele belang is egter hierdie: „Wat is ons reaksie wanneer ons moet ly terwyl ons goed doen?" Is ons nie geneig om terug te skel en om weerwraak te roep nie? En tog roep Gods Woord ons toe: „Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en ly, dit is genade by God." Die Christelike reaksie op hierdie soort lyding, moet een van verdraagsaamheid wees. En as u miskien mag vra: Waarom? Wat is die sin daarvan om nog verdraagsaam te wees? — dan antwoord ons teks: „dit is genade by God". Genade? Ja, omdat verdraagsaamheid te midde van hierdie soort lyding ons nie alleen in die voetspore van onse Here Jesus Christus laat volg nie, maar, meer nog, die gemeenskap en eenheid met Hom versterk — Hy die Regverdige wat ook eenmaal vir die sondes van ons, die onregverdiges gely het, om ons tot God te bring! Want as ons gelykvorming word aan Hom in Sy lyding dan sal ons dit sekerlik ook wees in Sy opstanding! En nie alleen dit nie, maar ook teenoor die wêreld, sal ons lewende getuies wees van die kruis-evangelie van Hom, wat reeds so gestalte in ons gekry het! Sonder pyn kan die gemeente van Christus nie floreer nie, want die Landbouer moet eers die snoeiskêr hanteer voordat ons ryke vrug sal dra. En dit het Josef in die huis van Potifar reeds geweet! Is hierdie ryke genade in Christus ook vir u genoeg?

5 Oktober

Lees Jes. 29:17-24. **Teks:** 1 Pet. 3:15.

VERANTWOORDING

Verontrustend is die feit dat meeste van ons passiewe Christene is. Ons mag wel gereelde kerkgangers wees wat ook die huisaltaar tuis nie verwaarloos nie — ons kinders stiptelik na die Sondagskool stuur en 'n milde offergawe aan die diaken oorhandig; ons mag selfs 'n sober en voorbeeldige lewe ly en as sodanig hoog waardeer word. Tog ontbreek dit ons nog aan een ding: Verantwoording — verantwoording met betrekking tot ons Christelike getuienis! En as u miskien vra: wat word hiermee bedoel? — dan verwys ons u na ons tekswoord!

„Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees".

Verantwoordig met betrekking tot die hoop wat in ons is — hiervan moet ons getuig en bereid wees om aan elkeen rekenskap te gee, vriend sowel as vyand. Hierom gaan dit in ons Christelike roeping: om ons Christelike belydenis nie net na binne — binne die gemeentelike en huislike grense — uit te leef nie, maar dit veral na buite te doen, in opdrag van Hom wat gesê het: „en julle sal My getuie wees . . . tot aan die uiterste van die aarde." (Handelinge 1:8(b).

En wat is die „hoop" waarmee die christen-gelowige besiel is en waartoe ons geroep word om dit uit te dra? Is hierdie „hoop" slegs 'n onsekere wensdenkery en spekulasie? Nee, allermins! Die Christelike hoop is 'n vaste en sekere wete — gegrondves in die opstanding en oorwinning van Jesus Christus Self — dat ook ek . . . en elkeen wat glo . . . in Christus as oorwinnaar sál triomfeer oor al die magte van sonde, dood en hel, in weerwil van welke stryd of teenstand ook al!

Hoor u nie die stemme rondom u nie? Daar is stemme van vriende — miskien in nood — wat dit uitskreeu, om tog maar iets van die Christelike getuienis te hoor? Daar is stemme van vyandiggesindes wat weer rekenskap eis! Sal u u hande vou en swyg . . . of sal u met oortuiging en in sagmoedigheid uitroep: „Ek is versekerd dat geen dood of lewe . . . ons sal kan skei van die Liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here, is nie!" (Rom. 8:38-39).

6 Oktober

Lees Ps. 27. **Teks:** 1 Pet. 4:16.

LYDING TOT VERHEERLIKING VAN GOD

Het u al uself die vraag afgevra: Wat beteken dit om 'n Christen te wees? Beteken dit in die praktyk 'n lewe sonder stryd en moeite — en die vervulling van my wildste en mooiste drome? Nee, om Christen te wees beteken allermins om aan jouself te behoort en slaaf van jou eie drifte te wees! „Christen-wees" beteken om „in Christus" te wees — om met liggaam en siel aan Hom te behoort Wie se wonderlike Koningskap voorafgegaan is deur 'n pad van lyding, vernedering en pyn! Wie dus in die geloofsgemeenskap met Christus lewe, moet hom geensins daaroor verbaas dat ook hy met lyding in aanraking kom nie.

Wat is egter ons reaksie, wanneer ons geroep word om deel te hê aan die lyding van Christus en in Sy voetstappe te volg? Gewoonlik heers daar by ons verwarring — ons voel aan ons lewensslagaar verwond . . . gou betitel ons onsself as 'n „ongeluksvoël", en dan roep ons dit selfbejammerend uit: „Waarom moet dit my oorkom?"

Hoe verwronge is tog nie die lewensbeeld waarin ons onsself toeweef nie! Want luister wat sê Gods Woord: „ . . . wanneer iemand as 'n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar God verheerlik in hierdie opsig." Om „as 'n Christen" te ly, is dus hoegenaamd geen ramp of teëspoed wat u tref nie — en u moet u nooit daaroor skaam nie! Trouens, u moet u verbly, want weet u, dit dien tot verheerliking van God — en om dié rede hou dit vir uself ryke seën en genade in! Ja, ook in ons lyding „as Christen" word ons geroep om ons „lig so te laat skyn voor die mense, dat hulle . . . Julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." (Matt. 5:16). Deurdat ons „as Christen" moet ly, word die Ligglans van God — Jesus Christus — duideliker sigbaar vir die mense.

Om Christen te wees is 'n voorreg: dit hou in om te behoort aan Hom wat gely het, opgestaan het en ten hemel gevaar het. Maar om „as Christen" te moet ly, is groter genade: dit hou in om persoonlik deel te hê aan Sy kruisiging . . . maar dan ook Sy verhoging — tot verheerliking van God!

7 Oktober

Lees Ps. 7. **Teks:** 1 Pet. 5:8-9.

WEES NUGTER!

As lidmate van die Kerk van Jesus Christus verkeer ons dikwels in 'n geestelike roes! Omdat ons gelowiges is meen ons dat ons onaantasbaar en immuun teen alle verleiding is. Trouens, ons is soos die Fariseër ook geneig om God te dank dat ons nie soos die ander mense is nie — rowers, onregverdiges en egbrekers.

Maar dan gebeur dit vroeër of later: ons selfgenoegsaamheid spat

plotseling in 'n duisend skerwe uitmekaar, en die selfgemaakte bouwerk waaragter ons skuilhou, verkrummel. En dan is ons verdwossd en verydel, en verstaan nie wat werklik met ons gebeur nie!

Hoor egter wat sê Gods Woord: „Wees nugter en waak, want julle teëstander, die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind."

Wil ons die aanleidende oorsaak van ons troosteloosheid — ons honger en kommer — by name ken? Soek dit dan by die adres van die groot teëstander, die spelbreker en vyand, naamlik satan — dan eers druk ons die vinger op die bose sweer in ons lewe! Want uit ons tekstvers is dit duidelik: Satan sit nie stil in 'n sentrale hoek — soos baie mense dink nie. Nee, hy „loop rond" soos 'n wilde dier . . . en is net daarop uit om te verskeur — en sy begeerte is ook na u en my!

Ons teks roep ons egter op om hom — dit wil sê die Satan — teë te staan. Die vraag is: „hoe"? Moet en kan ek dit met eie krag en inspanning doen? Nee, dit kan nie. Ons teks het slegs een antwoord: „standvastig in die geloof!" En wat behels die geloof anders as net die vaste en sekere wete: Christus is die Oorwinnaar — Hy alleen verlos uit elke duiwelse omklemming. Waar Christus is en regeer, daar het die duiwel geen vat meer op die mens nie. Vir hulle wat leef in die gemeenskap van die Opgestane Heer is die mag van die Satan nou 'n ondergeskikte en oorwonne werklikheid.

Wees dan nugter en staan vas in die geloof in Jesus Christus — dan sal u ook saam met Paulus kan uitroep: „Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou". (2 Tim 4:7).

8 Oktober (Biddag vir die oes)
Lees Ps. 112. **Teks:** 1 Pet. 4:10.

GENADEGAWES TOT NAASTEDIENS

God het aan Sy gemeente velerlei genadegawes toebedeel — veelkleurig, soos een lig wat in veelvuldige kleure uiteen kan breek en tog in wese één bly. Ieder mens het daaraan 'n aandeel, want „aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is" (1 Kor. 12:7). Ook met betrekking tot ons alledaagse beroep en staanplek in die samelewing laat hierdie genadegawes hulle deeglik geld — of u nou op die terrein van die boerdery, die fabriekswese of waar ook al beweeg. En tog is hierdie genadegawes nie iets eie aan uself of iets wat u deur eie inspanning verwerf het nie. Nee, u het dit ontvang — van God Self ontvang. Daarom is ook die sukses wat u in u boerdery of professie mag geniet enkel en alleen genade. Genade om Christus ontwil!

'n Belangrike vraag is egter hierdie: wat doen ons met hierdie genadegawes? Waarvoor wend ons dit aan? Meeste van ons gebruik dit net vir eie voordeel en materialistiese gewin. Wanneer God ons professionele aktiwiteite met sukses bekroon of Sy seën laat rus op ons boerderybeplanning, openbaar ons die eienskappe van die ryk dwaas wat vir homself gesê het: „Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik." (Luk. 12:19).

So mag dit nie in die lewe van die Christen-gelowige uitsien nie. Die enigste wyse waarop ons dit mag aanwend is ooreenkomstig die Mekaar dien — daaroor gaan dit. Hiermee word egter nie die sindien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God." bedoeling van ons teksvers, naamlik: „ . . . julle moet mekaar daarmee

lose verkwisting voor die voete van mense bedoel nie, maar wel ons diens aan die mede-gelowige in Christus wat nood moet verduur, want het ons barmhartige Verlosser dan nie Self aan ons gesê nie: „ . . . vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringste van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen"? (Matt. 35:40). Meer nog, ook ten opsigte van ons offergawes vir die verbreiding van die evangelie, dien ons mekaar!

Ons salaris of oes behoort dus nie aan ons nie — ons is daarin slegs rentmeesters van God.

9 Oktober

Lees 2 Pet. 1:1-10. **Teks:** 2 Pet. 1:1.

NET SO 'N KOSBARE GELOOF

Volgens die gewoonte van die tyd begin Petrus sy brief deur te sê wie hy is wat skrywe en aan wie hy sy brief rig. Wat egter eienaardig van hierdie brief is, is dat die skrywer nie 'n persoon of gemeente se naam noem aan wie hy skrywe nie, maar sê dat hy skrywe „aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus." Die grootste gedeelte van hierdie brief handel oor die valse profete wat onder die gemeente inkom. Met hierdie opskrif herinner die skrywer die gemeente en gemeentelede daaraan dat die geloof wat hulle verkry het, nie 'n ander of swakker geloof is as die geloof wat die apostels van Jesus ontvang het nie, maar net so 'n kosbare geloof is.

En hierdie herinnering is vir die Kerk en gelowiges van vandag net so noodsaaklik as wat dit destyds was. Ons is soms geneig om te dink dat ons geloof vandag so gewoon en alledaags is, terwyl die geloof van die apostels iets anders en iets wonderliks was.

Dis maar nog dieselfde geloof. Ons geloof is die geloof wat die apostels van Jesus ontvang het en deur die Skrif en die verkondiging van die Kerk aan ons oorgelewer het. Dis die kosbaarste van alle dinge, want dit is die geloof wat ons verkry het deur die dood van onse Here Jesus Christus aan die kruis. Deur Sy dood het Hy ons verlos uit die sonde en alleen deur die kruis sal ons die ewige lewe beërwe — destyds en vandag nog. Nou nog moet ons hierdie geloof ywerig bewaar en in ons lewens verwerklik. Die ewigheid hang vir ons daarvan af.

10 Oktober

Lees 2 Pet. 1:10-21. **Teks:** 2 Pet. 1:13-15.

HELDEDAG

Vandag is die dag waarop die volk die manne in herinnering roep wat deur God beskik is om die volk op sy weg te lei. Dit pas ons os volk om God te dank vir die manne wat Hy ons in die verlede gegee het en Hom te bid dat in die toekoms Moses en Aäron nie van ons af weggeneem sal word nie. En dit pas ons ook om so aan ons kinders en kinds-kinders te leer, dat ons van die beproefde weë nie mag afdwaal nie.

Maar dit pas ons rondom die huisaltaar om 'n nog baie, baie belangriker herinnering altyd wakker te hou. Petrus voel dat sy einde nader kom en daarom beywer hy hom dat die suiwere Evangelie ook na sy heengaan nie vergeet mag word nie.

Waar ons gereeld in die huisgodsdiens bymekaar kom, is dit die plek

waar ons gereeld opgewek word om nooit te vergeet nie dat ons die suiwere Evangelie van die verlossing in Jesus Christus ontvang het en dat ons dit moet deurgee aan die geslagte wat na ons kom. By die huisgodsdiens gee vader en moeder die Evangelie deur aan hulle kinders. Eenmaal sal vader en moeder nie meer daar wees nie. Nadat hulle heengegaan het, of nadat die kinders versprei het om hulle eie huise te vorm, is dit die tyd dat elke kind hom steeds herinner aan die Evangelie wat hy van sy ouers ontvang het; en dan is dit die tyd dat hy weer begin om aan sy kinders hierdie Evangelie deur te gee. So sal ons nie alleen gered word nie, maar sal ons 'n volk wees wat die Here ken — 'n volk wat in die lig van Sy aangesig wandel.

11 Oktober

Lees 2 Pet. 2:1-14.

VALSE LERAARS

As ons die sendbriewe van die Nuwe Testament lees, word dit vir ons duidelik dat die valse leraar een van die grootste probleme was waarmee die ou Christene geworstel het. Die ou Christene was dikwels arm en het gebrek gely; hulle is bedreig op allerlei wyses en moes baie keer die verskriklikste vervolgings verduur. Maar hierdie dinge was aanvalle van buite. Die valse leraar het die gemeente van binne vernietig deur die gemeente te verlei tot leringe wat tekort doen aan die eer van God en die alleensaligmakende genade van Christus of deur die gemeente te verlei tot die sedeloosheid van die heidendom wat hulle omring. Daarom waarsku Petrus ook hier so ernstig en kondig hy in die hardste terme die oordeel van God oor die valse leraars aan.

Die valse leraar is inderdaad een van die grootste gevare vir ons geloof en vir die Kerk. Daar is nog baie ander gevare, maar omdat die ander gevare van buite kom, kan ons hulle herken en weerstaan. Die valse leraar is in ons midde. Hy verskyn soos 'n engel van die lig. Hy maak asof hy die enigste een is wat die waarheid van die Skrif ken en wat die suiwere Evangelie verkondig. Hy gee voor dat hy die een is wat dan werklik teen die bose veg en hy eis dat die gelowiges hom moet volg, want hy kom in die Naam van die Here.

Min dinge kan soveel smart en benoudheid in die lewe van die Kerk en in die hart van die gelowige bring.

Waak teen die valse leer. Moenie na elke roepstem luister nie. Wees versigtig en bestudeer die Woord van God. En moenie die oordeel vergeet wat in hierdie hoofstuk deur Petrus oor die valse leraars aangekondig word nie.

12 Oktober

Lees 2 Pet. 2:15-22.

DIE LAASTE ERGER AS DIE EERSTE

Die hele tweede hoofstuk van hierdie brief handel oor die valse leraars en kondig die oordeel van God oor hulle aan. Die laaste paar verse bevat egter 'n gedagte waaraan ons besondere aandag moet wy. Petrus sê hier dat as iemand deur die kennis van die Here die besmettinge van die wêreld ontvlug het en hom dan tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en besmet, dan is die laaste van hierdie persoon erger as die eerste.

Dit is 'n waarskuwing vir elke gelowige. Wanneer ons die Here leer ken, dit wil sê in Hom glo, dan is ons sondes vergewe. Die gelowige skud

dan die sondes van hierdie wêreld van hom af. Hy vermy die besmettinge van die wêreld en lewe tot eer van God. Indien hierdie mens nou toelaat dat hy weer deur die sonde verstrik en oorwin word, beteken dit nie dat die gelowige maar net weer word soos wat hy was nie, dit wil sê 'n heiden wat tot bekering geroep moet word nie. Die Christen wat na die wêreld terugkeer, verloën Christus; hy maak die Here tot 'n spot; hy kruisig Christus weer opnuut. Hierdie mens se oordeel is dubbel so swaar as die oordeel oor die sondige wêreld. Wanneer Christus gekruisig word, bid Hy vir die mense wat Hom kruisig met die woorde: „Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." So kan daar oor die Christen wat na die wêreld terugkeer, nie gebid word nie. Hy weet wat hy doen. En hy wat die weg ken en dit nie bewandel nie, sal met dubbele slae geslaan word. Dit is selfs hoogs waarskynlik dat ons hier te doene het met die sonde teen die Heilige Gees waarvan Jesus gepraat het — die sonde waarvoor daar geen vergifnis is nie, nie hier nie en ook nie hiernamaals nie.

13 Oktober

Lees 2 Pet. 3:1-6. **Teks:** 2 Pet. 3:3, 4.

DIE SPOTTERS

Aan die einde van die dae — so skryf Petrus — sal daar spotters wees wat sal vra: Waar is die belofte van Sy wederkoms? Christus het niks verander nie. Alles bly net soos dit was.

Hierdie spotters ken ons ook. Dit is die mens wat wandel volgens hulle begeerlikhede, dit wil sê: maak soos hulle begeer. Hulle laat hulle deur niks keer nie. Daar is geen rede waarom hulle nie kan najaag alles wat hulle op hierdie aarde begeerlik vind nie. Want — so spot hulle — Christus het niks verander nie. Hy het belowe dat Hy weer kom en die nuwe hemel en die nuwe aarde sal skep — maar Hy het nie gekom nie en alles gaan maar voort. Hy verkondig die vergifnis van sonde en dat die mag van die bose vernietig sal word — maar die sonde gaan voort en die bose bly ewe sterk. Hy het vrede en saligheid belowe — maar stryd, lyding en dood bly presies dieselfde. Wat het Christus dan verander?

Partykeer staan die Christen verleë met hierdie vrae en soms — wanneer hy self onder sonde, siekte of dood moet ly — vra hy hierdie vrae in sy eie benoude hart.

Ons moet begryp dat die Christenmens 'n gelowige mens is. Die spotter eis om te sien en te beleef dat Christus 'n verandering teweeggebring het. Die gelowige wandel nie in die aanskouing nie, maar in die geloof. En in die geloof weet ons dat Jesus die grootste verandering wat moontlik is, teweeggebring het: Deur Sy dood aan die kruis het Hy ons sonde weggeneem en daarom ken die gelowige die vrede wat alle verstand te bowe gaan. Deur Sy opstanding het Jesus die bose oorwin, al moet die bose nog finaal vernietig word. Deur die dood en opstanding van Christus is ons saak met God geskik en wag daar vir ons die ewige lewe.

Hierdie dinge kan ons nie sien en wys nie. Maar ons weet dit in die geloof en ons blydskap is groot. Want wat belangrik is, is nie hoe die wêreld lyk in ons oë of hoe ons lyk in die oë van die wêreld nie, maar hoe ons in die oë van God lyk. En in die oë van God is ons wit soos sneeu, want ons sonde is bedek deur Jesus Christus.

14 Oktober

Lees 2 Pet. 3:7-10.

BEWAAR VIR DIE OORDEEL

Wanneer die gelowige moet ly onder die bose van hierdie wêreld en wanneer hy sien hoe die bose die een mens na die ander in die verderf sleep, kom die vraag dikwels by ons op: Waarom delg God die bose nie uit nie? Waarom vertraag Hy die wederkoms en die vervulling van Sy beloftes?

Ons moenie dink — soos die ongelowige — dat God die bose oorsien en maar laat voortgaan nie of dat God hierdie dinge nie raaksien nie. Die teenswoordige hemel en aarde met al sy boosheid word deur God bewaar vir die dag van die oordeel, wanneer hierdie hemel en aarde deur vuur sal vergaan, net soos God eenmaal die wêreld deur water laat vergaan het. God laat die goddelose net so min uit Sy hand ontglip as wat Hy die gelowige laat los. Wanneer die wêreld dit die allerminste verwag, kom die dag van die Here soos 'n dief in die nag.

Maar die gelowige moet nie ongeduldig word en die tyd vir God probeer bereken nie. God het Sy eie tyd en dit is nie ons menslike tyd nie, want een dag is by die Here soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. Dat God talm om Sy oordeel oor die bose te voltrek, moet ons nie sien as 'n vertraging van Sy beloftes nie. Eerder moet ons dit sien as die lankmoedigheid en genade van God. God in Sy liefde wil nie hê dat mense moet vergaan nie. Hy wil hê dat almal tot bekering moet kom en lewe. Dit is genade en liefde dat God die bose nog verdra, nog steeds die laaste dag uitstel. Maar dit is net 'n uitstel en nie 'n afstel, soos die spotters dink nie. Die dag van die Here kom gewis. Laat ons dan die Here soek terwyl Hy nog te vinde is. Laat ons met God vrede maak voordat dit te laat is.

15 Oktober

Lees 2 Pet. 3:11-18.

VERWAGTING

Hierdie brief van Petrus bestaan hoofsaaklik uit waarskuwings teen die valse leraars en oordeelsaankondigings oor hulle. Maar die teenkant hiervan kom telkens na vore.

Die gelowige verwag die koms van die dag van die Here. Hy verwag dat hierdie hemel en aarde met vuur sal vergaan. Hy verwag al die ontsetting en verskrikking van die oordeel van God oor die bose. Maar hy verwag vir dié wat aan die Here behoort, iets anders: die nuwe hemel en die nuwe aarde. Hy verwag die saligheid wat God aan Sy getroues sal skenk.

Ons verwag dit. Ons weet dat dit gaan gebeur en ons wag daarvoor. Hoe wag ons daarvoor? Hoe wag 'n bruid vir haar bruidegom? Die Kerk is die bruid wat vir haar bruidegom Christus wag en op die bestemde dag haar bruidegom tegemoet gaan. Die bruid wil vlekkeloos en onberispelik na haar bruidegom toe gaan. Dan alleen kan haar blydskap volkome wees.

Wanneer ons glo in die Here en Hom verwag, moet dit ons ons lewe verander. Die mens wat sê dat hy glo en tog voortgaan met al die sonde en aakligheid van hierdie wêreld, is 'n leuenaar. Hy glo nie in Christus nie. Die geloof in Christus moet ons hele lewe verander. Daarom roep Petrus ons in hierdie brief — veral in die eerste hoofstuk en hier aan die einde — dat ons moet lewe soos gelowiges. Ons moet

die sonde neerlê en vlekkeloos en onberispelik voor God lewe. Alleen só kan ons vir die Here wag. Alleen só kan ons toeneem in die genade en kennis van ons Here. Alleen só sal Sy koms vir ons vrede en saligheid beteken.

16 Oktober

Lees Gen. 2:15-25. **Teks:** Gen. 2:18.

DIE HUWELIK (I)

Die man alleen is 'n eensame mens. 'n Eensame mens is 'n onvolledige mens. God self vind die alleenheid van die mens nie goed nie: „Dit is nie goed dat die mens alleen is nie." Hy wat hom afskei, soek sy eie begeerte; hy bestry alles wat waarlik tot voordeel strek (Spr. 18.1). So 'n mens het hulp nodig. Om die mens in sy hulploosheid tegemoet te kom, skep God self vir die man 'n paslike hulp: die vrou. Die vrou pas ten volle by die man want sy word uit hom geneem en gebou. So goed pas die vrou wat God gemaak het by die man dat sy hom kan help om 'n volledige mens te wees. „Hulle sal een vlees wees."

Die vrou help. Sy is nie 'n siellose of willose slavin nie. Sy mag nie deur die man oorheers of gedomineer word nie. Sy is vir hom tot hulp in sy lewensstryd. Nie net 'n hulp wat oë-diens bewys om deur die mense gesien te word nie of een wat per regulasie volgens die normale werksure werk nie maar 'n waardige hulp wat aan haar man onderdanig is „soos aan die Here" (Ef. 5:22).

Die twee saam, man en vrou, is in die goddelike instelling van die huwelik een wese. Liggaamlik en geestelik verskil hulle hemelsbreed van mekaar, maar soos die teenoorgestelde pole van 'n magneet trek hulle mekaar onweerstaanbaar aan. God het hulle verskillend gemaak maar dit is juis hierdie verskil wat mekaar aanvul sodat beide mekaar kan bystaan in die tydelike en ewige dinge; sodat beide tot volle ontplooiing kan kom.

Hierdie samesyn van man en vrou is bedoel as 'n lewenslange band — 'n onverbreekbare band. Christus het geleer: „Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." (Matt. 19:6).

Wie in liefde saamverbind is, word steeds meer soos één mens. Hulle word vir mekaar onmisbaar. So innig en intiem en so heilig is die verbondenheid van die man en vrou in die huwelik dat die huwelik selfs geld as 'n voorbeeld van die verbondenheid van Christus aan Sy gemeente.

17 Oktober

Lees 1 Kor. 6:12-20. **Teks:** Ef 5:22 en 28.

DIE HUWELIK (II)

Die huwelik is een van die mooiste dinge wat God aan die mens gegee het. Die spreukedigter se: „wie 'n vrou gevind het, het iets goeds gevind en 'n welgevalle van die Here verkry" (Spr. 18:22). Maar hierdie skat wat uit die ruïnes van die paradys behoue gebly het, het nie ongeskonde uit die sondeval gekom nie. Die sonde het ook die huwelik ontredder.

Dikwels word die huwelik bloot beskou as 'n wetlike kontrak tussen twee mense. Met wedersydse goedkeuring kan in die huwelik allerlei vryhede veroorloof word. Daar is 'n vrye liefde wat binne en buite die huwelik om skrikbarend toeneem. Die omgang tussen man en vrou word al losbandiger. Sedelike laksheid vier hoogty.

Ten opsigte van hierdie sedelike laksheid geld die spreukedigter se uitspraak ook vandag nog: „Elke wyse vrou bou haar huis, maar die sotheid breek dit met eie hande af" (Spr. 14.1). Vir die man geld dit dat hy sy vrou soos sy eie liggaam moet liefhê. „Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit net soos die Here die gemeente" (Ef. 5:28-29). Die onderhouding en instandhouding van die huwelik bestaan nie daaruit dat 'n paar dinge gedoen word en andere nie gedoen word nie. Die vernietiging van die huis begin reeds daar wanneer die huwelik nie verhef word tot die liefdesverhouding tussen Christus en sy gemeente nie. Daarom het Christus gesê dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het (Matt. 5:28).

Christus bring opnuut orde in die wantoestand van die huwelik. Hy ruk die huwelik onder die ban van die sonde uit. Hy reinig die huwelik van alle sonde en knoeiery.

Julle eie manne en julle eie vroue, die moet julle liefhê. Hiermee het die huwelik sy afgrensing en sy volmaaktheid ontvang.

18 Oktober

Lees 1 Pet. 3:1-7. **Teks:** 1 Pet. 3:1.

ONDERDANIGE VROUE

'n Aanvallige vrou verkry eer (Spr. 11:16). Die middels waarmee 'n vrou haar aanvallig kan maak, is van uiterlike aard. Maar „'n goue ring in 'n vark se snuit, so is 'n vrou wat mooi is maar sonder verstand" (Spr. 11:22). Hierdie uiterlike versiering van die vrou is nie die taak waartoe die vrou geroepe is nie. Sy het 'n veel hoër opdrag ontvang want sy is 'n mondige en waardige getuie van die Evangelie.

In Jesus Christus is daar geen man of vrou nie. Albei het eweveel deel aan die heil wat God in Christus geskenk het (Gal. 3:28). Albei is gelykwaardige medeburgers en huisgenote van God. Die vrou is deur Christus van haar ou minderwaardige, byna slaafse, onderdanigheid bevry. Daarom word sy medeverantwoordelik gemaak om die evangelie van bevryding in Christus uit te dra.

Maar die vrou dien dit juis deur haar gebondenheid en onderdanigheid aan haar man. Die vryheid wat die vrou in Christus ontvang het, stel haar in staat om haar onderdanigheid, haar on-vryheid, sinvol te maak.

Die spreekwoord sê: woorde wek maar voorbeelde trek. Die aanvaarding van haar posisie is 'n woordelose getuie — maar 'n welsprekende getuie — want as sulke vroue van naderby beskou word, blyk dit dat hulle lewenswandel rein en godvresend is. Daar is niks waarop aanmerking gemaak kan word nie. Dit is 'n lewenswandel van vroue wat God vrees. Sonder hierdie getuie mag geen vrou haar man laat nie.

Die onderdanigheid van die vrou is nie die einde en vervulling van haar lewenstaak nie. Dit is slegs die begin van 'n lewenslange getuie van die bevrydende liefde van Christus wat die mens van alle bande bevry.

19 Oktober

Lees Ef. 5:22-23. **Teks:** Ef. 5:23.

HOOF VAN DIE VROU

Die hoofskap van elke man oor sy eie vrou is nie 'n vrybrief tot baasspelerigheid en oorheersing nie. Dit beteken wel dat die man sy

vrou na sy vermoeë verstandig sal lei, sal onderrig, sal troos en sal beskerm. Hy is haar tot hulp en steunpilaar.

Die hoofskap van die man is afgelei van die hoofskap van Christus — van die Een wat nie gekom het om gedien te word nie maar om te dien. Vir sy uitverkorenes gee Christus Homself oor aan die dood. Hy red die mens volkome. Hy red die mens uit sy eensaamheid en vervreemding, van sy skuld en veragting, van ellende en uit sy swerwersbestaan. Christus se regering van Sy kerk sluit ook in die redding en bewaring van Sy kerk.

Wat Christus gedoen het, het Hy uit liefde gedoen!

So moet die man hoof wees oor die vrou op so 'n wyse dat liefde alleen die wese van sy hoofskap en regering sal wees. Die man moet regeer — in navolging van die regering van Christus. Daarom moet die man homself ook oorgee ter wille van sy vrou soos Christus gedoen het ter wille van sy gemeente.

Die man, as hoof van die vrou, is geroepe om so te leef in die huwelik dat sy liefde na die liefde van Christus sal heen wys. Die vrou mag dit van die man verwag. Hierdie reg het sy van God in Jesus Christus ontvang.

20 Oktober

Lees 1 Kor. 13. **Teks:** Kol. 3:13.

VERGEWE MEKAAR

Die huwelikslewe is nie net maanskyn en rose nie. Daarom begin die huweliksformulier op so 'n nugtere wyse oor die huwelik te praat: Aangesien vanweë die sonde gewoonlik allerhande teenspoed en kruis oor die gehudes kom . . .

Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander (Spr. 27:17), en waar dit gebeur kom daar op die een of ander tyd vonke in die huwelikslewe. Hierdie vonke kan maklik tot 'n gevaarlike vuur ontwikkel wat dreig om die hele huwelikslewe te verteer.

Wanneer daar 'n kraak in die verhouding tussen man en vrou gekom het, kan verbittering en jaloesie die liefde gou verdryf. Dan word daar gou gesoek na 'n verbreking van die huweliksband. Die spreekwoord lui: ek kan vergewe maar nooit vergeet nie. Daarmee bedoel ons dat 'n verhouding wat eenmaal geskaad is nooit weer dieselfde volmaaktheid kan hê nie. Die uitspraak van die spreukedigter: „Liewers 'n porsie groente waar liefde by is, as 'n vetgevoerde bees en haat daarby" (Spr. 15:17) word dan ook gou aangehaal as 'n regverdiging van die verbreking van die huweliksbande.

Maar die spreukedigter het ook gesê: „Deur liefde en trou word die skuld versoen" (Spr. 16:6). Die liefde en trou van Christus was vir ons 'n versoening van ons sondes. So volkome het Hy ons vergewe dat die skeur wat daar tussen God en die mens gekom het heeltemal bedek is.

Wanneer daar in die huwelik sprake is van vergifnis dan beteken dit dat die barste in die huwelikslewe deur die vergifnis heeltemal bedek moet word. Soos Christus julle vergewe het, moet julle ook doen. Sy vergifnis was so volkome dat ons verhouding tot God veel beter is as ooit. Ons was kinders van die toorn van God maar deur Christus het ons geword „kinders van God".

Wanneer ons in die huwelikslewe mekaar moet vergewe, moet dit met 'n gelouterde en beproefde liefde wees wat so volkome vergewe

dat die barste nie alleen bedek word nie maar dat dit beter gaan as ooit tevore.

Vergewe mekaar . . . soos Christus julle vergewe het, moet julle ook doen.

21 Oktober

Lees Rom. 5:12-17 en Hoogl. 8:1-7. **Teks:** Hoogl. 8:6.

LIEFDE EN DOOD

Wie lewe sê, sê dood. Op die voetspoor van die lewe volg die dood. Wie gebore word, moet ook eenmaal sterwe; daarom leef elke mens onder die bedreiging van die dood. Maar God wil nie hê dat die lewe voor die dood moet wyk nie. Daarom gee God aan die mens 'n kragtige teenvoeter teen die mag van die dood. Die teenvoeter is die wapen van die liefde want die liefde is sterk soos die dood.

Die liefde neem die stryd teen die dood op. Die liefdesvuur wat die mens kan verteer en wat so maklik deur die mens ontheilig kan word, is 'n gawe van God; dit is 'n vlam van die Here. Hierdie liefde is die lewensvlam wat die triomf van die dood oor die mens verskroei.

Omdat ons moet sterwe, trou ons. God wil nie dat die lewe deur die dood oorwin moet word nie. Die liefde roep ons op om die harde werklikheid van die lewe te aanvaar en die werklike hardheid van die dood. Die liefde roep ons op om die stryd teen die dood in volle verantwoordelikheid te aanvaar. Die bedreiging van die graf word beveg deur die lewe in die wieg. Die huwelik staan reeds onder die bedreiging van die graf maar staan ook by die bron van die lewe. Die wieg is die antwoord van die liefde aan die dood en juis daarom bekroon die kinderseën die huwelik en lei hom tot sy volle rykdom.

Die verbete stryd tussen die lewe en die dood skyn 'n ewige kringloop te wees waarin nie een die oorhand kan kry nie. Die teenstanders is volledig opgewasse teen mekaar. Die kringloop is egter verbreek deur die liefde van God wat in Sy Seun, Jesus Christus, verskyn het tot bevryding van die bedreigde mens. Alleen in Christus staan die wieg reeds in die teken van die triomf oor die dood.

22 Oktober

Lees Jes. 38:15-20 en Matt. 16:13-18. **Teks:** Matt. 16:13.

WIE IS DIE SEUN VAN DIE MENS?

Ons staan onder die plak van mense. Mense bepaal ons lewe. Wat ons sê, dink of doen, word bepaal deur die groot vraag: wat sal die mense daarvan sê? Wat die mense sê, wissel ook van tyd tot tyd soos die modegier van die dames; vandag word sus gesê en môre word so gesê en oor die hele wêreld praat die mense mekaar na.

Teenswoordig is dit die mode om oor geld te praat. Geld is mag, so word beweer. Dit word algemeen aanvaar dat geld 'n mens se waarde bepaal. Daarom neem die gepraat oor en die gejaag na geld almal se tyd en kragte in beslag en dikwels tot so 'n mate dat oor niks anders gepraat kan word nie. Die skrif sê dat ons nie God en Mammon kan dien nie. Dat dit waar is, is ooglopend. Die papier- en silwergod van ons beursies vind algemene navolging. Die taal van geld is op almal se lippe en almal verstaan dit: Geld wat stom is, maak reg wat krom is . . . Tyd en geleentheid om oor God te praat is daar nie want: waar die hart van vol is, loop die mond van oor! Die stilswye oor God getuig van die leegheid van die hart.

„Wie sê die mense dat Ek, die seun van die mens is?" Op hierdie

vraag van Christus is geantwoord dat die mense Hom beskou as Johannes die Doper, of as Elia of as Jeremia of een van die profete. Die mense het wel besef dat Christus 'n godsdienstige figuur was maar hulle kon nie bepaal presies wie en wat Hy was nie.

Vandag is die mense net so vaag en onduidelik oor wie die Seun van die mens eintlik is. Hy pas nie in ons lewenspatroon in nie en, net soos in die dae van die dissipels, is ons te besig met ons eie persoonlike afgodjies om ook nog aandag aan die vraag wie die Seun van die mens is, te gee.

Omdat ons nie op God gerig is nie, ken ons Hom nie en daarom kan ons nie sien dat die Seun van die mens ook die Seun van God is nie. Ons is so verslaaf aan allerlei dinge dat ons by Hom verby leef. Die besinning van 'n paar oomblikke in ons vrye tyd bring ons slegs by die besef dat die Seun van die mens 'n uitstaande godsdienstige figuur is— miskien selfs een van baie.

Wie God ken, sien in die Seun van die mens die teken van die neerbuigende sondaarsliefde van God wat Hom tot op die aarde toe neergebuig het om die wêreld te red van die slawerny van die sonde.

23 Oktober

Lees Kol. 1:1-23.

KENNIS VAN GOD EN SY WIL

Die apostel Paulus begin verskillende van sy briewe aan die gemeentes deur te sê dat hy God dank vir die geestelike toestand van die gemeente. So skrywe hy ook aan die gemeente van Kolosse: „Ons dank die God en Vader van onse Here Jesus Christus altyd as ons vir julle bid . . .". Die gemeente dra kennis van God en Sy wil van liefde vir die mense. Maar in Kolosse het dwaalleraars na vore gekom en leer nou dinge wat nie ooreenstem met die evangelie wat Epafras, die stigter van die gemeente, geleer het nie. Paulus wil voorkom dat hierdie dwaalleer die gemeente se kennis van God en Sy wil sal dwarsboom in die geloof, dat vir hulle al die skatte van wysheid en kennis in Christus alleen verborge is. Die apostel dank God dat die evangelie ook by die Kolossense vrug dra en hulle saambind in die eenheid van al die gelowiges. Die vrug van hul geloof lê daarin dat hulle God ken en erken in Sy genade wat in Christus geskenk word. Dit is die verlange van die apostel dat die gelowiges sal toeneem in die vrugdra. Hiervoor is nodig die kennis van God en Sy wil soos hulle dit deur die evangelie, wat aan hulle gebring is, leer ken het. Hy bid dat hulle sal vashou aan dié evangelie — die „wysheid van die wêreld", of „die wysheid van hierdie tyd", of „die menslike wysheid" voer nie na die kennis van God en Sy wil nie.

In ons dae is dit meer as ooit nodig om mekaar te waarsku vir hierdie „wysheid van die wêreld". Laat u daarom voorlig en lei in wat u spreek en doen deur die Evangelie.

24 Oktober

Lees Kol. 1:24-29.

IN DIE DIENS VAN DIE EVANGELIE

Paulus het ter wille van die Evangelie baie ontberinge verduur. Hieroor het hy nie gekla en gemurmureer nie. Inteendeel hieroor het hy in sekere sin geroem — „nou verbly ek my in my lyding" — Hy noem homself „'n dienaar van die Evangelie". Vir die Kolossense, wat Paulus nooit gesien het nie, is dit nie genoegsame getuienis nie.

Terwyl hy aan hulle skrywe is hy in die gevangenis en vantevore het hy hulle nooit besoek nie. Dit verhinder hom egter nie om uitdrukking te gee aan sy noue verbintenis met hulle nie. Hy betrek hulle saam met hom in sy werk — die werk van en vir die Evangelie. Soos Christus ter wille van Sy gemeente op aarde gely het, so is Paulus ook in Sy diens in sy gevangenskap en lyding. Daardeur verdien hyself nie iets nie, maar sy lye en verdrukkinge het betekenis vir die gemeente van Christus. Hierdeur stry hy vir die waarheid nl. dat die gelowiges uit die heidene deel het aan die seëninge in Christus. Die diens wat hy vir die gemeente of Kerk van Christus verrig is aan hom opgedra, en hy wil dat die Kolossense saam met hom in hierdie diens sal wees — soos hy sê „om die woord van God te vervul". Die dinge wat vir die heidene verborge was word vir hulle wat nou in Christus glo geopenbaar — hy sê „dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid. Hom verkondig ons . . ." Christus het na hulle gekom in die Evangelie wat aan hulle verkondig is, en word so deur hulle erken, en woon deur die geloof in hulle. Daarom het hulle nou die hoop op die heerlikheid.

Paulus ly verdrukkinge, en het beproewinge, en werk in die Krag wat van Christus kom — in die diens van die Evangelie, en dit geld vir ons almal, moet en mag dit nooit anders wees nie.

25 Oktober

Lees Kol. 2:1-23.

PAS OP WAT JULLE HOOR

Terwyl Paulus in die gevangenis opgesluit is gaan sy gedagtes voortdurend uit na die gemeentes. Hy is groteliks bekommerd oor die geestelike gevare wat die gemeentes bedreig. Hy het berig ontvang dat sekere dwaalleraars in Kolosse werksaam is net soos wat skynbaar in Laodicea ook die geval was. Hy worstel voortdurend met die gedagte hoe om die drogredes bevredigend te weerlê. Hoogs waarskynlik sou die dwaalleraars Paulus voorgestel het as iemand wat, terwyl hyself Kolosse nooit besoek het nie, in hulle geen belang stel nie. Daarom skrywe hy: „Dit sê ek, sodat niemand julle mag verlei met drogredes nie. Want al is ek ook na die vlees afwesig, tog is ek by julle in die gees . . ." — hulle moet oortuig wees van sy liefde waardeur hy met hulle verenig is: die geestelike liefde wat uit God gebore is en geestelike eenheid skep is 'n magtige wapen om kettery en dwaalleer te bestry. Die dwaalleraars sou poog om by wyse van sekere tekortkominge op die weg van volmaking aanvullend op te tree — nie net die Evangelie dat Christus alles is sou nodig wees nie, maar met iets meer moes die geloof aangevul word. Paulus weerspreek dit en roep die Kolossense toe „soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom". Net soos 'n boom in die aarde vasgewortel is moet die vastheid van die gelowiges hulle lewensgemeenskap met Christus wees. In Christus is hulle teen „alle wind van leer" beskerm en veilig. En na gelang die geloof in Christus toeneem sal hulle ook „daarin oorvloedig wees in danksegging". In die sterwe van Christus is vir die gelowiges in Hom die volkome oorwinning oor Satan vasgelê.

26 Oktober

Lees Kol. 3:1-17.

BEDINK DIE DINGE WAT DAARBO IS

Die apostel ag dit nodig om die Kolossense te vermaan en te waarsku teen die dinge wat op die hart en lewe van die mens so maklik kan

beslag lê. Hulle moet toeneem in heiligmaking en broederlike liefde. Die geloof wys na „die dinge wat op die aarde is" anders as wat die dwaalleraars dit as van buitengewone waarde en betekenis beskou. Die aardse dinge in hulself het nie betekenis vir die heil van die gelowiges nie. Maar, die lewe met Christus wat in God verborge is het waarde deur die dinge wat nie met Gods wil in ooreenstemming is nie te bekamp. Dit is nie die aardse, die stoflike, die wêreld op sigself wat moet oorwin word nie. Maar, die sondige in die sondaar self moet verander, tot niet gemaak word. Paulus noem, soos u gelees het, verskillende verskynsels van sonde, en net soos hy bv. die Efesiërs en Galate ook vermaan het geld dit hier: „Maar nou moet julle ook dit alles aflê". Dit het verander soos Paulus dit treffend-duidelik skrywe „omdat die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper". En as die apostel dan 'n opsomming maak van die dinge waarmee die nuwe mens beklee moet wees dan voer dit ons in ons denke ongetwyfeld na bo! Dit voer na God — soos ons Hom in die geloof deur die Evangelie leer ken het — innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid, verdraagsaamheid, vergewensgesindheid . . . Só sê Christus van Homself: „Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele".

27 Oktober

Lees Kol. 3:18; 4:1.

LEWENSVERHOUDINGE

In die besonder ag die apostel dit nodig om bepaalde vermaninge tot sy lesers te rig. Die verhoudinge in die huisgesin en die familie is van besondere belang. Drie groepe word genoem wat in hierdie opsig sekere dinge in die lewensverhoudinge nie moet verontagsaam nie — man en vrou, ouers en kinders, here en slawe.

As die man beveel word om sy vrou lief te hê, en die vrou om haar man onderdanig te wees, dan dui dit op die goeie huweliksverhouding. Dit beteken nie 'n slaafse onderdanigheid of 'n onderworpenheid met vrees vir die man nie; en vir die man dui dit op sy egte trou teenoor sy vrou wat deur hom liefdevol versorg en beskerm word. Albei moet dit sien as gelowiges in die lig van wat die verhouding van Christus is tot Sy gemeente.

Die Kinders het 'n plig teenoor hul ouers nl. gehoorsaamheid. Hulle moet dit doen as gelowiges in die Here vir wie dit welbehaaglik is. Die vaders, en dit bedoel seker ook die moeders, moet teenoor die kinders afgesien van die nodige bevele, vermaninge, teregwysinge as reg van die ouers ook bedagsaam, waarderend, erkennend en bemoedigend optree. Die takt en wysheid van die liefde moet die verhouding tussen ouer en kind bepaal.

En, wat die slawe betref — hulle moet hul aardse here gehoorsaam wees — geen verset maar gehoorsaamheid. Maar, dit moet onthou word dat 'n geestelike verhouding in Christus onderling alles bepaal. Hulle moet dien asof hulle die Here dien. En daarteenoor word gestel die billikheid waarmee hul here hul in alle dinge behandel.

Die lewensverhoudinge van die gelowiges teenoor mekaar moet bepaal word deur die verhoudinge van die mens tot Hom wat ons

liefhet omdat Hy ons eerste liefgehad het. Of, beter gesê — in ons verhoudinge moet ons altyd die groot gebod onthou: God liefhê bo alle dinge en jou naaste soos jouself.

28 Oktober

Lees Kol. 4:2-6.

ALTYD BID EN DANK

Die apostel ag dit nodig om dit in te skerp dat die gebedslewe by die gelowiges nie mag verslap nie. Die onderhouding van die gebed is 'n bewys van waaksaamheid wat die gelowiges pas. Die gelowiges moet voortdurend op hul hoede wees teen versoekinge. In hulle gebed mag hulle vra en smeek om bewaar te word vir alles wat hul bedreig. Treffend dat die apostel dit beklemtoon om terselfdertyd dan ook te dank. So ruimskoots is genade en weldade reeds ontvang, dat dankbaarheid daarvoor nie mag ontbreek nie. En, by die gebed hoort ook die voorbidding. Paulus vra dit vir homself en sy helpers — nie soseer vir hul persoonlike welvaart nie, maar vir die diens van die Evangelie waaraan hulle hul lewe wy — om die Woord te preek en dat die gepredikte Woord ingang by die hoorders mag vind. Moontlik dink hy ook aan sy verhoor voor die keiser wat nog moet plaasvind. Paulus het die Efesiërs net so aan die voorbidding herinner: terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak".

Vir die werk van die Evangelie moet ons almal bid en dank en voorbidding doen.

29 Oktober

Lees Kol. 4:7-18.

MEDEWERKERS VIR DIE KONINKRYK VAN GOD

As Paulus sy brief aan die Kolossense afsluit dan ag hy dit nodig om 'n paar dinge wat homself betref te noem. Ons moenie vergeet nie dat hy uit die gevangenis skrywe, maar oor die gevangenskap en behandeling skrywe hy in hierdie brief nie — „al my omstandighede sal Tichikus, die geliefde broeder en getroue dienaar en mededienskneg in die Here, julle bekend maak". Waarskynlik was die gemeente bekommerd oor die lot van Paulus, en ook moontlik verontrus oor die optrede van die dwaalleraars. Dit is begryplik, en nou word Tichikus gestuur met die brief om hulle „harte te vertroos". Die brief en mondelingse berigte van Tichikus moes die gemeente gerusstel — hulle sal hoor hoe dit met hom gesteld is, en veral kan hy dit opnuut bevestig dat Paulus die Evangelie, wat deur die Kolossense aangeneem is, bly erken as die volle waarheid — die dwaalleraars hoef daar niks by te voeg nie!

Die groete van Paulus en verskillende ander medewerkers vir die Evangelie word oorgedra. En, nou vra ons onsself af tot watter mate ons verplig word om die lig van die Evangelie in die wêreld in te dra in navolging van wat Paulus skrywe „En wanneer hierdie brief by julle gelees is, sorg dat dit ook in die gemeente van die Laodicense gelees word en dat julle ook dié uit Laodicea lees". Dit gaan vir hom oor die Evangelie: in en vir hulle, en ook vir andere. Die Evangelie van die liefde en die lewe — „Luister en julle siel sal lewe".

30 Oktober

Lees Rom. 2:1-11. **Teks:** Rom. 2:1.

ONS PLEK VOOR GOD

Die Jode het graag met die vinger na ander gewys, om af te keur, te minag, te veroordeel. Hulle was immers die volk van die Here, die uitverkore geslag wat aan die Here behoort en deur Hom gelei en beskerm is. Die teken van hierdie genadeverbond waarin God hulle geroep het, was die besnydenis. Algaande het die Jode begin roem in hulle regverdigheid wat vir hulle 'n monument begin word het om hulle van die heidene en onbesnedenes te onderskei.

Toe kom Christus, werklik ons Geregtigheid, en hulle kruisig Hom. Húlle geregtigheid word 'n hindernis vir die ware Geregtigheid wat God gestuur het om die mens te red. Dus, terwyl hulle ander geoordeel het vanweë hulle ongeregtigheid, het hulle self ontaard en skuldig geword. Die Evangelie was nie net vir die Griek (die heiden) nie, maar ook vir die Jood. En die oordeel van God is oor al die ongehoorsames.

Dit was dus tevergeefs dat die Jode gedink het om goed te doen omdat hulle die tien gebooie gehad het. Hulle was nog aan die waarheid ongehoorsaam, en het die barmhartigheid en genade van God nie gereken nie. God wou hulle juis in Jesus tot die ware geregtigheid bring, maar hulle verwerp Hom en is niks beter as die heidene nie.

Voor die mens dus kan dink om voor Gods geregtigheid te staan, en dit vir homself toe te reken, moet hy eers sy eie doemwaardige en skuldige plek voor God ken: Jy wat oordeel, doen dieselfde dinge. Ons is in sonde ontvang en gebore. Tereg begin die Heidelbergse Kategismus in sy eerste deel spreek oor die sonde en ellende van die mens. Wie daardie plek leer ken het, die dieptes van skuld en sonde, kan met opregtheid die verlossing in Jesus aangryp, om gebring te word tot daardie goeie werke wat God welbehaaglik is, en so „heerlikheid en eer en vrede" beërwe.

31 Oktober

Lees Rom. 1:8-17. **Teks:** Rom. 1:17.

KERKHERVORMING

'n Uitstaande gebeurtenis in die proses van die Kerkhervorming is geneem, om aan die hand van daardie datum die feestelike gebeure te herdenk. Luther het op 31 Oktober 1517 sy stellings aan die kerkdeur van Wittenberg gesit. Kerkhervorming self was nie 'n enkele gebeurtenis nie — dit vind nog steeds plaas. Daarom let elke gelowig voortdurend maar weer op die dinge wat strek tot sy heil en saligheid. Die Evangelie met sy tyding van verlossing uit die bande van sonde en dood bly die onderwerp van nadenke en bepeinsing. So het Paulus sy brief aan die Romeine rondom verse 16 en 17 opgestel, om die weg van regverdigmaking deur die geloof alleen, en nie deur mens se eie geregtigheid deur die doen van goeie werke nie, te beklemtoon.

Jesus Christus het deur Sy lyde en sterwe alle geregtigheid aan die goddelike wet vir ons aan die kruis volbring. Hierdie geregtigheid skenk God nou aan ons asof dit ons eiendom is, al verdien ons dit nie en al het ons self nie 'n vinger verroer om dit te bekom nie. Ons moet slegs hierdie verlossing wat God aanbied, aanvaar, en wel deur die **geloof** dit aanvaar. Ons het natuurlik nie geweet van al hierdie dinge nie, maar God het dit in Sy evangelie geopenbaar. Op hierdie wyse kom die dinge wat God vir ons wil gee tot ons, en wek dit ons geloof. En

omdat ons nou glo, is die beloftes van God vir ons werklikheid wat ons lewe vul en ook ons lewe dra. Ons lewe word nou bepaal deur hierdie nuwe werklikheid wat God aan ons geopenbaar het, en ons lewe handhaaf die band met die ewigheidslewe.

Niks dus wat **ons** kan doen of waartoe ons in staat is, bewerk ons saligheid nie. Die geregtigheid van God bestaan in eenvoudige geloof. Van Abraham lees ons dat hy geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken.

Ons moet ons geloof bewaar; God wil hê dat die geloof nie moet verkoel nie, maar vermeerder en groei. Die bron en bodem van ons geloof bly die Woord van God wat Hy deur die werkinge van sy Gees gebruik tot die opwekking en bevestiging van ons geloof.

1 November

Lees Ps. 19 en Rom. 1:18-23. **Teks:** Rom. 1:20.

OPENBARING VAN GOD

Dit is wonderlik: 'n God wat geken kan word in Sy werke, in die dinge wat Hy geskep het. 'n God wat Homself duidelik kenbaar maak in al Sy heerlikheid. Deur Sy Woord het Hy alle dinge geskape, en nou spreek die skepping van Sy heerlikheid. Dit verkondig dinge wat vir die blote oog onsigbaar is, maar tog sien die mens, as kroon van die skepping, met sy geestelike vernuf die ewige krag en goddelikheid van die Skepper, en hulle aanbid Hom.

Maar helaas, die wonder is verlore, vernietig deur die mens self. Deur die sondeval is die mens nou in 'n duisternis van onkunde. Hy ken God nie meer nie, omdat hy God nie meer wou ken nie. In sy onkunde lewe die drang tot aanbidding nog voort, maar nou in 'n verwronge vorm, sodat hulle beelde en klippe en stompe vereer. Hoe jammerlik het die mens nie geval nie. Hy weet selfs om die teëwerping te maak dat hy nou vry te pleit is, en hy moet maar noodgedwonge na sy eie aard lewe. Nee, sê Paulus, so verontskuldig die mens hom nie — almal het die kennis van God gekry omdat die mens dit ontvang het, maar omdat hy God nie as God verheerlik het nie, is hulle harte verduister in 'n onkunde van verlorenheid.

Selfs toe het God 'n nuwe openbaring gegee om die gevalle mens te herstel. Die Woord het hierdie keer vlees geword en onder ons gewoon — Jesus is gebore. God het die verlore sondaar nie laat vaar nie. Hierdie nuwe openbaring word die grond van ons geloof, en ons sien God weer soos Hy is, vol liefde en ontferming. Ons is terug by die Vader, deur Jesus Christus wat Hom openbaar het. „Hy wat My gesien het, het die Vader gesien".

Nou sien ons selfs die werke van God in die natuur in 'n nuwe lig, as't ware deur 'n nuwe bril, om Hom te verheerlik.

2 November

Lees Rom. 2:1-18. **Teks:** Rom. 2:3b.

EWIGE TROU

'n Onbekende Abraham het 'n roepstem gehoor; hy het opgepak en getrek, die onbekende in. Op 'n beloftewoord het hy gebou, en 'n nasie geword, talryk en sterk. Maar die geskiedenis van Israel is vol bewyse van ontrou en afvalligheid, dinge wat strek tot oneer van die verbond wat die heilige God met hulle aangegaan het. Hy het ook gestraf en getugtig, maar hulle wat Sy volk geword het, het volhard op hulle verkeerde weg wat maar net van troubreuk getuig het.

Tog het God Sy kant van die ooreenkoms in stand gehou:— Hulle ontrou het nie die getrouheid van God vernietig nie. Hy het Sy woord gestand gedoen en Sy verbond vervul, in die koms van Jesus Christus en die gawe van 'n Nuwe Verbond, wat Hyself beseël het met die bloed van die Lam. En die doop kon so in die plek van die besnydenis kom, tot 'n seël en ontwyfelbare getuienis dat God 'n ewige genadeverbond met ons gesluit het. Ook aan ons word die waarheid van Gods beloftes bevestig.

Nou mag ons dit **seker** weet: Gods Woord hou stand in ewigheid. Nie die sonde of ontrou van mense kan dit laat wankel nie. Dit is 'n blye troos vir 'n beproefde Christendom wat al vegtende en strydende teen versoeking en verleiding, vervolging en haat moet voortgaan, siende die onsienlike.

Maar Gods goedheid regverdig nie die menslike ontrou nie. Sy genade is nie 'n vrybrief vir die sonde nie. Ons moet die duiwel weerstaan, en mag vertroos wees dat die belofte ook daar is, dat ons in Jesus Christus oorvloedig in goeie werke kan wees.

3 November

Lees Rom. 3:9-20. **Teks:** Rom. 3:10.

KENNIS VAN SONDE

Die verbond wat God in genade met Israel aangegaan het, het hulle nie bo die mag van die sonde verhef nie. Niemand, nòg Jood nòg heiden, kan as regverdig gereken word nie. Ook ons mag ons nie in valse vroomheid verhef in 'n godsdiens van raak nie en smaak nie, asof ons daardeur by magte sou wees om onsself rein en onberispelik te bewaar nie. Dit sien mens soms: Plotseling begin iemand sy lewe drasties inperk deur hom van baie dinge te onttrek, as sou die dinge nou juis die duiwel dien. Dan moet die lewe van heiligheid so ingerig word dat daar geen sprake kan wees van verdere sonde doen nie —asof die sonde net sou bestaan in die uiterlike daad van die mens.

Dit is eintlik die probleem van die mens wat ontvlugting soek in 'n skynvrome godsdiens van metodies-bestudeerde lewe. Hy misken die wese van die sonde, en ken homself nie. Paulus neem hier in sy brief aan die Romeine 'n reeks Ou Testamentiese aanhalings om ons te wys hoe radikaal die sonde die mens aangetas het — hoe die mens 'n sondige wese is wat net die kwaad kan voortbring en verder niks goeds nie. Ons is voorwaar in sonde ontvang en gebore.

Die belangrike funksie van die Wet van die Here word dan ook duidelik gestel. Ons gebruik nie die wet om dit so te onderhou tot eie geregtigheid en vroomheid nie — dit kan immers nie; maar deur die wet is die kennis van die sonde. Die wet het 'n spieël geword waarin ons onsself sien: doemwaardige, verlore sondaars.

En daardie plek is die dieptepunt vanwaar 'n sondaar kan kom om aanspraak te maak op die genade van ons Here Jesus Christus. Vrye genade om ons te verlos van die skuld. En dan kry die wet van die Here sy ander en finale funksie: Dit dien as maatstaf waarvolgens ons sal lewe om ons dankbaarheid te wys vir die verlossing wat ons van Christus ontvang het.

4 November

Lees Rom. 3:21-31. **Teks:** Rom. 3:21-22.

DIE WEG VAN DIE GELOOF

Die weg tot saligheid word duidelik en helder gestel. Dit is die weg

van die geloof. Hoe weet Paulus dit om so iets neer te skrywe? Dit is geopenbaar aan ons. Die tyd het aangebreek dat alle mense dit mag weet. Eintlik **moet** weet: Want die weg van die saligheid is 'n saak van lewe en dood. En daar is maar een weg tot saligheid . . . juis deur Hom wat gesê het: Ek is die weg.

Daar is dus nie twee weë nie; 'n weg van die werke en die weg van die geloof nie. Die eerste weg is vir almal gesluit. Geen mens kan die wet onderhou nie.

„Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie". So het ons kort gelede nog gelees. Ook die Jood moes dit hoor om hom los te maak van 'n verkeerde opvatting van die wet: Dat sy vermoë om die wet te onderhou hom beter sal maak as ander mense en hom by God sal bring. Nee, so 'n geregtigheid is nie moontlik nie.

Daarom gee God 'n ander geregtigheid. 'n Geregtigheid wat deur die geloof in Jesus Christus is; dié Christus wat deur sy bloed ons versoening bewerk het en ons sonder skuld voor God stel.

Die geloof is dus nodig en noodsaaklik. Van Abraham lees ons dat hy geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken. God sien die geloof gunstig aan. Verder is die geloof die handeling waarmee ons die versoeningswerk van Christus vir ons toe-eien. Vanweë die geloof word die geregtigheid van Jesus ons toegereken. En ons moet laastens onthou dat God ons die gawe van die geloof skenk.

Ons weg is die geloofsweg. Daarom het die belydenis van geloof so 'n besondere plek in ons godsdiens, in ons erediens. Die gelowige het behoefte daaraan om sy geloof uit te spreek, en om te getuig. Hy staan vir die dinge waarin hy glo. Ja, sy hele lewe is naderhand 'n sprekende bewys van sy geloof.

5 November

Lees Ps. 32 en Rom. 4:1-8. **Teks:** Rom. 4:7.

SALIGSPREKING

Nuwe lewe vir die geregverdige mens. 'n Nuwe toekoms word beskik. Daar is nou vergesigte van heerlikheid in Jesus Christus, en saam met Hom. Die teenwoordigheid by God, om te vertoef in die glans van sy heilige majesteit, is nie meer uitgesluit nie. Dit het heerlike werklikheid geword deur Hom wat die voorhangsel van skeiding laat skeur het en vir ons vrye toegang verseker het. Ons beluister dit ook in die woord:

„Ek gaan om vir julle plek te berei". En as die Bruidegom uiteindelik kom, gaan dié wat olie vir die brandende lampe het, saam met Hom in om fees te vier.

„Kom julle geseëndes, beërf die koninkryk wat vir julle berei is". Die loon van die geregtigheid is die lewe. Dit het Jesus vir ons verwerf, deur in ons plek te tree, skuld en sonde te versoen. In plaas van die duisternis en dood, lig en lewe. In plaas van eensame verlorenheid, die ryke, genadevolle teenwoordigheid van God, nou 'n barmhartige Vader in Jesus Christus Sy Seun.

Saam met die teksvers wat uit Ps. 32 kom, kom nog twee besondere trekke na vore. Skuldbelydenis en dankbaarheid. Nog as Dawid die psalmdigter spreek van sy skuld, is hy al oortuig van sy vergiffenis, en breek sy dankbaarheid daaroor deur.

Ons nader voor God as skuldige sondaars, met pleitende hande. Dan weerklink die Goddelike belofte: Jou sonde is vergewe. Laat ons dan

in dankbaarheid ons toewy aan die God van liefde en barmhartigheid wat ons in Jesus Christus aangeneem het.

6 November

Lees Ex. 32:30-35 en Rom. 9:1-5. **Teks:** Rom. 9:3.

CHRISTELIKE BEWOËNHEID

Met Hoofstuk 9 begin die vierde hoofdeel van die brief van Paulus aan die Romeine. Hy gaan nou hier oor tot die bespreking van 'n nuwe onderwerp en sit dit voort tot Hoofstuk 11. In hierdie drie hoofstukke bepaal hy hom tot die val van Israel en wat daaruit voortvloei. Dit is dan ook die riglyn wat in die volgende sewe oordenkings gevolg word.

Die apostel begin met uiting te gee aan sy „groot droefheid" oor die ongeloof van sy volk Israel. Dat hierdie volk wat so buitengewoon bevoorreg was en in die loop van die geskiedenis so 'n enige plek ingeneem het, Christus aan Wie goddelike eer toegebring moet word, verwerp het, is vir hom 'n oorsaak van „'n onophoudelike smart". Nou mag hy wel by sy volk in verdenking staan omdat hulle meen dat hy hom meer om die heidene (dit is die nie-Jode) bekommer as oor sy eie volk, maar sy innige verbondenheid met sy volk is nie verbreek deur die feit dat hy tot die geloof in Christus gekom het nie; inteendeel, soseer is hy begaan oor die lot van sy volk wat in hulle volgehoue ongeloof en verharding Christus verwerp het, dat hy liewer self, belaai met die skuld van sy volk, afgesny wil word van die heilsgemeenskap met Christus as húlle maar tot die geloof in Christus sou kom.

Die apostel herinner ons hier aan Moses wat bereid was om in die plek van Israel die verwerpingsoordeel van God te dra (Ex. 32:32).

Wat 'n beskamende openbaring van innerlike deernis! Elders vermaan Paulus ons dat dieselfde gesindheid in ons moet wees wat ook in Christus Jesus was. „Hy, wat in die gestalte van God was, het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem, en het Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis".

Hoe hard kan ons oordeel dikwels wees oor afgedwaaldes, ook onder ons volksgenote, wat in hulle ongeloof en verharding voortlewe!

7 November

Lees Jer. 32:30-34 en Rom. 9:6-8, 20-24. **Teks:** Rom. 9:6.

NIE ALMAL ISRAEL WAT UIT ISRAEL IS NIE

Dit was nie slegs liefde vir sy volk wat die droefheid van Paulus oor hulle ongeloof opgewek het nie, 'n ernstiger rede was dit: „Hulle is Israeliete", sê hy; dit wil sê die Bondsvolk van God, wat in al die begeerlike voorregte gedeel het wat dié bondsbetrekking inhou, waarvan die vernaamste is, dat Christus uit hulle (wat Sy vleeslike afstamming betref), voortgekom het. En Hóm het hulle verwerp, „Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid!"

Hiermee word die val van die Bondsvolk in sy donkerste diepte geteken.

Die verharding van Israel het egter nie die waarag tigheid en trou van die verbond van God opgehef nie; in aanmerking moet geneem word dat hulle nie almal Israel is wat uit Israel is nie; dis nie die vleeslike afstamming van Abraham wat die ware Israeliet uitmaak nie, maar alleen „die kinders van die belofte" word gereken as die ware nageslag

van Abraham; natuurlike afkoms sonder meer laat nog nie deel in die belofte wat aan Abraham gegee is nie.

Hiermee kom Paulus op die terrein van die verkiesende genade van God. Hy ontleen sy bewyse aan die Ou Testament. Die grond van die verkiesing lê nie in die mens en sy verdienste nie, maar is uitsluitend gefundeer op die soewereine welbehae van God by Wie daar geen onreg is nie. — In hierdie verkiesende genade van God vind die gelowige 'n bron van oorvloedige troos, en hy jubel dit saam met die apostel uit: „Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus . . . soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld . . . deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as Sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die wil van Sy welbehae" (Ef. 1:3-5).

8 November

Lees Jes. 57:14-17 en Rom. 10:1-13. **Teks:** Rom. 10:4.

CHRISTUS HET DIE WET VERVUL

Israel het, sê Paulus, „'n ywer vir God, maar sonder kennis", dit is: sonder die regte insig. Die groot struikelblok op hulle pad was dat hulle in die waan verkeer het dat hulle deur wetsvervulling self hulle heil kon uitwerk. Dit was juis die oorsaak van hulle dwaling wat tot hulle verharding gelei het. Hulle het die geregtigheid wat Christus deur Sy soenverdienste vir die sondaar verkry het, verloën. Omdat hulle 'n verkeerde begrip gehad het van die grond waarop die skuldige sondaar voor God geregverdig, dit is vrygespreek word, en hulle eie geregtigheid op grond van die ingebeelde verdienstelikheid van hulle werke probeer oprig het, het hulle hulle aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Kortom, hulle het nie gelowig gebruik gemaak van die geregtigheid van God soos dit in Christus geopenbaar is nie. „Christus", sê die apostel, „is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo".

Die sondaar besit nie die vermoë om deur wetsbetragting sy saligheid te verdien nie. Maar Christus het verskyn en Hy is die vervulling van die wet, sodat elkeen wat in Hom glo, op grond van Sy borggeregtigheid voor God geregverdig word.

Die gelowige in Christus staan nie meer onder die wet nie en het wetsvervulling nie nodig as middel om sy vryspraak te verseker nie, maar is onder die genade en word deur God geregverdig op grond van die plaasbekledende verdienste van Christus, wat aan die eise van die wet voldoen en die vryspraak vir elkeen gewaarborg het wat in Hom glo.

Die wet kan ons alleen maar ons onvermoë om onsself te red leer en ons tot ernstige aansporing dien om ons geregtigheid in ons Borg Jesus Christus te soek. „'k Het Jesus lief, Hy 't aan Gods reg voldoen; geen sondevloek kan ons nog langer tref nie!" (Ges. 65:2).

9 November

Lees 2 Kon. 17:13-16 en Rom. 10:14-21. **Teks:** Rom. 10:16.

ONGEHOORSAAM!

Paulus beklemtoon dat Israel (hoewel nie almal nie) die aanbod van genade deur hardnekkige ongeloof verwerp het. Intussen was dit nie iets vreemds nie. Reeds Moses het gewag gemaak van Israel se

„wederstrewigheid" en „hardnekkigheid". Jesaja kla: „Here, wie het ons prediking geglo?" en deur die mond van Esegiël getuig die Here dat Israel „'n harde voorhoof en 'n ongevoelige hart" het. Israel het die prediking wat tot hulle gekom het, deurgaans afgewys.

Nou noem die apostel in hierdie verband 'n tweetal teenwerpinge wat ter verontskuldiging van die verharding van Israel ingebring sou kon word. Vereers: het hulle die prediking miskien nie gehoor nie? Die apostel weerspreek dit ten sterkste. Die teendeel is veeleer waar. Die stem van die predikers van die woord van God het dwarsdeur die geskiedenis heen onder Israel weerklink, „vroeg en laat". Dis van die begin van hulle volksbestaan af aan hulle verkondig, en oplaas het die Blye Boodskap deurgedring „tot by die eindes van die wêreld". Toe Paulus hierdie brief geskrywe het, is die Evangelie inderdaad na alle kante in die destyds bekende wêreld uitgedra.

Maar kan ter verskoning van Israel se ongeloof nie aangevoer word dat hulle die heilstyding miskien nie verstaan het nie? Ook hierdie bedenking is ongegrond. Die apostel haal Moses as getuie aan om die teendeel te bewys, asook Jesaja wat duideliker nog as Moses die aanneming van die heidene en die verwerping van Israel weens hulle ongeloof aangekondig het.

Israel het „die woord van die geloof" gehoor en verstaan; hulle kan geen verskoning vir hulle verharding inbring nie. „My volk wou My nie gewillig eer nie, aan My diens gewy; ver van My vandaan het hul weggegaan en My nie begeer nie" (Ps. 81:13, beryming).

10 November

Lees Hos. 11:1-3, 8-9 en Rom. 11:1-5. **Teks:** Rom. 11:2.

GOD VERBREEK SY VERBOND NIE

Na alles wat Paulus in die twee voorafgaande hoofstukke betoog het, kom hy nou by die vraag wat as vanself daaruit voortvloei, naamlik of God dan miskien Sy volk verstoot het, en onmiddellik antwoord hy met ferme beslistheid: „Nee, stellig nie!"

Al is dit dan so dat Israel die genade van God in Christus verwerp het, God het húlle nogtans nie verwerp nie. En dan verwys Paulus na homself as bewys. Hy is ook 'n Israeliet, sê hy, nie 'n proseliet nie, maar hy is dit deur geboorte, uit die nageslag van Abraham. As dit dan so was dat God Sy volk verstoot het, dan sou hy wat 'n volbloed Jood is, tog sekerlik nie onder die gelowiges in Christus getel kon word nie. Dat hy, 'n gebore Israeliet, tot die gemeente van Christus behoort, is 'n oortuigende bewys dat God Sy volk nie verwerp het nie.

God verbreek Sy verbond nie en neem Sy belofte nie terug nie. Paulus beroep hom ook op die geskiedenis en toon aan dat selfs in die treurigste en mees vervalle toestand van Israel, toe die profete oor die volslae afval van die volk gekla het, God Sy verbondstrou aan Israel bewys het deur te midde van die openlike en skynbaar algemene afval tóg 'n oorblyfsel van getroues in stand te hou. Dink aan Elia wat Israel as verlore beskou het, en tog het dit uit die Godspraak geblyk dat daar nog 7,000 manne oorgebly het wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie.

Soos dit in die tyd van Elia was, is dit nou ook, sê die apostel. Dit mag lyk asof die volk verstoot en deur God losgelaat is, maar ook nou is daar nog, as vrug van die genadige verkiesing van God, 'n oorblyf-

sel wat tot die saligheid, deur die geloof in Christus, bestem is. „Die Heer wat van geen wankel weet nie, sal nimmer Sy verbond vergeet nie" (Ps. 105:5, beryming).

11 November

Lees Jes. 1:4-9 en Rom. 11:6-10. **Teks:** Rom. 11:5.

'N UITVERKORE OORBLYFSEL

Die grootste gedeelte van die Jode was en het ongelowig gebly, maar tog was daar 'n oorblyfsel wat, hoe gering in getal ook, die Messias nie verwerp het nie. Hulle was die oorblyfsel „ooreenkomstig die verkiesing van die genade", dit wil sê dat hulle geloof en behoudenis nie die gevolg van hulle verdienste was nie, maar enig en alleen die vrug van die genade van God wat hulle uit die bedorwe Jodedom uitverkies het. In húlle lewe die volk van Israel voort; húlle is die ware Israel, die uitverkore volk van God. „Die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham" (Gal. 3:7).

Israel was steeds uitermate trots op die feit dat hulle in die besit en kennis van die wet was, en hulle het onder die stellige indruk verkeer, dat hulle in die nakoming van die voorskrifte van die wet van Moses op verdienstelike wyse hulle eie heil kon uitwerk. Die apostel ontneem hulle egter die grond van hulle roem deur hulle nadruklik daarop te wys, dat daar van die kant van die sondaar geen sprake van verdienste kan wees nie maar alles neerkom op „die verkiesing van die genade". Genade en verdienste sluit mekaar uit; en as dan die verkiesing van die oorblyfsel onder die Jode ooreenkomstig die genade is, kan hoegenaamd geen verdienstelikheid van werke in aanmerking kom nie, want die mens word nie geregverdig „uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus" (Gal. 2:16).

Wat die eiegeregtige Jode in hulle „ywer sonder kennis" gesoek het, dit het hulle nie verkry nie, maar die uitverkore oorblyfsel het dit verkry, terwyl die ander verhard is.

„As julle dan aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename" (Gal. 3:29).

12 November

Lees Gen. 12:1-5 en Rom. 11:17-23. **Teks:** Rom. 11:19, 20.

INGEËNT

Die ongehoorsaamheid en val van Israel het gróót betekenis vir die heidene (die nie-Joodse volke), want dit blyk dat God hulle verharding laat dien het tot redding van die heidene — „deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak"; die begenadiging van die heidene moet daartoe lei dat Israel uit sy val opstaan.

Paulus gebruik 'n beeld, ontleen aan die natuur, om die gelowiges uit die heidene te waarsku teen trotse selfverheffing asof húlle nou in die plek van Israel gekom het; hulle is slegs ingeënt op die stam van Israel en is die voortsetting van Israel. Voorts is hulle inenting alleen aan die goedertierenheid van God te danke. En „as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy jou oog nie spaar nie," daarom: „moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees." Moenie dink dat julle as ingeënte takke nie ook afgekap sal word as julle onvrugbaar blyk nie.

Die slotsom is dan dit: „Soos God die ongehoorsaamheid van die Jode laat dien het om Sy barmhartigheid aan die heidene te bewys, so laat Hy die barmhartigheid aan die heidene dien om barmhartigheid

aan die Jode te bewys." Die betekenis en bedoeling van die val van Israel is dus geleë in die toevoeging van die heidene, wat met die gelowiges uit die Jode die geestelike Israel, die voorwerp van die ontferming van God sal uitmaak.

Die apostel sluit af met 'n besielde lofsang, waarin hy jubel oor die aanbiddelike rykdom en wysheid en kennis van God wat alle menslike insig oortref. God is die oorsprong van alle dinge, ook die bron van die verlossing. Hy hou alles in stand, en Hy volbring ook Sy heilsplan. Alles moet ten slotte tot Sy eer dien — „Syne is die heerlikheid tot in die ewigheid!"

„Die Heer is groot, daar is geen sanggeluid wat ooit Sy lof in volle waarde uit!" (Ps. 145:2, beryming).

13 November

Lees Rom. 12:1-8. **Teks:** Rom. 12:1-2.

TOEWYDING AAN GOD

As Paulus hierdie gedeelte van sy brief aan die Romeine begin, dan spreek hy die gelowiges in Rome aan as broeders. Hy kon steeds die lesers as volgelinge of as onderdaniges beskou het maar in die deel van die brief wat volg gaan dit om die praktiese uitlewing van wat hy in die voorafgaande geleer het, ons is almal lidmate van Christus sonder aansiens des persoons voor God. Daarom vermaan hy hulle, gedagtig aan die ontferminge, genadegawes van God wat elke dag ontvang word, om in liefde hul liggame te stel in diens van God. Aangesien Paulus en die lesers dan broeders in Christus is, het hy die reg om van hulle te verwag dat hulle nie alleen in liefde sy vermaning sal aanhoor nie, maar ook met ywer sal regeer.

Paulus se oproep volg op sy lering aan die gemeente te Rome. Die gelowige moet ophou om vir homself te lewe. Sy liggaam is vir die sonde dood maar lewend vir God. Al die handelinge van ons lewe, al ons dade moet toegespits wees op die diens van God. Ons moet onsself gee as 'n „heilige en aan God welgevallige offer." Paulus sê dit sodat die gelowige opnuut sal weet dat hy nie aan homself behoort nie, maar in Christus word ons ten volle die eiendom van God. En die eiendom van God kan tog nie aan die wêreld van sonde, haat, en afvalligheid-van-God deel hê nie?

Elkeen dan wat deur die geloof in Christus die eiendom van God geword het, moet wandel volgens en waardig hierdie genadegawe wat aan hom geskenk is — met liggaam en siel en verstand. Die hele lewe word die uiting van die geloof wat ons bely.

14 November

Lees Rom. 12:9-21. **Teks:** Rom. 12:21.

DIE KWAAD OORWIN

In Christus is alle gelowiges een ligaam en afsonderlik ook lede van mekaar (Rom. 12.5). Nou gaan Paulus voort om aan die gemeente te verduidelik dat om in Christus te lewe, beteken om in liefde te lewe. In Christus het God Sy liefde aan ons geopenbaar en hierin lê die grondslag vir die nuwe lewe van die geloof. Die gelowiges se optrede teenoor mekaar in liefde, is slegs die afskynsel van die liefde van Christus vir almal wat in Hom glo. Deur die liefde kan ons die een die ander se lot deel, kan ons mekaar se laste help dra, kan ons mekaar se vreugde deel. Hierdie liefde kom egter ten slotte van Christus se'lf.

Wanneer die gelowige hierdie feit besef, spruit daaruit vir hom

natuurlikerwys die sake voort wat Paulus in verse 10-20 noem. Dit is die praktiese uitinge van wat die gelowige verstaan as die liefde van Christus waarin hy mag deel.

Maar die lewe bestaan nie net uit gelowiges wat streef om in liefde mekaar broederlik te onderskraag nie. Daar is gedurig die felle en toenemende konflik tussen waarheid en leuen, rede en bygeloof, deug en ondeug, orde en wanorde, geloof en ongeloof. Oor die hele wêreld stry die werke van die lig met dié van die duisternis. In al hierdie dinge kan en mag die gelowige nie afsydig of neutraal staan nie. Aan hierdie stryd se uitslag twyfel Paulus geen oomblik nie. Vir hom is dit duidelik dat die gelowige, met die wapens van die lig omgord, die oorwinnaar sal wees. Want Christus het die kwaad oorwin deur die goeie en deur die geloof in Hom, kan elkeen van ons as oorwinnaar uit hierdie stryd tree. „As God met ons is, wie kan teen ons wees?"

15 November

Lees Rom. 13:1-7. **Teks:** Rom. 13:1-2.

ONDERWERPING AAN DIE OWERHEID

Daar is inderdaad diegene wat glo dat die koninkryk van God nie kan bestaan of tot sy reg sal kom voordat alle aardse magte en owerhede vernietig is nie. Diegene glo dat die vryheid in Christus nie geniet kan word behalwe wanneer elke juk van menslike onderdanigheid afgeskud is nie. Hierdie gedagte het sterk geleef onder die Jode veral aangesien die regeerders wat oor hulle geheers het so dikwels die godsdiens misken en ondergrawe het.

Daarom stel Paulus duidelik dat elke mens hom moet onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is. Want ook hierdie magte, d.w.s. konings en regters en regeerders, beklee hul magsposisie deur die genade en voorsienigheid van God. God regeer die wêreld ook deur middel van diegene wat Hy in die hoedanigheid van regeerders en bewakers van wet en orde aanstel. Hiermee wil Paulus ook die vraag uitskakel wat so dikwels gevra word: Hoekom moet die owerheid gehoorsaam word?

Aangesien dit God dus behaag om op hierdie wyse die wêreld te bestuur, is die mens wat die orde van God wil onderwerp, besig om teen God Self in opstand te kom, is hy besig om die mag van God te minag. En Paulus glo en weet dat elkeen wat die ordening van God weerstaan, so doen tot sy eie ondergang. Diegene wat hulle dus verset teen die instelling van God sal hulle oordeel ontvang.

16 November

Lees Rom. 14:1-12. **Teks:** Rom. 14:1.

VERDRAAGSAAMHEID

Vir Paulus is dit baie duidelik dat die gawe van die geloof nie net aan die Jode of aan sekere volke geskenk is nie, maar dat Christus se opdrag in Matt. 28 die ganse mensdom oopstel vir hierdie genade. Nou weet hy so goed dat die mens die geloof as privaatbesit beskou en dit so dikwels hanteer soos die man wat net een talent ontvang het. Paulus besef ook dat die volk van God, hulle wat die Christene in Rome geword het, makliker die Evangelie van Christus sou kon aanvaar en glo want hulle is geen vreemdes vir die godsdiens nie. Net so maklik sou hulle egter ongeduldig staan teenoor die „heidene wat hulle tot God bekeer" het en nou stadig die leer aangaande God en Christus en die Heilige Gees eers moes begryp en glo — iets wat vir baie heel vreemd is. Daarby

sou hulle vele ou gebruike en rites en bowe-al miskien 'n verknogtheid aan die wêreld moes afleer en prysgee voordat hulle die Christelike geloof ten volle sou aanneem. En Paulus het die onverdraagsaamheid, ook in die geloof, van die mens geken. Daarom vermaan hy elke gelowige om nie dié een wat swak is in die geloof te verstoot nie. Die geloof mag daar wees hoewel swak, en die verkeerde en onverdraagsame woord en daad kan so iemand vir altyd van God vervreem.

Per slot van sake sal elkeen van ons oor die mate van ons geloof voor die regterstoel van Christus staan. Mag God gee dat nie een van ons wat onsself gelowiges noem, verantwoording sal moet doen vir die swakke broeder wat waarskynlik opreg probeer glo het maar deur ons onverdraagsaamheid van die Kerk van Christus of van Christus self totaal vervreem geraak het nie.

17 November

Lees Rom. 15:1-13. **Teks:** Rom: 15:7.

TOT HEERLIKHEID VAN GOD

In die gemeente in Rome moes daar soos in vele ander gemeentes in die jong Kerk aanvaarding kom van die kante van twee groepe mense. Die Kerk sou bestaan uit Jode sowel as heidene. Maar in die Kerk is daar selfs onder ons, wat die een Heer bely, nog die weiering om mekaar onvoorwaardelik in Christus aan te neem as broeders. Daar bly maar die voorbehoud bestaan waardeur ons aanname en aanvaarding van mekaar se swakhede en foute nie volkome kan wees nie.

Om sy vermaning kragtig en duidelik te maak, verwys Paulus die gemeente na twee sake: Die een is Christus wat nie teësinnig nie, maar met uitgestrekte arms en vreugde aan diegene wat in Hom wou glo gesê het: „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is." Matt. 11.28. Christus will ons almal aanneem, ten volle deel gee aan Sy heerlikheid — die kreupeles en blindes, die goeies en deugniete. En ons het steeds die lig van die Woord van God nodig om ons te lei sodat klein verskille in opvatting en gedrag ons nie van mekaar sal vervreem nie.

Die ander rede waarom die gelowiges nie mag weier om mekaar ten volle te aanvaar nie is dat die heerlikheid van God hier ter sprake is. Christus stel vir ons die volmaakte voorbeeld van hoe om op te tree teenoor mekaar sodat God verheerlik sal word deur ons optrede teenoor mekaar. Maar die uiteindelike doel van sodanige optrede is nie die bevordering van eie eer of aansien nie — dog enkel die eer van God. Slegs dan wanneer ons nie onsself losmaak van of afsydig staan teenoor die gemeente wat God saamgebind het nie, kan ons ons roeping tot die verheerliking van God volvoer.

18 November

Lees Jes. 11:1-10. **Teks:** Rom. 15:12-13.

DIE GOD VAN HOOP

Paulus sluit hierdie gedeelte van sy betoog met 'n verwysing na die profesie van Jesaja en 'n bede dat die God van hoop die gemeente sal vervul met vrede en blydskap in die geloof. Met die verwysing na vs. 12 herinner Paulus die gemeente daaraan dat Jesaja die klein oorblyfsel van die volk wat trou gebly het, getroos het op 'n stadium toe sake vir hulle hopeloos gelyk het. Jesaja het voorspel dat daar 'n loot uit die droë en sterwende stam van die geslag van Dawid sou uitspruit wat die vergange glorie van hierdie volk van gelowiges sou

herstel. Dit is duidelik uit Paulus se woorde dat Christus hierdie loot is en dat die hoop van die volk nie beskaam het nie — die Redder van die wêreld het gekom. Hy wat dus op God hoop, sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.

Die hoop van elke mens omvat twee dinge: wat ons begeer en wat ons verwag. En as een van hierdie twee eienskappe ontbreek, dan faal die hoop totaal. Elke gelowige begeer om te mag deel in die heerlikheid van die Heer en verwag dat die Koninkryk van God spoedig sal kom. Ons lewe dus in die hoop. So dikwels egter word ons moedeloos en verflou die hoop omdat die tyd van vervulling nie vir ons bepaal is nie. Dit is hieroor wat Paulus se bede vir die gemeente opgaan: dat hulle nie alleen kragtig sal **bly** in die hoop nie, maar ook dat hierdie tyd van afwagting vervul sal wees met blydskap en vrede deur die geloof. Mag dan deur die krag van die Heilige Gees elke gelowige oorvloedig wees in die hoop — God sal ons nooit beskaam nie.

19 November

Lees Rom. 16:17-27. **Teks:** Rom. 16:17-18.

WAAKSAAMHEID

Ten tye van Paulus se skrywe aan die gemeente in Rome was dit al baie duidelik dat die Kerk nie in vrede gelaat sou word nie. Daar sal altyd diegene wees wat op slinkse en sluwe wyse die eenheid van die Kerk probeer verbreek. Paulus se vermaning aan die Kerk in sy tyd is net so tydig en van pas as wat dit vandag nog is. Die kerk het altyd nodig dat hom herinner moet word dat die dissipels van die duisternis nooit slaap nie. Hulle sal altyd 'n versteuring van die eenheid in die Koninkryk van Christus probeer aanrig. Hierdie versteuring word op twee maniere te weeg gebring. Hulle saai onenigheid waardeur die gedagtes van die gelowiges weggelei word van die strewe na eenheid en waarheid. Tweedens word geleentheid tot aanstoot geskep waardeur die mens vervreem word van die liefde vir die Evangelie van Christus.

Die eerste kwaad word aangerig wanneer die waarheid van God vermeng word met leringe wat uit die mens self ontstaan het; leringe wat slegs halwe waarhede bevat. Die tweede kwaad word aangerig wanneer die evangelie van Chrisuts verkleineer en belaglik gemaak word in die oë van die mensdom. Daarom vermaan Paulus die gemeente om op hulle hoede te wees vir diegene wat een van hierdie twee dinge doen, sodat hulle die kerk nooit onverhoeds sal betrap nie. Hierdie woorde van Paulus spreek eens so dringend tot ons, want die geskiedenis van die Kerk deur al die eeue het reeds telkens bewys dat deur die onversigtigheid van sy lidmate groot skade aangerig is voordat sulke mense teengestaan en weggeweer is. Paulus veroordeel geensins gesonde verskil van opinie nie maar alleen daardie verskille wat die eenheid van die geloof in sy kern aantas. Daarom skets hy die doel van diegene wat sulke tweedrag veroorsaak: dit gaan om die diens van eie buik — nie die diens van Christus die Here nie. Laat die Kerk steeds op sy hoede wees om te weer diegene wat die uitbreiding van die Koninkryk van God steur.

20 November

Lees Ps. 8:1-10 en Heb. 4:9-16. **Teks:** Dan. 7:13.

DIE SEUN VAN DIE MENS WAT KOM OP DIE WOLKE

Die woorde „Seun van die mense" kom telkens in die Nuwe Testament voor. Maar, hierdie woorde uit die boek Daniël word alleen deur Jesus

gebruik wanneer Hy van Homself praat. Die Jode het die komende Messias beskou as die Redder van die Joodse volk. Jesus gebruik hierdie titel uit Daniël om daardie begrip af te sny, want Sy heerskappy strek verder as net die bevryding van die eie volk alleen.

Dit wat Daniël in die naggesig gesien het, het toe die volheid van die tyd gekom het, werklik geword. Die ewige Woord van God het vlees geword. Die Middelaar tussen God en die mense het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en onder ons kom woon. Hy het as ons Hoëpriester die offer vir ons sondes op Golgota gebring. Totdat Hy weer op die wolke kom leef die kerk, die gelowiges, in spanning. Hierdie spanningvolle afwagting word ook gekenmerk deur blydskap, want die kerk het van Hom 'n troosryke belofte: Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Dit is 'n voorreg om so iemand as Middelaar en Voorspraak by die Vader te hê; 'n Hoëpriester wat medelye het met ons swakhede. Hy weet dat ons ons lewensreis nie alleen kan voortsit nie. Dit is daarom 'n reis wat met blymoedigheid gedoen word. Want luister maar net na Sy ander belofte: Ek kom weer en sal julle na My toe neem. Op hierdie belofte kom egter ook die waarskuwing tot ons: Ek kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie. Daarom moet ons elke oomblik gereed wees vir die uur wanneer Hy weer kom om ons huiswaarts te neem na die Vaderhuis met sy baie wonings.

21 November

Lees Ps. 119:17-24 en 2 Kor. 5:1-10. **Teks:** Dan. 7:14.

'N EWIGE HEERSKAPPY EN KONINKRYK

Jesus Christus, die Middelaar tussen God en die mense, is nie alleen Hoëpriester wat medelyé het met ons swakhede nie, maar Hy is ook ons Ewige Koning. In teenstelling met alle aardse koninkryke wat opkom en dan weer tot niet gaan, kan Sy koninkryk deur niks vernietig word nie en voer Hy vir ewig heerskappy. Van daardie koninkryk sê die Woord van God: En daarin sal nie in kom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie, maar net dié wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.

Daardie koninkryk omvat hemel en aarde, want Sy koninkryk is daar waar die naam van die Koning grootgemaak word. Dit is daar waar die ewige lig in die duistere lewe van 'n arme sondaar begin skyn. Daar op die heuwel van Golgota het die koninkryk van God neergedaal. Die moordenaar aan die kruis, die tollenaar in die tempel, Saggeüs die hoof van die tollenaars wat Jesus in sy huis ontvang het, die Kananese vrou wat volhard met haar geroep om hulp tot Jesus, hulle is die armes van gees aan wie die koninkryk van die hemel behoort.

In dié koninkryk is Hy ons Leidsman en Voleinder. Sy weë is soms vir ons so raaiselagtig en donker. Daardie weë voer soms deur verdrukking siekte en nood heen. Maar, dit is alles 'n smeltkroes waar ons gelouter word en ons geloof beproef word. Dit betaam ons nie om hierteen te murmureer nie, want die ewige Koning het met die weë waarlangs Hy ons lei 'n wyse bedoeling. Die einddoel daarvan is dat ons burgers kan word van die koninkryk wat nou nog vir ons verborge is, maar eendag volmaak sigbaar sal wees.

22 November

Lees Dan. 9:1-4 en 1 Thes. 5:12-18. **Teks:** Dan. 9:4.

GEBED EN BELYDENIS

Die opdrag om te bid vind ons telkens in die Bybel: Is daar iemand

onder julle wat ly? Laat hom bid. Bid sonder ophou. Volhard in die gebed. „So moet julle bid," lui die opdrag van Jesus self.

Dit is nie sonder rede dat die gebed so 'n baie belangrike deel uitmaak van die lewe van die mens nie. Wanneer die mens op sy knieë gaan voor die Almagtige God, dan is dit 'n daad van belydenis. Die berouvolle sondaar erken daarmee dat hy geen ander toevlug as God het nie. Die apostel het dit so uitgedruk: Waarheen anders sal ons gaan, want u het die woorde van die ewige lewe.

Hierdie groot waarde van die gebed het die profeet Daniël ook besef. Nieteenstaande die uitdruklike bevel van koning Darius het Daniël voortgegaan om drie maal op 'n dag op sy knieë te gaan en te bid soos sy gewoonte was.

Wanneer die Woord van God ons beveel om te bid sonder ophou, dan vra ons miskien: Hoe is dit moontlik? Ek het immers 'n dagtaak om te verrig. Ek het so baie belange wat my van die môre tot die aand besig hou. En tog is dit geen onbillike eis wat aan ons gestel word nie. 'n Gebedshouding is juis 'n voorwaarde as ons verwag dat ons dagtaak, ons belange, ons versorging van ons huisgesin en ons gesprekke met ons medemens tot 'n seën moet wees. Om te bid beteken om in gemeenskap met God te verkeer. Daarom is gebed nie alleen 'n neerkniel en die vou van hande nie — dit is wel baie belangrik — maar ook die wete dat God van alles weet wat ons doen. 'n Gebedshouding is 'n begeerte dat Sy Naam deur ons hele lewensbestaan en lewensstryd verheerlik sal word. Daarom is die lewe van die gelowige elke oomblik 'n daad van belydenis. Daar is geen moment in ons lewe wanneer ons behoort te dink dat ons op eie krag kan staan nie. Ons lewe is 'n voortdurende opsien tot God, want Hy is ons toevlug, ons rots en ons bergvesting, ons God op wie ons vertrou.

23 November

Lees Dan. 9:5-8 en Joh. 15:20-27. **Teks:** Dan. 9:5.

BELYDENIS VAN SONDE

Hoe meer ons die Bybel lees, hoe meer kom ons tot die besef van die heiligheid van God en die gebrokenheid en sondigheid van die mens.

'n Ryk jongman het op 'n sekere dag na Jesus toe gekom in die waan dat hy volmaak is. Hy het sy hele lewe lank daarna gestrewe om volmaak te wees. Alles het ook in sy guns getel. Hy was ryk en kon maklik in afsondering leef. Dit was nie vir hom nodig om te handel of om vir sy daaglikse onderhoud te werk nie. Hy was van geen mens afhanklik nie en kon die wet dag en nag bestudeer. Hy was egter nog nie tevrede nie. Hy gaan na Jesus toe met die vraag: Wat moet ek doen? Of . . . miskien vra hy die vraag om van Jesus die versekering te ontvang dat hy volmaak is.

Hierdie Joodse begrip dat die mens volmaaktheid kan bereik deur die letterlike uitvoering van die wet, wou Jesus uit die weg ruim: Gaan, verkoop alles en word 'n doodgewone mens, wat elke dag moet swoeg om jou daaglikse brood, wat vir jou regte moet stry en allerhande werke moet verrig. Jy moet midde in die harde werklikheid van die wêreld gaan woon. Jy moet weet dat jy sondaar is. Indien jy volmaak wil wees, dan moet jy eers gaan ontdek dat jy heeltemal niks is nie. Indien jy volmaak wil wees, dan moet jy 'n sondaar word aan die voet van die kruis en ontdek dat Christus deur jou en vir jou gesterf

het. Want, daar aan die kruis delg Hy die oortredinge van 'n berouvolle sondaar uit soos 'n newel en ons sondes soos 'n wolk.

24 November

Lees Dan. 9:9-13 en Mark. 2:1-12. **Teks:** Dan. 9:9.

BARMHARTIGHEID EN VERGEWING

Die besef van sy sondigheid en dié van sy volk het Daniël oorweldig. Dit het hom omklem soos die duisternis van 'n stikdonker nag. Telkens roep hy in sy gebed uit Ons het gesondig, ons het verkeerd gedoen, ons het goddeloos gehandel, ons was ontrou.

In daardie droewige duisternis het Daniël meteens 'n lig gesien. Hy het geweet dat die Heilige God, wat geen sonde voor Hom kan verdra nie, ook 'n genadige God is. Met blydskap wat deur sy angs heen breek roep hy uit: By die Here onse God is barmhartigheid en vergewing. Dat dit so is, is louter genade.

In die geskiedenis van die man wat deur sy vriende voor die voete van Jesus neergelaat is, sien ons dat die barmhartigheid van God en die vergewing wat Hy aan ons skenk iets is wat die mense nie verwag het nie en nie kon begryp nie. In die plek van 'n wonder van liggaamlike genesing kom die skynbaar teleurstellende woorde tot die sieke: Seun, jou sondes is jou vergewe! Die verlamde wil genees wees en daarvoor het sy vriende hom voor die voete van Jesus neergelê. Niemand van hulle het aan vergewing van sondes gedink nie. Dit wat vir ons die belangrikste is, wat vir ons die moeilikste en die meeste na 'n wonder lyk, is vir Jesus die minder belangrike saak. Dit wat vir ons so vanselfsprekend lyk, naamlik die vergewing van sondes, was vir Jesus die belangrikste en moeilikste, want dit het Hom die bloedige sweet in Getsemané laat ontpers en Sy lewe aan die kruis gekos. God is barmhartig en daarom word ons deur God self voor Sy gesig vrygespreek. Daarom laat Hy Sy koninklike Woord oor ons geld: Sover as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal word soos sneeu. Al was dit rooi soos purper, dit sal wit word soos wol.

25 November

Lees Dan. 9:14-19 en Rom. 5:1-11. **Teks:** Dan. 9:14.

GOD IS REGVERDIG

Daniël kyk na die weë waarlangs die volk moes gaan. Dit was deur diepste dieptes heen en as banneling volk moes hulle die grootste beproewings deurmaak. Hulle het dit leer ken wat ellende beteken in 'n vreemde land waar hulle soms ook verbied was om hulle God aan te roep.

En tog kan die profeet in sy gebed tot God nie anders as om te erken nie dat die Here onse God regverdig is by al Sy werke wat Hy doen. Dit was 'n smartlike weg wat die volk moes bewandel, maar hulle het ook niks beter verdien nie. Die volk het vanweë hulle ongeloof en skuld geen pleitgrond voor God nie.

Die profeet besef egter dat God met al hierdie teenslae 'n wyse bedoeling het. Die regverdige God wil hiermee Sy volk weer na die hoë hoogtes voer sodat hulle weer volk kan wees, uitverkies om Hom alleen te aanbid.

Hierdie ervaring van die uitverkore volk ken ons ook en dit is dat God ons deur dieptes heen na die hoogtes voer. Daarom mag ons nooit die lewenskruis wat ons moet dra, probeer weg bid nie. Ons mag wel

om krag na kruis bid of dat God die storms in ons lewe sal temper, maar nie dat ons persoonlike kruis weggeneem moet word nie. Die Here onse God is regverdig by al Sy werke wat Hy doen. Hy wil daarmee dat ons sal besef dat ons nietige sondaars is wat van Hom alleen afhanklik is. Hy verseker in hierdie wêreld geen opheffing van smart aan die wat op Hom vertrou nie, maar 'n onskatbare rykdom, naamlik regverdigmaking op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus aan die kruis. Dan leer ons die ryke betekenis van Sy belofte verstaan wanneer Hy sê: „My genade is vir jou genoeg," en kan ons met vreugde in die hart sing:

Diepe wysheid is u weë
Wysheid sonder einde straal
ons, o troue Vader teë
uit u dade altemaal.

Is dit suurheid, is dit soetheid,
in aanbidding swyg ons stil;
want die wesenlike Goedheid
maak dit goed deur dit te wil.

26 November

Lees Dan. 10:18-20 en Matt. 10:26-33. **Teks:** Dan. 10:19.

WEES NIE BEVREES NIE

Dit is nie altyd maklik om goeie moed in die lewensstryd te behou, of om rustig en kalm te bly wanneer gebeurtenisse om ons heen ons verskrik nie. Die gelowige het egter 'n voorreg wat die ongelowige nooit kan hê nie en dit is om te midde van woellinge en angs deur die belofte en versekering van God bemoedig te word. Hierdie voorreg het Daniël ook werklik ervaar in die woorde wat God tot hom gespreek het: Wees nie bevrees nie, wees sterk, ja, sterk.

God het aan Sy volk hierdie belofte gegee en dit is 'n belofte wat deur die eeue heen vir alle gelowiges gegeld het en wat ons ook vandag bemoedig: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! Hierdie belofte aan ons het Hy eenmaal beseël met die dood van Sy Seun aan die kruis. Ek het jou by jou naam geroep, beteken dat Hy ons ken soos ons is met al ons swakheid en gebreke, ons afdwaling en worsteling. Hy ken ons beter as wat ons onsself ken. Jy is myne. Ons behoort aan Hom. Ons het Sy eiendom geword, gekoop deur die kosbare bloed van Sy Seun. Daarom, wees nie bevrees nie. Hy is die God wat die eeue in Sy hand hou en al kan ons nie eers een dag voor ons uit sien nie, Hy sorg vir ons. Hy laat die son oor ons opgaan en ondergaan. Geen haar sal van ons afval sonder dat dit Sy wil is nie. Al moet ek ook deur die donker dal van doodskaduwee heen, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my: U stok en U staf die vertroos my.

27 November

Lees Jes. 48:12-17 en Openb. 1:9-20. **Teks:** Openb. 1:17-18.

JESUS CHRISTUS, DIE EERSTE EN DIE LAASTE

Johannes bevind hom as banneling ter wille van die Woord van God en die getuienis van Jesus Christus, op die eiland Patmos. Hy is in vervoering van die Gees op die dag van die Here en ontvang 'n openbaring van Jesus Christus. As hy die stem hoor wat hom aanspreek en hom omdraai om te sien wie met hom praat, sien hy

sewe goue kandelare wat die sewe gemeentes van Klein-Asië verteenwoordig. Jesus Christus staan in die middel van die kandelare want Hy het beloof dat Hy met Sy Kerk sal wees tot aan die einde van die wêreld en hom sal vervul met lig, lewe en liefde.

Die verskyning van Jesus laat Johannes soos 'n dooie neerval. Dit is tog Jesus, maar nou so anders as toe Hy in dienskneggestalte met hulle op aarde was. Nou sien hy die Opgestanene, verhoogd en verheerlik. Hy kom soos Hy is: as die Heer van heerlikheid. Johannes sien Hom: „Een soos die Seun van die mens". Want Hy is anders as voorheen: Priester en Koning, bekleed met 'n lang wit kleed, omgord met 'n goue gordel.

Jesus kom na Sy volgelinge as die Skepper van hemel en aarde wat die eerste en laaste woord in die geskiedenis van die mensheid het, want Hy is die Woord van God deur Wie alle dinge geskape is.

Hy was dood, maar Hy leef tot in alle ewigheid. Hy is deur God verlaat sodat ons nimmermeer verlaat sou word nie. Hy is gebind sodat ons ontbind sou word. Hy het ons sonde gedra om ons Sy geregtigheid — ons vloek om ons Sy seën, ons dood om ons Sy lewe — te gee: die lewe met God, ewige lewe.

Jesus kom en verseker ons: „Vrees nie!" Vrees nie vir die dood nie want dié kan jou niks doen nie. Ek het die sleutels van die dood en die doderyk. Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe.

Glo ons wel met die hart wat ons met die mond bely: die wederopstanding uit die dode?

28 November

Lees Ps. 18:31-39 en Openb. 1:9-20. **Teks:** Openb. 1:17.

„MOENIE VREES NIE"

Johannes lê verbysterd op die grond. Christus het Sy regterhand op hom geplaas. Dit is vermoedelik nie die seënende handoplegging, maar die oprigtende handoplegging op die skouer. Ontsag vir die heiligheid van Christus, toe hy Hom sien soos Hy in die glans van Sy majesteit verskyn, het die profeet laat neerval. Geen skepsel kan die glans van Christus se verskyning oorleef nie — so kon Moses die Here ook nie sien nie. Die strenge heiligheid van God laat die mens in selfbeskuldiging sidder. Dan kan hy nie anders as om soos Jesaja uit te roep: „Wee my, ek vergaan!" Waar kan ons ons berg, waarheen vlug in lewe of dood?

Die boek van die Openbaring is 'n getuienis van die opgestane Heer. Dit is 'n voortsetting van die Evangelies, 'n vervolg van die ontmoetinge en gesprekke van Christus. Nou spreek die Oorwinnaar wat die teenmagte verslaan en die gevangenes gevange geneem het (Ef. 4:8), wat 'n naam het bo elke naam (Fill. 2:9) en aan wie gegee is alle mag in hemel en op aarde (Matt. 28:18). Dieselfde word hier, maar dan in ander woorde, van Hom gesê: „Ek is die eerste en die laaste. Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood". Teenoor hierdie openbaring bly daar by ons alleen maar die besef van nietigheid en onreinheid oor. Dan kan ons alleen maar uitroep: „Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige mens".

Die handoplegging van hierdie Geweldige is 'n bemoediging, 'n gerusstelling: „Moenie vrees nie!" Elke uitdrukking wat eers ontstel-tenis gewek het, kan nou ook anders verstaan word: die eerste is ook

die laaste; die Heiland is ook die Regter; wie Hom innig leer ken het, is nie meer 'n vreemde vir die Here nie. Christus is dit wat gesterf het, ja meer nog, wat ook opgewek is, wat aan die regterhand van God is, wat vir ons intree.

29 November

Lees Ps. 116 en Openb. 2:1-7. **Teks:** Openb. 2:1-7.

BLY IN DIE LIEFDE VAN GOD

Nadat die apostel Johannes in Openbaring 1 die dinge beskryf het wat hy gesien het, gaan hy nou oor om op bevel van Jesus briewe te skrywe aan die sewe gemeentes van Klein-Asië. Die eerste brief word gerig aan die gemeente van Efese — 'n gemeente wat deur Paulus gestig is en daarna deur Johannes versorg is.

Christus stel Hom aan Sy gemeente te Efese voor as die hemelse Oorwinnaar. In hierdie stad waar die Romeinse keiser vereer word, is dit Christus wat tussen die sewe goue kandelare wandel. Hy verkeer nog in die midde van Sy gemeentes. Temidde van al die bygelowigheid is dit Hy wat die sewe sterre in Sy regterhand hou.

Christus ken Sy gemeente en ook dié se werke. Sal ons toelaat dat Hy ook ons en ons werke ken? Of hou ons maar liewer die bose agter geslote deure sodat — as die medemens tog iets vermoed — Jesus maar liewer niks mag weet nie? Maar Christus weet daarvan. As ons sterre in die hand van Christus wil wees, moet ons voortdurend in beweging wees om lig te gee aan almal rondom ons. Ons moenie ons lamp onder die maatemmer wil verberg nie, maar dit op die staander plaas om almal te verlig.

Dit is nie genoeg dat ons ywerig sal wees nie; ons moet ook lydsaam wees en as goeie „oorlogsdienaars" van Christus terwille van Sy Naam vervolginge kan verduur. Ons moet verdraagsame lydsaamheid hê om belediginge terwille van Sy Naam te kan verdra, en ons moet wagtende lydsaamheid hê sodat — as ons die wil van God verrig het — ons ook die woord mag verneem: „Jy het verdra en geduld besit".

As ons bly by ons eerste liefde, die liefde waarmee ons ons voorgeneem het om Christus te volg, en as ons standvastig bly in ons beproewinge en stryd, sal ons van Christus — die Bron van die lewe — volmaking en bevestiging in heiligheid en geluksaligheid in die paradys van God ontvang; nie in die aardse paradys nie maar in die hemelse.

30 November

Lees Ex. 16:11-18 en Openb. 2:12-17. **Teks:** Openb. 2:17.

JESUS CHRISTUS, DIE BROOD VAN DIE LEWE

Die mens is die mees afhanklike wese van die hele skepping. Hy kom in die wêreld as 'n hulpelose wese, hulpeloser as enige ander lewende wese. As hy ouer word, bly die voortdurende weerloosheid. Netsoos vuur nie sonder brandstof kan bestaan nie, so ook die mens nie sonder voedsel nie. En wat vir die liggaam geld, geld ook vir die lewe van die siel: dit moet steeds gevoed en onderhou word. Die mens is ook na die siel afhanklik.

Daarom het die woestynreis van die Israeliete die beeld van elke mens se lewe geword. Die verblyf in die woestyn was die swewe bo die dood. Daar het die wonder plaasgevind dat die Israeliete die manna — waarvan die herkoms vir hulle onbekend was — as voedsel op die grond gevind het. Christus het hierdie geskiedenis so verklaar

dat Hy die Manna, die Brood van die lewe is. In Hom het God met Sy hemelse gawe tot die wêreld gekom: Hy was die Brood wat uit die hemel neergedaal het, die Brood van die lewe.

Met die wit keursteen kan ons dink aan verkiesinge in Griekeland waarby stene met gegraveerde name daarop gebruik is, of aan regsgedinge waarby vir die skuldigverklaring 'n swart en vir die vryspraak 'n wit steen gebruik is of aan die Outestamentiese Urim en Tummim (Ex. 28:30). Die wit keursteen was dan tog 'n simbool van begenadiging en vryspraak, netsoos die „verborge manne" 'n teken van goddelike bemoeienis en verkwikking was.

Die „nuwe naam" is die naam waarmee die Heiland die mens die nuwe lewe inroep. Die naam op die steen geskryf, is die naam „Christus". Dit alles word dan toegesê aan elkeen wat oorwin.

„Alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof" (1 Joh. 5:4). As ons oorwin, glo, sal ook aan ons genadiglik gegee word om te eet van die verborge manna en sal ons lot veilig geborge wees by God deur ons Here Jesus Christus.

1 Desember

Lees Miga 6:1-8 en Openb. 3:1-6. **Teks:** Openb. 3:5.

CHRISTUS, ONS PLEITBESORGER

Sardis is 'n stad met 'n ryk verlede maar met geen belangrike hede nie. Van die gemeente van Sardis self is min aan ons uit die kerkgeskiedenis bekend. Waarskynlik was dit 'n gemeente waar dinge ordelik en eervol verloop het. Ons verwag dan aanprysinge van Christus oor die gemeente, maar dit vind ons tog nie. Wat daar in die gemeente is, is alleen skyn want Jesus sê dat die gemeente dood is. Sardis word opgeroep om wakker te word, terug te keer tot die eerste begin, tot die lewende verwagting van Christus se wederkoms.

Die oorsaak van hulle doodsheid het daarin gelê dat hulle hul waaksaamheid vergeet het. As ons ophou om waaksaam te wees, verloor ons alle vastigheid onder ons, daarom moet ons terugkeer om te waak teen die sonde en teen satan.

As ons eers sover in die doodsheid verval het dat daar geen verwagting meer by ons is nie, sterf die lewende gebed ook weg by ons. Dan tree 'n valse gerustheid in. Maar juis dan is dit dat, terwyl ons in gerusstelling lewe, Christus ons sal besoek soos 'n dief in die nag. Dan sal Hy ons al die blydskap en barmhartigheid wat nog by ons oorgebly het, ontneem.

As ons wakker en versterk in die geloof bly, sal ons saam met Christus in wit klere van regverdigmaking kan wandel. Ons sal saam met Hom kan wandel in die heerlike lewe van die hemelse paradys. Dan sal ons in die Hiernamaals kan deel aan die eer en heerlikheid van Christus. Naas die deel aan die oorwinning van Christus wat die gelowige sal ontvang, sal sy naam nooit uitgewis word uit die Boek van die lewe nie. Die belofte van Jesus sal aan die gelowige vervul word: „Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader wat in die hemele is" (Matt. 10:32).

2 Desember

Lees Ex. 3:1-10 en Openb. 3:14-22. **Teks:** Openb. 3:18.

CHRISTUS, ONS RYKDOM

Die gemeente van Laodicea staan lou teenoor Christus. Hulle is nie

koud — geheel-en-al teen Christus nie — en ook nie warm nie — hulle het hulle nie ten volle vir Christus verklaar nie. Terwyl hulle meen dat hulle ryk is omdat hulle hulself verryk het, toon Jesus hulle dat dit juis hulle is wat arm is.

Jesus gee hulle raad, netsoos Hy goeie raad geen aan elkeen wat dit graag wil aanneem: „Koop van My goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy ryk kan word".

Solank die sondaars die genadige roepstem en raad van Christus mag hoor, is hulle toestand nog nie reddeloos nie. Ons Here en Raadsman gee altyd die beste en mees gepaste raad vir die sondaar. Dit lees ons ook hier. Die mense was arm. Christus raai hulle aan om van Hom te koop goud wat deur die vuur gelouter is sodat hulle ryk kan word. Hy laat hulle weet waar en hoe hulle die ware rykdom kan bekom. Hulle moet dit van Hom koop. Dit lyk dan vir ons na verkeerde raad: hoe kan arm mense goud koop? Netsoos hulle van Jesus wyn en melk kan koop: sonder prys en sonder geld (Jes. 55:1). Ons moet afstand doen van die dinge wat nie werklik in aanmerking kom nie om tot die ware rykdom te kom. Ons moet afstand doen van ons sondes en selfgenoegsaamheid. Dan eers kan ons na Christus gaan met ons armoede om van Hom 'n rykdom van skatte te ontvang.

Ons moet die vuil skorte van ons sonde weggooi om die wit klere van geregtigheid en heiligheid wat Hy vir ons verwerf en gereed het, aan te trek. Ons moet ons eie wysheid en rede wat alleen blindheid is in die oë van God, verontagsaam en ons tot Sy Woord wend. Dan sal ons oë geopen word om ons weg en plig te sien.

As ons dan glo en oorwin, sal Christus aan ons gee om saam met Hom op Sy troon te sit, soos Hy oorwin het en saam met die Vader op Sy troon gaan sit het.

3 Desember

Lees Ps. 118:15-23 en Openb. 1:1-8. **Teks:** Openb. 1:1-2.

„DIE TYD IS NABY"

In die Openbaringboek het ons nie met gedagtes of beskouinge van Johannes self te doen nie. Dit is dus eintlik nie die Openbaring van Johannes nie, maar van Jesus Christus.

Die woord „openbaring" kom van 'n Griekse woord wat „ontsluiering", „ontdekking", „afneem van 'n deksel", „oopmaak wat verborge is" beteken. God neem die deksel af wat die toekoms vir die menslike oog verberg maar dan net so ver as dit God behaag.

In die boek Openbaring hoor ons van die eindtyd, van die oordeel oor die goddeloses en van die geluksaligheid van die uitverkorenes. Ook hoor ons van die vyandskap wat die gelowiges in die loop van die eeue moet verduur.

Christus laat Johannes die Openbaring neerskryf „om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur". Die boek is nie bedoel vir alle mense nie; dit is nie bedoel vir ongelowige en goddelose wêreldmense nie. Dit is wel bedoel vir die diensknegte van Jesus Christus; die gelowiges wat hulle lewe in diens van hul ewige Koning gestel het — dit is hulle vir wie die wil van God die enigste rigsnoer is en wat alleen die voortgang en bevordering van Sy koninkryk soek. Aan dié diensknegte moet getoon word die dinge wat **gou moet** gebeur. Dit sal gouer gebeur as wat ons dink, want „die tyd is naby". Daarom moet ons wakend wees, wagtend op die Bruidegom.

Na die hemelvaart van Jesus het die gelowiges geleef uit die verwagting van Sy wederkoms. Die verwagting het al gaande verflou. Ons dink so weining aan Sy wederkoms. Waar ons binne afsienbare tyd weer die geboorte van Jesus Christus sal herdenk, is dit goed dat ons ons ook sal gereed maak om Hom met Sy wederkoms te ontmoet.

Verlang u ook na die dag? Sien u ook daarna uit om in blydskap aan te sit aan die bruilofsmaal van die Lam? Let dan op die tekens van die tye want „salig is hy wat die woorde van die profesie lees en dié wat dit hoor en bewaar wat daarin geskryf is want die tyd is naby".

4 Desember

Lees Jes. 6 en Openb. 4. **Teks:** Openb. 4:1.

DIE GEOPENDE DEUR IN DIE HEMEL

Tussen hemelvaart en wederkoms, tussen oorwinning en uiteindelike heerlikheid, gaan die kerk strydend-gelowig sy weg. Hierdie kerk word bedreig en deur selftevredenheid van die ware godsvrug beroof. Die kerk verkeer in doodsgevaar en die ware gelowige vra: Hoelank nog? Maar soos op die sombere beeld, geskets in die gemeente van Laodicea, gevolg het die hemelse visioen, put ook die kerk vandag nog sy troos daaruit. God wil nie dat ons deur die toestande om ons so vasgevang word dat ons geen toekoms meer sien nie: nee, deur die geopende deur in die hemel wil Hy ook ons leer om deur die skemering van die aand van hierdie wêreld die aanbreek van die nuwe dag te sien.

Daar is 'n deur wat die sigbare van die onsigbare skei. En nou is dit hierdie deur wat hier voor Johannes oopgaan. En as hierdie deur oopgaan word alles anders, want nou sien ons God op Sy troon. En dan besef ons — die hele wêreld met sy stryd en spanning is aan Hom onderwerp, dit verdwyn en maak plek vir die heerlikheid van die paleis van God. Hy dra alles in Sy hand. Hy regeer die wêreld. Dit gee aan die gelowige 'n anker vir sy geloof in sy stryd en in sy angs, en hy vergeet die daaglikse tallose sorge. Om deur die geopende deur die grens te oorskry wat die aardse en die hemelse skei, sien hy God op Sy troon en word so 'n oog- en oorgetuie van die ewige werklikheid.

Nou sien en hoor hy die aanbidding en lofprysing van die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge wat Sy ganse skepping en Sy hele uitverkore gemeente verteenwoordig. Ja, God word gesien as Koning en as Beskikker oor alles wat was, is en sal wees, Hy wat die regering oor die hele wêreld en oor Sy kerk in Sy hande hou om so Sy ewige Raad tot volvoering te bring na volle omvang en inhoud.

En deur die geloof weet die ware gelowige nou: daar is niks te vrees nie. God regeer. Die satan kan maar woed, tevergeefs is die hel se woede. Wie dit glo word nie beangs deur die aardse werklikheid nie — nee deur al die verwording, verval en verdrukking sien hy nou die Vaderhuis met sy baie woninge helder en duidelik.

5 Desember

Lees Openb. 5:9-14. **Teks:** Openb. 5:9.

DIE NUWE LIED

Dit word 'n nuwe lied genoem omdat dit gaan om die volkome verlossingswerk van Christus wat voorheen nog nie voltooi was nie. Toe die Lam wat geslag is die boek geneem het uit die hand van God as die Uitvoerder van Sy raadsbesluite oor die hele wêreld het die ganse skepping (vier wesens) en die ganse kerk (vier-en-twintig ouderlinge),

toe die engele en uiteindelik elke skepsel voor Hom neergeval en die nuwe lied uitgejubel.

Wat 'n onsaglike gebeure. Eers eerbiedig geskaar rondom daardie donkerste moment uit die geskiedenis toe op Golgotha die kruis dreigend opgerig is. En nou weer in hierdie oomblik, nou dat die grootste raaisel, van Golgotha ontsluier is, nou dat die Christus van God, die geslagte Lam die septer ontvang het en die hele skepping en kerk en elke skepsel juigend hulle nuwe lied aanhef. Self was hulle op Golgotha, sidderend met rou in die harte, nie-begrypend hoe groot en hoe oorweldigend heerlik die kruis eintlik was nie. Nou dat hulle deur al die gebeure heensien het die volle lig vir hulle opgegaan.

Die stryd is nou verby. Die geslagte Lam het nie vir ewig weggesink in die dood nie — op die Paasmôre was die graf oop en die poort tot die lewe geopen. En nou is die Lam by God en aan Hom is alles op die aarde en in die hemel gegee. En assodanig word Hy dan ook hier besing. Hy het Hom waardig betoon om die boek se seëls te breek en die inhoud uit te voer deur Sy werk van vrykoping en verlossing van die gemeente, deur Sy selfoorgawe tot in die dood om die gemeente te verhoog tot koningsmag en priesterdiens tot eer van God. En hierdie verhouding van die Here tot Sy gemeente en Sy arbeid vir die gemeente kom nou in hierdie nuwe lied duidelik aan die lig. Hy is geslag om deur Sy bloed die gemeente vry te koop van skuld en verderf, om so die verlostes tot eer van God te laat lewe — Sy gemeente uit elke volk en taal en nasie. Daarom is die lofsang nie enkelvoudig nie maar styg omhoog uit die ganse skepping, ja alles verenig hulle in een magtige loflied tot eer van Hom wat die wêreld verlos het uit die kloue van algehele ondergang.

6 Desember

Lees Sag. 6:1-8 en Openb. 6:1-8. **Teks:** Openb. 6:12.

DIE WIT PERD

God se raadsbesluit moet uitgevoer word. En dit sien ons nou hier. In die Bybel is wit die kleur van oorwinning. So seker staan die oorwinning hier vas dat die ruiter reeds voor sy vertrek as oorwinnaar gekroon word. En dit is God wat dit so bepaal het. Die ruiter is gewapen met 'n boog en hiermee word gesê dat hy nie uitgaan om te dood nie, wel om te wond maar om so die gewonde te behou.

En so word dan met hierdie ruiter met sy boog op die witperd die evangelie voorgestel, die evangelie wat seëvierend oor die hele aarde trek. So pas dan by die evangelie die voorstelling van die boog en die pyl duidelik in. Dit gaan by die evangelie juis daarom om die hart te tref, die mens te oorwin en om hom so vir Christus te behou. God het geen lus in die dood van die sondaar nie. Aan die reeks verderfbringende magte, voorgestel deur die drie ander perde, gaan eers vooraf die blye boodskap van Jesus wat oor die hele wêreld verkondig moet word.

Dit gaan dus hier om die vreedsame oorlog van die prediking — die evangelie wat sal aanruk teen die poorte van die heidense hart om so die goddelose magte tot 'n val te bring. Geen brandende stede, roof en moord nie, maar kerke waarin verkondig word die verwagting van die ewige lewe vir hulle wat glo en oorwin is deur die evangelie.

Met die pyl is die bedoeling dat Christus deur Sy Woord die hart sal tref. Hy is die Pyl wat die heilsame wonde slaan om die mens te behou.

In dieselfde sin kan hier gepraat word van die boogskutter wat oorwinnend voortgaan. Die pylkarakter van die evangelie kom bv. ook uit in die geskrewe woord — dit gaan voort en kom miskien op plekke waar die prediker nog nooit was of sal kom nie. 'n Pylkarakter dra ook bv. die prediking oor die radio.

En daar kan 'n tyd kom — God behoed ons — waarin die evangelie nie meer openlik in die samekoms van die gemeente toegelaat sal word nie. Dan kan die evangelie egter nog in 'n skuilhoek en in eensaamheid gelees word. Terwyl die geleentheid egter nog daar is moet die gemeente die boodskap van Christus weergee. Dit is die kenmerk van 'n lewende kerk, 'n lewende gemeente.

7 Desember

Lees Openb. 7:9-17. **Teks:** Openb. 7:9-17.

BELOFTE WORD WERKLIKHEID

Dit is die triomferende Kerk wat hier voor ons verskyn, die Kerk uit elke stam en taal, volk en nasie — die vrygekooptes en verlostes — 'n skare wat niemand kan tel nie, deur God verkies, deur Jesus gered. Hulle het hulle reiniging gesoek en ontvang in die bloed van Christus. Hulle is beklee met wit klere van heil, die klere van onskuld, deur die Lam vir hulle verwerf en hulle eie gemaak deur 'n opregte geloof in Hom.

So aanskou Johannes die triomferendes voor die troon van God, betuigende hulle eerbiedige hulde en aanbidding. Die woestynreis is agter die rug. Die ewige Kanaän is hulle erfdeel. Ook die engele neem deel aan die lofprysing. God is ook hulle God.

Wie is nou die ontelbare skare met wit klere, met die palmtakke van oorwinning in die hand en waar kom hulle vandaan? Hier word navraag gedoen na hulle geaardheid en na die vroeëre omstandighede waarin hulle verkeer het. En hy hoor: „dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom".

Satan sluimer of slaap nie. Hy rus nooit nie. Daarom is die lewensweg van die gelowige 'n weg van nood en smart. Dit is hulle wat in weerwil van dit alles Jesus Christus nie verloën het nie, volhard het tot die einde. Hulle het geweet dat hulle sondaars is, maar hulle het na die kruis gevlug en vergewing ontvang. Daarom kan hulle nou voor die troon van God juig en Hom as priesters dien.

En Hy wat op die troon sit, span oor diegene Sy tent, 'n beeld waardeur die innigste gemeenskap met God beskryf word, ook 'n beeld van Sy beskermende nabyheid. Dit is hulle hoogste saligheid.

Nou is hulle van elke ander leed bewaar. Hulle het die ware doel van die mensebestaan bereik, die geloof het oorgegaan in aanskouing, die belofte het werklikheid geword. Die Lam wei nou as Herder Sy skape, versorg, bewaar en beskerm hulle.

Daarom is daar nou geen trane meer in die oë nie.

8 Desember

Lees Openb. 9:13-21. **Teks:** Openb. 9:20-21.

ONBEKEERLIKHEID

Siddering gryp die gelowige aan as hy hierdie vreeslike oordele beluister. Jy word in jou siel benoud. Die oorlog van God as die eindoordeel oor die goddeloses. Jy kan alleen maar biddend die hart

en die oog na bo rig vanwaar die verlossing vir die gelowige kom.

God stuur Sy oordeel om tot bekering te roep. Die oordele bring hier egter nog meer verharding. Die oordele bring nie verandering nie. Die wêreld wat deur hierdie oordele getref word is geestelik en sedelik leeg, bankrot. Daar is nie meer berou en sonde-droefheid nie.

Die opsomming van al die sondes waarvan die oorlewendes hulle nie bekeer het nie, laat ons duidelik verstaan waarom die oordele gekom het. Dit was die sonde van afgodery en beeldediens: duiwelaanbidding en die aanbidding van goud, silwer, koper, klip en hout, waardeur hulle teen God in opstand gekom het. En met die laaste word nie alleen bedoel die neerkniel voor afgodsbeelde nie, maar die dien van alles wat nie God is nie. Dit is die vertroue op die aardse om daarin die lewe te vind, om so God en Sy diens te verwerp. Maar dié kon nie help nie. Hulle is volkome nutteloos. Die mens word so in sy ydele en dwase verwagting ontmasker. Hoe kan die mens tot lewelose dinge die toevlug neem, vertroue daarop stel?

En hier sien ons: godsdienstige afval en verval het altyd as gevolg die sedelike afval en verval. As God nie opreg erken word nie, word die naaste ook nie ontsien nie. En so het die onbekeerdes beide die eerste en die tweede tafel van die Wet oortree — liefde tot God en liefde tot die naaste.

Wanneer God dus Sy oordele oor die aarde stuur, verwag God bekering van die mens, 'n terugkeer na Hom, ja dat die mens geregtigheid sal beoefen, liefde sal betrag en ootmoedig met sy God elke dag sal wandel.

As ons hierdie hoofstuk lees en ons kyk om ons vandag dink ons dan nie aan hierdie woorde nie: As die Seun van die mens weer kom, sal Hy dan nog geloof op die aarde vind?

9 Desember

Lees Sag. 2 en Openb. 11:1-13. **Teks.** Openb. 11:1-2.

DIE GEMEENTE BEWAAR

Johannes self moet hier optree, tot die daad oorgaan. Hier vind ons dan die aanduiding van die roeping en werksaamheid van die ampsdraers in die kerk om onderskeid te maak tussen die ewige heilswaarhede en die sonde, ja om toesig te hou oor die gemeente.

'n Riet as meetsnoer word aan hom gegee om sy taak te verrig. En sy opdrag was om die tempel, die altaar en dié wat in die tempel aanbid, te meet. Die uitdrukking „om te meet" dui in die Bybel dikwels op algehele verwoesting, maar hier: afgrensing, bewaring, beveiliging. Afgrensing van wat aan God behoort, Sy eiendom is, vir veilige bewaring tot op die jongste dag. Met die tempel van God word hier die gemeente van Christus bedoel, die geestelike tempel. „Weet julle nie dat julle die tempel van God is nie", vra Paulus. En Petrus noem hierdie gemeente die geestelike huis en die lede moet die lewende stene wees.

Dit gaan dus hier om die mens en om die diens van God. 'n Gemeente wat lewe, is 'n gemeente wat aanbid om te loof en te dank. Die ware dienaars en die ware aanbidders van God is dan hulle wat God lief het, na Hom luister, in Hom hulle lewe en rykdom het. Hulle is Sy eiendom. Hy waak oor hulle. Hulle sal nie ondergaan nie. Aan hulle behoort die heil, die ewige lewe. Hulle word afgeskei van die heidene, die haters van God.

Die voorhof, die plek van die heidene word nie gemeet nie. Hulle sal verwerp word. Dit is ook hulle wat sê Here, Here, maar Hom nie vrees en dien nie. Hulle is geen ware gelowiges, ware aanbidders nie.

Daarom sal alleen die eintlike tempel, die gemeente, die wesenlike heiligdom van die Here, bewaar word. Baie is geroep maar min is uitverkies. Die Here ken Sy eiendom. Alleen hulle sal veilig bewaar word. So word die meetroede aangelê om vas te stel wie die ware aanbidders van God is en wie nie. Ja so word bepaal wie heiligdomschristene is en wie voorhofschristene.

10 Desember

Lees Sag. 4:1-6 en Openb. 11:1-13. **Teks:** Openb. 11:3.

DIE TWEE GETUIES

Die twee periodes, die een van twee-en-veertig maande en die 1,260 dae is presies ewe lank: dit wil sê gedurende dieselfde tyd wat die gemeente deur die heidene vertrap sal word, sal ook die twee getuies profeteer. So sien hierdie periodes dan op die hele Nuwe Testamentiese tyd tussen hemelvaart en wederkoms. Gedurende die hele tyd sal die kerk, die gemeente, verdruk en benou word, maar sal ook die evangelie verkondig word. Daarom is die twee getuies sinnebeeldig van elke ware verkondiger van die evangelie deur die eeue en die regte ampsdraers van Sy gemeente. Die kerk sal nie tot swye gebring word nie. Die getuienis aangaande die waarheid sal ondanks alle verdrukking voortgaan in opvolging van die hemelvaartsopdrag: „Julle sal My getuies wees".

Die taak van die getuies is om deur die evangelie die beangste gemeente te bemoedig, om die verslae harte te versterk. Deur die evangelie moet getuig word teen die afval en vervreemding en moet daar tot bekering geroep word. Die gemeente moet leer om op Jesus te vertrou, ook as die wêreld pikdonker word. Hulle moet wys op die allesoorwinnende krag van God.

Hier word die regte evangeliedienaars en die ware ampsdraers van die gemeente van die Here voorgestel as olyfbome en handelaars. Deur hulle laat God die lig van Sy Woord in die wêreld uitstraal en deur hulle gee Hy aan die gemeente om Sy seëninge en genadegawes te ontvang en te geniet. So word die gemeente innerlik gevoed om die lig van die evangelie na buite te versprei. Hulle staan voor God om deur Hom gesterk te word en om dan Sy opdragte uit te voer oor die hele aarde waaroor Hy die heerskappy voer.

Verstaan elkeen nou sy taak en opdrag in hierdie verwarde wêreld: Getuienis te lewer van die lewende en die komende Christus?

11 Desember

Lees Openb. 12. **Teks:** Openb. 12:6.

DIE VROU EN DIE DRAAK I

Die Openbaringboek dra nie alleen 'n boodskap vir sy eie tyd nie, maar dis ook boek van die toekoms, die toekoms van die kerk, die enige toekoms.

Terwyl die kerk egter nog in die tyd is, is hy strydende kerk en moet hy daarom gedurig stryd te wagte wees. En die wese van hierdie stryd word in Openb. 12 pragtig uitgebeeld, met die byvoeging van heerlike beloftes en veral dan die versekering van die finale oorwinning.

In die groot teken, soos hier beskryf, verskyn eerstens die vrou. Sy is die verpersoonliking of verteenwoordiger van die verbondsmoeder, of kerk van die Ou Verbond wat met die kerk van die Nuwe Verbond 'n eenheid vorm. In die Ou Testament is die vrou of moeder dikwels beeld vir die verbondsvolk en in die Nuwe Testament word die kerk dikwels voorgestel as vrou of bruid.

Hierdie vrou word bedreig deur 'n groot vuurrooi draak, wat simbool is van die ou slang, die duiwel en aartsvyand van God en Sy volk soos beliggaam in die Kerk van Christus. Hy word as magtig voorgestel en sy rooi kleur is die kleur van sonde.

Eers is sy vyandskap saamgetrek op die saad van die vrou, van oudsher bestem om sy kop te vermorsel (Gen. 3:15). Hy probeer die Kind by Sy geboorte verslind, maar God verydel hierdie plan. Die Kind word weggeruk na God toe — sekerlik 'n sinspeling op die mislukking van Herodes se plan om die Messias van Bethlehem te vermoor. Miskien ook op die mislukking van die versoeking in die woestyn, op die feit dat later ook die dood en die graf Hom nie kan hou nie, en Sy hemelvaart om aan die regterhand van God te gaan sit.

En toe die kind buite sy bereik is, keer die draak sy woede teen die vrou. Dit is die aanslag teen die kerk. Die vrou vlug na die woestyn waar God haar sal beskerm en sal laat versorg vir 1,260 dae, die aanduiding van die volle tyd wat die kerk van Christus op aarde sal wees, van hemelvaart tot wederkoms. 'n Interessante tydsopgawe! 1,260 dae of 42 maande of 3½ jaar. Sewe is die voltal van die Bybel, dus is 3½, die helfte, aanduiding dat die verblyf in die woestyn nie vir **altyd** sal wees nie maar werklik net tydelik. Die woestyn is natuurlik beeld van die ontbering en vervolging wat die volk van God moet verduur.

Maar, dié volk word hier onderhou deur God, en dis buitendien net tydelik, en daarom sal die Bose nooit daarin slaag om dit te vernietig nie. 3½ teenoor die 7 van volmaaktheid en ewigheid, beteken slegs 'n tydelike verdrukking.

12 Desember

Lees Openb. 12.

DIE VROU EN DIE DRAAK II

Nadat dié twee pogings van die draak misluk het, deurdat sowel die kind as die vrou aan sy boosaardige greep ontruk is, bestorm die draak die hemel om, wanneer Christus verhoog word, Hom weer aan te gryp en van Sy troon af te ruk.

Maar ook hier is daar vir hom verydeling. Die magtige aartsengel Migael en sy leër van engele voer stryd teen die draak en die uitkoms van hierdie botsing is die neerwerping van die duiwel. En hierdie oorwinning beteken dat die duiwelse agressor en sy volgelinge die hemelse gebied vir altyd moet ontruim. Hierna sal hy dus nooit weer die geleentheid kry om telkens daar te verskyn met allerlei aanklagte teen die Here se gelowiges nie. Voorheen kon die satan voor God verskyn om die mens aan te kla maar na die verhoging van Christus en hierdie oorlog, is hy finaal uitgesluit uit die hemel. Hy is nou beperk tot die aarde; daar alleen kan hy nog aktief wees.

Daarom wend hy hom ook meer tot die vrou, die kerk, die mens, ons almal wat glo. En nou is sy wrewel groter en sy aanvalle hewiger as ooit want hy is verbitterd omdat sy mag in die hoëre sfere gebreek is.

Blykens vs. 14 staan die saak nou so: die draak sal wel soms groot benoudheid en lyding aan die vrou (die kerk) in die woestyn besorg, maar sal haar tog nooit vernietig nie. 'n Wonderlike bemoediging vir die strydende kerk! Sy het eintlik reeds deur die beskerming van God en die oorwinning van haar Heer, sy moorddadige greep vir altyd ontkom.

Die „twee vlerke van die groot arend", waarmee sy kan vlieg na 'n veilige plek van God, versinnebeeld waarskynlik die twee magtige draers van die kerk van die Here en van elke gelowige, nl. **geloof** en **gebed,** op grond waarvan die Here telkens Sy gemeente uit die benoudheid red. Daarom is die aanslag van die duiwel eintlik van meet af aan 'n hopelose saak — hy het geen kans op sukses nie.

Ons sien in vs. 15 dat hy selfs sy strategie verander. In plaas van om weer direk die vrou te bestorm, gebruik hy 'n gevaarlike middel: die waterstroom wat hy uit sy bek spuug om haar mee te voer en te laat verdrink. Hier moet gedink word aan die menigvuldige versoekinge, vervolginge en verderflike geestesstrominge wat deur die satan aangewend word om die Kerk van God te vervreem.

Die aardse en tydelike dinge kom inderdaad dikwels soos 'n magtige rivier om die gemeente mee te voer, weg van God af. Vandag veral is daar soveel geestesstrominge wat kerkvyandig is.

Maar dan die hoogste troos: Selfs die aarde kom die vrou tot hulp deur die rivier in te sluk. Hier het ons die volkome ineenstorting van die duiwelse strategie. Dit beskryf in sinnebeeldige taal hoe God beskik dat ook al die middele waarmee die satan die kerk wil vernietig, skadeloos gemaak word. God stel inteendeel Self middele daar om Sy verdrukte gemeente in stand te hou.

Daarom is dit, al is ons in die woestyn, die hoogste vreugde om kerk te wees. Hier is **een** saak waarvan die oorwinning seker is. Openbaring 12 stel op kostelike wyse die hede **en** die toekoms. Die kerk, die gelowige, wag net in stille vertroue op die einde, die wederkoms van Christus, wanneer hierdie stryd wat in wese reeds gewen is, finaal in ewige geluksaligheid afgerond word.

13 Desember

Lees Openb. 13:1-10. **Teks:** Openb. 13:8.

DIE DIER UIT DIE SEE

Die satan, di. die draak van hoofstuk 12, gebruik volgens hierdie gesig van Johannes twee afskuwelike werktuie om sy stryd op hierdie wêreld voort te sit. Die doel van hierdie stryd is natuurlik steeds die vernietiging van die kerk van Christus.

Hierdie werktuie word beskryf as die dier uit die see en die dier uit die aarde. Hulle verskyning is 'n onheilspellende teken wat daarop dui dat die vyandskap teen Christus en Sy kerk sy toppunt bereik en dat die afval van die kerk ver gevorder het.

Sekerlik is die dier uit die see 'n simboliese voorstelling van die antichris wat te alle tye en in verskeie verpersoonlikings die kerk met sy aanvalle treiter. Antichris is dié figuur wat in die plek van Christus wil gaan staan en aanbidding vir homself opeis. Hy hou homself voor as God en almal, mense, konings, regeerders of wat ookal wat hierdie pretensie het, is inderdaad verpersoonlikings van die Antichris.

Daarom het ons hier tydige waarskuwing aan alle gelowiges te alle tye. Daar het en daar sal sulke dinge gebeur tot by die opkoms van

hierdie volmaakte en finale sondige figuur, en daar sal geweldige massas aanhangers wees. Hier staan dit: die bewoners van die aarde aanbid die dier, en word van God afvallig. Ons weet dit het reeds gebeur en ons moet weet dit sal in steeds intenser mate gebeur. Die antichris en almal en alles wat sy verpersoonlikings is, maak altyd 'n oorweldigende indruk op die aardbewoners sodat hulle hom spontaan goddelik eer toebring.

Maar nou: die name van hierdie aanbidders van die antichris, staan nie opgeteken in die boek van die lewe van die Lam, soos dié van alle ware gelowiges nie. En dit omdat hulle geen deel het in die ewige uitverkiesing en in die heil wat Christus deur Sy soendood aan die kruis verwerf het nie. Dit moet die ware gelowige weet. En, dit mag hy as gevolg van hierdie mededeling weet: Die uitverkiesing en die versoening waaraan hulle wel deel het, waarborg die ewige lewe. En dit is inderdaad 'n troosryke waarheid. Want al is die dier (antichris) daar, en al voer hy 'n heftige stryd, en al het hy miskien die meerderheid van aanhangers, en al **is** die gelowiges as gevolg daarvan die verdruktes in hierdie wêreld, dan behoort die toekoms tog nog aan hulle.

14 Desember

Lees Openb. 14:6-13. **Teks:** Openb. 14:12-13.

DIE ENGELE VERKONDIG DIE EVANGELIE

In hierdie gedeelte beskryf Johannes 'n visioen van engele wat die ewige evangelie verkondig aan die ganse mensdom en bepaalde waarskuwinge uitbasuin sodat elke mens dit kan hoor.

Die visioen beskryf waarskynlik 'n tyd dat deur die afgodery en duiwelsdiens van die antichristelike maghebbers die openlike verkondiging van die evangelie deur die gelowiges 'n onmoontlikheid geword het. Want God stuur nou 'n engel om dit te doen; miskien 'n laaste verkondiging aan die goddelose en die verdwaasde aanbidders van die antichris sodat hulle hul betyds kan bekeer.

So 'n tyd moet die kerk van die Here op aarde dus verwag — miskien is die eerste tekens daarvan op sommige plekke al te bespeur.

Maar daar is meer as een engel in hierdie visioen. 'n Tweede kom met 'n aankondiging dat die groot stad Babilon geval het. Babilon moet verstaan word as die stad wat die middelpunt van die antichristelike wêreldryk is en waar die valse kerk ook 'n tuiste gevind het. Die naam Babilon word waarskynlik gebruik omdat die afgodiese en Godvyandige Babilon vanouds 'n tipe daarvan is. Maar betekenisvol vir die kerk, midde in sy stryd, is die feit dat die aankondiging só geskied asof die val van dié groot stad reeds plaasgevind het — juis omdat dit so vasstaan en onafwendbaar seker is dat die goddelose op die ou end **nie** sal stand hou nie.

Maar nog 'n derde engel kom en rig hom afsonderlik tot elke mens wat die eiendomsmerk van die dier (antichris) dra en wat sy beeld aanbid het. Hulle word dieselfde oordeel aangekondig as wat Babilon sal tref. Daar is eenvoudig vir die goddelose en die navolgers van die antichris geen toekoms nie — en hulle moet dit weet; hulle moet dit te alle tye weet sodat hulle hul kan bekeer en ook lewe. Tydelike voorspoed en heerskappy moet hulle onder geen illusies bring nie. God regeer en **Sy** kinders sal deel in die uiteindelike oorwinning.

Daarom staan daar in vse. 12 en 13 weereens die troos vir die gelo-

wige wat veelal verdruk en vervolg word deur die navolgers van die antichris. Hulle moet in hulle stryd vashou aan die woord van God en volhard in die geloof in Jesus. „Hier kom die geduld van die heilige te pas", en, „salig is van nouaf die dode wat in die Here sterwe". Die enige geluksaligheid van dié wat in die geloofsgemeenskap met die Here sterwe, is gewaarborg. Die dood is vir hulle nou 'n ingang in die ewige rus en daar sal hulle genadeloon ontvang vir wat hulle ter wille van die geloof verduur en gedoen het, want „hulle werke volg met hulle".

15 Desember

Lees Rig. 5 en Openb. 16:13-16. **Teks:** Openb. 16:13-16.

FINALE KRAGMONSTERING TEEN GOD

Hier het ons weereens die voorstelling van 'n toekoms wat die kerk van Christus op aarde te wagte moet wees en waarop hy ongetwyfeld bedag moet wees.

Johannes sien 'n gesig waarin 'n duiwelse driemanskap hulle kragte saamsnoer vir 'n laaste magsverset teen God. Hierdie driemanskap word ook beskryf: dit is die draak, die eerste dier (antichris) en die 2de dier (valse profeet).

Uit hulle monde kom 3 onreine geeste soos paddas. Paddas is dikwels in die ou tyd beskou as simbole van onreinheid en ook toordery. Daarom bedoel hierdie vergelyking om die onreinheid en boosheid van hierdie geeste aan te dui. Hulle is die duiwel se gesante, as teendeel van die engele as gesante van God, en hulle doel is vanselfsprekend om onheil te bewerk onder die mense op die aarde.

Hierdie geeste sal deur duiwelskunste allerlei skynwonders verrig om die mensdom in al sy vlakke te oorweldig en om hulle te mobiliseer vir 'n finale oorlog teen God en Sy dienare wat sal plaasvind op 'n dag deur God self bepaal, naamlik die dag van die wederkoms van Christus. Die toneel **en** die gees van die goddelose mens word deur hierdie geeste voorberei, sekerlik ook deur allerlei onheilige filosofieë en ideologieë vir 'n laaste poging om die oorwinning te behaal.

Hierdie tyd sal dus vir die gelowiges 'n kommervolle tyd wees. Hulle sal sterk moet staan en volhard. Hulle moet gereed en waaksaam wees en hulle moet hulle „klere bewaar", d.w.s. hulle Christelike karakter en lewenswandel onbesoedeld bewaar. 'n Dringende boodskap van volharding — sekerlik ook in die sedelike reinheid.

Die antichristelike magte word dan versamel op 'n plek met die Hebreeuse naam: Armagéddon. Dit is in werklikheid die ou historiese slagveld Megiddo uit die Ou Testament, bekend as die omgewing waar God die vyande van Israel verslaan het, soos bv. in die geskiedenis van Barak en Debora. Die naam Armagéddon is dus nie 'n aanduiding dat daar op daardie presiese plek eenmaal 'n finale wêreldoorlog sal plaasvind nie, maar dis 'n simboliese aankondiging dat God, soos in die verlede op daardie plek, die antichristelike magte sal vernietig. Hy sal ook die finale aanslag teen Hom en Sy kerk oorwin.

16 Desember

Lees Openb. 21:1-8. **Teks:** Openb. 21:1.

DIE TOEKOMS

In hierdie hoofstuk word die ewige toekoms wat vir die gelowige volk van God as erfenis weggelê is, op 'n wonderlike wyse beskryf. Dis 'n

mooi toekoms, 'n heerlike erfenis, die grootste rykdom waarna die mens ooit kan verlang. En daarom is Christene essensieel toekomsmense. Hulle het iets om na te verlang, iets om hulle na „uit te strek".

„'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde", die heilige stad, die nuwe Jerusalem. In dié toekoms word alles nuut. Die teenswoordige hemel en aarde word vervang, nie deur 'n ganse nuwe skepping nie, maar daar vind 'n herskepping en vernuwing van die bestaande plaas. Waarskynlik gebeur dit deur die groot vuurbrand van die oordeelsdag maar hierdie vuur bewerkstellig nie 'n algehele vernietiging van substansie nie, maar eerder 'n wonderlike verandering sodat dit sonder sonde en skuld sal wees.

Die sterrehemel sal sy vergänklikheid verwissel vir 'n onvergänklike heerlikheid. Die aarde sal sy boetekleed van dorings en distels (Gen. 3:18) aflê en die gedaante van 'n Godswoning aanneem. Die nuwe hemel en die nuwe aarde sal deel vorm van die Vader se huis met sy baie wonings. Selfs die see met al sy bedreiginge en gevare sal daar nie meer wees nie.

En dan nog die heerlike visioen van die nuwe Jerusalem. Soos die ou Jerusalem dien ook die nuwe Jerusalem as woonplek van God en Sy volk, en hier word dit sekerlik ook so bedoel. Hierdie nuwe Jerusalem is die plek waar God en Sy volk sal woon — verder in die hoofstuk vind ons 'n volledige beskrywing daarvan.

Maar die nuwe staan in direkte teenstelling tot die oue, want die oue was 'n stad van sonde wat die Verlosser van die wêreld vermoor het. En hierdie nuwe sal dan die heilige middelpunt van die nuwe aarde wees.

En dit is deur God Self vernuwe. Daarom ontwikkel dit nie uit die aarde tot volmaaktheid nie, maar daal uit die hemel neer. God is die Argitek en Boumeester daarvan. Dis heilig, sondeloos, rein en volmaak — inderdaad soos 'n pragtige en maagdelike bruid.

Wie kan Paulus verkwalik dat hy daarna verlang het om met sy woning uit die hemel oorklee te word? Dat hy hom altyd „uitgestrek het na die dinge wat voor is?".

17 Desember

Lees Openb. 22:6-10. **Teks:** Openb. 22:7a.

„KYK, EK KOM GOU!"

'n Christen is toekomsmens! Hy leef **vir** die toekoms en hy leef na 'n bepaalde toekoms toe — 'n toekoms wat God in Sy grenselose sondaarsliefde vir hom as ewige erfenis weggelê het. Daarop is hy gerig; sy hele lewensbeskouing en lewensbenadering word deur hierdie toekomsgerigtheid gekenmerk. Hy is op pad iewers heen en dryf nie maar rond soos 'n dobberende prop op die see van die tyd nie. Die tyd bly vir hom altyd slegs die voorloper van en die voorbereiding tot die ewigheid.

En streng gesproke: hoe gouer hierdie toekoms aanbreek, hoe gouer hy kan klaar kry met onvolmaakte mens-wees en sy ewige erfenis in besit kan neem, hoe beter. So vind ons dit bv. by Paulus wat verlang om met sy „woning uit die hemel oorklee te word" — natuurlik nie met die bedoeling om sy verantwoordelikheid in en vir die tyd te ontduik nie. Hy werk hier, hy vervul sy roeping, maar hy is intens gerig op dit wat wag. Hy wag in blye en opgewonde spanning op die dag van die wederkoms van sy Heer.

En nou het ons inderdaad verskeie plekke in die Skrif wat 'n spoedige aanbreek van hierdie toekoms verkondig, onder andere dan hier: „Kyk, Ek kom gou!"

En hierdie enkele woord bevat tweërlei troos vir die toekomsgerigte gemeente van Christus op aarde. „Gou" bevat eerstens die gedagte van sekerheid. Die profesië **sal** vervul word; laat niemand vir 'n enkele oomblik daaraan twyfel nie. Daardie toekoms kom en die ganse menslike bestaan kan daarop gebou word. Die tyd is relatief, die toekoms staan vas.

Maar „gou" bevat ook weldeeglik die gedagte van tyd. Maar hier moet ons goed verstaan en altyd onthou dat vanuit die goddelike standpunt gesien, is selfs die dinge wat oor 1,000 jaar sal plaasvind, „die dinge wat gou moet gebeur" (2 Petrus 3:8). Vanuit daardie perspektief gesien is Christus se wederkoms 'n gebeurtenis wat gou sal plaasvind, want in beginsel kom Hy reeds elke dag. Immers die „laaste dae" het reeds begin met Sy Hemelvaart.

Daarom moet ons nie 'n wysneusige dwaasheid datums en dae gaan vasstel waarop die ewige toekoms dan sou aanbreek nie, maar net waak en bid en gereed wees. Die dag kom, en dit kom op God se tyd. Dit is juis troos dat menslike berekenings geen invloed daarop het nie, maar dat God Self in Sy onfeilbare wysheid die **regte** tyd weet.

18 Desember

Lees Luk. 1:5-18. **Teks:** Luk. 1:18.

GOD KAN MEER AS WAT ONS DINK

God is te groot vir ons! Ons het geleer om te dink in terme van begrensdheid, eindigheid, beperktheid. Ons weet wat kan en wat nie kan nie. Maar al wat God doen het die kwaliteit van die goddelike en dit word deur geen grens of tyd beperk nie. Daarom sal alles wat van God binne ons gesigskring kom, met ons ongeloof te kampe kry.

Ook Sagaria weet presies wat kan en nie kan nie. Wanneer God Sy plan met hom bekend maak, is sy antwoord: Hoe kan dit? Hy is oud, sy vrou is op gevorderde leeftyd, en dus kan dit nie.

Dit is pure ongeloof! God word gebind aan deur die mens gestelde grense, Sy almag word in twyfel getrek. God is vir Sagaria 'n God na die mens se beeld en gelykenis. Hy kan alleen doen wat die mens moontlik ag.

Hoe dwaas is tog die ongeloof nie! Weet ons werklik wat moontlik en wat onmoontlik is? Sou die mense van 100 jaar gelede as moontlik beskou het, wat vandag gewoon is? En sou ons moontlik ag wat oor 100 jaar plaasvind, as ons dit vertel sou word? God sou dan in elke eeu anders moet wees wat Sy mag betref. Ongeloof staan wel op 'n wankelende grondslag!

Daarom moet ons dit maar rustig aan God oorlaat om uit te maak wat kan en wat nie kan nie. Ons moet maar aanneem, gelowig aanneem, dat Hy die deur ons gestelde grense kan oorskry. Dan sluit ons ons ook nie af van die heerlike "onmoontlikhede" van die Evangelie van Jesus Christus nie. En weet U wat die grootste onmoontlikheid is wat in Christus moontlik geword het? Dat die sondaar van hierdie wêreld voor God geregverdig word — verniet!

19 Desember

Lees Luk. 1:19-25. **Teks:** Luk. 1:20.

'N REGVERDIGE STRAF

Die magtigste wapen van die mens is sy spraakvermoë. Die onderwyser deel sy kennis mee, die redenaar spoor aan tot dade, die dienaar van die Evangelie verkondig die heil in Christus, alles deur middel van die gesproke woord. Maar, wat kan die mens 'n misbruik van hierdie groot gawe maak! 'n Volk kan tot bloedige opstand opgesweep, 'n menigte tot geweld aangehits, mense tot misdaad verlei word, deur dieselfde mag van die woord. En die ergste misbruik is die woord in diens van die ongeloof. Daar word hierdie heerlike gawe van God gebruik om God te misken, te beledig, te verloën!

Dit is wat Sagaria gedoen het. Hy het dit aangedruf om met sy woord die alvermoë van God in twyfel te trek. Hy het hardop ontken dat God in staat is om Sy woord waar te maak. Daarom is sy straf so regverdig: „En kyk, jy sal swyg en nie kan praat nie, tot op die dag dat hierdie dinge gebeur." 'n Mens wat 'n Godsgawe misbruik om God te beledig, verdien om hierdie gawe te verloor.

Gelukkig vir ons, dat hierdie regverdige bestraffing nie algemeen is nie! Dit was hier 'n besondere geval omdat die omstandighede besonder was. God het 'n begin gemaak met die verlossing van die mens deur die koms van Jesus Christus in die wêreld. Daarom was Sagaria se ongeloofswoord so gevaarlik, dit kon ander mense wat God ook in sy planne wou betrek, saamgesleep het. Hy moes stom word om die werk van God nie te belemmer nie.

Maar, as God vandag nog elke mens wat ongelowig praat met stomheid wou slaan? Ek dink, u en ek sou baie dikwels nie kan praat nie! Daarom, wees versigtig in wat U praat. Verheerlik Hom liewer en verkondig Sy liefde en trou, Sy grootheid en mag!

20 Desember

Lees Luk. 1:26-38. **Teks:** Luk. 1:38.

DIT IS GELOOF!

Na die vermetele ongeloofswoord van Sagaria, die geloofstaal van Maria. Gods plan met haar was nog meer verwonderingwekkend as Sy plan met hom. Hoe geheel anders is haar antwoord: „Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord." Wel spreek sy haar verbasing uit oor wat die engel vir haar sê, maar aan die moontlikheid van sy woord twyfel sy nie. Sy het die goddelike boodskap nie onderwerp aan 'n toets of dit na menslike opvattinge kan of nie kan nie. Wat ontmoontlik is by die mens, is moontlik by God, is haar eenvoudige geloofsbelydenis. En om die vervulling van die woord te laat geskied, stel sy haar met liggaam en siel tot beskikking van haar God: "Hier is die diensmaagd van die Here . . ." Dit is ware geloof!

Dikwels gebeur dit, dat ons wel die Woord van God as waarheid aanvaar, maar dat ons nalaat om ook ons lewe met al sy vermoëns ter beskikking van God te stel. Ons glo in goddelike vergewing maar weier om die vergewing as heilsame krag in ons lewe werksaam te laat word, om ook werklik uit vergewing te lewe. En selfs weier ons om die vergewing aan andere te skenk. Ons glo in goddelike hulp en redding, maar laat na om deur 'n houding van gelowige verwagting die hulp van God as werklik te aanvaar. Ons glo in goddelike liefde, maar

is nie bereid om die liefde deur ons dade te laat instroom in die wêreld nie. Steeds weer word vergeet dat God deur ons en ons vermoëns Sy woord wil vervul. Daarom is ons geloof so dikwels alleen teoreties en onvrugbaar. Gods Woord word alleen tot heerlike werklik wanneer ons by die gelowige aanvaarding daarvan ook ons liggaam en siel bereid verklaar om Sy woord te laat kom.

"Hier is die dienskneg, die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord."

21 Desember

Lees Luk. 1:39-45. **Teks:** Luk. 1:45.

„NOOIT KAN GELOOF TE VEEL VERWAG NIE"

Daar is mense met 'n eienaardige moeilikheid in hulle geloofslewe: Hulle durf nie glo nie! Hulle durf nie glo nie omdat hulle bang is dat hulle geloof beskaam gaan word. Hulle vrees dat wat hulle glo nie gaan gebeur nie, en dit wil hulle vermy, dit sou te pynlik wees. En daarom aarsel hulle om te glo.

Die teenoorgestelde is egter waar. Nie die geloof nie, maar die ongeloof beskaam. U onthou die ongelowige woord van Sagaria. Hy het die moontlikheid van die woord van God in twyfel getrek. Hy en sy vrou kan nie meer ouers word nie, hulle is te oud. Hy wou natuurlik baie graag, maar hy durf nie te glo nie. Straks moet hy dit egter erken: God laat Sy woord uitkom. Wat 'n beskaming! Hoe word die vreugde oor die geboorte van sy seun getemper deur die herinnering aan sy ongelowige taal! Ook Thomas wou baie graag glo dat Jesus uit die dode opgestaan het. Maar hy durf nie glo nie, die tyding kon onwaar wees en dit sou dubbel smatlik wees. Hoe beskaamd was hy, toe Jesus sê dat hy sy hand maar in die tekens van Sy wonde kan steek.

Die Evangelie spreek van heerlike dinge: oorwinning van hel en dood, vergewing en vernuwing van lewe, blydskap en vrede. Almal dinge waarna die menslike hart hunker. En tog, hoeveel moeite kos dit ons dikwels om te glo! Ons wil wel graag, maar vrees soms heimelik dat ons 'n skim najaag en straks bedroë gaan uitkom.

Maar eenmaal sal ons sien. Die dag kom waarop hulle wat nie geglo het nie, beskaam sal word, omdat elke woord van God heerlik vervul is. Sorg tog, dat hierdie dag U nie sal beskaam nie.

22 Desember

Lees Luk. 1:46-56. **Teks:** Luk. 1:48a.

DIE GROOTHEID VAN DIE NEDERIGES

Maria verbaas haar nie daaroor dat God groot dinge doen nie, as gelowige vrou het sy dit geweet. Sy verbaas haar slegs daaroor, dat God hierdie groot dinge aan haar doen. Sy weet dat sy baie nederig is. Sy koester geen groot gedagtes omtrent haarself nie. En tog doen God groot dinge aan haar, die nederige. Sy, die beskeie, onaansienlike vrou uit Nasaret gaan die moeder van die Verlosser van die wêreld word.

Dit lê in ons menslike natuur om groot dinge met groot mense te verbind. Ons soek na die geleerdste, die bekwaamste, die mees vooraanstaande, die bes gekwalifiseerde mense, wanneer daar iets tot stand gebring moet word. God doen dit anders. God het 'n voorkeur vir die swakke, onaansienlike en soms deur ons veragte. Nie die kunssinnige Griekeland, nie die magtige Rome bring die Heiland van die

wêreld voort nie, maar die baie nederige Joodse nasie. Nie wysgere, nie professore, nie groot dinkers verander die aanskyn van die wêreld nie, maar Galilese vissers, doodgewone mense, "kleine luiden". "Nie baie wyse na die vlees nie baie magtiges, nie baie edeles" sal die lig van die Evangelie uitdra nie, maar wat „dwaas en swak en onedel" is. God kan met die geringe blykbaar heelwat uitrig.

Daarom moet ons versigtig wees. Ons mag nederig wees en eenvoudig, dit gee ons nooit vrymoedigheid om te dink dat God niks deur ons wil doen nie. Nie wat ons is, is belangrik nie, maar wat God van ons wil maak.

God wil van ons nuwe mense in Christus maak. Laat niemand onder ons dink dat hy daarvoor te sleg, te sondig, te minderwaardig, te swak is nie. Vir God is ons kleinheid geen beletsel om groot dinge aan ons te doen nie, want Hy sien die nederige toestand van Sy diensknegte en diensmaagde aan, in Jesus Christus.

23 Desember

Lees Luk. 1:57-66. **Teks:** Luk. 1:64.

DIE STRAF OPGEHEF

Wanneer Sagaria die vervulling van die woord van God aanskou, handel hy verder volgens goddelike instruksies en noem hy sy seun Johannes. En sodra hy in gehoorsaamheid handel word sy mond geopen en raak sy tong los.

Dit is kenmerkend van die nuwe gehoorsaamheid aan God in die geloof in Jesus Christus, dat dit ook dikwels die gevolge wat die sonde gehad het, ophef. Tussen sonde en straf bestaan altyd verband. Sagaria sondig in sy spreke en word gestraf met stomheid. Maar wanneer hy geen ongeloof meer koester wat hy kan uitspreek nie, wanneer hy beskaamd die waarheid van die woord van God moet erken, dan word ook sy stomheid weggeneem. Hy mag en kan weer spreek. En nou is dit geloofstaal wat van sy lippe stroom: „ . . . en hy het gepraat en God geloof."

Dit sou baie heilsaam vir ons wees wanneer ons 'n bietjie wou nagaan wat eintlik die oorsake van ons lewensmoeilikhede is. Daar is sonder twyfel leed wat ons onskuldig moet ly. Maar nie alle leed is onskuldig nie. 'n Groot deel daarvan is te wyte aan oortredinge van die lewenswette van God. Siekte kan kom van onmatigheid in spys en drank, ongelukke deur roekeloosheid, eensaamheid deur liefdeloosheid, armoede deur spandabelrigheid. Wie God verlaat moet smart op smart vrees. En dit help nie om alleen maar om wegneming van smartlike gevolge van sonde te bid nie, die sonde self moet nagelaat word.

In die nuwe gehoorsaamheid aan God in die geloof in Jesus Christus, mag ons ook die opheffing van die smartlike gevolge van ons ongehoorsaamheid verwag.

24 Desember

Lees Luk. 1:67-80. **Teks:** Luk. 1:76.

'N BETER VERHORING

Sagaria en sy vrou Elisabet was kinderloos. In daardie tyd was dit nie alleen 'n bron van teleurstelling nie, dit was ook 'n skande. Dit was beskou as 'n uiting van Gods misnoë, as 'n straf. Daarom sê Elisabet wanneer sy weet dat sy moeder gaan word: „So het die Here met

my gedoen in die dae toe Hy my aangesien het om my smaad onder die mense weg te neem." Sagaria en Elisabet het gebid om die kinderseën. Volgens hulle is hul gebed nie verhoor nie. „Ek is 'n ou man, en my vrou is op vergevorderde leeftyd," sê Sagaria vir die engel. En tog het God hulle gebed verhoor. Later toe die hoop al opgegee was. Sagaria en sy vrou het gevra om 'n kind, om 'n gewone kind soos elkeen het. God gee vir hulle 'n kind wat straks genoem sal word: die grootste wat uit vroue gebore is, Johannes die Doper, die aankondiger van die Verlosser van die wêreld. Dit was vir hulle die moeite werd om te wag op die uitgestelde verhoring van hulle gebed.

So verhoor God dikwels gebede. Jy vra om iets en jy kry dit nie. Jy vra weer en daar kom nog niks nie. Dan gee jy die hoop op, weer een van daardie „onverhoorde" gebede! En wanneer jy op niks meer hoop nie, dan kom God met Sy verhoring op Sy tyd en op Sy wyse. En heerliker as wat jy gevra het is die verhoring! Die gebed is dikwels soos die soektog van Saul: Jy gaan uit om esellinne te soek en jy vind 'n koninkryk! As Sagaria die kind waarop hy nie meer gehoop het nie in sy arms hou, mag hy vol vreugde sê: „En jy, kindjie, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word!

Hou nog maar 'n bietjie aan met u gebed! Die verhoring bly wel uit, maar miskien is God besig om iets baie heerlikers vir U voor te berei as wat U gedink of gehoop het.

25 Desember

Lees Luk. 2:1-6 en Jes. 53:1-6. **Teks:** Luk. 2:15b.

KERSFEES

Hier is mense **in beweging.** Wie die Evangelie gehoor het met sy hart en siel, kan nie stil gaan sit om dit vir homself te hou en verder niks te doe nie. Pas het die skaapwagters die woord gehoor: „ek bring vir julle 'n **goeie tyding"** (Evangelie). Direk gebeur daar iets: hulle sê vir mekaar dat hulle dan moet **gaan.** Hulle moet na **Bethlehem** gaan. Wonderbaarlik, die naam van hierdie dorpie beteken letterlik „huis van brood". Hulle gaan dus na Hom kyk wat later sou verklaar: „Ek is die brood van die lewe." Op die eerste Kersfees is die groot menigte daar in Bethlehem volkome onbewus daarvan dat die mens wat nie van brood (aardse brood) alleen kan lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan, vlak by die wonder staan, die geheimenis van God, dat die Woord vlees geword het. God het mens geword.

Hierdie evangelie het opvallend genoeg nie eers na die deftige skrifgeleerdes en owerpriesters gekom nie, maar na die eenvoudiges. Want wie eerste is kan laaste wees, God se maatstawe is nie dieselfde as die van ons nie.

Terwyl die eenvoudige skaapwagters met blydskap vertrek om die Brood van die lewe met hulle oë te gaan sien, is die offisiële verteenwoordigers van die kerk, die skrifgeleerdes en owerpriesters, besig om, ironies genoeg, op bevel van Herodes die Bybel te lees, die rolle van die Ou Testament. Hulle soek skriftuurplekke op. Hulle kry ook die skriftuur; Miga 5:1: „En jy, Bethlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir my uitgaan een wat 'n heerser in Israel sal wees; en Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die Ewigheid."

Wat 'n ironie: Die kerkmense kry die teks sonder die Christus en dan sit hulle stil — hulle gaan nie kyk nie. Die skaapwagters hoor die Woord en hulle kom in beweging.

Dis Kersfees: „Kom laat ons na Bethlehem gaan . . . om Jesus die Christus daar te vind.

26 Desember

Lees Luk. 2:8-20 en Jes. 53:7-12. **Teks:** Luk. 2:12.

TWEEDE KERSDAG

Dis vakansiedag vandag. Dis tweede Kersdag. Vandag hoef ons nie kerk toe te gaan nie. Dis tog goed en gaaf dat ons vakansiedae kry. Kyk rondom u: die paaie lewe van die bewegende karre. Gister het baie plek en tyd gehad vir Jesus maar op tweede Kersdag is hierdie tyd en plek vir Jesus skielik verby. Dis ongeveer so: Op Sondag het ek tyd vir Jesus en daar is plek vir hom in my woord en daad. Maar nou moet Hy my nie verkwalik nie want vandag behoort aan my.

Tydens Sy geboorte was daar hoegenaamd geen tyd en plek vir Jesus die Christus nie. Herodes wou hom vermoor. Plek was daar in elk geval in geen huis te vinde nie, op geen bed nie. Hy moes in 'n stal gebore word, hy moes in 'n krip lê. Daar was geen kinderwieg vir hom nie.

Dit alles vorm deel van die staat van Sy vernedering. Sy vernedering het nie begin tydens die verhore teen die einde van Sy lewe op aarde nie. Sy vernedering het reeds vroeg begin, tydens Sy geboorte: Hy moes in die krip lê. Dis Sy plek, in 'n stal.

Om op 25 Desember diep godsdienstig en ontroerd na Bethlehem te gaan, kerk toe te gaan, en op 26 Desember te vergeet dat ook my uitstappie, ook my ontspanning moet van so 'n aard wees, dat Hy daarin sal plek hê, is geen ware godsdiens nie. Nee, dan verneder ons hom presies soos Hy verneder is in die stal. Daarom, laat ons vreugde van 26 Desember nie vreugde sonder Christus wees nie, want dan het ons Sy plek gereserveer vir een dag en bly ons self gereserveerd staan teenoor Hom. Hy wil nie net Kersfees die Heer wees nie, maar ook op 26 Desember.

27 Desember

Lees Luk. 2:16-19 en Ps. 1. **Teks:** Luk. 2:19.

BEWAAR EN OORDINK

Maria . . . dis die naam van 'n gewone mens, die moeder van Jesus. As moeder van die Seun van God moet ons as protestante haar **respekteer,** maar mag ons haar nie vereer in die sin van die Roomse kerk nie, die kerk wat leer dat nie alleen Jesus ons Middelaar is nie maar dat sy **saam** met Hom ons middelares is; die kerk wat leer dat nie alleen Jesus ons verlosser is nie, maar dat sy saam 'n medeverlosseres is. Nee, so sien ons Maria nie.

Ons sien haar hier wel as 'n vrome vrou wat die wonderlike daar in die stal sien gebeur het, hoe die wyse manne uit die Ooste gekom het en goud wierook en mirre Hom aangebied het. Wat kan dit tog alles beteken? Sy sien in haar gees nog die skaapwagters vervul met blydskap. Wat 'n wonderlike nag, die nag van Sy geboorte. Of dit 'n stille nag was, weet ons nie. Een ding weet ons wel: dit was 'n heilige nag, want die **Heiland** is gebore. Hy wat Christus die Here is, die Verlosser, is gebore. So het Maria dit seer sekerlik nog nie begryp en vooruit geweet

nie, want sy was ook nie alwetend nie. Sy, die toonbeeld van 'n aardse moeder, staan daar vol verwondering. Haar hart is oop en sy sal nie vergeet nie. Sy sal die dinge wat sy gesien en die woorde wat sy gehoor het, nie sommer maar net verstandelik oordink, om dit straks weer te vergeet nie. Is dit nie die Psalmdigter in Ps. 1 wat sê die een wat Sy Woord **oordink,** sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome nie? En is dit nie dieselfde digter wat oor en oor spreek van die bewaring van Sy bevele, Sy gebooie, Sy wet nie?

Op 27 Desember is ons nog nie los van Kersfees nie; nee — die ou jaar en die nuwe jaar wat voorlê behoort alles aan Hom. Laat ons die gebeure van Kersfees goed bewaar en in ons hart oordink.

28 Desember

Lees Luk. 2:25-32. **Teks:** Luk. 2:25a.

REGVERDIG EN VROOM

Ondanks die algemene verdorwenheid van die Joodse volk in daardie tyd, was daar tog nog ware vromes en opregtes wat God gedien het. So lees ons ook in Luk. 1:5 en 6 dat daar in die dae van die goddlose koning Herodes, 'n sekere priester met die naam van Sagaria was en sy vrou Elisabet. Van hulle word gesê: „En hulle was altwee regverdig voor God en het in al die gebooie en regte van die Here onberispelik gewandel." Hierdie vromes en opregtes het iets verstaan van wat reeds in Genesis 3 vers 15 belowe is, dat daar Iemand sal kom wat die slang se kop sal vermorsel, dit is: die Satan sal oorwin. Hierdie vroomheid en opregtheid hou sterk verband met die verlange dat die Messias wat deur die Ou Testament verwag is en deur Jesaja so duidelik geskilder is (Jes. 53), te enige tyd kan kom. Opregtheid en vroomheid kan dus nie losgemaak word van Christus die Messias van God nie. Die vertroosting van Israel, dit is die reddingsdaad van die Messias, is deur Simeon verwag. Dit was sy troos deur die Gees van God, dat hy nie sou sterwe voordat hy die Messias, die gesalfde Verlosser van God, met sy eie oë gesien het nie. Dit het ook gebeur . . . en toe was hy bereid om te sterwe in vrede.

Wanneer ons van vroomheid praat, bedoel ons dus hierdie vroomheid van Simeon, en nie die skynheilige vroomheid van die Fariseërs nie. Wie Kersfees gevier het, moet pasop vir die suurdeeg van die Fariseërs. Ook ons regverdiging is nie ons eie regverdiging nie — dit is 'n geregtigheid wat ons toegereken en geskenk is vanuit 'n ander oord; die koms en die sterwe van Hom wat in die krip gebore is. Laat ons daarom ook pasop vir **eie**-geregtigheid want ons geregtigheid is 'n „vreemde" geregtigheid, dit kom van God af in en deur Jesus Christus.

29 Desember

Lees Luk. 2:36-39 en Ps. 122. **Teks:** Luk. 2:37b.

KERKGANG

Ons lees dat dié vrou die Kerk besoek het; sy het nie daarvan weggebly nie! Seker 'n jong gesonde vrou, sou mens dink! Nee, sy was „op baie ver gevorderde leeftyd", sy was vier-en-tagtig jaar. Dat sy dit nog kon doen dui daarop dat sy nog redelik moes kon beweeg het, 'n voorreg wat alle mense van vier-en-tagtig jaar nie het nie.

Nou is daar glo twee eredienste in die jaar wat „baie mooi" is. By die een erediens was ons waarskynlik enkele dae gelede — miskien

vroeg in die môre. By die ander „mooi" diens sal ons D.V. Oujaarsnag wees, waarskynlik nog „mooier" omdat presies om 12-uur kerk en wêreld mekaar snikkend om die hals kan val en kan uitroep dat die lewe soos 'n blom van die veld is. Wat 'n fyn stukkie heidendom kan soms in Christelike gewaad in die kerk inkom inplaas dat Christus verkondig word.

Die oue dame Anna 84 jaar oud, het seer sekerlik meer as twee keer per jaar kerk toe gegaan, want daar staan in ons teks: „sy het nie weggebly van die tempel nie". Sy sou nie slegs met geleenthede soos Kersfees en Oujaar en Doop en Begrafnis in die kerk kom, as sy vandag nog geleef het nie.

Laat hierdie oue van dae vir ons in ons jonkheid tot skaamte stem, so dat ons mag insien wat in Ps. 23 staan: En ek sal in die huis van die Here **bly** tot in lengte van dae." Ek sal daar bly omdat die Christus daar verkondig word.

30 Desember

Lees Luk. 2:25-40 en Matt. 6:1-13. **Teks:** Luk. 2:37b.

EN (MET) GEBEDE GOD TE DIEN

Die jaar nader na sy einde. Môre is oujaar. Ter sprake is 'n terugblik op die oujaar. Ons het hard gewerk, diens gelewer aan ons werkgewer, diens aan ons kinders en miskien ook diens aan ons ouers — ons het hulle wat ons grootgemaak het opgepas. Dis mooi. Dis diens. Sulke diens, indien deur die geloof in Christus en met liefde verrig, is sekerlik ook „reine en onbesmette godsdiens".

Hier ter sprake is weer die oue dame van 84 jaar, Anna. Ons het gehoor dat sy na die tempel gegaan het — gereeld. 'n Mens wat na die tempel gaan, gaan om God te **dien,** om jou godsdiens te be-**oefen.** Hoe be-**oefen** 'n mens jou godsdiens? Ja, dis 'n vraag wat baie wyd beantwoord kan word. Wanneer mens egter nie wegbly van die tempel nie, soos Anna, dan doen jy daar in die huis van God twee dinge. Jy luister! God se Woord kom eerste. Jy luister na die lees daarvan. Jy luister na die verkondiging daarvan, die preek. Maar . . . wat sou dit alles baat indien jy nie op die Woord van God ook 'n antwoord gee nie, indien jy nie ook sê „Amen godlik Evangelie, amen sê my siel daarop?" (Gesang 52). 'n Kerkganger, en so het Anna ook gemaak, dien God daar in die Kerk met sy antwoord op die Woord. Hierdie antwoord is die gebed en die sang. Die sang moet eintlik biddend gesing word en nie slegs Psalm 134:3 nie!

Anna het God gedien deur die gebed. Die gebed moet egter altyd gepaard gaan met die Woord, anders kan die gebed „verkeerd" wees. Jacobus sê dat 'n mens ook **„verkeerd"** kan bid. Een gebed kan **nooit** verkeerd wees nie! U ken daardie gebed: „Onse Vader wat in die hemel is . . ."

By die wisseling van die jaar, laat ons die biddende Anna onthou, terwyl die gebed van ons Heer bo-aan staan.

31 Desember

Lees Ps. 90. **Teks:** Luk. 3:8a.

OUJAAR

Dis Oujaarsnag. „Ure, dae, maande, jare, vlieg soos skadudrome heen . . ." Dis alles waar! Ons ken die Oujaarsgesang so goed.

Ons kan egter dit nie nalaat om vandag dit baie pertinent te stel nie, dat ons so dikwels die indruk kry dat hierdie gesang met soveel trane en droefgeestigheid gesing word, dat ons byna wou vra: Maar is dit **dieselfde** gemeente wat presies 'n week gelede met tintelende vreugde Kersfees gevier het? Is dit werklik die gemeente wat so pas, met groot vreugde, in die gees saam met die skaapwagters by die krip gestaan het? Hoe op aarde is dit moontlik dat die blye boodskap van die engele („Kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van **groot** blydskap") binne die tydsbestek van een week verlore gegaan het? Duur die vreugde van die Evangelie dan minder as 'n week? Ja, al sou ons op hierdie dag aan afgestorwenes terugdink, is dit tog seker baie duidelik dat die Jesus Christus van Kersfees ook dieselfde Heer is **wat die dood oorwin het!**

Nee, laat ons eerder vrugte dra wat by die bekering pas. Bekering is terugkeer tot God deur Jesus Christus. Gewoonlik is dit ook 'n „goeie voorneme" vir die nuwe jaar, om terug te keer tot God en nie in die sonde te volhard nie. Pragtig! Maar . . . dan moet ons lewensboom hierdie jaar **sulke** vrugte dra wat pas by die terugkeer tot God. Dan moet ons gesang: „dan doen ons bly, aan u gewy, uit liefde goeie werke" in die nuwe jaar gerealiseer word. 'n Boom wat geen vrugte dra nie, dien vir niks anders as om uitgekap en in die vuur gegooi te word nie.

U en ek: „Dra dan vrugte wat by die bekering pas."

Alberton 131
Alberton-Wes 133
Allanridge 141

Baberton 121
Balfour 119
Belfast 125
Benoni 134
Bergsig (Pretoria) 160
Bethal 115
Bethlehem 143
Bloemfontein 140
Bloemhof 148
Boksburg 134
Bosmansrus 147
Bothaville 140
Brakpan 133
Brakpan-Harmonie 136
Breyten 126
Brits 103
Brixton 131
Bronkhorstspruit 114
Bulawayo 137

Carolina 125
Carletonville 151
Chrissiesmeer 123
Christiana 148
Coligny 122
Crosby 132
Chipinga 137

Delareyville 148
Delmas 115
Dendron 109
Derdepoort (Pretoria) 159
Donegal-Molopo 122
Dordrecht 146
Dullstroom 123
Duncanville (Vereeniging) 153
Durban 143
Durban-Suid 144
Drie Riviere (Vereeniging) 154

Ebenhaeser 107
Edenvale 155
Eendracht (Leslie) 115
Eikenhof 132
Elandspoort (Pretoria) 112
Elsburg 132
Ermelo 124
Estcourt 144

Evander 117
Fort Victoria 137
Florida 128
Fonteinedal (Pretoria) 113

Gatooma 138
Gerdau 123
Germiston 133
Glencoe 144
Gobabis 138
Goedehoop (Piet Plessis) 121
Greylingstad 118
Grootfontein 139
Grootvlei (Pretoria) 160
Groot Marico 121
Gwelo 138

Hartbeesfontein 102
Hartbeespoort (Brits) 104
Heidelberg 117
Heilbron 140
Hendrina 116
Hennenman 142
Horison 129

Johannesburg 130
Johannesburg-Wes 131
Johannesburg-Noord 156

Kaapstad 146
Kampersrust 108
Kempton Park-Oos 156
Kensington 156
Kimberley 149
Klerksdorp 100
Klerksdorp-Oos 100
Koedoesrand 107
Komatipoort 127
Koster 104
Kroonstad 141
Krugersdorp 127
Krugersdorp-Noord 129
Krugersdorp-Oos 129
Krugersdorp-Wes 128
Kuruman 122

Ladysmith 144
Laeveld 106
Leeudoringstad 149
Lichtenburg 120
Lichtenburg-Oos 122
Losberg (Fochville) 150

Louis Trichardt 106
Lydenburg 124
Lyttelton 113

Macheke 137
Mafeking 121
Magaliesburg 128
Makwassie 149
Marble Hall 126
Marikana 104
Melville 155
Memel 118
Messina 106
Meyerton 153
Middelburg (Tvl.) 114
Morgenson 119

Naboomspruit 108
Nederlandssprekende 156
Nelspruit 126
Newcastle 145
Newslands 154
Nigel 118
Noordelike Pietersburg 109
N.W. Pretoria 158
Noordelike Pretoria 157
Noord Rand 130

Odendaalsrus 141
Ogies 116
Oos-Londen 145
Orkney 101
Ontdekkers 130
Otjiwarongo 138
Ottosdal 148
Outjo 139

Parys 140
Phalaborwa 110
Philadelphia (Pretoria) 113
Pietersburg 105
Pietermaritzburg 143
Piet Retief 124
Plaston 125
Pongola 144
Port Elizabeth 146
Potchefstroom 99
Potchefstroom-Noord 100
Potchefstroom-Suid 101
Potgietersrust 107
Pretoria 110
Pretoria-Noord 157
Pretoria-Oos 111
Pretoria-Tuine 161
Pretoria-Wes 111
Primrose 134
Primrose-Oos 135

Que Que 137
Queenstown 146

Rietspruit (Vanderbijlpark) 154
Randburg 156
Randpoort 150
Roedtan 109
Roodepoort 127
Roos-Senekal 124
Ruskoppies 104
Rust-der-Winter 108
Rustenburg 103
Rustenburg-Suid 105

Sabie 125
Salisbury 136
Sannieshof 122
Sasolburg 142
Schweizer-Reneke 148
Shabani 138
Silverton 111
Springs 135
Springs-Oos 135
Standerton 118
Stella 121
Stilfontein 101
Stoffberg 126
St. Helena (Welkom) 141
Suid-Rand 132
Sundra 116
Swellendam 147

Trichardsfontein (Trichardt) 114
Tsumeb 139
Turffontein 130
Tzaneen 109

Umtali 137

Vaalharts 149
Vanderbijlpark 152
Vanderbijlpark-Oos 153
Van der Hoff (Groblersdal) 125
Van Warmelo 107
Ventersdorp 120
Venterskroon 100
Vereeniging 152
Villieria 158

Villiers 119
Virginia 142
Vivo 109
Vliegepoort (Thabazimbi) 103
Volksrust 118
Voortrekkerhoogte 112
Vrede 119
Vredefort 142
Vryburg 121
Vryheid 144

Wankie 138
Warmbad 108
Waterberg (Nylstroom) 106
Waterval Boven 126
Welgetroost 137
Wesmoot 159
Wespark 112
Wesrand (Randfontein) 151
Westonaria 151
Wilkoppies (Klerksdorp) 102
Windhoek 139
Witbank 115
Witfontein (Pretoria) 160
Witbank-Suid 116
Witpoortjie 129
Wolmaransstad 147
Wonderboompoort 159
Wonderfontein (Oberholzer) 150

Zeerust 120
Zoekmekaar 107
Zuurfontein (Kempton Park) 155
Zwartruggens 103